# DIE POLITIKOLOGIESE IMPLIKASIES VAN DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE NO. 55 VAN 1949 EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET, NO. 23 VAN 1957

deur

J.C. Lombard

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

(DEPARTEMENT STAATSLEER)

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Bloemfontein

<u>Studieleier</u>: PROF. D.P. WESSELS

BLOEMFONTEIN JANUARIE 1987

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
[illegible]

# VERKLARING

"Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander Universiteit/Fakulteit ingedien is nie."

---

J.C. LOMBARD

# VOORWOORD

Aan God kom al die eer toe. Sonder Sy genade is die mens tot niks in staat nie. In diepe afhanklikheid, nederig en klein, staan ek voor die Here God wat my in staat gestel het om deur Sy genade en insig hierdie studie te kon voltooi. Daarom aan Hom die lof, die eer, die dank en die aanbidding.

'n Besondere woord van dank aan my studieleier, Prof. D.P. Wessels vir sy bereidwilligheid, bereidheid om aan alle voorgelegde werk aandag te skenk, asook sy waardevolle raad, hulp en leiding te alle tye. Ook 'n woord van dank aan mev. Alta Wessels vir die netjiese taalversorging van hierdie werk. Die gasvryheid en vriendelikheid by u aan huis gaan nie ongemerk verby nie.

'n Woord van dank aan Dr. Natie Luyt en Mnr. Fritz Malan vir die hulp en belangstelling wat hulle met die voltooiing van hierdie werk getoon het.

Ook 'n woord van dank aan die personeel van die biblioteek van die U.O.V.S., die Openbare Biblioteek in Bloemfontein, die Parlementsbiblioteek in Kaapstad, die Instituut vir Nasionale en Eietydse Geskiedenis in Bloemfontein en die Afrika Instituut in

Pretoria, wat die gevraagde literatuur met vriendelikheid verskaf het.

'n Opregte woord van dank aan my vader en moeder vir al die onbaatsugtige liefde waarmee hulle in hulle taak as Verbondsouers volhard het. In die besef dat ek nooit kan vergoed vir die belangstelling, liefde, aanmoediging en vir die geleenthede wat hulle vir my geskep het om verder te kon studeer, dank ek God dat hulle ook kon deel in die vreugde by die voltooiing van hierdie werk. Aan my vader en moeder dra ek dan in liefde en dankbaarheid hierdie werk op.

'n Besondere woord van dank aan mev. Rowe vir die netjiese tikwerk, haar geduld, bereidwilligheid en hardwerkendheid gaan beslis nie ongesiens verby nie.

IN DEO SAPIENTIAE LUX

Finansiële bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van hierdie navorsing word hiermee met dank erken. Menings in die onderhawige werk uigespreek of gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Opgedra aan my Vader en Moeder

DIE POLITIKOLOGIESE IMPLIKASIES VAN DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP DIE VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE, NO. 55 VAN 1949 EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET, NO. 23 VAN 1957.

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

## Hoofstuk I

### TAAK EN DOELSTELLING


1. Die doel van die studie ..................... 1

2. Die aktualiteit van die studie .............. 2

3. Afbakening van die studieveld ............... 3

4. Probleme in verband met die studie .......... 4

5. Metode van navorsing ........................ 5-6


## Hoofstuk II

### CHRISTELIKE GRONDMOTIEWE VAN DIE BELEID VAN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING


1. Inleiding ................................... 7

2. Die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling vanuit Bybelse perspektief .................. 8-9

2.1 Die eenheid van die menslike geslag ......... 9-11

2.2 Ras- en volkereverskeidenheid in die Skrif .. 11-15

| | | |
|---|---|---|
| 2.3 | Afsonderlike Ontwikkeling : Bybels-gefundeerd? ........................................ | 15-17 |
| 3. | Die begrip ras .................................... | 17-20 |
| 4. | Rassediskriminasie ................................ | 20-24 |
| 5. | Etnisiteit ........................................ | 24-26 |
| 6. | Volkskap .......................................... | 27-29 |
| 6.1 | Die identiteit van 'n volk ...................... | 29-31 |
| 6.2 | Aanslae teen die Afrikaner se identiteit .... | 32-33 |
| 6.3 | Die handhawing van Afrikaner-identiteit ..... | 33-36 |
| 7. | Slotwoord ......................................... | 36-38 |
| | Voetnote vir Hoofstuk II ......................... | 39-43 |

## HOOFSTUK III

**DIE STREWE NA SELFBESKIKKING VAN OORSESE MINDERHEIDSGROEPE EN MET VERDERE VERWYSING NA WETGEWING WAT IN DIE VSA GEGELD HET OM RASVERMENGING TE BEKAMP**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding ......................................... | 44-45 |
| 2. | Die Baskiese strewe om selfbeskikking ....... | 45 |
| 2.1 | Inleiding ......................................... | 45-47 |
| 2.2 | Opkoms van Baskiese-nasionalisme ............ | 47-50 |
| 2.3 | Die Franco-regime (1939-1975) ................ | 50-52 |
| 2.4 | Baskiese-nasionalisme na Franco .............. | 52-53 |
| 2.5 | Die Baskiese-strewe na die Guernica-verklaring van 18 Julie 1979 ........................ | 54-55 |
| 2.6 | Slotgedagtes ...................................... | 55 |

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Die Maori's se strewe na selfbeskikking ..... | 56 |
| 3.1 | Inleiding .................................. | 56 |
| 3.2 | Die eerste kontak tussen Blankes en Maori's | 57 |
| 3.3 | Die oordrag van Maorigrondgebied ............ | 57-59 |
| 3.4 | Verlies van grondgebied .................... | 59-60 |
| 3.5 | Beleid van assimilasie ..................... | 60-62 |
| 3.6 | Weerstand teen die beleid van assimilasie ... | 62-65 |
| 3.7 | Slotgedagtes ............................... | 65 |
| 4. | Die Ibo-strewe na selfbeskikking ............ | 66 |
| 4.1 | Inleiding .................................. | 66-69 |
| 4.2 | Die eerste militêre staatsgreep ............. | 69-70 |
| 4.3 | Die tweede militêre staatsgreep ............. | 71 |
| 4.4 | Opkoms van Ibo-nasionalisme ................. | 71-73 |
| 4.5 | Die totstandkoming van die staat Biafra .... | 73-75 |
| 4.6 | Slotgedagtes ............................... | 75 |
| 5. | Die Indiane in die VSA se strewe na selfbeskikking ................................ | 76 |
| 5.1 | Inleiding .................................. | 76 |
| 5.2 | Stryd om selfbeskikking .................... | 77-78 |
| 5.3 | Sluit van verdrae .......................... | 78-80 |
| 5.4 | Pogings tot assimilasie .................... | 80-82 |
| 5.5 | Protesoptogte en verkryging van verlore grondgebied ................................ | 82-83 |
| 5.6 | Slotgedagtes ............................... | 84 |
| 6. | Wetgewing teen rasvermening in die VSA ...... | 84 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Vroeëre wetgewing ............................ | 84-85 |
| 6.2 | Verskillende bepalings in die state wat rasvermenging verbied het ...................... | 85-86 |
| 6.3 | Redes vir wetgewing .......................... | 86-87 |
| 6.4 | Huidige tendense in die VSA .................. | 87-88 |
| 6.5 | Evaluering ................................... | 89 |
| 7. | Slotwoord .................................... | 89-91 |
| | Voetnote vir Hoofstuk III .................... | 92-98 |


## HOOFSTUK IV

### DIE UITKRISTALLISERING VAN VERHOUDINGSPATRONE TUSSEN BLANK EN NIE-BLANK MET BESONDERE VERWYSING NA RAS- EN BLOEDVERMENGING VANAF 1652 TOT 1910


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding .................................... | 99-101 |
| 2. | Eerste kontak - voor 1652 .................... | 101-103 |
| 3. | Rasvermenging vanaf 1652 ..................... | 103 |
| 3.1 | Die Blankes se kontak met die Hottentotte ... | 104 |
| 3.1.1 | Herkoms van die Hottentotte .................. | 104 |
| 3.1.2 | Interaksie en vermenging met die Hottentotte ...................................... | 104-107 |
| 3.2 | Blankes se kontak met die Slawe .............. | 107 |
| 3.2.1 | Herkoms van die Slawebevolking ............... | 107-109 |
| 3.2.2 | Kontak en vermenging met die Slawebevolking.. | 109-113 |
| 3.3 | Vermenging met die Swartbevolking ........... | 114 |

4. Die vormgewing van verhoudingspatrone tussen Blank en Nie-Blank gedurende die 19de eeu. Die tweede fase van wetgewing om geslagsverkeer tussen Blank en Nie-Blank te bekamp .................................... 114-116

5. Provinsiale wetgewing waarby Gemengde Huwelike betrokke was .......................... 116

5.1 Kaapland .................................... 116-117

5.2 Natal ........................................ 117

5.3 Oranje-Vrystaat ............................. 117-118

5.4 Transvaal ................................... 118-119

6. Wetgewing teen onsedelikheid ................ 119-121

7. Slotwoord ................................... 121-122

Voetnote vir Hoofstuk IV ..................... 123-128

## HOOFSTUK V

**DIE DERDE FASE VAN ONTUGWETGEWING EN DIE POLITIEKE DEBAT RONDOM GESLAGSVERKEER OOR DIE KLEURGRENS**

1. Inleiding ................................... 129-130

2. Ontugwetgewing in 1927 ...................... 130-132

2.1 Pogings van Adv. Tielman Roos in 1926 om Ontugwetgewing deur te voer .................... 132-135

2.2 Die deurvoering van Ontugwetgewing in 1927 .. 135-136

3. Verslag van die Kommissie van ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie van 1937 ................................ 137-138

4. Verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike in Suid-Afrika. Ondersoek en Aanbevelings ..................................... 139

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Ingesteldheid van Bevolkingsgroepe .......... | 139 |
| 4.1.1 | Swartes .................................... | 139-140 |
| 4.1.2 | Kleurlinge ................................. | 141 |
| 4.1.3 | Asiate ..................................... | 142 |
| 4.1.4 | Gevolgtrekkings ............................ | 142-144 |
| 5. | Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, no. 55 van 1949 ............................ | 144-147 |
| 6. | Die Ontugwysigingswetsontwerp, no. 21 van 1950 ...................................... | 148-151 |
| 7. | Die Ontugwet van 1957 (Artikel 16) .......... | 151-154 |
| 8. | Samevatting van standpunte .................. | 154 |
| 8.1 | Afkeuring van wetgewing ..................... | 154-155 |
| 8.2 | Voorstanders van wetgewing .................. | 155-156 |
| 9. | Beskouinge van huidige politici van die verskillende blanke politieke partye oor die funksie en doel van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet .................................... | 157 |
| 9.1 | Nasionale Party ............................. | 157-158 |
| 9.2 | Progressiewe Federale Party ................. | 159-160 |
| 9.3 | Konserwatiewe Party ......................... | 160-161 |
| 9.4 | Nuwe Republiekparty ......................... | 162 |
| 9.5 | Herstigte Nasionale Party ................... | 162 |
| 9.6 | Samevatting ................................. | 162-163 |
| 10. | Slotwoord ................................... | 163-165 |
| | Voetnote vir Hoofstuk V ..................... | 166-169 |
| | Bylaag by Hoofstuk V ........................ | 170-172 |

## Hoofstuk VI

DIE KRONOLOGIESE POLITIEKE DEBAT OOR GEMENGDE HUWELIKE EN ONTUG VANAF 1958 TOT 1985


1. Inleiding .................................... 173-174

2. Die politieke debat na 1957 oor ontug en gemengde huwelike .......................... 175

2.1 Pogings om wette herroep te kry, 1962 ....... 175-177

2.2 1971 ........................................ 177-180

3. Argumente van veral die Engelstalige koerante dat die Mengwette geskrap moet word ......... 180-182

4. Positiewe kommentaar deur nie-blanke groepe.. 182-184

5. Minister Hendrik Schoeman se Verwoerdburg-toespraak in 1977 .......................... 184-186

6. Afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwet in Suidwes-Afrika .. 187-188

7. Reaksie op herroeping van die wette in Suidwes-Afrika ................................. 188-190

8. Mnr. P.W. Botha word Eerste Minister - 1978 190-198

9. Standpunte van Suid-Afrikaanse Kerke oor wette om rasvermenging te bekamp .............. 198

9.1 Die Engelse Kerke ........................... 198-200

9.2 Die NG Sendingkerk .......................... 200-201

9.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk ............. 201

9.4 Die Gereformeerde Kerk ...................... 202

9.5 Die Nederduits Gereformeerde Kerk ........... 202-203

10. Aanstelling van die Gekose Komitee o.l.v. mnr. Piet Badenhorst in 1983 ................ 204-205

| | | |
|---|---|---|
| 11. | Onmiddellike faktore wat aanleiding gegee het tot die afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet ........................................ | 205-209 |
| 11.1 | Verdere politieke debat in 1984 ............. | 209-213 |
| 11.2 | Die RGN-meningsopname oor Apartheidstrukture van 1984 ........................................ | 214-215 |
| 11.3 | Die politieke debat van 1985 ................. | 215-220 |
| 11.4 | Herroeping van die Mengwette en die reaksies daarop ........................................ | 220 |
| 11.4.1 | Kleurlinge ........................................ | 220 |
| 11.4.2 | Indiërs ........................................ | 221-222 |
| 11.4.3 | Swartleiers ........................................ | 222-223 |
| 11.4.4 | Akademici ........................................ | 223-224 |
| 11.5 | Reaksie van blanke politieke partye ......... | 225 |
| 11.5.1 | Progressiewe Federale Party ................. | 225 |
| 11.5.2 | Nuwe Republiekparty ........................ | 225-226 |
| 11.5.3 | Nasionale Party ............................ | 226-227 |
| 11.5.4 | Konserwatiewe Party ........................ | 227-228 |
| 11.5.5 | Herstigte Nasionale Party .................. | 228 |
| 11.5.6 | Evaluering ........................................ | 228-229 |
| 12. | Slotwoord ........................................ | 229-231 |
| | Voetnote vir Hoofstuk VI .................... | 232-237 |
| | Bylaag A vir Hoofstuk VI .................... | 238 |
| | Bylaag B vir Hoofstuk VI .................... | 239 |
| | Bylaag C vir Hoofstuk VI .................... | 240-241 |

## Hoofstuk VII

DIE IMPLIKASIES VAN DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET OP ANDER APARTHEIDSWETGEWING


1. Inleiding .................................... 242-243

2. Kommentaar deur politici van die verskillende blanke politieke partye oor die implikasies van die afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet .................................... 244-248

3. Wetgewing wat direk of indirek geraak word deur die afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet ..... 248

3.1 Die Grondwet, no. 110 van 1983 .............. 248

3.2 Die Bevolkingsregistrasiewet, no. 30 van 1950 249

3.3 Die Groepsgebiedewet, no. 33 van 1966 ...... 250-252

3.3.1 Proklamasie, nr. 9831 .................... 252-253

3.3.2 Beheerde gebied ............................ 253-257

3.3.3 Groepsgebiede .............................. 258-261

3.4 Die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe, no. 49 van 1953 ............................ 261-262

3.5 Die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging, no. 51 van 1968 ...................... 262-264

3.5.1 Herroeping ................................. 264

3.6 Die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, no. 3 van 1966 .................................... 265

3.7 Die Behuisingswet, no. 4 van 1966 ........... 265

3.8 Die Boedelwet, no. 6 van 1965 ............... 265-266

3.9 Die Wet op Referendums, no. 108 van 1983 .... 266

| | | |
|---|---|---|
| 3.10 | Die Registrasie van die Akteswet, no. 47 van 1957 ........................................ | 266 |
| 3.11 | Die Wet op Huweliksgoedere van 1984 ......... | 266-267 |
| 3.12 | Die Drankwet, no. 87 van 1977 ............... | 267-268 |
| 3.13 | Die Wet op Egskeidings, no. 70 van 1979 ..... | 268 |
| 3.14 | Die Kinderwet, no. 15 van 1977 .............. | 268 |
| 3.15 | Die Maatskappyewet, no. 61 van 1973 ......... | 269 |
| 3.16 | Die Swartes (stadsgebiede) Konsolidasiewet, no. 25 van 1945 ............................ | 269 |
| 3.17 | Die Wet op Swart Arbeid, no. 64 van 1964 .... | 270 |
| 3.18 | Die Wet op die Administrasie van Swart Sake, no. 45 van 1971 ............................ | 270 |
| 3.19 | Die Wet op die Ontwikkeling van Swart gemeenskappe, no. 4 van 1984 .................. | 270 |
| 3.20 | Die Wet op Stemreg vir Plaaslike Owerheidsliggame van 1984 .......................... | 271 |
| 3.21 | Die Wet op Swart Plaaslike Besture, no. 102 van 1982 ................................. | 271 |
| 3.22 | Die Wet op die Hervestiging van Swartes, no. 19 van 1954 ............................ | 272 |
| 3.23 | Die Wet op die Universiteit van die Noorde, no. 47 van 1969 ............................ | 272 |
| 3.24 | Die Wet op Vervoerdienste vir Swartes, no. 53 van 1957 ............................ | 272 |
| 4. | Die voorkoms van Gemengde Huwelike en Ontug na die herroeping van die Wette op 19 Junie 1985 ........................................ | 273-275 |
| 5. | Slotwoord ................................... | 276-277 |
| | Voetnote vir Hoofstuk VII .................. | 278-280 |

## Hoofstuk VIII


**SLOTBESKOUING** ................................ 281-284


## Bibliografie


Oriëntering .................................. 285

A. Gepubliseerde bronne .................. 286-287

B. Literatuur ............................ 287-292

C. Ongepubliseerde bronne ................ 293

D. Periodieke publikasies ................ 294-297

E. Kerklike publikasies .................. 297

F. Referate en Onderhoude ................ 298-299

G. Oudiovisuele materiaal ................ 299

OPSOMMING

# HOOFSTUK 1

## TAAK EN DOELSTELLING

### 1. DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om aan te toon dat die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, no. 55 van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet, no. 23 van 1957 verreikende politieke implikasies vir Suid-Afrika inhou. Daar word gepoog om aan te toon dat sekere skeidingsmaatreëls wat sedert Uniewording in 1910 en veral na 1948 aangeneem is, ernstig in gedrang kom met die afskaffing van genoemde wette op 19 Junie 1985.

Met hierdie studie word gepoog om aan te toon dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet van 1957 ten nouste verweef is met ander apartheidswetgewing, soos byvoorbeeld die Groepsgebiedewet en die Bevolkingsregistrasiewet. Hierdie ondersoek wil verder daarop wys dat die afskaffing van die twee Mengwette onhoudbare situasies vir die handhawing van die identiteit en selfbeskikking van die Blankes in die algemeen en die Afrikanervolk in die besonder gaan inhou.

## 2. AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Die toenemende voorkoms van gemengde huwelike, ontug en rasgemengde situasies as uitloper van 'n beleid van politieke integrasie en die disintegrerende invloed daarvan op die selfbehoud van die blanke bevolkingsdeel se identiteit in Suid-Afrika begin in 'n toenemende mate tot besorgdheid en ontevredenheid onder die Blankes lei.

Die beleid van politieke integrasie waar lede van die verskillende bevolkingsgroepe van Suid-Afrika as gelykes in dieselfde sosiopolitieke en ekonomiese sisteem ingeskakel word, het by die Afrikanervolk wat belangstel in die sedelike, maatskaplike en politieke heil van die volk, toenemend 'n gees van ontnugtering en verwerping van die beleid van politieke integrasie tot gevolg.

Dit word deur die Blankes toenemend waargeneem dat 'n beleid van politieke integrasie noodwendig tot die assimilasie van die bevolkingsgroepe in die RSA moet lei. Assimilasie is 'n proses van kulturele verandering en rasvermenging wat op die verlies van een of meer van die betrokke volksgroepe se identiteit uitloop.

Die vraag of ras- en bloedvermenging by wyse van wetgewing verbied moet word is 'n onderwerp waaroor die politieke debat nog steeds voortgaan. Die kwessie of die toename in gemengde huwelike, ontug en rasgemengde situasies slegs goeie gevolge

inhou en tot die verbetering van volkereverhoudinge sal lei, kan met reg bevraagteken word.

## 3. AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

Met die studie word ras- en bloedvermenging binne sowel as buite huweliksverband tussen die bevolkingsgroepe in oënskou geneem. Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet word daarom vorentoe as 'n eenheid hanteer.

Soos reeds in die titel vermeld, val die klem in hierdie studie op die politikologiese implikasies van die afskaffing van die twee Mengwette en die invloed wat dit uitoefen op ander apartheidswetgewing. Die aanloop tot en plasing van die Mengwette op die wetboek het 'n historiese sy wat ook behandel word. Die plasing van genoemde wette was ook 'n keerpunt vir toekomstige ontwikkelinge wat van naderby beskou word. 'n Evaluering van die implikasies van die afskaffing van die twee Mengwette, die probleme wat daaruit voortvloei en die moontlike oplossing van die probleem word verder behandel.

## 4. PROBLEME IN VERBAND MET DIE STUDIE

As gevolg van die feit dat die studie primêr ook gaan oor die gevolge van rasvermenging in Suid-Afrika, moet die omvang van rasvermenging van naderby beskou word. Om werklik die omvang van rasvermenging waarby ontelbare en onbekende mans en vrouens by betrokke was in die Suid-Afrikaanse situasie weer te gee, is 'n taak van onmoontlikheid. Bestaande syfers en statistiek kan dus nie 'n ware beeld van die omvang van rasvermenging weergee nie.

Hoewel daar enersyds nie te gemaklik gevolgtrekkings gemaak kan word om universeel van toepassing te wees nie, word dit andersyds moontlik geag om sekere tendense aan te wys op grond waarvan duidelike gevolgtrekkings en riglyne uitgespel kan word.

Van die beplande onderhoude met van kabinetsministers in die Volksraad, is na vele probeerslae gekanselleer as gevolg van 'n gebrek aan tyd (by die respondente) en weiering om uitlatings te maak oor die sensitiewe aard van die implikasies van die afskaffing van die Mengwette. Politici van die Indiër- en Kleurlingkamers het na vele afsprake ook nie vir onderhoude opgedaag nie. Belangrike inligting, ook oor hoe die Indiër- en Kleurlinggroepe die Mengwette beskou, kon nie ingewin word nie.

## 5. METODE VAN NAVORSING

Wat die metode van die navorsing behels, word daar kortliks op die volgende gewys. Dit gaan in hierdie studie wel oor die politieke implikasies wat die afskaffing van die Mengwette tot gevolg het, maar die uitkristallisering van die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling, met die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet as hoekstene van die beleid, kan nie agterweë gelaat word nie.

Hoofstuk twee wys op die christelike grondmotiewe van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Aandag is verder gegee aan die positiewe waardering van volkskap, volksidentiteit en die handhawing daarvan. In hoofstuk drie word die strewe om selfbeskikking van oorsese minderheidsgroepe ontleed. Hoofstuk vier poog om 'n beeld van die uitkristallisering van verhoudingspatrone tussen Blank en Nie-Blank met verwysing na ras- en bloedvermening tot en met 1910, weer te gee.

Hoofstuk vyf se doel is om die politieke debat rondom die plasing van aanvanklik die Ontugwet van 1927 en later die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike in 1949, die Ontugwysigingswet van 1950 en Artikel 16 van Ontugwet in 1957, uit te lig. Aandag word ook gegee aan kommissie verslae en bevindings. Hoofstuk ses poog om die politieke debat van 1958 tot 1985 uit te lig. In die hoofstuk word aangetoon hoe die Nasionale Party veral na 1974 geleidelik die wette as onnodig beskou en van afsonderlike

ontwikkeling wegbeweeg het. Kerklike standpunte word ook weergegee.

Die oogmerk van hoofstuk sewe is in hoofsaak om aan te toon dat die afskaffing van die twee Mengwette verreikende politieke implikasies inhou. Daar word ten slotte gepoog om 'n evaluering van die implikasies van die afskaffing van die skeidingswette te gee.

In die onderhawige werk is daar gepoog om sover as wat dit enigsins moontlik is, al die bronne wat betrekking het op die verweefdheid van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet van 1957, met ander apartheidswette na te gaan. Dit is gedoen om 'n stewige basis te vind vir die interpretasie van die politieke implikasies van die afskaffing van bogenoemde twee Mengwette. Die literatuurstudie as grondslag van die navorsing het alle amptelike gepubliseerde bronne, alle boeke, ongepubliseerde bronne en periodieke en kerklike publikasies ingesluit. Verder is ook onderhoude gevoer met politici van die verskillende blanke politieke partye oor genoemde onderwerp.

# HOOFSTUK 2

# CHRISTELIKE GRONDMOTIEWE VAN DIE BELEID VAN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

## 1. INLEIDING

Met die verklaring van die NG-Sendingkerk op 15 Maart 1983 dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet 'n onbybelse standpunt is, is die wette soos nog nooit van tevore binne- sowel as buitelands, deur kerkgroepe -en leiers, akademici, studenteorganisasies en die politici aangeval en verdag gemaak nie.

'n Verheldering van die Christelike grondmotiewe van die beleid van afsonderlike ontwikkeling blyk in die huidige tydsgewrig noodsaaklik te wees. In so 'n studie sou dit ook die aangewese metode wees om fyn te let wat die feit van God se skepping, die sondeval en die behoudende en verlossende genade in Jesus Christus vir ons onderwerp beteken. Dit behels nie die biblisistiese fundering van so 'n beleid nie, maar wel die christelik-wetenskaplike fundering daarvan.

Vervolgens word daar in hoofstuk twee na die begrippe, ras, rassediskriminasie, etnisiteit, volkskap, volksidentiteit en die handhawing van volksidentiteit gekyk.

## 2. DIE BELEID VAN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING VANUIT BYBELSE PERSPEKTIEF

Die staatkundige lotsgemeenskap is van beslissende betekenis vir die verloop van enige mens se lewe. Die burger van 'n staat kan nie geïsoleerd of los van ander staatkundig lewe nie.

Volgens Van den Berg word "'n mens in 'n bepaalde lotsgemeenskap gebore, met of sonder regte of bevoegdhede. Dat elke mens gelykwaardig met al die ander sal deelneem aan die uitoefening van die politieke lotsgemeenskap waarvan hy deel uitmaak, se selfbeskikking, is 'n les van bybelse geregtigheid. Die vraag is alleen wat die inhoud van die term politieke lotsgemeenskap in die vorige sin moet wees : een alles omvattende eenheidstaat of 'n verskeidenheid natuurlik onderskeie en van nature saamhorige eenhede. En hier loop die paaie uiteen ook in die lig van die Bybel."[1]

'n Belangrike vraag is hoe die Bybel in hierdie saak gébruik moet word. Die Bybel is nie 'n wetenskaplike handboek nie, maar gee vir ons onmisbare kennissleutels, grondmotiewe en basiese geestelike riglyne, in die lig waarvan ons verder oor die besonderhede van byvoorbeeld die wetenskap of dan die beleid van afsonderlike ontwikkeling moet dink.[2]

Misbruik van die Bybel behels dat 'n teks uit die Bybel aangehaal word, uit verband geruk en aan 'n kapstok met dwalende gedagtes

gehang word. Los tekste word gevind om 'n eie spesifieke gedagterigting te bevestig. Voorstanders van 'n beleid van integrasie sowel as voorstanders van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling, sal albei met los tekste vorendag kan kom, om apartheid of integrasie te fundeer.

Daar moet nie net gewaak word teen inlegkunde nie, maar ook teen 'n fundamentalistiese Bybelbeskouing wat Gods Woord as 'n wetenskaplike handboek hanteer. Die geskiedenis van Israel tydens die ou bedeling word sommer oorgebring na en toegepas op 'n volk in die nuwe bedeling.[3] Die Here het egter ook in die geskiedenis van Israel bekend gemaak wat Hy van enige volk wat Hom dien, verlang. "Daarom kon Paulus meermàle aan sy gemeentes skryf dat die dinge wat Israel oorgekom het, as 'n waarskuwing vir ons opgeteken is."[4]

Die Woord bring aan ons openbaringsgeskiedenis en 'n heilsboodskap, waarvan die grondmotief wel direkte betekenis vir die mens se totale lewe en ook vir Suid-Afrika se volkerebeleid het. In die Bybel kom nie net die eenheid van die menslike geslag na vore nie, maar ook 'n wye volkereverskeidenheid.

## 2.1 Die eenheid van die menslike geslag

"Voor die sondeval staan Adam in volkome gehoorsaamheid voor God

en daarmee ook die ganse geslag van die mensheid wat uit die lendene van Adam gebore moes word."[5] Die Bybel leer dat God die mens geskape het en dat die hele mensdom uit die eerste mensepaar ontstaan het (Gen. 1:28).[6]

Daarom kon Paulus in Handelinge 17:26 verklaar dat God "uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak het om oor die hele aarde te woon."[7] Volgens Strauss eis die opdrag van die Here aan Adam, naamlik vul, onderwerp en beheers, dat die mensegeslag uit een wortel, naamlik Adam oor die aarde moet versprei. "In gehoorsaamheid aan die Wet van God, moes hulle dus ook 'n eenheid in die Here bly - al sou die verspreide mensheid 'n grootse verskeidenheid vertoon,(...) die mense verskeidenheid moes deur gehoorsaamheid aan die Wet van God 'n eenheid bly en nie met rassevorming van mekaar afskei nie."[8]

Die sondeval verbreek egter die gehoorsaamheid van die mens aan sy Skepper. Deur die sondeval kom die ganse mensheid in opstand teen God en is die onderworpenheid van die mens aan die Wet van God ook daarmee verlore.[9]

Die opstand van die gevalle geslagte wek die toorn van God en laat die sondvloed oor hulle kom. Nadat Noag en sy gesin 'n nuwe begin gemaak het, ontvang hulle weer die opdrag van God naamlik, vul, onderwerp en beheers. "Hulle wil nou 'n eenheid bly sonder om te versprei, dit wil se 'n eenheid deur ongehoorsaamheid aan die Wet van God, en daarom begin hulle die toring van Babel bou.

Die gevolg is dan dat die Here hulle deur 'n taalverwarring verplig om te versprei. Hulle moet eenvoudig die aarde vul."[10]

## 2.2 Ras- en volkereverskeidenheid in die Skrif

Die Bybel leer nie net van die eenheid van die menslike geslag nie, maar ook van die versplintering in die eenheid in rasse en volke, in veelheid oor die aarde heen versprei. Daar is volke in gehoorsaamheid op God gerig en gode-afvallige volke aan afgode verbind. In die Ou Testament word byvoorbeeld Hebreeuse woorde soos "am" en "goi" gebruik om menslike groeperinge te onderskei en aan te dui. Die Ou Testament gebruik die terme wisselend vir "volk" en "nasie". "Die stelling dat die terme soos dit in die Bybel gebruik word, nie sondermeer op die rasse- en volkeresituasie van ons tyd oorgedra kan word nie, ten eerste omdat die Skrif geen rassevraagstuk ken nie, en ten tweede, omdat die terme 'volk' en 'nasie' primêr 'n heilshistoriese vervulling het, is volgens Van Staden, simplisties en onaanvaarbaar."[11]

Die Ou Testament leer aan ons, dat naas die volk van Israel, daar 'n verskeidenheid van ander volke hulle om Israel bevind het. Israel het egter "suiwerheid van bloed, sedes en godsdiens"[12] gehandhaaf en was daarom in die geskiedenis in staat om sy hoë, unieke roeping te vervul. Volgens Groenewald leer ons daaruit "dat slegs die volk wat sy identiteit behou, aan die Godsbestem-

ming voldoen."[13]

Groenewald sal wel nie bedoel dat die volksidentiteit as sodanig die uitvoering van die goddelike roeping moontlik maak nie, maar die soewereine genade van God. Wat hiermee wel bedoel word, is dat die volksidentiteit 'n dienskarakter vervul wat medebepalend is vir die uitvoering van die goddelike roeping.

In terme van ras- en volkereverskeidenheid sê Deut. 32:8 verder: "Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel." Hiermee saam ook Hand. 17:26: "Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak, om oor die hele aarde te woon terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hul woonplek vasgestel het." Bogenoemde tekste dui dan ook veral op die ontplooiing en vestiging van die volkereverskeidenheid.

God gryp by Babel in, as die proses van kulturele differensiasie en ontwikkeling wat organies en harmonies moes plaasvind deur die mens teengestaan word. Die mense se oogmerke was tweërlei van aard: hulle wou ten eerste nie oor "die hele aarde verstrooid raak nie. Dit wil sê hulle wou nie die uitdruklike bevel van God soos in Gen. 1:28 meegedeel om "die hele aarde (te vul) gehoorsaam nie.(...) Die vasklemming van die eenheid van die mense word 'n daad van verset teen die wil van God, en ten tweede, gaan dit om grootheid en roem."[15]

Die spraakverwarring en gevolglike verstrooiing volgens Gen. 11:8

is dan die manier waarop God verhinder dat hierdie poging tot menslike selfverheffing teen Hom slaag. Maar dit plaas ook 'n moontlike herhaling van hierdie poging vir alle praktiese doeleindes (voorlopig) buite die bereik van die mens se grootheidsdrome. "Daar sit dus straf in die feit van volke en tale verskeidenheid en die vervreemding wat dit oor die eeue oor die mensdom gebring het."[16]

Dit is egter nie net straf van God oor die sondige verset teen Hom nie, maar is die verstrooiing van volke by Babel ook blyke van die seën van God. "God het hulle (die volke) nie uitgewis nie. Deur 'n daad van genade het Hy hulle taal verwar."[17] God laat egter nie toe dat die sondige natuur van die mens verwydering tussen God en mens bring nie. Van Selm skryf oor die genade van God die volgende: "God se oordeel het die mensheid teen hierdie ydele roemsug bewaar en is dus soos altyd, tegelyk 'n bevryding ..."[18]

"Hierdie geskiedenis van Gen. 11:1-9 het 'n lang voortsetting in die Bybel en in die wêreldgeskiedenis. Dáár verneem ons dat God uit die volke wat volgens Gen. 10 en 11 oor die aarde verstrooid geraak het, vir Hom in die persoon en nageslag van Abraham 'n volk tussen die volke uitverkies om op 'n besondere wyse sy eiendom te wees."[19] Gen. 12:1-3, 22:18 leer dat Abraham deur God geroep word tot seën van al die nasies, maar Abraham word wel in nasionale of volksverband geplaas. Abraham moes wegtrek en

elders 'n eie volk begin.[20]

Volkskap word ook in die Nuwe Testament as iets natuurliks en vanselfsprekend aanvaar en gehandhaaf. Jesus het dan ook sélf die opdrag gegee dat die evangelie aan al die nasies verkondig moet word (Matt. 28:19). Hierin lê opgesluit dat die sending moet rekening hou met die volkseie, taal en kultuur.[21]

In hierdie sendingopdrag is die "... dissipels maak van al die nasies" nie sinoniem met die totstandbringing van 'n eenheidsmassamensdom op die aarde, wat dan die 'heilige algemene Christelike Kerk' sou beliggaam nie. Daarom kyk dit ook biologiese en sosiale grense tussen volke deur natuur en geskiedenis mis, of probeer hulle selfs uitwis, en het hierdie benadering met die Bybelse begrip van die eenheid van die Christelike Kerk niks te make nie."[22]

Hierdie benadering, naamlik om 'n eenheidsmensdom op aarde te vestig wat dan die heilige algemene Christelike Kerk sou beliggaam, is die resultaat van 'n oorbeklemtoning van die uitgeroepwees van die kerk uit alle stamme en tale, ten koste van die ingestuurwees van die kerk na al die nasies.[23]

Die Nuwe Testament erken die volkereverskeidenheid, maar hierdie verskeidenheid word nie tot absolute lewensbeginsel verhef nie. Gal. 3:28 stel dit baie duidelik, maar dit beteken nie dat verskille in volksverband, sosiale posisie en geslag in Christus nou opgehef word nie.

Die Bybel skryf weliswaar geen besondere betekenis aan volksverbondenheid as sodanig toe nie, maar maak ook geen negatiewe uitspraak in die Ou of Nuwe Testament daaroor nie. Inteendeel, talle Bybelfigure onder andere Paulus en Christus self, het ook sonder enige huiwering daarvoor, hulle verbondenheid met 'n bepaalde volk positief waardeer. Coetzee vat die gedagtes treffend saam: "Terwyl al die gelowiges uit al die nasies tot 'n eenheid saamgebind is in een Godsvolk, beteken dit tog nie 'n uitwissing van volksverskille of 'n uittrede van die gelowiges uit hul onderskeie volke nie."[24]

## 2.3 Afsonderlike Ontwikkeling : Bybels-gefundeerd?

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is op die feit van rasse-en volkereverskeidenheid, en wel soos dit as Skeppingsgegewe na vore kom in God se Openbaringsgeskiedenis gefundeer. Die wese en aard van die politieke lotsverbondenheid van die 14 etniese groepe in Suid-Afrika moet gesien word as 'n verskeidenheid natuurlik onderskeie en van nature samehorige eenhede.

"Die beginsel van eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens vloei voort uit die erkenning en eerbiediging van die eie-aard van die verskillende volke en rasse. Dit is wel waar dat die erkenning van die volksaard by die eie volk begin. Daarin is geen fout op sigself nie, want om die natuurlike genadegawe van God

aan jou eie volk te aanvaar, te waardeer en te beskerm, is deel van 'n mens se dankbaarheid teenoor jou Skepper,"[25] aldus Du Preez.

Vanuit Bybelse perspektief sou die beleid van afsonderlike ontwikkeling daarom beter vooruitsigte bied en waarborge verskaf op die handhawing van 'n volk se identiteit en selfbeskikking. Identiteitshandhawing en selfbeskikking van 'n volk binne 'n eie grondgebied as vaderland, bied groter vooruitsigte om te slaag as 'n samevoeging van beskawingsvreemde volke in 'n eenheidstaat. God het vir die verskillende volke 'n eie erfdeel of woongebied afgegrens (Deut. 32:8). Elke volk sou dus vanuit dié perspektief binne die grense van 'n eie grondgebied oor homself moet regeer. "Dominasie, oorheersing, onderwerping is dan daarmee in stryd. Medebeskikking, mederegering tussen volke en nasies vanuit dieselfde grondgebied is nie natuurlik nie en moet noodwendig uitloop op 'n magstryd oor die beheer en besetting van die grondgebied. Die sterkste moet uiteindelik bo uitkom en oorheers."[26]

"Die beleid van afsonderlike ontwikkeling staan teenoor die eenheidstaatgedagte, die medebeskikkingsidee en die magsdelingsbeleid."[27] Die beleid van afsonderlike ontwikkeling staan ook teenoor elkeen wat die gelykstellingsdogma van een-mens-een-stem wil opdwing onder 'n Christelike vlag en dekmantel.

In Suid-Afrika het 'n etniese veelvormigheid onder die voorsienige bestel van God ontstaan. God het Sy Skepping so

georden dat elke volk sy eie plek om te bestaan sal hê. Dit lei tot vreedsame naasbestaan. Dit bring rustigheid en vrede, sodat elke volksgroep in rustigheid God, die Skepper en Onderhouer kan dien.

## 3. DIE BEGRIP RAS

Die verskil tussen die verskillende rasse in Suid-Afrika is nie net maar 'n verskil ten opsigte van liggaamsbou en gelaatstrekke nie, maar 'n verskil wat die volle mens en sy hele bestaan dek. Alhoewel die interpretasie van Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge eerder gesoek moet word in die sosiale toestande, beskouings en kultuurverskille, historiese ervaringe, sosio-politieke interaksie en met verrekening wat daaruit voortgevloei het, word vir 'n wyle stilgestaan by die begrip ras as sodanig.

In die onderskeiding van rasse word gebruik gemaak van die fenotipiese rasseklassifikasie (waarneembare eienskappe) en genotipiese rasseklassifikasie (oorgeërfde eienskappe).[28]

Ras kan getipeer word as: "'n Groep mense verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms en gekenmerk deur een of meer vaste erflike eienskappe deur ooreenkoms wat belange, gewoontes en uiterlike betref."[29] "... die bepaalde oorgeërfde eienskappe is dan ook nie by ander groepe aanwesig nie en in terme waarvan die betrokke

groep dus verskil van ander groepe."[30]

Volgens Rhoodie impliseer ras, "'n vorm van sosiale gedrag wanneer mense glo en aanvaar dat hul kollektiewe identiteit, sowel kultureel as somaties, in 'n meerdere of mindere mate deur gemeenskaplike biogenetiese afkoms (gemeenskaplike biologies geskiedenis) gedetermineer is en hierdie persepsie van identiteit en afkoms hul beïnvloed om hulle op verskillende maniere te differensieer van ander groepe wat in terme van hulle biologiese geskiedenis 'anders' of 'vreemd' beskou word."[31]

Wat altyd in ag geneem moet word, is die kriteria vir rasseklassifikasie. "... eienskappe wat die gevolg is van paravariasies (veranderings waar erflikheid nie 'n rol speel nie en wat die gevolg van eksterne invloede is) is nie betroubare kriteria vir die bepaling van rasseverskille nie. Dit hou nie verband met die proses van rassedifferensiasie nie en bestaan slegs uit uiterlike modifikasies wat van verbygaande aard is."[32]

In terme van die unieke persoonlikheid en identiteit van 'n persoon, sê Rhoodie: "histories het sekere uiterlik-fisiese (somatiese erfeienskappe) belangrike eksterne indikatore van verwantskap geword. Dit is onteenseglik waar dat die individu se fisieke voorkoms 'n integrerende deel van sy persoonlik en unieke identiteit is.(...) Hierdie somatiese tipologie is 'n integrerende deel van die groep se totale tipologie soos subjektief voorgestel deur sy eie lede."[33]

Mönnig skryf hierdie fisieke identifikasie toe aan: "... die mens se fyn waarnemingsvermoë vir fisieke tipes en word enige fisieke voorkoms wat nie in die sosialiseringsproses as aanvaarbaar binne die eie groepe kenbaar is nie, beskou as behorende tot 'n ander groep.(...) Die begeerte tot suiwerheid binne sekere grense, en die gepaardgaande ondertrouery binne daardie grense, ongetwyfeld die faktor is wat huidige rassegrense in die wêreld bepaal."[34]

Volgens Mönnig lei ras "uiteraard vanweë uiterlike, en dus opvallende samehorigheid tot groepsvorming en daarmee tot groepsidentiteit, dit bring vanself 'n ons/hulle verdeling mee."[35]

In die Suid-Afrikaanse konteks het die ontplooiing van rasseverhoudinge, rassekontak veronderstel, wat weer op sy beurt aanleiding gegee het tot Suid-Afrika se rasseproblematiek. Suid-Afrika se rasseprobleme kan teruggevoer word na die eerste kontak tussen die verskillende rassegroepe naamlik, die Blankes (Kaukasiese hoofrassegroep) en die Nie-Blanke rasse (Khoisanide- en die Negroïede groep). "Die besondere aard van die rassekontak was verder bepalend ten opsigte van die sosiale wisselwerkinge wat daaruit voortgevloei het."[36]

Op die sosiale wisselwerking tussen die rassegroepe in Suid-Afrika en wat daaruit voortgevloei het, word in 'n verdere hoofstuk op ingegaan (Hoofstuk 4). Uit voorgaande blyk dit egter duidelik dat ras verantwoordelik is vir groepsvorming, dat dit aanleiding gee tot groepsidentiteit en dat 'n individu se fisieke

voorkoms 'n integrerende deel van 'n persoon se persoonlikheid en unieke identiteit is.

## 4. RASSEDISKRIMINASIE

Voorstanders van die beleid van afsonderlike ontwikkeling word dikwels van rassediskriminasie en rassisme beskuldig en word die beleid heel dikwels ook beskou as 'n bedreiging vir wêreldvrede. Teenstanders van die beleid van afsonderlike ontwikkeling hou afsonderlike ontwikkeling voor as 'n vorm van verheerliking en verabsolutering van die eie ras, kultuur en identiteit ten koste van ander, of as die geringskatting of selfs minagting van ander rasse en kulture, of as die drang om ander kulture te oorheers.[37] In die sosiaal-politieke bewussyn van die dag blyk dit al hoe duideliker dat individuele vryheid al hoe meer tot hoogste sedelike deug verabsoluteer en volksbelange in 'n al hoe groter mate gerelativeer word. Enigiets wat hierdie individuele vryheid aan bande sou lê, word as 'n bedreiging en euwel beskou.[38]

Voordat daar oorgegaan word om te kyk of die beleid van afsonderlike ontwikkeling noodwendig negatief diskriminerend is, word die begrippe, rassisme, rassediskriminasie en diskriminasie van naderby beskou.

Rassisme beteken 'n geïntensiveerde vorm van rassevooroordeel.

Die -isme of verabsolutering dui op 'n self-verabsolutering van die een rasgroep teenoor 'n ander rasgroep- of groepe. Rassisme hou dan ook verband met etnosentrisme, die ingesteldheid van mense om hulle eie groep as absoluut meerderwaardig te beskou en om ander etniese groepe as alsoluut minderwaardig te stereotipeer.[39]

Rassediskriminasie beteken die handeling of optrede wat uit negatiewe rassevooroordeel voortvloei. Dit beskryf 'n openlike negatiewe en onregverdige handeling van eeh rassegroep teenoor 'n ander en nie bloot 'n bepaalde houding nie.[40]

Teenstanders van die beleid van afsonderlike ontwikkeling gebruik dikwels die veroordelende mag en funksie van terme soos "moord", "diskriminasie" en "rassisme" met al hul emosionele assosiasies in om die beleid te diskrediteer sonder om die nodige bewyse in te bring dat oortredinge wel begaan is.[41] Die etiket van "diskriminerend" en "rassisties" word om die nek van apartheid gehang om daarmee te kenne te gee dat apartheid vanselfsprekend sedelik veroordeelbaar en strafbaar is.

Dit word gedoen sonder dat 'n poging eers hoef aangewend te word om die nodige bewyse te lewer dat afsonderlike ontwikkeling vanselfsprekend negatief diskriminerend is.

Van nader beskou val die term "diskriminasie" volgens Van Wyk uiteen in drie geledinge naamlik:

" i) "neutrale diskriminasie" in die sin van, te onderskei en te klassifiseer;

ii) "positiewe diskriminasie" in die sin van te onderskei en klassifiseer tot voordeel van die betrokke partye of om goeie oordeelsvermoë aan die dag te lê; en

iii) "negatiewe diskriminasie" in die sin dat onderskei en geklassifiseer word tot nadeel van die betrokke party(e) en wel op grond van ongeldige redes."[42]

'n Persoon kan byvoorbeeld nie van diskriminasie beskuldig en veroordeel word as hy skade veroorsaak of die weerhouding van verdiende voordele veroorsaak sonder sy kennis en wil nie: "daar moet bewys kan word dat hy geweet het wat die gevolg van sy handeling sou wees en dat hy juis daardie gevolg bedoel het. Daar moet verder bewys word dat hy 'n negatiewe of vyandige gesindheid aan die dag gelê het, soos blyk uit nadele wat veroorsaak word en/of die weerhouding van verdiende voordele sonder legatieme motivering."[43]

Van Wyk brei verder hierop uit en sê onder meer dat, "wanneer twee partye met 'n spesifieke onderskeiding en behandeling tevrede is (wat dikwels totaal verskillend kan wees) aanvaar hulle die diskriminasie wat aan die dag gelê is. Hulle sal selfs erken dat daar op voortreflike wyse gediskrimineer is. Daar is onderskei, geklassifiseer en gediskrimineer in die

neutrale sin van die woord en wel op grond van ras, kleur, kultuur en opvoeding."[44]

Negatiewe diskriminasie is 'n patroon van gedrag wat die volgende kenmerke moet vertoon: "een party moet 'n ander party skade berokken of van verdiende voordele weerhou sonder behoorlike motivering, willens en wetens en met voorbedagte rade, dit wil sê, op 'n wyse wat geïnterpreteer mag word as die openbaring van 'n negatiewe of vyandiggesinde gesindheid."[45]

Wanneer die Staatspresident egter op 31 Januarie 1986 in die Parlement aankondig "Ons aanvaar een burgerskap vir alle Suid-Afrikaners, wat gelyke behandeling en geleenthede inhou.(...) Ons glo (die regering) dat die menswaardigheid, lewe, vryheid en eiendom van almal ongeag kleur, ras of geloof, beskerm moet word,"[46] raak die onderskeiding en balans tussen onregverdigbare diskriminasie en verantwoorde differensiasie egter baie fyn.

As die beginsel in Suid-Afrika aanvaar word van een burgerskap wat gelyke behandeling en gelyke geleenthede inhou, en dat daar nie diskriminasie (negatief) op grond van ras, kleur, geloof sal wees nie, kom sekere noodsaaklike ordenings -of differensiërende maatreëls ernstig in gedrang, soos byvoorbeeld die Groepsgebiede-wet, die Bevolkingsregistrasiewet en die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe. Die toepassing van bogenoemde wette het en gaan in die toekoms negatief diskriminerende praktyke tot gevolg hê as daar geen diskriminasie (in die sin van onderskei) op

grond van ras, kleur en geloof gaan wees nie. Om Swartes toe te laat tot sekere internasionale hotelle en hul dan te verbied om saam met Blankes die kroeg te gebruik, is willekeurig, onredelik en negatief diskriminerend.

Afsonderlike ontwikkeling onderskei nie tussen wit of swart omdat die een persoon wit en die ander persoon swart is nie, maar omdat elke volk verskillende geestelike of diepte-inhoude en kulturele waardes wil realiseer en die een die ander in die realisering van waardes, frustreer, bemoeilik en onmoontlik maak. Dit gaan nie net bloot om individuele, maar ook om groeps- en volksbelange.

Afsonderlike ontwikkeling wil elke volk wat saamgesnoer is rondom 'n gemeenskaplike taal, godsdiens, geskiedenis, tradisie en eie volksgevoel en wat die verantwoordelikheid, vermoë en ideaal het, om 'n selfstandige selfregerende staat te vorm, positief aanmoedig om so 'n ideaal te laat realiseer.

## 5. ETNISITEIT

Wanneer daar na 'n definisie gesoek word vir etnisiteit, word gestuit voor die duisternis definisies wat op die grondslag van die een of ander sosiaal sigbare eienskap hulself groepeer om sekere gemeenskaplike belange te beskerm.[47]

In 'n poging om etnisiteit te omskryf, is 'n bloot kulturele betekenis daaraan geheg wat taal, godsdiens, historisiteit en eie waardesisteme van 'n bepaalde groep insluit. Sekere sosiaalwetenskaplikes wou die begrip etnisiteit veel wyer vertolk sodat rasseverskille ingesluit word.[48]

Rhoodie tipeer 'n derde probleem in die definiëring van etnisiteit. Uit sosiaal- en staatswetenskaplikes kom die gedagte "wat die bestaan van etnisiteit as unieke soort kollektiewe gedrag en die etniese groep as 'n besondere soort sosiale kollektiviteit, óf ontken, óf hoogstens reduseer tot 'n kulturele atavisme, 'n sosiale manifestasie van priordiale verwantskapsvorme wat tans besig is om sy betekenis as 'n empiriese determinant van sosiale groepsdifferensiasie te verloor."[49]

Die wesenskenmerke van etnisiteit kan dus soos volg saamgevat word:

* "'n Assosiasie van persone wat volgens objektiewe kriteria 'n duidelike verwantskapsfokus in die sin van gekonsentreerde bio-genetiese afstamming presenteer.

* "Groeplede vertolk hul verwantskap eksplisiet of implisiet in terme van 'n gemeenskaplike biologiese geskiedenis.

* "'n Kulturele fokus wat verband hou met komponente soos taal, godsdiens, territorium, historisiteit en/of prominente

somatiese eienskappe, sosiaal gedefinieer as indikatore van bio-genetiese afkoms.

* "Die idee of bewustheid van 'n gemeenskaplike historiese agtergrond, (...) wat die kohesie en unieke karakter van die groep bevorder.

* "Die waardes, norme, opvattings en simbole wat die betrokke groep sy emosionele fokus gee, ...

* "Groeplede aanvaar dat hulle lotsverbonde is, 'n sentiment wat veral onderskraag word deur die idee van 'n gemeenskaplike historiese agtergrond, ...

* "Die geval van lotsverbondenheid en die bewustheid van 'n eie identiteit bring mee dat die groep sekere gemeenskaplike persepsies van hul Antieke oorlewingsbelange ontwikkel.

* "Die betrokke groeplede het individueel die gevoel dat minstens sekere van hul kritieke belange op die een of ander wyse beslissend aan hul kollektiewe voortbestaan as groep gekoppel is en dat die bevrediging van sekere fundamentele bestaansbehoeftes in groot mate met hul verbintenis met die groep verband hou,"[50] aldus Rhoodie.

## 6. DIE BEGRIP VOLK

Volgens Coetzee bevestig "feitlike gegewens die feit dat daar 'n geografiese en historiese universele verskynsel bestaan wat volke genoem word. 'n Volk is nie 'n statiese entiteit nie, maar is dinamies groeiend. Dit verkeer verder in 'n historiese proses, veranderend en tog homself en is selektief wat sy openheid betref. Dit kan verder getipeer word as 'n kultureel-psigologiese entiteit, bestaande uit mense wat basies dieselfde lewenswyse aanvaar het, en die besef koester dat hulle lede van die volk is."[51] Hier is dus sprake van lotsverbondenheid (waaronder identiteitsbewussyn) onder die lede van dieselfde volk.

Inherent opgesluit in die kultuurpatroon* van elke volk, is 'n sisteem van waardes wat enersyds 'n gebondenheid aan en 'n sentimentele band met die volkseie impliseer omdat dit deel van die volk self is. Andersyds behels dit ook kultuuropdrag van een geslag na 'n ander, binne die geledere van 'n bepaalde volk. Verder behels dit ook die inskerp van waardes en die kultivering van menslike persoonlikhede ooreenkomstig die waardesisteem van so 'n volk.[52] Terwyl 'n nasie wat uit een volk of uit twee of meer volke, of uit een volk met los individue, of net individue kan bestaan, 'n staatkundige begrip blyk te wees, blyk volk, wat 'n gemeenskaplike kultuur besit, 'n kulturele begrip te wees. Prof. R.D. Coertze gebruik die definisie van Mühlmann vir die

* Kultuurpatroon - Die kultuurpatroon van 'n volk is die produk van sy denke en dade wat die totstandkoming van geestes- en materiële kultuurprodukte tot gevolg het.

wesenskenmerke van 'n volk as volg: "Die grootste aanduibare soewereine eenheid wat die betrokke mense self begrip van het en uitdrukking aan wil gee en wat ontstaan het deur 'n eenmalige sameloop van historiese gebeure."[53] Wat dus hier na vore kom, is naamlik

"i) 'n Eie soewereine gesag;

ii) 'n eie bewussyn wat aan die geheel gestalte wil gee; en

iii) die volk self bepaal wie aan hierdie volk sal behoort."[54]

'n Verdere eienskap van alle volke waardeur hul onderskei word van ander mensegroepe, is die drang na vergestalting in eie staat en om vry te wees van vreemde heerskappy.[55]

Word daar gekyk na die Blanke groep in Suid-Afrika, beloop die Afrikaanssprekendes (huistaal as norm vir volksamehorigheid) binne die Blankes 57% en behoort byna 50% van die Blankes in die RSA volgens geloofsverband aan die Afrikaanse susterskerke. Dit beteken duidelik dat die Afrikaanssprekendes binne hierdie totaal by verre die grootste enkele groep is wat 'n mens kan onderskei.[56]

Wanneer die Blankes in Suid-Afrika na hul lewenswyse beoordeel word, is hulle almal Westerlinge, maar val in huistaal en verskillende subelemente uiteen, al wat hulle plaaslik in gemeen het, en dus die punt wat saak maak: "is dat hulle nie aanhangers

is van een van die kulture van die gekleurde volke nie. Hulle beskik in teorie dus, oor 'n groter potensiaal om onderling saam te skakel as om met een van die gekleurde groepe 'n gemene saak te maak."[57]

Daar kan slegs ware lotsverbondenheid binne 'n volk wees wanneer mense groepeer rondom die sentrale waarhede van een en dieselfde lewensopvatting. "Hierdie lewensopvatting of sentrum waaromheen 'n volk tot stand kom, rig sy lede se blik voortdurend na binne - na die ideaal van sy eie voortreflikheid. Dit dwing elke lid om voortdurend aan homself daarvan rekenskap te gee of hy nog op pad is na die verwesenliking van sy lewensopvatting."[58]

## 6.1 Die identiteit van 'n volk

Die identiteit van 'n persoon word deur die kenmerke wat hom van ander persone onderskei, bepaal. Dit behels 'n persoon se kenmerkende fisiese voorkoms, herkoms, denke en aktiwiteite en oortuigings en gee aan 'n persoon 'n onderskeibare persoonlikheid wat uniek is en waaraan hy geken en beskrywe word.

"Dis 'n onderskeidende eienskap en 'n sigbare werklikheid. Die wyse waarop 'n mens of 'n volk oor roeping, arbeid of besitting oordeel, maak hom identifiseerbaar.(...) Identiteit beteken voorts dat die enkeling of volk reg het op selfhandhawing, voorkeure, die uitskakeling van leemtes, die versterking van goeie

hoedanighede ten einde vrywillig homself te bly."[59]

Volgens Jooste "dui die identiteit van 'n volk op die eenheid en karakter van 'n redelik omlynde bevolking (as aanduibare en geïdentifiseerde volksgroep - J.C.L.) wat hom onderskei van soortgelyk omlynde bevolkings." Volksidentiteit ontstaan in twee ontwikkelingstrappe:

"i) Mense wat bewus word van hulself as 'n lotsverbonde gemeenskap - hulle identifiseer horisontaal met mekaar;

ii) daar groei uit hierdie horisontale identiteit 'n vertikale identifikasie."[60]

Dit beteken dat die betrokke mense dieselfde roeping, waardes, en lewensbeskouinge huldig. Hieruit vloei 'n lojaliteit teenoor aktiwiteite, denke en organisasie van die eie volksgroep. Hulle staan lojaal, toon respek teenoor dieselfde staat en die simbole van nasieskap. "Wanneer mense in 'n hoë mate bewus geword het van die bestaan en waarde van hul identiteit en in ooreenstemming daarmee dink en organiseer, kan daar na hulle gesamentlik as 'n volk verwys word,"[61] aldus Jooste.

Hy sê verder dat: "Bewuswording van lotsverbondenheid, van enerse biologiese- en kultuureienskappe stimuleer bande van onderlinge trou, vriendskap, lojaliteit en samewerking. Dit vergemaklik hulle verdere organisasie om gemeenskaplike take uit te voer en ideale te verwesentlik."[62]

Vir Jooste is identiteit vir die individu ook van waarde:

"Dit bind hom aan 'n volk en die verbintenis gee sin en sekerheid aan sy bestaan.(...) Die verbintenis met sy volk stel hom in staat om in sy denke, verhoudinge en aktiwiteite bestendig en bevredigend te lewe."[63]

"Die identiteit van 'n volk is ook van belang vir sy voortbestaan en hang die vervulling van 'n persoon se roeping daarvan af. Mense wat identiteitsbewus is, kan gemobiliseer word om kultuur te skep en groot take te onderneem. 'n Volk en sy mense wat bewus is van hul eie identiteit en vir die volk se voortbestaan werk, is nie 'n bedreiging vir ander volke soos diegene wat min of geen waarde heg aan volksverbintenis nie."[64]

Swart sê verder dat identiteit algaande as 'n proses sy beslag gekry het. " Dit eindig ook nie op 'n tydstip in 'n vaste vorm nie. Dit is steeds aan verandering vanweë beïnvloeding onderwerp. Hoedanig en hoe snel wysiginge ingryp, word deur innerlike wilskrag, geestesrykdom, bestaansywer, roepingstrou, getalle, bestendigheid van die fisieke en geestes milieu, historiese bewussyn en soewereine mag op eie bodem bepaal.(...) Bo alles dui dit op 'n beplanning, 'n bewussyn van en geloof in die toekoms waar 'n rol gespeel moet word."[65]

Slegs wanneer 'n volk tot homself gekom het en sy eie aard gevind het, kan 'n volk 'n nasionale karakter besit, van 'n bestemming bewus wees en 'n volksgees openbaar.

## 6.2 Aanslae teen Afrikaner se identiteit en die handhawing van sy identiteit in 'n volkverweefde Suid-Afrika

In Suid-Afrika is daar 'n definitiewe poging aan die gang om die volksbewuste Afrikaner te laat verdwyn. Dit word onderneem onder die dekmantel van naasteliefde en sosiale geregtigheid en met 'n ideologiese dogmatisme waarvolgens die enigste onopgeloste probleem tot politieke integrasie die rassevooroordeel van die Blanke is. "Identiteitsbewuste mense word graag as agterlik, kleinlik en negatief verkleineer.(...) Toegewings en konformisme word knaend aangeprys, mits dit die behoudende partye is wat swig."[66]

Volgens Swart word "hy (die Afrikanervolk-J.C.L.) dit kwalik geneem omdat hy met wetgewing en deur sterk tradisiekodes sy identiteit minstens op kleurvlak wil handhaaf. Daarom word gepoog om hom as rassisties te isoleer maar tegelyk vir sy sogenaamde laer-mentaliteit te verkwalik."[67] Omdat die Afrikanervolk volgens Swart "alleen sogenaamd volkereverhoudings vertroebel het, moet hy alleen die situasie op hierdie vlak herstel.(...) Ons moet oorreed en gedreig word om swart meerderheidsregering, met sekere waarborge, te aanvaar."[68]

Oor die omvang van die aanslag teen die Afrikaner om hom van binne-uit te verander, bestaan daar min twyfel. "Die lede van die Afrikaner is dié van 'n bedreigde spesie.(...) Of die

aanslae nou van buite of van binne kom,(...) die oogmerke bly dieselfde: Die Afrikaner moet verander, so verander dat hy totaal anders word as wat hy tot nou toe was en wou wees."[69]

Volgens Oberholzer moet "die Afrikaner en sy kultuur losgemaak word van die tradisionele en die morele, die politiek moet deur vreemdelinge betree word sodat ander ook oor sy toekoms kan beslis. Die Afrikaner se geskiedenis moet herskryf word om weg te doen met die mitiese en om hom skaam te maak vir die pad waarlangs hy gekom het."[70]

## 6.3 Handhawing van Afrikaneridentiteit

Vanselfsprekend kan die Afrikaner en Afrikanervolk (as grootste aanduibare soewereine eenheid binne die Blanke groep, wat nie met die Nie-Blanke volke 'n gemene saak wil maak nie) se identiteit gehandhaaf word deur te kyk na die omvang en aard van die aanslae teen die Afrikaner. Vyande van Afrikaneridentiteit moet geken en ontmasker word. 'n Volk met trots en lojaliteit en wat sy kultuur uitbou "verkry diepte en ewewig wat hom in staat stel om soos 'n ysberg teen die liberalistiese winde van verandering van die oppervlakte in te beweeg."[71]

Coertze is van mening dat die handhawing van die Afrikaner se identiteit nie geleë is in 'n "verstarde en konserwatief gerigte aanhang van 'n verouderde lewensgestalte nie, maar van 'n aantal

dryfvere wat in die lewe van elke geslag opnuut gestalte kry."[72]

Eerstens leef die Afrikaner vanuit sy godsdienssin en is hy gebonde aan die voorskrifte wat hieruit voortvloei. Die Afrikanervolk het geen ander godsdiens as die Christelike evangelie om op terug te val nie. Juis deur dié kenmerk is daar die bereidwilligheid van elke Christen-Afrikaner om sy totale lewe wat ook die Afrikaanse volksverband insluit, aan die wil van die Voorsienigheid ondergekik te stel.[73]

Dit kom daarop neer dat die Afrikanervolk as grootste aanduibare soewereine eenheid binne die Blanke groep enersyds 'n roepingstaak het en sal hê ten opsigte van sy eie volk. Andersyds sal die taak van kerstening en ordening, ook ten opsigte van ander volke, die Afrikanervolk altyd opgelê wees.

Met dié wete moet dit volgens Coertze duidelik wees, "... dat 'n bewustelike selfvernietigingskoers as volk vir ons (die Afrikanervolk-J.C.L.) onmoontlik is, omdat ons die Voorsienigheid daarmee 'n instrument in die volkerepatroon van Suider-Afrika sal ontneem."[74]

Tweedens leef die Afrikaner vanuit sy vryheidsin en wat "van kardinale belang is, is dat die ontplooiing van 'n vryheidsbewussyn by die Afrikaner steeds binne volksverband, binne die gedagte van 'n volkstaat gesien is."[75]

Derdens was die afsonderlikheidsin altyd teenwoordig by die Afri-

kanervolk in sy distansiëring van homself teenoor ander volke. "Hierdie afsydigheid is nie gebou op 'n gevoel van rassevooroordeel nie, maar spruit uit die afwysing van 'n vreemde lewenswyse.(...) Dit het verder berus op 'n helder insig in die botsing en verwording wat op 'n protes van samegroeiing sou moes volg."[76]

Dit het berus op die wete dat die Nie-Blanke volke totaal andersoortige kulture gehad het, en as vermenging sou voortgaan, die geslag wat sou ontstaan nie instaat sou wees om die gewaardeerde diepte-inhoude van sedelikheid en deugdelikheid na komende geslagte oor te dra nie.

Dit is vanselfsprekend dat die Afrikaner se eie en unieke identiteit gehandhaaf en verryk kan word deur te let op die aard van die aanslae teen die Afrikaner. Verder sal die vyande van Afrikaneridentiteit geken en ontmasker moet word. Indien die Afrikaner hier sy vaderland sou verloor, sal hy as volk ook ophou om elders te bestaan.

Afrikaners in Suid-Afrika word mislei en onnodig verwar in terme van volkstrou en Suid-Afrikaanse nasieskap. Suid-Afrikanerskap dui op 'n staat, 'n nasionale gemeenskap. Afrikanerskap dui verder op die unieke kulturele en volksentimente. Die Afrikanervolk het "'n eie stryd, geskiedenis en karakter tussen die groter geheel waarvan hy ook deel is. Daar hoef dus nooit 'n keuse tussen Afrikanerskap en Suid-Afrikanerskap gemaak te word nie.

omdat dit onvergelykbare eenhede is."[77]

Dit bly in die eerste en laaste plek die reg en verantwoordelikheid van die Afrikaner self om sy identiteit te handhaaf en uit te bou. Respek vir ander volke se kulture begin by liefde, eerbied en ywer vir die eiendomlike. Volkereskeiding of die skep van afsonderlike vryhede en vaderlande vir elke volksgroep is nie slegs 'n poging tot eie begunstiging nie, maar die enigste manier waarop die Afrikanervolk homself gaan handhaaf.[78]

7. SLOTWOORD

Die Bybel bied aan ons onmisbare kennissleutels, riglyne en grondslae in die lig waarvan ons oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling moet dink. Die ontstaan, vestiging, ontplooiing en ontwikkeling van 'n etniese veelvormigheid in die wêreld en ook in Suid-Afrika het onder God se voorsienige bestel plaasgevind.

As die bestaan van die Afrikanervolk Christelik regverdigbaar is, dan is die handhawing van die Afrikaner se volkskarakter ook Christelik-prinsipieël regverdigbaar. Opsigself is daar niks mee verkeerd in die erkenning, eerbiediging en uitbouing van die tipiese karakter van 'n volk nie. Om die tipiese karakter en identiteit van 'n volk binne eie grondgebied positief te waardeer

en uit te leef, is nie alleen 'n volk se reg nie, maar ook sy verantwoordelikheid. Dit is dus 'n volk se lewenswye belewing en uitlewing van sy vryheid op alle lewensterreine. Elke volk is geroepe om dit wat eie is aan die volk te bewaar en uit te bou, om so in lyn met die volk se eie aard sy Godgegewe kultuurtaak te volbring.

Die verskil tussen verskillende rasse in Suid-Afrika is nie net maar 'n verskil in terme van algemene voorkoms nie, maar 'n verskil wat die volle mens en sy hele bestaan dek. Behorende aan 'n spesifieke ras lei tot groepsvorming met 'n eie identiteit. Dit blyk verder dat fisieke voorkoms 'n integrerende deel van 'n persoon se unieke persoonlikheid en identiteit is.

Die vestiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika, wat die afsonderlike bestaan van volke naas mekaar daarstel, kan nie as vanselfsprekend, uit die staanspoor as negatief diskriminerend afgemaak word nie. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling spruit nie uit 'n selfverabsolutering van een volksgroep teenoor 'n ander, asook uit 'n openlik negatiewe gesindheid nie. Die etiket van "rassisties" en "diskriminerend" word te maklik om die nek van die beleid van afsonderlike ontwikkeling gehang sonder om die nodige bewyse te lewer dat die beleid vanselfsprekend diskriminerend is.

'n Ontkenning van die volkereverskeidenheid in Suid-Afrika en

die samevoeging van volke tot 'n eenheidsgemeenskap hou nie met die realiteite of werklikhede rekening nie. Die aanwesigheid van twee of meer volke op dieselfde grondgebied met die gepaardgaande strewe na die behoud van identiteit lei tot konflik en lok spanning en weerstand uit. 'n Volk wat sy identiteit wil bewaar bring die offers wat gevra word vir verkryging en behoud van 'n eie vaderland. Alhoewel daar op die pad groot offers gebring moet word, hou dit egter vir die langtermyn minder gevare in.

## VOETNOTE

1. Van den Berg, C.L., Selfbeskikking in die lig van die Bybel, in Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no.1, Jan. 1983, pp.22-23.

2. Lombard, J.C., Christelike grondmotiewe van die beleid van afsonderlike ontwikkeling - Die betekenis van 'n volksroeping, referaat gelewer deur Prof. J.C. Lombard voor 'n SABRA Jeugkongres te Bethlehem op 11 Julie 1972, pp.1-4.

3. Meijer, J.G., Yster en Klei, Suid-Afrikaanse Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif, p.6.

4. Groenewald, E.P., Apartheid en voogdyskap in die lig van die Skrif, in Regverdige Rasse-Apartheid, p.48.

5. Strauss, H.J., Beskawing en kultuur, Sondeval en Rasseverskille, Kwartaalblad van die Christelike Volksbond, Desember 1954, p.12.

6. Van Staden, F.A.H., Is die beleid van die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika Skriftuurlik verantwoordbaar? Studiestuk, p.5; vgl. Prof. A.B. de Preez - Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens, p.64; Ras, Volk en Nasie, Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif, p.11.

7. Ibid.

8. Strauss, H.J., op. cit., p.12.

9. Ibid., p.11.

10. Ibid., p.12.

11. Van Staden, F.A.H., op. cit., p.5; Ras, Volk en Nasie, op. cit., p.11.

12. Groenewald, E.P., op. cit., pp.47-48.

13. Ibid., p.45.

14. Van Staden, F.A.H., op. cit., p.5.

15. Van den Berg, C.L., Kerk en Politiek - Rekenskap, antwoorde met bykomstige kommentaar op vrae voorgele by geleentheid van 'n SAUK televisie-opname gemaak op 14 Oktober 1983, p.23.

16. Ibid., p.24.

17. Potgieter, F.J.M., Mondelinge Getuienis voor Gekose Komitee oor Gemengde Huwelike en Ontug, (GK. 12-84) Verslae, Verrigtings en Getuienis, p.163.

18. Van Selms, soos aangehaal deur Van den Berg, C.L., op. cit., p.24.

19. Van den Berg, C.L., Ibid., p.25.

20. Agenda van die sesde Vergadering van die Algemene Sinode van die N.G.-Kerk, 12 Oktober 1982, p.140. (5.17.3.8.1) : na aanleiding van die vraag: is die Kerk bereid om die owerheid te versoek om die wet op Gemengde Huwelike en Afdeling 16 van die Ontugwet te herroep of ten minste die aspek van ras in die wette te elimineer? Aanbeveling van meerderheid, Handelinge van die sesde vergadering van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, 12-22 Oktober 1982, p.1108 (7.21.3).

21. Ibid.

22. Van den Berg, C.L., op. cit., p.27.

23. Ibid.

24. Coetzee, J.C., Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, p.318.

25. Du Preez, A.B., Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens, p.91 in Van Staden, op. cit., p.8.

26. Van Staden, op. cit., p.12.

27. Ibid.

28. Strydom, S.L., sê in terme van die kriteria vir rasseklassifikasie die volgende: "By die bepaling van rasseverskille word gekonsentreer op erfbestendige kriteria. 'n Groep mense kan slegs op grond van 'n kombinasie van min of meer enerse erfbestendige eienskappe saamgegroepeer word as 'n ras in onderskeiding met ander rasse. Kriteria vir die klassifikasie behels: (a) Fisiese kriteria met verskil in (i) skedelvorm en inhoud, (ii) Haarkleur- en vorm, (iii) liggaamsharigheid, (iv) Oogkleur- en vorm, (v) velkleur, (vi) lippe, (vii) lengte; (b) Anatomies-fisiologiese kriteria met verskille ten opsigte van (i) die brein, (ii) spierontwikkeling en spierkrag, (iii) bloeddruk; (c) Biochemiese kriteria met verskil in (i) sekelselverskynsel, (ii) bloedgroep; (d) Patologiese kriteria wat behels dat bepaalde siektetoestande veral onder sekere rasse voorkom;

(e) Psigologiese kriteria, waar dit gaan oor verskillende prestasievermoëns van die verskillende rasse. (Volkekunde I Diktaat, U.O.V.S., pp.23-34).

29. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal in die omskrywing van die begrip ras. Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen, Eerste Uitgawe, Negende Druk, 1979.

30. Maritz, J., in Rassesosiologie, p.9.

31. Rhoodie, N.J., Die moderne etniese problematiek, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Geleentheidspublikasie - Nr. 24, 1985, p.27.

32. Strydom, S.L., op. cit., p.23.

33. Rhoodie, N.J., op. cit., p.28.

34. Mönnig, H.O., Groepsidentiteit en Groepswrywing, p.23.

35. Ibid.

36. Strauss, J., in Rassesosiologie, p.75.

37. Van Wyk, C.J., Die Dinamiet in Diskriminasie en Rassisme, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, April, 1978, no. 2, pp.32-33.

38. Ibid., p.32.

39. Bester, C.W., Rassevooroordeel : Faktore wat daartoe aanleiding gee en voorstelle met die oog op 'n oplossing, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Oktober 1979, no. 4, p.106.

40. Ibid.

41. Van Wyk, C.J., op. cit., p.34.

42. Ibid., p.35.

43. Ibid., p.36.

44. Ibid.

45. Ibid., p.38.

46. Debatte van die Volksraad, 31/1/86, kol. 13-14.

47. Rhoodie, N.J., op. cit., p.6.

48. Ibid., p.7.

49. *Ibid*., p.9.

50. *Ibid*., pp.9-10.

51. Coetzee, J.H., *Blanke Volksontwikkeling in die Lig van die Skrif*, p.4.

52. Coertze, P.J., *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*, p.5.

53. Coertze, R.D., *Die Afrikanervolk en die Toekoms*, Tiende H.F. Verwoerd-gedenklesing, 1984.

54. *Ibid*.

55. Coetzee, J.A., *Nasiebou en Politieke Groepering*, p.5.

56. Coertze, R.D., *op. cit*.

57. *Ibid*.

58. Schoeman, M.J., *Die Betekenis van Ras, Volk en Staat vir Volkereverhoudinge*, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede,.no. 4, Oktober 1980, p.110.

59. Swart, M.J., *Afrikaner en sy Identiteit*, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 4, Oktober 1981, p.72.

60. Jooste, C.J., *Volksidentiteit*, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 3, Julie 1977, p.60.

61. *Ibid*.

62. *Ibid*., p.62.

63. *Ibid*.

64. *Ibid*., p.69.

65. Swart, M.J., *op. cit*., p.72.

66. *Ibid*., p.75.

67. *Ibid*., p.79.

68. *Ibid*.

69. Coertze, R.D., *op. cit*.

70. *Ibid*.

71. SABRA-Nuusbrief, Maart 1982, p.6.

72. Coertze, R.D., op. cit.

73. Ibid.

74. Ibid.

75. Ibid.

76. Ibid.

77. Swart, M.J., op. cit., p.82.

78. Ibid., p.83.

********************

# HOOFSTUK 3

# DIE STREWE NA SELFBESKIKKING VAN OORSESE MINDERHEIDSGROEPE EN MET VERDERE VERWYSING NA WETGEWING WAT IN DIE VSA GEGELD HET OM RASVERMENGING TE BEKAMP

## 1. INLEIDING[1]

Met hoofstuk drie word gepoog om aan te toon hoe vier oorsese minderheidsgroepe, die Baske in Spanje, die Maori's in Nieu-Seeland, die Ibo's in Nigerië en die Indiane in die Verenigde State van Amerika as minderheidsgroepe 'n spesifieke strewe na groter selfbeskikking gehad het en nog steeds het.

'n Minderheid is 'n groep persone wat binne die staatsterritorium van 'n bepaalde staat in terme van faktore soos etnisiteit, historisiteit, nasionaliteit, taal, geloof en lewenstyl en/of ras-tipiese faktore (genealogie, fisieke voorkoms) van 'n dominante groep differensieer.

Die dominerende groep binne die staat oefen beheer en kontrole uit oor die belangrikste posisies in die staatsmasjinerie. Dominasie deur die oorheersende volksgroep(e) kan enersyds die

vorm aanneem van negatiewe diskriminasie ten opsigte van die politiek, kulturele uitlewing, ekonomiese dwangmaatreëls en verwerping uit die breë gemeenskap. Andersyds kan die oorheersing die toelating van die handhawing van die eie taal, kultuur en lewenstyl behels, maar die uitsluiting uit die besluitnemingsprosesse van die land.

'n Minderheidsgroep wat nie die dominasie aanvaarbaar vind nie, beywer hulle dan ook vir groter onafhanklikheid veral op politieke gebied. Vir 'n minderheidsgroep wat hulle beywer vir groter onafhanklikheid, is die prosesse van integrasie en assimilasie wat 'n proses van kultuurverandering, bloedvermenging en verlies van identiteit is, onaanvaarbaar.

Laastens word in hoofstuk drie, die wetgewing wat in die VSA bestaan het om rasvermenging te bekamp en die huidige tendense en gevolge van rasvermenging in die land, ontleed.

## 2. DIE STREWE OM IDENTITEITSHANDHAWING EN SELFBESKIKKING VAN DIE BASKIESE GEMEENSKAP IN SPANJE

### 2.1 Inleiding

Die Baskiese grondgebied in Spanje sluit die vier provinsies,

Alava, Guipuzcoa, Navarre en Vizcaya in, met 'n bevolking van ongeveer 1,2 miljoen. Die grondgebied omsluit 'n area van 18 000 $km^2$.[2]

Met die totstandkoming van die Spaanse staat in die 16de eeu, was die provinsies van Alava, Guipuzcoa en Vizcaya onder die kroon van Kastilië. Die provinsie Navarre is in 1512 deur koning Ferdinand by die ander drie provinsies gevoeg. Die Baske het voortdurend in die geskiedenis gepoog om die historiese Franse gebiede Labourd, Basse-Navarre en Soule by hul eie grondgebied te voeg, maar sonder sukses.[3]

Veral verskille in die Baskiese taal ten opsigte van Spaans staan baie duidelik uit en het die Baske reeds in die 15de eeu hulself as 'n eiesoortige gemeenskap geïdentifiseer. Volgens Thomas is die algemene kenmerke van die Baske hul strewe na politieke onafhanklikheid, godsdienstige toegewydheid en landboukundige selfvoorsiening.[4]

Die Baske het gedurende die 16e tot 18e eeu hul eie tradisies, gebruike, instellings en taal gehandhaaf en is plaaslike en ekonomiese vraagstukke deur die Baskiese provinsiale rade self hanteer.

Die eerste werklike bedreiging vir Baskiese selfbeskikking het gekom met die sentralisering van regeringsgesag in 1830. Die Baskiese landbouers het veral weerstand teen die sentralisering gebied. Na die eerste Karlisiese oorlog (1833-1839) het die

Baskiese provinsies nog 'n mate van streeksoutonomie ten opsigte van belasting en administrasie gehad, maar het genoemde outonomie met die tweede Karlisiese oorlog (1870-1875) verloor.[5]

## 2.2 Opkoms van Baskiese Nasionalisme

Sabino de Arana Y Goiri, Baskiese nasionale leier, het vanaf 1880-1890 die basis vir latere Baskiese nasionalisme gelê. Hierdie nasionalisme was gebaseer op 'n hegte verhouding met die godsdienstige instellings (Katoliek) en die unieke karakter van die Baskiese volk. Hierdie beweging het tot die stigting van die Baskiese Nasionale Party gelei(PNV).[6]

Die tydperk 1917-1923 is gekenmerk deur verskeie krisisse in die Spaanse geskiedenis. Vakbondonrus- en optogte (1919), die Marokkaanse afskeidingskrisis (1921) en algemene politieke onstabiliteit in 1923 het die regeringsgesag ondermyn. As gevolg van bogenoemde redes was 'n diktatoriale bewind van 1923 tot 1930 in Spanje in beheer van sake. Die regering van Berenguer is slegs beskou as 'n oorgangsfase van 'n diktatoriale na 'n meer demokratiese regeringsvorm. Politieke leiers uit alle politieke groeperinge het teen die bewind in opstand gekom en met die ooreenkoms van San Sebastiaan is ten gunste van 'n republikeinse regeringsvorm besluit.

Die republikeinse regeringsvorm het vanaf Mei 1931 tot Julie 1936 geduur. In die tydperk was onstabiliteit aan die orde van die dag. Die republikeinse regering (Constituent Cortes) wou van die diktatoriale instellings ontslae raak, maar het ernstige probleme ondervind om behoorlike gesag af te dwing. Landbou-hervormings was nie geslaagd nie, en het vakbondonrus verder in 1931 voortgeduur.

Teen 1931 het kommunisme al sterker in die Baskiese en Aturias provinsies na vore getree. Die jare 1934-1936 was gekenmerk deur politieke, maatskaplike en vakbondonrus. Hierna het die verkiesing van 16 Februarie 1936 gevolg en het dit verreikende gevolge vir die Spaanse geskiedenis ingehou. Die regse en gematigde partye is deur linkse partye verslaan. Daardeur het 'n militêre oorname en staatsgreep 'n groter moontlikheid geword. Die moord op Calvo Sotelo, die opposisieleier, op 12 Julie 1936, deur polisie-offisiere van die regering het die republikeinse regering verder in 'n onhoudbare posisie geplaas. Op 18 Julie 1936 het die militêre opstand plaasgevind.[7]

Vóór die uitbreek van die Burgeroorlog was daar weer opnuut 'n ontwaking van Baskiese nasionalisme.

Fusi skryf in die verband, " ... the coming of the Second Republic with its promise of autonomy for the regions led to a marked strengthening of the Basque sentiment of a seperate identity. (...) The resurgence of such feeling had been evident in the

massive support for Basque cultural activities."[8]

Hierdie strewe was volgens Fusi, "... a clear indication of the determination of the Basques to protect their seperate identity against the repressive policies of the dictatorship aimed against both Basque language and culture."[9] Die gewildheid van die Baskiese Solidariteitsbeweging genoem die "Solidarity of Basque Workers" (SOV) het van 7 500 lede in 1929 tot 40 342 in 1933 toegeneem.

Die uitbreek van die Burgeroorlog op 18 Julie 1936 het egter ook Baskiese eenheid bedreig. Die provinsies Guipuzcoa en Vizcaya het die Republikeine ondersteun, terwyl Navarre die militêre opstand ondersteun het.[10] Die Burgeroorlog was 'n stryd tussen die Republikeinse regering en 'n groep militêre leiers. Laasgenoemde het gepoog om die algemene onstabiliteit en onrus in Spanje te beëindig.

Ná die uitbreek van die Burgeroorlog is groter selfbestuur aan die Baskiese provinsies, Alava, Guipuzcoa en Vizcaya gegee. Die wetgewing wat hieraan gestalte gegee het, is op 1 Oktober 1936 van krag gemaak. In die maande wat hierop gevolg het tot en met die verowering van die Baskiese provinsies in Junie 1937, het 'n tydperk van politieke rustigheid- en stabiliteit in die provinsies geheers. Fusi skryf as volg: "... not a single strike was recorded in the region, not one factory was collectivized, no bank nationalized!"[11]

Op 18 Junie 1937 het Franco se militêre magte Bilbao, hoofstad van Vizcaya verower en daarmee die Baske hul selfbestuur ontneem. Die gewildheid van die Baskiese Nasionale Party (PNV) het egter steeds toegeneem en het hulle ook die meerderheid setels in die Baskiese provinsies beset.[12]

## 2.3 Die Franco-regime (1939-1975)

Die diktatoriale Franco-regering het na die beëindiging van die Burgeroorlog in April 1939 gepoog om deur middel van outoritêre regeringsmetodes die streekskonflikte te ontlont. Die Baskiese provinsies Guipuzcoa en Vizcaya het hul finansiële selfbestuur onder die Franco-regime in 1937 verloor.[13]

Daar is verder pogings aangewend om die Baskiese kultuur te verswak deur die gebruik van die Baskiese taal op openbare geleenthede te verbied. Medhurst skryf oor die aanval op die Baskiese kultuur as volg: "Thus systematic efforts to destroy cultural traditions now seen to have abandoned. In 1966 Giupuzcoa and Vizcaya provincial councils even felt free to petition for the restoration of their old rights."[14] Die petisies het egter geen veranderinge teweeggebring nie.

Die menseregte-verklaring van 1945 van die Franco-regering, wat gepoog het om die regering binne- en buitelands meer aanvaarbaar

te maak, het wel Franco se magte beperk, maar hy kon enige tyd ingryp om die staatseenheid te bewaar.[15]

Wetgewing wat op 30 Januarie 1958 deurgevoer is om voorsiening te maak vir 'n Raad van ministers, het egter nie Franco se diktatoriale magte weggeneem nie.

In 1950 het 'n jong radikale en idealistiese groep, die ETA (Euzkadi ta Azkatasuna - wat Baskies Land en Vryheid beteken) na vore getree. Die verskil tussen die Baskiese Nasionale Party (PNV) en die ETA het daarop neergekom dat, terwyl die PNV binne parlementêre strukture sy doelwitte wou bereik, het die ETA rewolusionêre verandering voorgestaan.[16]

'n Nuwe Baskiese kultuurorganisasie, bekend as GERO, het in 1962 ontstaan. Die organisasie het hom beywer vir die uitbouing van 'n gees van eenheid en samewerking onder alle Baske. Die bevordering van die Baskiese kultuur in al die provinsies is vooropgestel.[17]

Inmenging (krygswet en honderde arrestasies) deur die Franco-regering, veral in 1967, om Baskiese nasionalisme te onderdruk, het daartoe aanleiding gegee dat die radikale elemente meer steun verwerf het. Hierdie gebeure het gekulmineer tot die politieke krisis van Desember 1970 waar ETA-lede skuldig gestaan het op aanklagte van politieke sluipmoorde op regeringsleiers. Die verhoor het egter ook 'n politieke oogmerk gehad. "It was intended tot demonstrate the Nationalist Regime's determination

to resist Basque Nationalist demands. In practice, it helped to consolidate Basque opinion."[18] aldus Medhurst.

Payne skryf na aanleiding van bogenoemde gebeure dat die ontwaking van Baskiese nasionalisme ontstaan het as gevolg van die bedreiging vir die Baskiese identiteit.[19] Hy skryf verder dat, "modernization may actually exacerbate national consciousness among small ethnic groups instead of diluting and erasing it. (...) Urbanization sharpened cultural tensions rather than merely transforming them.(...) and to a considerable extent Basque religiosity has fueled nationalism. The modernization process has led to a combination of feelings of superiority and exploitation that has undermined the concept of a Spanish nation-state."[20]

## 2.4 Baskiese-nasionalisme ná Franco[21]

Die dood van Generaal Francisco Franco op 20 November 1975 het die beëindiging van sy diktatoriale regering beteken. Koning Juan Carlos is as sy opvolger aangewys. Carlos Arias Navarre is as Eerste Minister aangewys, maar moes op 1 Julie 1976 as eerste minister weens onbekwaamheid bedank. Adolfo Suarez is as sy opvolger aangewys.

Op 31 Julie 1976 het die Suarez-regering politieke gevangenes

vrygelaat. Ongeveer die helfte van die 600 politieke gevangenes is vrygelaat, maar Baskiese gevangenes was hiervan uitgesluit. Betogings en optogte was hierna 'n gereelde gesig in die Baskiese-streek.

Op 10 September 1976 het die Suarez-regering sy Wet vir politieke hervorming bekend gemaak. Op 15 Desember 1976 het 94,2% van die totale uitgebragde stemme ten gunste van genoemde wet gestem. Dit het in hoofsaak neergekom op 'n direk verteenwoordigende twee-kamer stelsel waar lede verkies sou word deur middel van 'n stelsel van universele stemreg.

Teen Mei 1977 is nog 28 Baskiese politieke leiers aangehou. Vanuit die Baskiese-streek is steeds betogings en onluste gelei ten gunste van totale vrylating. Oor hierdie gebeure skryf Coverdale: "After the police opened fire on pro-amnesty demonstrators in Renteria on May 12, killing one person, an estimated 200 000 people walked off their jobs in Guipuzcoa."[22] Op 20 Mei 1977 is die oorblewende Baskiese gevangenes vrygelaat. Coverdale is verder van mening dat, "... the frequent violence which resulted, fueled the fires of Basque nationalism and complicated enormously the problem of finding an acceptable formula for Basque autonomy within a Spanish state."[23]

## 2.5 Die Baskiese-strewe na die Guernica-verklaring van 18 Julie 1979.

Op 18 Julie 1979 word bekend gemaak dat 'n vredesverdrag tussen die Spaanse en Baskiese streeksregering gesluit is. Daar is gehoop dat die strydbyle na 150 jaar begrawe is. Die Guernica-verklaring het aan die Baskiese gemeenskap selfbestuur ten opsigte van finansies, onderwys en opvoeding en beskermingsdienste gegee. Die versekering is ook gegee dat die provinsie Navarre weer by die ander Baskiese provinsies ingeskakel sou word, wat nie gerealiseer het nie.[24]

Die militante separatiste beweging, die ETA, was egter nie met die ooreenkoms tevrede nie. Hulle het 'n verklaring uitgereik dat hulle sou aanhou veg totdat 'n ware demokratiese bestel in die Baskiese-streek gevestig word.[25]

Die Argus van 28 Februarie 1980 berig dat, "violence terrorism and growing controversy over regional autonomy all threaten to precipitate a major crisis during the next few months.(...) At the root of the problem is the decision of the Suarez Government to slow down the country's movement towards regional home rule."

Die klinkende oorwinning wat die Baskiese Nasionale Party met die verkiesing in Maart 1980 in die Baskiese provinsies behaal het, het verdere druk op die regering geplaas om groter streeksoutonomie aan die Baske te verleen.[26] Die verkiesing het

verder getoon dat die militante ETA ook ondersteun word in hul strewe na onafhanklikheid vir die Baske.[27]

Junie 1980 in Spanje is veral gekenmerk deur bomontploffings van die ETA by ontspanningsoorde aan die Mediterreense See. Die optredes van die ETA het dan ook gepaard gegaan met eise vir groter streeksoutonomie en die vrylating van 19 Baske uit die Soriatronk.[28]

## 2.6 Slotgedagtes

Vanaf 1830 met die sentralisering van regeringsgesag tot en met 1983, staan die strewe na selfbeskikking van die Baskiese gemeenskap as minderheidsgroep in die Spaanse geskiedenis duidelik uit. Geweldadige optredes deur die ETA en die aandrang op groter streeksoutonomie is 'n probleem wat voortleef in Spanje. Streng en dikwels rigiede polisie-optrede teen die Baskiese gemeenskap en die ETA het nie net 'n beduidende immigrasie na suidwes Frankryk meegebring nie, maar het veral radikale groepe en hul strewe na onafhanklikheid gesterk. 'n Politieke leier in Spanje het die probleem treffend opgesom: 'The Basques are mad. They are willing to destroy democracy just to get a little more freedom from Madrid."[29]

# 3. DIE STREWE OM SELFBESKIKKING VAN DIE MAORI'S IN NIEU-SEELAND

## 3.1 Inleiding - Historiese Agtergrond[30]

Die Maori's soos hulle vandag in Nieu-Seeland aangetref word, is afkomstig van die gebied Hawaiki in Oos-Polenesië en het hulle hul reeds in 1200 v.C. in Nieu-Seeland gevestig. Die Màori's met wie die Europese ontdekkingsreisigers in aanraking gekom het, is maklik uitgeken op grond van hulle blasse fisiese voorkoms en taalverskille as Polenesiërs.

In 1780 was die Maori's veral in die Noorde van Nieu-Seeland gevestig met 'n inwonertal van ±110 000. Vier vyfdes van die bevolking het hoofsaaklik in die noordelike gedeelte van die Noord-Eiland gewoon. Die res het verder langs die kuslyn van Taranaki in die weste en tussen Opotiki- en Hawkesbaai in die ooste gewoon.

Met hul koms na Nieu-Seeland het die Maori's hul eie tradisies saamgebring. Dis 'n kultuur wat die uniekheid van die Maori's se ekonomiese, sosiale, godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplike en politieke lewe gedra en gestempel het.

### 3.2 Die eerste kontak tussen Blankes (Pakehas) en Maori's

Die eerste kontak tussen Maori's en Europeërs was in 1642 met die vasmeer van die Hollandse skepe van Abel Tasman in "Golden Bay" in Nelson. Die ontmoeting was geweldadig en vier Hollanders het die lewe gelaat. Kaptein James Cook van Brittanje het in 1769 vriendskaplike betrekkinge met die Maori's aangeknoop.

In 1790 het al hoe meer walvisjagters die Nieu-Seelandse kuslyn besoek. Die jagters het op land die Maori-tradisies misken en dit het gereeld op konflik uitgeloop. Die verhoudinge het so versleg dat die Boyd-skeepsbemanning in 1809 gevang en opgeëet is. Hierna het skepe vir 'n aantal jare die Nieu-Seelandse waters vermy. Vanaf 1814 is verskeie sendingstasies in Nieu-Seeland opgerig en het hout- en vlashandelaars ook hul verskyning gemaak. Tot en met 1830 is Nieu-Seeland deur verskeie onderlinge stamoorloë geteister.

### 3.3 Die oordrag van Maorigrondgebied na Brittanje.

Tussen die jare 1830 en 1838 het die getal Europeërs gestyg van 150 tot oor die 2 000. In 1838 het Australiese setlaars en handelaars wat met grond gespekuleer het, groot gebiede van die Maori's begin koop. In 1840 het Kaptein William Hobson van die Britse vloot in Nieu-Seeland aangekom. Hy moes met die Maori's

onderhandel dat die hele Nieu-Seeland aan die Britse kroon oorhandig word.

Hobson en die stamhoofde het in 1840 by Waitangi vergader om die oordrag van Maorigrond na die Britse kroon te bespreek. Op 6 Februarie 1840 is die verdrag deur ongeveer 50 stamhoofde geteken. Verskeie invloedryke Maoristamme het egter nie die verdrag onderteken nie, waaronder die Waikato, Maniapoto, Taupo en die Rotorua-stamme. Metge voer aan dat die verdrag verreikende gevolge vir die Maori's ingehou het: "Under the Treaty of Waitangi the Maori chiefs ceded all the rights and powers of sovereignty which they possessed over their respective territories to the Queen of England."[31]

Die verdrag het verder bepaal dat die Britse kroon graag die billike regte en eiendom van die Maorihoofde en die inboorlingstamme wou beskerm, maar deur die ondertekening van die verdrag het dit spoedig geblyk dat die Maori's in werklikheid hul grondgebied weggegee het.[32] *The Star* berig na aanleiding van die ondertekening van die verdrag as volg: "According to (...) the militant Waitangi Action Committee, the treaty represented the rape of their land by an alien culture."[33]

Die jare 1840-1860 is gekenmerk deur snelle vooruitgang van die Maori's op landbougebied. In 1858 het die getalle van die Blanke bevolking die Maoribevolking verbygesteek. Die Maori's moes in hierdie tyd toesien hoe duisende hektaar grond van hulle vervreem

word. Dit het op sy beurt weer aanleiding gegee tot konflik en geweld. In 1858 word koning Potatua I onder die Maori's aangewys om hom te beywer om grondgebied vir die Maori's in die hande te kry.

3.4 Verlies van grondgebied

In 1860 het die verhoudinge tussen die Nieu-Seelandse regering en die Maori's so versleg dat 'n burgeroorlog uitgebreek het. Alhoewel die Maori's aanvanklik weerstand gebied het, het hulle groot hoeveelhede van hul grondgebied afgestaan. Die Britse regering het hierna 3 miljoen hektaar grond gekonfiskeer, "... as punishment for rebellion and in order to break up the heartland of Maori sovereignty,"[34] aldus Metge.

Die tydperk van 1865-1900 word algemeen beskryf as 'n tydperk van onttrekking, wanhoop en agteruitgang vir die Maori's. Voorvalle van geweld het gereeld voorgekom (Taranaki 1865, Povertybay, 1872). Van die Maori's het ook dan in hierdie tyd hulself geïsoleer en ander groepe het weer op alle vlakke kontak gemaak met die "Pakehas" (Blankes). Volgers Metge het die kontak met die Blankes tot gevolg gehad dat die Maori's grondgebied afgestaan het, "most of the neutral and 'friendly' tribes especially those of Northland, Hawke's Bay, Manawatu, and the South Island, actively sought contact with the Pakeha. For at least two decades,

they lost land faster than ever and suffered much social disorganization ..."[35]

In die jare 1900 - 1935 het daar vir die Maoribevolking in die breë, verbetering ingetree. Teen die einde van die 18de eeu het die getalle van die Maoribevolking ook begin vermeerder. Hierteenoor het die Maori's van 1896 tot 1921 ses miljoen hektaar grond afgestaan. In 1929 het die "Native Land Development Act" in werking getree wat fondse bewillig het vir die ontwikkeling van Maori grondgebied.

## 3.5 Beleid van Assimilasie

Die Maori's word vandag in Nieu-Seeland as 'n wetlike minderheidsgroep erken deur die bestaan van die spesiale regerings-departement van Maorisake.

Vanaf 1952 het die Nieu-Seelandse regering (waarbinne die Blankes die meerderheid is) 'n beleid van assimilasie teenoor die Maori's gevolg.

Metge sien hierdie beleid as volg: "Maori's were perceived as progressively abandoning the ways of their ancestors, (...) and with intermarriage hastening the process, becoming physically and culturally more and more like Pakehas."[36] Sekere Maori's het hierdie beleid van assimilasie ondersteun, maar die meerderheid

het baie sterk teen die assimilasiebeleid te velde getrek. "... the large majority have resisted it strenously using strategies varying from withdrawal to beat them at their own game."[37] aldus Metge.

Wat gemengde huwelike in Nieu-Seeland betref, het ondersoeke aangetoon dat die Maori's baie sterk gekant is hierteen. Ouers wat betrokke is by sulke huwelike is negatief ingestel gesien in die lig van vooroordeel en stereotipering van die Maori.[38]

Die Afrikaner van 13 Julie 1983 berig dat, "ten spyte van verskeie pogings om die Blankes met die Maori's te integreer, word Maori's toenemend anti-blank en bewus van hulle afsonderlike identiteit. Dit is juis hierdie integrasieproses wat Maori's onderwerp aan 'n stelsel waar hulle nie met die Blankes kan meeding nie en ernstige sosiale wantoestande tot gevolg het."[39]

Ausubel laat hom as volg oor die gevolge van gemengde huwelike uit: "The surest way of eliciting the most violent type of anti-Maori prejudice from an ordinarly mild-mannered pakeha is to raise the subject of intermarriage."[40]

Ausubel skryf verder: "While the marriage is still under discussion, parents, relatives, neighbours and friends almost invariably disapprove and counsel against it.(...) Because intermarriage is better accepted on the Maori than on the Pakeha side, the mixed couple's social life tends to become increasingly Maori.(...) In other instances, where Maoris particularly

women, are intermarriage us a vehicle for escaping from their Maori origins."[41]

Ausubel bevraagteken verder die wenslikheid van gemengde huwelike: "There are of course legitimate ground for questoning the wisdom of intermarriage on the basis of problems arising from community intolerance and differences in cultural values."[42]

3.6 <u>Weerstand teen die beleid van assimilasie deur die Maori's</u>

Die kontak tussen Europeërs en Maori's het nie net in die 19de eeu op wedywering oor grondgebied uitgeloop nie, maar is hierdie wedywering tussen Pakeha en Maori vandag nog die geval. As getalsmindere groep het die Maori's 'n voortdurende stryd gehad om hul eie grondgebied en identiteit te bewaar.

<u>Die Afrikaner</u> van 13/7/1983 berig onder andere as volg: "Met die aanvanklike vestiging van die Maoribevolking op die platteland, was dit moontlik vir Blankes en Maori's om saam te woon, in betreklike vreedsaamheid omdat daar nie 'n ineenvlegting van die twee groepe was op skaal wat botsing tussen hulle verskillende kulture, tradisies en strewes kon veroorsaak nie."

Die wrywing oor en groot verskille in gewoontes en kultuur het vandag veroorsaak dat 'n al hoe groter vyandigheid tussen Blankes en Maori's ingetree het. Hierdie rassebotsing begin dan ook al

hoe meer 'n werklikheid in Nieu-Seeland word.

"There is a growing tendency to emphasize racial differences by polarising opinion and setting Maori against white.(...) Intermarriages, new technologies and the shift to cities over the past 150 years had changed the common physical and cultural features attributed to Maori's.(...) Society has created a group of lost youngsters almost always of mixed heritage", berig die Daily News.[43]

Sir Graham Latimer, voorsitter van die Nieu-Seelandse Maoriraad sê in 1980 voor lede van die Tai Tokeraustam die volgende: "Assimilasie word nie meer aanvaar as die toekoms vir die Maoridom nie. Die Maoridom eis vandag sy reg om as 'n aktiewe en positiewe deel van Nieu-Seeland se volkslewe te bestaan."[44]

Mev. Martha Moon, 'n vooraanstaande Maori-leier, het gesê die meeste Maori's in die stede en op die platteland word nadelig geraak deur die feit dat hulle identiteitsloos is. Sy het gesê dat: "Lede van een gesin mag dalk verskillende moeders en vaders hê ..."[45]

Die begin van die tagtigerjare is in Nieu-Seeland al hoe meer gekenmerk deur protesoptogte en geweldadige optredes deur protesgroepe om aan te dring op 'n beter hantering van die Maorigrondkwessie. Probleme wat Maori's ondervind, is onder andere die volgende:

" i) Veranderinge in die sonering van grond, wat hoër belasting tot gevolg het, word voorgestel en aangeneem sonder voldoende kennisgewing aan die eienaars.

ii) Grondverkope aan spekulante gaan voort sonder inagneming van die werklike grondpryse. "Onlangs is byvoorbeeld 77 hektaar puik Maorigrond in die Marlborough Grounds vir R16 700 aan eiendomsagente verkoop, wat dit onderverdeel en dieselfde grond vir R116 700 verkoop het."[46]

In die laaste paar dekades het dit in Nieu-Seeland al duideliker na vore gekom dat die Maori's al hoe meer bewus geword het van hul eie kultuur, tradisies en selftrots. Waar die Maori's volledig ingeskakel het by die Blanke gemeenskap en waar ondertrouery plaasgevind het, het hulle in 'n groot mate hul eie unieke identiteit prysgegee.

Hieroor laat Metge haar ondubbelsinnig uit: "Increased contact between Maori's and Pakehas does not always produce greater understanding and tolerance : in many cases it generates friction and self-protective discrimination as they compete directly for jobs, houses, spouses and experiencing at firsthand the unconveniences, misunderstandings and conflicts that can arise from differences in customs and values."[47]

Die basis vir goeie volkereverhoudinge in die toekoms lê heel waarskynlik volgens Metge, in die volgende beleid: "A truly

equal and fruitful relationship between groups as between individuals can be established only when they recognize and deal with each other as equals, equals not in actual achievement, but in recognized rights to respect and self-determination.[48]"

## 3.7 Slotgedagtes

Die Maoribevolking se ontwikkeling en geskiedenis word gekenmerk deur die verdrywing en verlies van grondgebied as gevolg van die setlaars wat hulle aanvanklik in Nieu-Seeland gevestig het. Deur die verdrag van Waitangi in 1840 het die Maori's in groot deel van hul tradisionele grondgebied prysgegee. Die prysgawe van dié grondgebied, het dan ook dikwels onder die Maori's tot groot ontevredenheid en protesoptogte gelei. Die inskakeling enersyds van die Maori's by die Blanke bevolking op ekonomiese, maatskap-politieke en godsdienstige vlak, het daartoe gelei dat hulle in 'n groot mate hul tradisionele lewenswyse moes prysgee. Andersyds het die vestiging en verblyf van die Maoribevolking in hulle eie grondgebied, daartoe aanleiding gegee dat laasgenoemde groep hulself op politieke en maatskaplike gebied kon handhaaf.

## 4. DIE IBO-STREWE NA SELFBESKIKKING IN NIGERIE MET BESONDERE VERWYSING NA DIE VORMING VAN DIE STAAT BIAFRA

### 4.1 Inleiding - historiese agtergrond.

Die uitdrukking van Hoofman Obafemi Awolowo in 1947, naamlik dat, "Nigeria is not a nation. It is a mere geographic expression," vat die etniese heterogeniteit van die staat Nigerië baie treffend saam.[49] Die bevolking van ongeveer 80 miljoen inwoners is in meer as 200 etniese of taalgroepe verdeel en bestaan die drie hoof-groeperinge naamlik, die Hausa-Fulani, Yoruba en Ibo elk uit meer as 10 miljoen mense.[50]

Nigerië het in 1885 uit drie gebiede onder Britse beheer bestaan. Die Lagos-kolonie is in 1851 verower en is in 1862 as Britse Kroonkolonie geproklameer. Die "Niger Court Protectorate" en Noord-Nigerië is ook later onder Britse beheer geplaas. Die Lagos-kolonie, die "Court Protectorate" en Noord-Nigerië is in 1914 in die Kolonie en Protektoraat van Nigerië saamgevoeg.[51]

"Brittanje het ingevolge die grondwet van 1914 finale beheer oor Nigerië gehad. 'n Goewerneur-generaal en 'n nasionale administrateur het die uitvoerende gesag in die kolonie beheer. Hulle is bygestaan deur twee luitenant-goewerneurs - een elk in die noordelike en suidelike gebiede. Die plaaslike bevolking is nie-amptelik verteenwoordig in 'n Nigeriese raad wat die

kolonialé kon adviseer," [52] aldus Heymans.

Die regeringsinstelling het nie veel gesag beklee nie aangesien dit tussen 1914 en 1920 slegs ses keer byeengekom het.[53] Sir Hugh Clifford, goewerneur-generaal, het die effek van die instelling saamgevat as 'n "debating society in which nobody would enter into debate."[54]

Die minderwaardige posisie van die Nigeriërs asook etniese en streekskonflikte het die geloofwaardigheid van die 1914-stelsel ondermyn. In 1922 is 'n nuwe grondwet deur sir Hugh Clifford geïnisieer. Die klem het vêral op groter inspraak, voorsiening van eie gesagstrukture en desentralisasie van gesag geval.[55] Die 1922-grondwet het egter nie groot byval by die Nigeriërs gevind nie. Die "Native Councils" se aanvaarbaarheid was onder verdenking en Noord-Nigerië was nie werklik ingeskakel in die Nigeriese politiek nie.

Die 1947-grondwet wat deur die uittredende goewerneur-generaal sir Arthur Richards geïmplementeer is, het egter ook nie die vólle ondersteuning van die nasionale Nigeriese leiers gehad nie. Hulle vernaamste beswaar was dat die grondwet eensydig deur die Britse owerheid geïmplementeer is sonder om die Nigeriërs self in die opstel daarvan te ken.[56]

"Die 'Macpherson-grondwet' van 1951 het die verdeling van Nigerië in drie dele behou, maar die bevoegdheidsfere van die

streeksregerings is aansienlik uitgebrei.(...) Beperkings op die streeksregerings het egter steeds bestaan, aangesien die sentrale regering spesifiek magte behou het en ook streekwetgewing kon veto.(...) Geen regionale burokrasieë is geskep nie.(...) Die opdeel van die land in drie streke het ook beteken dat daar nie spesifieke voorsiening vir die talle etniese groepe en stamme gemaak is nie,"[57] volgens Heymans. Etniese meerderhede in die onderskeie drie streke kon dus nog altyd die sentrale regering en die streeksregerings oorheers. Konflik is dus nie werklik ontlont nie.[58]

Die grondwetlike bedeling van 1954 het as grondslag gedien vir die eerste onafhanklikheidsgrondwet.[59] Die federale gedagte het met genoemde grondwet 'n integrale deel van die Nigeriese politiek geword en "... die regionalisasie van die staatsdiens onder die 1954-grondwet het ook bygedra om 'n federale tradisie in Nigerië te vestig,"[60] aldus Heymans.

Met die onafhanklikheidswording op 1 Oktober 1960 was die drie grootste partye die National Convention of Nigerian Citizens (NCNC), die Action Group (AG) en die Northern Peoples Congress (NPC). Die Ibo's, Yoruba's en Hausa-Fulanigroep het die drie partye onderskeidelik ondersteun.

Die eerste politieke krisis wat ná onafhanklikheidswording ontstaan het, was die poging van die Northern People Congress om die Action Group van die Yoruba's te laat disintegreer. Daar is

voorgestel dat die westelike landstreek opgedeel word in 'n westelike streek en 'n "Mid-West" gebied. Hierdie voorstel het tot groot ontevredenheid en uiteindelik tot gevegte in die Wes-Nigeriese streek gelei. Die regering het deur middel van 'n noodtoestand in die westelike streek die konflik onder beheer gebring. Die Action Group was egter hierna verdeel.[61]

Volgens Heymans het 'n herskommeling van politieke partye in 1964 veroorsaak dat twee koalisies die prominentste groeperinge was. Die radikale Yoruba-gebaseerde United Progressive Grand Alliance (UPGA) het geweier om die oorwinning van die gematigde Nigerian National Alliance (NNA) te erken.[62]

Die feit dat die federale president, dr. Azikiwe, nie die NNA-leier versoek het om 'n regering sáam te stel nie, het 'n regeringskrisis veroorsaak. Die koalisie-regering het die politieke spanning slegs tydelik verlig.[63] Hierna het die ontevredenheid ontstaan oor die hantering van federale en streeksgesag. Groot ontevredenheid het verder onder Wes-Nigeriërs geheers oor intimidasie en manipulasie tydens die 1965-verkiesing.[64]

## 4.2 Die Eerste Militêre Staatsgreep

Die algemene ontevredenheid oor die hantering deur die federale regering van die landsake, korrupsie deur politici en etniese klowinge het druk op die regeringstelsel laat toeneem, wat dan

ook aanleiding gegee het tot die eerste militêre staatsgreep op 15 Januarie 1966.[65]

Die eerste minister, Balewa, die finans-minister Okotie-Eboh, die noordelike streek se premier, Ahmadu Bello, en die westelike streek se premier, Akintola, en nege weermag offisiere is vermoor.[66]

Generaal-majoor J.T.U. Aguyi-Ironsi, 'n 42-jarige Ibo, het beheer van die nuwe militêre regering oorgeneem. Die Hausa-Fulani-groep het dit as 'n poging van die Ibo's gesien om polities dominerend op te tree. Nafziger is van mening dat, "within a few months potential opposition elements especially in the North, became convinced that Ironsi was using the powerful political and economic levers at the centre primarily on behalf of the Ibo and other souther communities."[67]

Die uitreiking van deklarasies 33 en 34 deur Ironsi en sy regering het egter verreikende gevolge vir Nigerië gehad. Die deklarasies het daarop neergekom dat die regionale federale regering deur 'n unitêre stelsel vervang is. Die optrede van Ironsi het veral die noordelike streek verder agterdogtig teenoor die Ibo's gemaak.[68]

## 4.3 Die tweede militêre staatsgreep

Agterdogtigheid, en die vrees vir oorheersing deur die Ibo's, het aanleiding gegee tot die tweede militêre staatsgreep binne sewe maande. Met die staatsgreep van 28-29 Julie 1966, is verskeie Ibo-offisiere saam met Generaal-majoor Aguyi-Ironsi vermoor. Luitenant-kolonel Yakubu Gowon van die noordelike streek, het as staatshoof oorgeneem.[69]

Ernstige wrywing tussen die noordelike en oostelike streke en verdere onstabiliteit het na die tweede militêre staatsgreep ingetree. Die oostelike streek het die Gowon-regering slegs as 'n tussentydse regering gesien totdat daar verder oor die land se toekoms besluit kon word. Hierna het omvangryke geweld veral in Noord-Nigerië, teen die Ibo's plaasgevind. Duisende Ibo's is gedurende Mei, Julie en September 1966 vermoor en het meer as 'n miljoen mense na die oostelike streek gevlug.[70]

Hierdie gebeure het dan ook die drang tot afskeiding onder die Ibo's laat toeneem.

## 4.4 Opkoms van Ibo-nasionalisme

Die grondgebied wat die Ibo's tradisioneel in Suidoos-Nigerië beset, was nie goeie landbougrond nie, en het die Ibo's hulle dan ook veral in ander gebiede in Nigerië gaan vestig. Van 1911 tot

1951 het die "Ibo-immigrante" in die westelike streek (Lagos) gestyg van 264 na 26 000 en in die noordelike provinsies het dit vermeerder van 3 000 Ibo's in 1921, na 120 000 in 1951.[71]

As gevolg van die afwesigheid van beroepsmoontlikhede en van minder goeie ekonomiese vooruitsigte het die Ibo's, die krag wat in Westerse beskawing en opvoeding opgesluit lê, met albei hande aangegryp. Christelike sendinggenootskappe wat ook skoolopleiding verskaf het, is ook verwelkom.[72]

Die beroepsywer was daarvoor verantwoordelik dat die Ibo's op alle vlakke van die samelewing as werknemers en werkgewers na vore getree het. In 1945 het die Ibo's gelyk getrek met die Yoruba's, in terme van getalle in die beroepswêreld.[73]

'n Verdere aspek wat verder aanleiding gegee het tot die Ibo-ontwaking, was die aanwesigheid van sekere kenmerkende persoonlikheids -en gedragseienskappe. Ibo's en veral die Aro-stam binne die Ibo-groep, het veral klem gelê op mededingende ekonomiese deelname en sukses wat in die beroepswêreld behaal word.[74] 'n Verdere kenmerk van die Ibo-ontwaking was die rol wat hulle gespeel het in politieke aktiwiteite en nasionale bewegings. Die Ibo's het in groot getalle aan die NCNC, die Zikist-beweging en die Nasionale Kerk behoort. Die Ibo's se politieke benadering het ook groot ruimte gelaat vir jongmense wat hulself polities wou uitleef. Hierdie benadering het in 'n groot mate verskil van die Hausa- en Yoruba-volksgroepe se bena-

derings, wat veral klem gelê het op ouderdom en status wat binne stamverband verwerf is.[75]

Die Ibo's se modernisasie en ontwikkeling in 'n plurale samelewing het verder volgens Anber die teenoorgestelde verskynsel tot gevolg gehad, naamlik dat modernisasie eerder tot versterking van etniese identiteit as die verswakking daarvan gelei het.

In hierdie verband skryf hy as volg:

" ... tribal loyalities may develop not along with or in spite of modern advancements, they may in fact develop because of the nature and context of modernisation itself.(...) modernisation does not necessarily lead to integration or assimilation nor does modernisation in one sphere of the social system automatically level to modernisation in others. (...) As the experience of the Ibos demonstrates, economic and educational development of one ethnic group without corresponding modernisation among a nations ethnic groups will probably increase or exaggerate tendencies toward autonomy."[76]

## 4.5 Die totstandkoming van die staat Biafra

Die Gowon-regering het 'n grondwetlike konferensie vir September 1966 belê, maar het hierdie konferensie eers in Januarie 1967 in Abari, Ghana, plaasgevind. By die konferensie is ooreengekom dat

geweld verwerp word om binnelandse probleme op te los en dat daar 'n desentralisasie van mag sou plaasvind. By die konferensie is regionale outonomie vir die onderskeie streke beklemtoon.[77]

Die Gowon-regering het egter op 1 Maart 1967 verklaar dat die militêre streeksregerings nie vetoreg het teenoor die hoof militêre raad nie. Hierna het Ojukwu, leier van die oostelike streek 'n persoonlike brief aan Gowon gerig waarin hy die verklaring van Gowon verwerp.[78]

Op 27 Mei 1967 verklaar die oostelike streek se Raadplegende Vergadering dat hulle besluit het op onafhanklikheid vir die oostelike streek. Op dieselfde dag verklaar die Gowòn-regering dat Nigerië in twaalf state verdeel word. Met dié aankondiging het Gowon die steun van etlike miljoene in die oostelike streek verkry, wat nie met die onafhanklikheidsverklaring van die Ibo's saamgestem het nie.[79]

Op 30 Mei 1967 kondig die Ojukwu-regering die onafhanklikheidsverklaring van die staat Biafra aan:

"Fellow countrymen and women, you, the people of Eastern Nigeria,(...) aware that you can no longer be protected in your lives and in your property by any government based outside Eastern Nigeria. Therefore I, (...) do hereby solemnly proclaim that the territory and region known as and called Eastern Nigeria together with her continental shelf and territorial waters shall henceforth be an undependent sovereign state of the name and title of

the Republic of Biafra."[80]

Die Gowon-regering het die onafhanklikheidsverklaring onaanvaarbaar gevind en het die afskeidingspoging deur ekonomiese en militêre dwang probeer onderdruk. Die geweldadige konflik het egter twee en 'n halfjaar geduur en is die burgeroorlog eers op 12 Januarie 1970 deur die regeringsmagte onderdruk.

## 4.6 Slotgedagtes

Die Biafra-burgeroorlog en die strewe na selfbeskikking van die Ibo's, het opnuut die diversiteit van die etniese groeperinge in Nigerië na vore gebring. Dit was juis die ontwikkeling en modernisasie van die Ibo's wat die etnisiteitsgevoel aangewakker het. Die hoër peil van ontwikkeling het die Ibo's se weerstand teen politieke oorheersing deur ander etniese groeperinge gestimuleer. Om aan dié selfbeskikkingsdrang gestalte te gee, het die meerderheid Ibo's hulle dan ook in die staat Biafra saam gegroepeer.

Eleazu vat die wese van die selfbeskikkingsdrang en die afskeidingspoging in die staat Biafra van die Ibo's treffend saam: "Where groups of people have tried to live together and it has proved impossible - it may be wiser to have political disengagement and be good neighbours."[81]

## 5. DIE STRYD OM SELFBESKIKKING VAN DIE INDIANE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA TOT EN MET 1980

### 5.1 Inleiding - Historiese agtergrond[82]

Sonder vrees vir teespraak kan gesê word dat min inheemse bevolkings hulle so drasties verset het teen Europese indringing, en gestry het vir hulle kultuurbehoud en selfbeskikking as die Indiane, wat hulle reeds 1000 v.C. in Amerika gevestig het.

Dit het aanvanklik na die aankoms van die Europeërs in die 15de eeu gelyk of geen Europese volk polities dominerend sou wees nie. Teen ongeveer 1700 moes dit egter vir die Indiane duidelik begin word het dat die Europese volke 'n meerderheid begin vorm het met die Indiane in die minderheid.

Teen 1790 was kleiner Indiaanstamme totaal geëlimineer in hul strewe na onafhanklikheid en politieke mag. Onder die stamme het die Wampanoag- en Chickahomingstamme getel. So vroeg al as 1622 het konflik tussen Amerikaanse koloniste en Indiane in Jamestown ontstaan. Oorlog tussen die koloniste en Indiane sou hierna vir meer as 200 jaar voortduur.

Toenemende immigrasie deur die Europeërs het in die 17e en 18e eeu aansienlik gestyg en is al hoe meer grond, veral weswaarts, deur die Europeërs in besit geneem.

5.2 Stryd om selfbeskikking

In antwoord op die voortdurende indringing van die Europeërs het die Indiane onder andere "The Creek"-konfederasie in suidoos-Amerika ontwikkel. 'n Verdere konfederatiewe groepering onder die Indiane was die Bond van Iroquios. Die bond het as politieke eenheid vir die Indiane in noordoos-Amerika opgetree.[83]

Die oorlog van 1672 - 1676 (King Phillip's War) in Nieu-Engeland het in die streek georganiseerde weerstand van die Indiane verbreek. In 1680 het die Pueblo-Indiane die Spanjaarde tot aan die Meksikaanse grens verdryf. Die Spanjaarde het egter in 1692, wraak geneem, die verlore gebied herower.[84]

Nadat die Britse troepe in die Amerikaanse burgeroorlog (1775 - 1783) verslaan is, het 'n samehorigheidsgevoel die Amerikaners besiel. Die Amerikaners het as polities-dominerende groep teenoor die Indiane begin optree. Gebeure van 1778 - 1790 (Delaware-ooreenkoms, "Northwest Ordinance", handelsooreenkomste met Indiane) het die Indiane laat besef dat 'n nuwe era besig was om in die verhouding tussen Amerikaner en Indiaan aan te breek. Verder het die Bond van Iroquios in 1779 byna al sy effektiwiteit verloor. Die verdrag van New York in 1790 met lede van die Creek-stam het ook daarop gedui dat die "Creek Konfederasie" ook sy invloed verloor het.[85]

Oor bogenoemde gebeure laat Spicer hom as volg uit: "What hap-

pened among the European invaders as a dominant and determined power.(...) The determination of the Americans to push the Indians on in front of their advance became clear and definite in the Northwest."[86]

## 5.3 Sluit van verdrae

Die Amerikaanse regering het hierna verskeie verdrae met die Indiaanstamme gesluit. In 1787 het die Konfederale Kongres die "Northwest Ordinance" aangeneem wat voorsiening gemaak het vir die grondslag vir verdere hantering van die Indiaanse grondgebied. Dit het as volg gelui:

"The utmost good faith shall always be observed towards the Indians,(...) and in their property, rights and liberty, they never shall be invaded or disturbed, unless in just and lawfull wars authorized by Congreas."[87]

Tientalle soortgelyke verklarings is deur die Konfederale Kongres uitgereik, maar was nie die papier werd waarop dit gestaan het nie. Die Amerikaanse koloniste het nie werklik die behoeftes van die Indiaanstamme verstaan en gerespekteer nie. Die koloniste se motivering om al hoe meer grond in te palm, was dat die Indiane die grondgebied nie na behore benut nie.

In 1830 is die "Indian Removal Act" deur die Kongres geloods.

Dit het onder meer behels dat alle oostelike stamme verskuif word na die gebied wes van die Mississippirivier. Verskeie stamme behalwe die Cherokeestam het hierna verskuif. Die Cherokeestam het hulle aanspraak op grondgebied in noordoos Amerika wetlik bewys. Hoofregter John Marshall het hierdie aansprake ook bevestig:

"The Cherokee Nation,(...) is a distinct community, occupying its own territory with boundaries accurately described,(...) and which the citizens of Georgia have no right to enter but with the assent of the Cherokees themselves."[88]

President Andrew Jackson het hom nie aan die uitspraak van die hof gesteur nie en die Cherokee-Indiane is in 1832 met militêre mag verskuif. Met dié verskuiwing het duisende Indiane van honger, koue en siekte gesterf. Daar word na hierdie verskuiwing as die "Spoor van Trane" verwys.[89] Met die ontdekking van goud aan die weskus van Amerika in 1849, is Kalifornië en Oregon vir besetting oopgestel. Dit het 'n ernstige bedreiging vir die Siouxstamme ingehou. Verskeie bloedige en massamoorde het in dié geweldpleging voorgekom.[90]

Die veldslag van "Little Big Horn" in 1876 was die laaste weerstand deur die Indiane. Hulle het die veldslag gewen, maar het hierna hulle tradisionele lewenswyse prysgegee. Die uitwissing van die Amerikaanse buffel teen 1883 het die Indiane baie nadelig getref. Die Indiane was hierna aangewese op die groter blanke

Amerikaanse gemeenskap in die voorsiening van hul basiese behoeftes.[91]

Die Amerikaanse regering het hierna reservate vir die Indiane opsy gesit en teen 1887 was byna alle Indiaanstamme na die reservate verskuif. Spicer skryf dat tussen 1881 tot 1934, " ... the amount of land held by Indians declined from 155 000 000 acres to 70 000 000 acres."[92]

## 5.4 Pogings tot assimilasie

Verskeie pogings is hierna aangewend om die Indiane in die blanke bevolkingsdeel in te trek en volledig te assimileer. Die Amerikaanse regering se doel daarmee was om die Indiane geleidelik van hul tradisies, kultuur en godsdiens te laat afsien. Uit desperaatheid het die Indiane hul onder andere gewend tot 'n nuwe godsdiens van die profeet Wovoka. Dié godsdiens was 'n sintese tussen 'n natuurreligie en Christelike opvattinge en is die "Spookdans" genoem. Die ritueel wat geen militêre bybedoeling gehad het nie, is deur die Pine Ridge-Reservaat-owerhede gesien as 'n opstand teen die regering.[93]

Die massamoord van "Wounded Knee" in 1890 op ongeveer 200 Indiane, het die Indiane se droom beëindig om hul tradisionele lewenswyse terug te kry.[94]

Verskeie regeringsinstansies, wat simpatie met die Indiane gehad het, het deur middel van die media aan die blanke Amerikaanse bevolking probeer bewys dat wanneer die Indiane hul tradisionele leefwyse prysgee, dit katastrofale gevolge inhou.[95]

In 1924 het die Amerikaanse regering burgerskap aan die Indiane toegeken, wat aan hulle stemreg besorg het.

Die "Reorganization Act" van 1934 het in 'n beperkte mate, self-regering aan die Indiane verskaf.[96] In 1944 het Indiaanstamme in die VSA 'n nasionale organisasie gestig, naamlik die Nasionale Kongres van Amerikaanse Indiane. Dit het uit reaksie teen besluite wat die Amerikaanse regering vir die Indiane geneem het, ontstaan. Hierdie Kongres het dan ook veral gekyk na wetgewing wat die belange van die Indiane geskaad het. 'n Verdere doelwit was om deur middel van publikasies 'n forum vir Indiane daar te stel en 'n eenheidsgevoel onder Indiane te mobiliseer.[97]

Die Amerikaanse regering het veral vanaf 1950 die sogenaamde "termination policy" teenoor die Indiane gevolg. Oor die beleid skryf Makielski: "Indians had been forced off the reservations and into the urban slums."[98]

Dit het daarop neergekom dat as die Indiaanstamme sou opbreek, finansiële vergoeding aan die indiwiduele lede betaal sou word. Die Klamathstam van Oregon het hierdie uitkoopbeleid aanvaar, maar het in die proses hulle stamtradisies en grondgebied vir altyd verloor. Die Menomineestam van Wisconsin het egter nie die

beleid van die Amerikaanse regering aanvaar nie en het hul status as Indiaanstam gehandhaaf.[99]

5.5 Protesoptogte en verkryging van verlore grondgebied

Die jaar 1960 is gekenmerk deur optogte en protesdemonstrasies deur die Indiane wat groter onafhanklikheid van die Amerikaanse regering geëis het. Die Siouxstam het in hierdie tyd aan 'n optog saam met Martin Luther King deelgeneem. In 1961 het 'n jeugorganisasie van die Indiane op die been gekom. Dit het as die "National Indian Youth Council" bekend gestaan met die doelstelling om 'n samehorigheidsgevoel en lojaliteit onder die Indiane aan te wakker.[100]

In 1970 is wetgewing deur die Amerikaanse kongres aanvaar wat bepaal het dat net die Amerikaanse kongres en nie die onderskeie Amerikaanse state met die Rooihuidstamme mag onderhandel nie.[101] In 1975 is die sogenaamde "Indian Self Determination Act" aanvaar wat die reg van die Indiane verskans het om betrekkinge onderling en met "nie-Indiaanse regerings" aan te gaan. In 1975 word 192 hektaar aan die Indiane teruggegee.[102]

Tot en met 1975 het die Indiaanstamme 'n totaal van 371 verdrae met die Amerikaanse regering gesluit, waarvan byna almal deur laasgenoemde verbreek is. Die weerhouding van politieke

selfbestuur en ekonomiese hulp het daartoe aanleiding gegee dat ongeveer 1 000 Indiane in 'n protesoptog in 1973, 4 800 km. vanaf Sacramento na Washington afgelê het. Die Citizen berig dat, "... at the heart of this demonstration was a series of eleven legislative proposals that the 'Long Walk' organisers said were designed to abrogate treaty rights and rob them of land, mineral, water, hunting, fishing and other rights."[103]

In Junie 1980 het verteenwoordigers van die Indiaanstamme Passamaquoddy en Penobscot 'n ooreenkoms met die Maine-regering bereik, waardeur 'n grondeis van vyf miljoen geskik is. Die Indiane het ingevolge die ooreenkoms afstand gedoen van sekere grondregte maar het in ruil daarvoor finansiële vergoeding ontvang waarmee 120 000 hektaar aangekoop sou kon word. Die Indiaanstamme het ook groter outonomie in hul streke verkry.[104]

Alhoewel die Amerikaanse hooggeregshof in Julie 1980 beslis het dát 100 miljoen dollars aan die Siouxstam van Suid-Dakota uitbetaal moes word vir verdragskending, wou die Indiaanleiers eerder hulle grond terughê. Die Amerikaanse regering se verdrag van 1868 met die Siouxstam en die versekering dat die Siouxstam ongehinderd sou kon woon, is met die ontdekking van goud geskend.[105]

5.6 Slotgedagtes

Deur enkele inleidende grepe van die Indiane se geskiedenis in die VSA uit te lig blyk dit dat die inheemse Indiaan-bevolking 'n

veelbewoë stryd teen die Europeërs wat hulle in die VSA kom vestig het, gevoer het. Die indringing van die Europeërs het daartoe aanleiding gegee dat kleinere stamme hulself saamgevoeg het en so beter weerstand teen die indringing gebied het. Die sluit van honderde verdrae as getalsmindere groep het ernstige gevolge vir die Indiane se selfbeskikking ingehou. As getalsmindere groep het die Indiane nie die politieke mag besit om die skending van die verdrae effektief teen te gaan nie. Alhoewel die Indiane in latere jare ekonomies en polities beter daaraan toe is, gaan die stryd vir verkryging van afgestane grondgebied en selfbeskikking voort.

## 6. WETGEWING TEEN RASVERMENGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

### 6.1 Vroeëre Wetgewing

Maatreëls om rasvermenging binne huweliksverband te verbied, is in die Verenigde state van Amerika sedert die 17de eeu bekend. In 1661 het die staat Maryland die eerste keer so 'n wet deurgevoer. Die wet het gepoog om rasvermenging tussen blanke diensmeisies en Negerslawe te bekamp. Hierna het 41 state in Amerika in een of ander stadium wetgewing gehad om rasvermenging te verbied.[106]

Dertig state het huweliksluiting van Blankes met Negers, vyftien state het ondertrouing met Mongole en tien state het ondertrouing met Maleiers verbied. Wetgewing het ook bestaan om ondertrouing tussen Nie-Blanke groepe onderling te belet.[107]

## 6.2 Verskillende bepalings in die state wat rasvermenging verbied het

In elk van die 30 state is huwelike tussen 'n Blanke en 'n Neger (ook beskryf as Afrikaan, of persoon van die Afrikaanse ras, of 'n persoon van die Etiopiese ras) of 'n afstammeling van 'n Neger, verbied. Die afstammeling van 'n Neger is ook dikwels as Mulat beskryf.[108]

Die grondwette van byvoorbeeld Alabama en Tennessee het nie slegs bepaal dat huwelike tussen 'n blanke en 'n Neger of afstammeling van 'n Neger nie gesluit kan word nie (dit is as ongeldig beskou), maar het ook die "saamleef as man en vrou" verbied.[109]

In verskeie van die 30 state waar gemengde huwelike verbode was, is gemengde huwelike tussen Blankes en Amérikaanse Indiane, Mongole (Chinese, Japanners en Koreane), Hindoes, Kanake of lede van die Maleise ras, soms tot in die derde geslag verbied.[110]

In die res van die state is verhoudings oor die kleurgrens tussen persone wat verbied is om te trou, as 'n oortreding beskou.

Sulke persone was dan ook dikwels aan dieselfde strawwe soos met die strafbepalings van 'n gemengde huwelik onderworpe.[111] "In die wet van Kentucky is bepaal dat indien na 'n veroordeling weens die aangaan van 'n verbode huwelik die partye 'voortgaan om as man en vrou saam te leef' hulle aan strawwe onderworpe sal wees."[112]

Die feit dat sekere Amerikaanse state nie wetgewing op die wetboek geplaas het om ondertrouing te voorkom nie, impliseer nie noodwendig dat sulke state ten gunste van ondertrouing was nie. Dit dui eerder daarop dat die voorkoms van gemengde huwelike so skaars was, dat dit nie tot optrede gelei het nie.[113]

6.3 Redes vir wetgewing

Die redes vir bogenoemde wetgewing het gespruit uit die maatskaplike vraagstukke wat uit rasvermenging voortgespruit het. Die aanwesigheid van groot getalle Negers, veral in die suidelike Amerikaanse state, het implikasies ten opsigte van die Blankes op biologiese, maatskaplike en ekonomiese gebied ingehou.[114]

Die gevolgtrekking waartoe die Kommissie oor Gemengde Huwelike in Suid-Afrika gekom het, het as volg gelui: "Die dryfvere wat die Amerikaners daartoe gebring het om wette te maak - 'n inherente kleurvooroordeel in 'n afkeer van gemengde huwelike en 'n

begeerte om die maatskaplike en ekonomiese standaarde van die blanke ras te beskerm."[115]

6.4 Huidige tendense in die VSA

Tot en met die bevinding van die Hooggeregshof in 1967 dat die wetgewing om gemengde huwelike te verbied, strydig is met die veertiende amendement van die grondwet van die VSA, was daar 17 state oor, wat gemengde huwelike verbied het.[116]

Die hofuitspraak wat die verbodsbepalings op gemengde huwelike herroep het, was Loving v. Virginia (388 US (1967) I). Mildred Jeter, 'n Negervrou, en Richard Loving, 'n blanke man, is in die distrik van Columbia getroud en is na hulle huweliksluiting terug na die staat Virginia, wat gemengde huwelike verbied het. Die egpaar is een jaar tronkstraf opgelê, wat opgeskort is vir 25 jaar. Die egpaar kon in laasgenoemde tydperk nie terugkeer na Virginia nie. Soos genoem, is die verbodsbepalinge ten opsigte van gemengde huwelike in 1967 ter syde gestel.[117]

Volgens Galloway was wetgewers "onder geen omstandighede haastig om sodanige wette te herroep nie."[118] In die hofuitspraak United States v. Brittain in 1970, wou die regter 'n blanke weermagsersant nie toestemming gee om met 'n Negervrou te trou nie.[119]

Alhcewel die Negerbevolking in 1980 nie meer as twaalf persent van die totale bevolking beloop en gemengde huwelike nie meer as een persent van egpare beloop nie, blyk dit tog dat daar 'n langtermyn tendens bestaan dat sodanige huwelike toeneem.[120]

Steyn meld dat die opheffing in die VSA "van soortgelyke wette in 'n aantal state, gepaardgaande met die doelbewuste bevordering van integrasie op ander terreine, gelei tot 'n toename van die aantal huwelike tussen wit en swart : van 148 000 in 1960 tot 310 000 in 1970 en 421 000 in 1977.[121]

Navorsing (1946 en 1975) dui aan dat die Negermans die vroue oortref in die sluiting van gemengde huwelike.[122] Daar is verder ook aanduibare tendense dat "vroue neig om met mans bokant hulle eie stand en inkomstegroep huwelike te sluit."[123]

Volgens Olivier en Jooste is daar verder 'n neiging van minderheidsgroepe om te ondertrou waar geografiese skeiding afwesig is.[124] Die ondertrouingskoers van klein minderhede is verhoudingsgewys baie hoog en neem toe met elke opeenvolgende geslag.[125] Galloway konstateer dat die gevoel teen blanke mans sterk oplaai wat buite-egtelike omgang met Negervroue het. Negermans is ook ontevrede deur die uitbuiting van Negervroue deur blanke mans.[126]

### 6.5 Evaluering

Die doelbewuste bevordering van integrasie op alle terreine in die Amerikaanse samelewing, tesame met die opheffing van wetgewing om rasgemengde huwelike te verbied, het daartoe aanleiding gegee dat die getalle van rasgemengde huwelike beduidend gestyg het. Alhoewel 421 000 (1977) gemengde egpare 'n baie klein persentasie van die totale aantal huwelike uitmaak, gaan die aangaan van dié huwelike en die nakomelingskap wat volg, ernstige maatskaplike implikasies inhou.

## 7. SLOTWOORD

Uit die strewe na selfbeskikking van die genoemde oorsese minderheidsgroepe kom die volgende aspekte na vore:

1. (i) Die Baske se strewe na volledige (politieke) selfbeskikking gaan voort ten spyte daarvan dat die Baskiese provinsies ten opsigte van huishoudelike sake selfbestuur geniet.

   (ii) Alhoewel die Maoribevolking in 'n groot mate by die Blankes (Pakeha) se sosiomaatskaplike en ekonomiese sisteem ingeskakel het, besef 'n groot deel van die Maori's dat hulle hul eie kultuur en tradisionele

leefwyse slegs in 'n eie grondgebied en onder hul eie mense kan handhaaf. Gemengde huwelike tussen Blankes en Maori's lei dikwels tot sosiale probleme. Daar is genoegsame getuienis dat die gevolg van gemengde huwelike, die verlies van die identiteit en kultuur van een van die betrokke partye beteken.

(iii) Die strewe om selfbeskikking van die Ibo's met verwysing na die vorming van die staat Biafra het ontstaan nadat die Ibo-leiers besef het dat daar nie binne 'n militêre staatsbestel met die Hausa-Fulani en Yorubagroepe saamgewerk kon word nie. Die ontwikkeling en modernisasie van die Ibo's as etniese groep het die Yoriba en Hausa-Fulani groepe op alle vlakke van die samelewing verbygesteek. Dit was die "meerderwaardigheids"-gevoel wat tot die ontwaking van Ibo-nasionalisme en tot die afskeidingsdrang in die staat Biafra aanleiding gegee het.

(iv) Die strewe om selfbeskikking en erkenning van die Indiaanstamme is 'n stryd wat die begin van die 17de eeu 'n aanvang geneem het en nog steeds voortduur. As minderheidsgroep het die Indiane probleme om wetlik verlore grondgebied te herwin omdat hulle nie die gesag in die staatsmasjinerie besit om dit af te dwing nie.

Waar die Indiaanstamme hulleself in die reservate vestig is die unieke en eie leefwyse gehandhaaf, maar die oorgaan in die blanke Amerikaanse gemeenskap, het tot die prysgawe van die tradisionele leefwyse gelei.

2. Uit reaksie op die dominasie van die meerderheidsgroep(e) antwoord die minderheidsgroep, vir wie integrasie en uiteindelik assimilasie onaanvaarbaar is, met 'n strewe na volledige selfbeskikking. Dit behels enersyds die strewe na strukturele outonomie deur die uitskakeling van negatiewe diskriminasie en die erkenning van die strewe van die minderheidsgroep, deur selfbestuur ten opsigte van huishoudelike sake toe te staan. Die strewe van die Baske in Spanje, die Indiane in die VSA en die Maori's in Nieu-Seeland kan hier ingesluit word.

Andersyds het die Ibo's gepoog om deur middel van afskeiding (secession) te ontkom van strukturele dominasie of negatiewe diskriminasie. Hierdie afskeiding het dus die verkryging van politieke selfbeskikking binne die staatsterritorium behels.

## VOETNOTE

1. Burkey, R.M., Ethnic and Racial Groups, pp.27-143; Rhoodie, N.J., Sosiale Stratifikasie en Kleurlingskap, pp.49-64; Coertze, P.J., Die Afrikanervolk en die Kleurlinge, pp.18-39.

2. Coverdale, J.F., The Political Transformation of Spain after Franco, p.28.

3. Ibid.

4. Thomas, H., The Spanish Civil War, p.81.

5. Coverdale, J.F., op. cit., p.32.

6. Ibid.

7. Vilar, P., Spain, a Brief History, pp.88-110.

8. Fusi, J.P., The Basque question, 1931 - 1937 in Preston, P., Revolution and War in Spain, 1931 - 1939, pp.183-184.

9. Ibid.

10. Ibid.

11. Coverdale, J.F., op. cit., p.33.

12. Fusi, J.P., op. cit., pp.183-184.

13. Medhurst, K.N., Government in Spain, p.41; Coverdale, J.F. op. cit., p.33.

14. Ibid.

15. Ibid., p.56

16. Payne, S.G., Regional Nationalism, in Salisbury, W.T., Spain in the 1970's, p.92.

17. Ibid.

18. Medhurst, K.N., op. cit., p.42.

19. Payne, S.G., op. cit., p.98.

20. Ibid.

21. Coverdale, J.F., op. cit., pp.32-62.

22. Ibid., p.59.

23. Ibid., p.62.

24. To the Point, 3/8/79.

25. Ibid.

26. Rand Daily Mail, 11/3/80.

27. Ibid.

28. Rand Daily Mail, 28/6/80.

29. The Star, 4/5/81.

30. Metge, J., The Maori's of Nieu-Zeeland pp. 1-28.

31. Ibid., p.31.

32. Die Burger, 8/2/82.

33. The Star, 26/3/83.

34. Metge, J., op. cit., p.34.

35. Ibid.

36. Ibid., p.303.

37. Ibid.

38. Ibid., p.301.

39. Die Afrikaner, 13/7/83.

40. Ausubel, D.P., The Fern and the Tiki, p.182.

41. Ibid.

42. Ibid.

43. Daily News, 12/9/80.

44. Beeld, 25/9/80.

45. Die Burger, 12/11/80.

46. Die Oosterlig, 28/9/80.

47. Metge, J., _op. cit._, p.329.

48. _Ibid_.

49. Nafziger, E.W., _The Economics of Political Instability_, The Nigerian - Biafran War, p.27.

50. Heymans, C.S., _Konsosiasie in Nigerië_ (1979-1983), p.1.

51. _Ibid_., p.10; Crowder, M., _The Story of Nigeria_, pp.173-197.

52. Heymans, C.S., _Konsosiasie in Nigerië_, p.10.

53. _Ibid_.

54. Arikpo, O., _The development of modern Nigeria_, p.38; Heymans, C.S., _op. cit._, p.10.

55. Heymans, C.S., _op. cit._, p.11.

56. _Ibid_., p.12.

57. _Ibid_.

58. _Ibid_., p.13.

59. Crowder, M., _The story of Nigeria_, p. 288.

60. Heymans, C.S., _op. cit._, p.13.

61. Young, C., _The Politics of Cultural Pluralism_, pp.291-293; Lawson, K., _The Human Polity_, pp. 58-62; Crowder, M., _op. cit._, pp.316-317; Heymans, C.S., _op. cit._, p.15; Lloyd, P.C., _Classes, Crises and Coups_, pp.174-175.

62. Heymans, C.S., _op. cit._, p.15.

63. _Ibid_.

64. Nafziger, E.W., _op. cit._, p.41.

65. _Ibid_.

66. _Ibid_., p.42.

67. _Ibid_., Nafziger noem die insiggewende punt dat hoewel die oorwegend Ibo-militêre regering twaalf Ibo-offisiere as luitenant-kolonels aangestel is, is hulle nie bevoordeel of hoër aangestel as Yoruba of Hausa offisiere nie.

68. *Ibid.*, p.43; Anber, P., *Modernisation and Political Disintegration : Nigeria and the Ibo's*, p.163.

69. Anber, P., *Modernisation and Political Disintegration : Nigeria and the Ibo's*, p.163.

70. *Ibid.*, p.164; Nafziger, E.W., *op. cit.*, p.44; Stremlau, J.J., *The International Politics of the Nigerian Civil War, 1967 - 1970*, pp.35-45; Volgens Nwankwo en Ifejika was die Noord-Nigeriërs vir duisende gruwelmoorde verantwoordelik. "By early October (1966) the sight of mutilated refugees, orphaned children, widowed mothers and decapitated corpses of Eastern Nigerians arriving at our airports and railway stations inflamed passions to such an extent that it was found necessary to ask all non-Easterners to leave the Region in their own interest. Nwankwo, A.A., en Ifejika, S.U., *The Making of a Nation : Biafra*, p.339; Schwarz, W., *Nigeria*, pp.215-219.

71. Coleman, J.S., *Background to Nationalism*, p.332.

72. *Ibid.*, p.333.

73. *Ibid.*

74. *Ibid.*

75. *Ibid.*, pp.335-337.

76. Anber, P., *op. cit.*, pp.168,178.

77. Stremlau, J.J., *The International Politics of the Nigerian Civil War - 1967-1970*, p.47.

78. *Ibid.*, p.48.

79. *Ibid.*, p.55.

80. *Ibid.*, p.60.

81. Eleazu, U.O., *Nigeria, Biafra and the Organization of African Unity : Self Determination versus Territorial Integrity*, p.17.

82. Driver, H.E., *Indians of North America*, p.309; Spicer, E.H., *A Short History of the Indians of the United States*, pp.11-13; Dennis, H.C., *The American Indian*, 1492 -1976, pp.1-15.

83. Spicer, E.H., *A Short History of the Indians of the United States*, pp.14-32.

84. Driver, H.E., _op. cit._, p.482.

85. Spicer, E.H., _op. cit._, pp.32-45, Driver, H.E., _op. cit._, p.482.

86. _Ibid._, p.45.

87. _U.O.V.S. biblioteek-versameling_, klankskyfiereeks oor die Indiane in Amerika; Dennis, H.C., _op. cit._, p.19.

88. _Ibid._

89. Driver, H.E., _op. cit._, p.486.

90. _U.O.V.S. biblioteek-versameling_; Dennis, H.C., _op. cit._, p.39.

91. _Ibid._, Dennis, H.C., _op. cit._, pp.39-40.

92. Spicer, E.H., _op. cit._, p.113.

93. _U.O.V.S. biblioteek-versameling._

94. Driver, H.E., _op. cit._, p.483; Dennis, H.C., _op. cit._, p.45.

95. _U.O.V.S. biblioteek-versameling._

96. Makielski, S.J., _America's Minorities_ in _Case Studies on Human Rights and Fundamental Freedoms_, p.453; Spicer, E.H., _op. cit._, p.125.

97. Spicer, E.H., _op. cit._, pp.143-144. Van die doelstellings het as volg gelui: "... to enlighten the public toward a better understanding of the Indian people; to preserve Indian cultural values; to seek an equitable adjustment of tribal affairs and tribal claims; to secure and to preserve rights under Indian treaties or agreements with the United States; to promote the common welfare of the American Indian and to faster the continued loyalty and allegiance of American Indians to the flag of the United States ...", p.290; _National Congress of American Indians Brochure_, Washington, 1957.

98. Makielski, S.J., _op. cit._, p.454.

99. _U.O.V.S. biblioteek-versameling_; Spicer, E.H., _op. cit._, p.141.

100. Spicer, E.H., op. cit., p.144.

101. Die Vaderland, 11/10/82.

102. Ibid.

103. The Citizen, 7/4/80.

104. Die Burger, 21/6/80.

105. The Daily News, 3/7/80.

106. Olivier, M.P. en Jooste, C.J., Etniese en Rasvermenging in Wêreldperspektief in Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 31, Augustus 1980, nr. 3. p.79.

107. Ibid.

108. Verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike in Suid-Afrika, U.G. no. 30 van 1939, pp.29-30.

109. Ibid., p.29.

110. Ibid., p.30.

111. Ibid.

112. Ibid.

113. Olivier, M.P. en Jooste, C.J., op. cit.; Reuter, E.B., Race Mixture, pp.81, 101.

114. U.G. no. 30 van 1939, op. cit., p.31.

115. Ibid.

116. Olivier, M.P. en Jooste, C.J., op. cit., p.79; Galloway, G.W., 'n Kritiese evaluasie van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike no. 55 van 1949 en aanverwante bepalings met betrekking tot die Konstitusionele ontwikkeling van Swartes, p.84; Bell, D.A., Race, Racism and American Law, p.279.

117. Galloway, G.W., 'n Kritiese evaluasie van die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike no. 55 van 1949 en aanverwante bepalings met betrekking tot die Konstitusionele ontwikkeling van Swartes, p.85.

118. Ibid.

119. Ibid.

120. Olivier, M.P. en Jooste, C.J., _op. cit_., p.79.

121. Steyn, J.C., _Gemengde Huwelike en Ontug_ in Buurman, Junie 1984 - Augustus 1984, p.15.

122. Olivier, M.P. en Jooste, C.J., _op. cit_., p.79.

123. _Ibid_., p.80.

124. _Ibid_.

125. _Ibid_.

126. Galloway, G.W., _op. cit_., p.86.

**********************

# HOOFSTUK 4

# DIE UITKRISTALLISERING VAN VERHOUDINGSPATRONE TUSSEN BLANK EN NIE-BLANK MET BESONDERE VERWYSING NA RAS- EN BLOEDVERMENGING VANAF 1652 TOT 1910

## 1. INLEIDING

'n Volledige studie van rasvermenging in Suid-Afrika as historiese verskynsel sou behels 'n diepte-ondersoek na die agtergrond, leefwyse en maatskaplike gedragspatrone van 'n ontelbare aantal mans en vrouens oor baie rassetipes heen wat die Suid-Afrikaanse staatsterritorium bewoon. Dit sou volgens De Kiewiet 'n ondersoek behels na die totale omstandighede van, "numberless men and women who lived obscure lives and lie in unremembered graves."[1]

So 'n studie sou dus in die Suid-Afrikaanse situasie onmoontlik wees. In die lig van hierdie beperkte gegewens oor rasvermenging sal dit inhou, die maak van veralgemenings oor rasvermenging as historiese verskynsel. Dit dui dus met ander woorde daarop, dat enersyds daar nie te gemaklik finale gevolgtrekkings gemaak kan word om universeel van toepassing te wees nie en andersyds word dit wel deeglik moontlik geag dat sekere duidelike aantoonbare

tendense aangewys kan word op grond waarvan duidelike gevolgtrekkings en riglyne uitgestippel kan word.[2] Dit is dan ook die oogmerk van die hoofstuk.

Verder is dit belangrik om in gedagte te hou dat die aanloop tot en uitkristallisering van die Suid-Afrikaanse rasse- en volkereverhoudinge nie slegs op eie bodem geskep is nie, maar dit moet in 'n "breër wêreldverband en teen die agtergrond van 'n toe-heersende Wes-Europese tydsgees beskou word."[3]

Die Nederlanders wat in 1652 na die Kaap gekom het, was volgens Strauss, Wes-Europese Christene en "verteenwoordigers van 'n bepaalde tydsgees met 'n besondere waardesisteem en lewensbeskouing."[4] Die Christendom het hom self gesentreer of sy sterkte gevind onder die Blanke volke van Europa. Die gebruik het dan ook in daardie tyd ontstaan om Christen as sinoniem met Blanke en heiden met Nie-Blank te beskou.[5]

Die Nederlanders wat hulle aan die Kaap kom vestig het, was in hul optrede geskraag deur 'n Calvinistiese Protestantisme wat in die tydperk die opvatting gehad het dat 'n Christen nie met 'n Nie-Blanke "heiden" meng nie. Wanneer 'n Nie-Blanke die Christelike geloof aangeneem het, is so 'n persoon as gelykwaardig aanvaar. Die Christelike godsdiens was verantwoordelik om assimilasie tussen Blank en Nie-Blank teen te werk. Hierdie onderskeiding tussen Christen en nie-Christen het dan ook in 'n groot mate op rassedifferensiasie neergekom. Afgesien van die onder-

skeiding van Christen en nie-Christen en verskil in fisiese voorkoms (wat saamgeval het met verskil in ras), was die eerste kontak tussen Blank en Nie-Blank, die van beskaafdes teenoor onbeskaafdes.[6]

## 2. EERSTE KONTAK - voor 1652

Jan van Riebeeck se ontmoeting met die Strandlopers by sy aankoms aan die Kaap in 1652, was natuurlik nie die eerste ontmoeting tussen Europeërs en Inboorlinge op Suid-Afrikaanse bodem nie. Die eerste kontak tussen Blank en Nie-Blank het ook nie altyd vreedsaam verloop nie.

Dias was met sy aandoen aan die Suid-Afrikaanse kus in 1488 by Mosselbaai in 'n skermutseling met Hottentotte betrokke en moes een van hulle doodskiet.[7] Vasco de Gama het ook in 1497 met die Hottentotte gebots. Later het die Europeërs gereeld om die Kaap gevaar. In 1510 is d'Almeida en ongeveer sestig man aan die voet van Tafelberg vermoor. Ná hierdie voorvalle het die Portugese die Kaapse waters vermy.

In 1595 land die eerste Hollanders onder Cornelis de Houtman by Mosselbaai. Sy mense het die Hottentotte die eerste keer in Nederlands beskryf. Die beskrywing is telkens herhaal: "Sy waren altyts seer stinckende overmidts sy haar altyt met vet en

onghel besmeren."[8]

As gevolg van die eerste kontaksituasies het die Europeërs alreeds voor 1652 'n vae beeld gehad van die Nie-Blankes wat hulle op Suid-Afrikaanse bodem gevestig het. Die Europese seevaarders het in die eerste kontak met die Nie-Blankes die verskil in beskawings- en kultuurpeil baie duidelik aangevoel.

Die bemanning van die Hollandse skepe wat by die Kaap aangedoen het was opsoek na veral vars vleis, groente en water. Die Hottentotte daarteenoor was nie altyd geneë om deur middel van ruiltransaksies van hul beeste afstand te doen nie. In hul desperaatheid om veral vleis in die hande te kry, het die Hollanders hulself gehelp. Die Hottentotte het dan ook dikwels wraak geneem.[9]

Dieselfde handeling is ook deur ander omvarendes uitgevoer. Agt lede van die bemanning van 'n Engelse skip wat by die monding van die Soutrivier in 1620 aangedoen het, is deur inboorlinge om die lewe gebring. 'n Ander geval van geweldadige konflik tussen die Europeërs en inboorlinge was toe 25 man van 'n Hollandse skip in 1632 in Tafelbaai in 'n skermutseling met Hottentotte die lewe gelaat het.[10]

Die vyandige optrede teen Leendert Janszen en sy bemanning in 1647, met die stranding van die Haarlem is egter onverklaarbaar. "Wat ook al die meewerkende faktore was, 'n mens moet erken dat

die verhouding tussen die omvarendes en die Hottentotte gespanne was."[11]

Wat die eerste kontak tussen Blankes en Inboorlinge aanbetref, was die Kaap tegelyk "Cabo de Esperance" en "Cabo Tormentoso".[12] "Of daar tussen hierdie koop en handel, storm en geweld nog tyd en energie oor was vir die uiting van meer basiese drange, val te betwyfel,"[13] aldus Joubert.

Hierdie eerste kontaksituasies tussen die inboorlinge en die Europese seevaarders vóór 1652, word beskou as die eerste kontak tussen Blank en Nie-Blank op Suid-Afrikaanse bodem. Of daar op groot skaal bloedvermenging tussen die omvaarders en inboorlinge plaasgevind het, word betwyfel.

## 3. RASVERMENGING VANAF 1652

Wanneer daar gekyk word na ras en bloedvermenging vanaf 1652, is dit belangrik om kennis te neem van die verskillende persone en volke wat met die Blankes in aanraking gekom het, en die aard en omvang van die interaksie wat tussen hulle plaasgevind het.

## 3.1 Die Blankes se kontak met die Hotttentotte

### 3.1.1 Herkoms van die Hottentotte

Die jongste gegewens in verband met die herkoms van die Hottentotte blyk dat hulle hul oorsprong gehad het uit 'n Afro-Mediterreense Kaukasiese-volk, wat vanuit Oos-Afrika oor die oostelike hooglande af suidwaarts beweeg het en moes hulle hul alreeds in die 15de eeu aan die Kaap gevestig het. Die Hottentotte het later ook in aanraking gekom met die Kapoïde stamras (onder andere die Boesmans) met wie hulle vermeng het. Verskeie Hottentotte-stamme het in 1652 in die Kaap en omgewing gewoon.[14]

### 3.1.2 Interaksie en vermenging met die Hottentotte

Die verskille van die Hottentotte in ras, kultuurbesit en gedrag ten opsigte van die Blankes, was van so'n aard dat "daar geen nouer verbintenis, wat enigsins etnies van aard was, tussen die Blankes en Hottentotte plaasgevind het nie. Selfs met betrekking tot geslagsverhoudinge was die distansie so groot dat daar geen noemenswaardige vermenging plaasgevind het nie."[15]

In terme van die differensiasie konstateer Smith as volg: "Die onderskeiding tussen Christen en heiden het vir hulle ten opsigte van alle mense gegeld, (...) 'n onderskeiding wat in die praktyk

'n definitiewe skeiding beteken het, deurdat 'n Christen hom nie met 'n nie-Christen 'verbastert'[16] het nie."[17] Wanneer hierdie skeidingsfaktor egter deur kerstening uit die weg geruim was, is die gekerstende daarna opgeneem in die Christelike gemeenskap en in enkele gevalle op biologiese vlak. Kerstening het dus beteken dat 'n persoon, ongeag kultuur- en beskawingspeil as gelykwaardig aanvaar is.[18]

Hiervan getuig onder andere die historiese gegewens omtrent die inboorlingmeisie Eva, wat as eersteling deur haar kerstening sosiaal gelykwaardige status ontvang het. Sy sou volgens Smith egter daartoe bydra, dat die Blankes sou besef dat kerstening nie vanselfsprekende integrasie ten opsigte van die Europese kultuur en beskawing teweeggebring het nie.[19]

Die ontwikkeling van nouere kontak met die inboorlinge moes die Blanke koloniste bewus gemaak het van die "konkrete andersoortigheid van hierdie soort mense."[20] Getuienis hiervoor kan gevind word in die Dagregister van Jan van Riebeeck, waarin hy die totaal andersoortigheid van die Hottentotte dikwels in skerp taal beskryf.[21] "Trouens slegs 'n paar jaar na sy aankoms aan die Kaap, skryf hy in 'n brief aan die Here XVII, (...) dat die Hottentotte 'n 'botte plompe ende luije stinkende natie' is."[22]

Die kontak van die Blankes met die inheemse bevolking het tot gevolg gehad dat daar reeds enkele jare na volksplanting 'n spontane skeiding in die vorm van natuurlike afsondering van die

kant van die Blankes ontwikkel het.[23] Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die kleurgevoel wat in 1652 klaarblyklik nog nie 'n rol gespeel het nie, wel dertig jaar later sy invloed laat geld het.[24]

Daar is drie gevalle van omgang deur blanke mans met Hottentottevroue gedurende die 17de eeu bekend. Die Hottentottevroue wat betrokke was, was Eva, Sara en Cornelia. Eva was 'n diensmeisie aan die huis van die Van Riebeecks. Sy is later gedoop en het met 'n blanke man, Pieter van Meerhoff getrou. Na die dood van haar man, het sy in ontug gelewe en nog vier kinders in die lewe gebring van wie die vaders onbekend was.[25]

Sara het in ontug geleef met Blanke sowel as Nie-Blanke mans. Indien sy kinders gehad het, kan aanvaar word dat hulle deel van die gekleurde bevolking geword het. Min besonderhede is egter oor Cornelia bekend. Gevalle van ontug met Hottentottevroue het dus wel plaasgevind. Hierdie omgang was egter van beperkte omvang.[28]

In die buitewyke van die destydse Kaapse nedersetting het geslagsverkeer tussen blanke mans en Hottentotvroue wel plaasgevind. Die blanke mans wat omgang met Hottentotvroue gehad het, was mans wat op trek gegaan het, drosters, voortvlugtiges en veeboere wat in die buitewyke in isolasie verval en verarm het.[27]

Die bastergeslag wat in die buitewyke ontstaan het, is egter nie in die geledere van die ontluikende Afrikanervolk opgeneem nie.[28] Die vermenging tussen Blankes en Hottentotte in Kaapstad en omgewing en in die buitewyke het daartoe gelei dat 'n Bastergeslag sy verskyning gemaak het. Aan die Kaap is die kinders wat uit ontug oor die kleurgrens en gemengde huwelike gekom het, onder die Kleurlinge gereken. In die Noordwes-Kaap "het die basters 'n eie ondertrouende gemeenskap gevorm wat hulself nie as deel van die blanke gemeenskap beskou het nie. (...) Hierdie basters was medebetrokke in die ontstaan van die Griekwas en ander bastergroepe,"[29] aldus Coertze.

### 3.2 Die Blankes se kontak met die Slawe

#### 3.2.1 Herkoms van die Slawebevolking

Die arbeidstekort was een van die grootste probleme waarmee Van Riebeeck reeds vanaf 1652 opgeskeep gesit het. "Voor sy vertrek uit Nederland was Van Riebeeck reeds daarvan oortuig dat die nedersetters, die inboorlinge wat hulle aan die Kaap sou aantref, nie vir gereelde arbeid gebruik sou kon word nie."[30]

Net 'n paar weke na Van Riebeeck se aankoms aan die Kaap, vra hy aan die Hoë Regering van Batavië om slawe of Chinese arbeiders na die Kaap te stuur, "... tot het vuylste ende swaerste werk en

plaetse van de Nederlanders."[31] Die versoek is geweier en dit was nie voor 28 Maart 1658 dat die Oos-Indiese skip, die Amersfoort met 174 slawe die Kaap sou bereik nie.[32] 'n Paar weke later op 6 Mei 1658 daag die Hasselt op met 228 slawe aan boord. Hierdie slawe was egter nie die eerste slawe aan die Kaap nie. "Daar was toe reeds tien slawe in die nedersetting waarvan ses in diens van die Kompanjie en die res in diens van sy huisgesinne was."[33]

Daar was nou soveel slawe in die Kaap teenwoordig dat "Van Riebeeck in opdrag van die Here XVII die oortollige slawe na Batavië moes terugstuur en die slawehandel moes staak."[34] Gedurende April en Mei 1658 is 172 van die slawe na Batavië ingeskeep en het Van Riebeeck 230 slawe en slavinne vir die behoeftes van die Kaap oorgehou.[35]

Slawe uit die Ooste was hoofsaaklik afkomstig uit Indië, Ceylon en die Maleisiese Skiereiland. Onder die slawe was hoogs geskoolde ambagsmanne, asook misdadigers wat straf uitgedien het.[36]

Die meeste slawe het egter van Oos-Afrika gekom, veral van Madagaskar en Mosambiek. Die bydrae van Wes-Afrika was gering, maar is later aangevul deur die sogenaamde "Prize Negroes". Dit was Negers wat deur Britse skepe van slawe-skepe buitgemaak is, en van wie daar tussen 1808 en 1816 ongeveer 2 000 na die Kaap gekom het.[37]

Gedurende die 17de eeu het die Koloniste se getalle vinniger as die van die slawe uitgebrei. Die slawe-getalle het egter in die begin van die 18de eeu die koloniste se getalle verbygesteek. In 1754 (volgens sensussyfers) was daar tussen 5 000 en 6 000 koloniste en meer as 6 200 slawe aan die Kaap. Die getalleverhouding het voortgeduur totdat die invoer van slawe vanaf 1807 tot 1821 stopgesit is.[38] Met die vrystelling van slawe in 1834 was daar 39 021 in die Kaap woonagtig.

3.2.2 Kontak en vermenging met die Slawebevolking

Wanneer daar gekyk word na geslagsomgang tussen Blankes en slawe moet 'n onderskeid gemaak word tussen ontugtige omgang binne-en buite huweliksverband. Weens die tekort aan blanke vroue aan die Kaap is daar in die vroegste tye huwelike tussen blanke mans en <u>vrygestelde</u> slawevroue gesluit.[39] Soos gestel was een van die faktore wat die tussengeslagtelike verkeer in die hand gewerk het, die tekort aan blanke vroue. In 1660 was daar 290 mans vir elke 100 vroue.[40] Huwelike tussen Blankes en slavinne was egter van owerheidskant streng verbode.

In Van Riebeeck se tyd het daar drie huwelike tussen blanke mans en vrygestelde slavinne plaasgevind. Die eerste huwelik was die van Jan Wouters van Middelburg met Catharina, dogter van Antonie van Bengale.[41] Dit was verder ook vir blanke mans moontlik om

onderhewig aan sekere voorwaardes met dogters, wat uit huwelike tussen blanke mans en vrygestelde slavinne gebore is, te trou.

Sodanige huwelike sou volgens Coertze "egter nie op groot skaal plaasvind nie, want in 1701 was daar nog maar 109 volwasse slawe-vroue aan die Kaap".[42] "Individuals of mixed European and slave blood were then rarely seen,"[43] aldus Theal.

Ontugtige omgang tussen blanke mans en slavinne het egter wel plaasgevind en "daar is genoegsame aanduidings dat dit reeds op die skepe tussen matrose en slawevroue plaasgevind het."[44] In die slawelosie het ontug ook op groot skaal plaasgevind. Geyser is van mening dat dit 'n voldonge feit is dat "die moraal van die slawe in die losie baie laag was en dat hulle geen waarde aan sedelikheid geheg het nie." 'n Faktor wat hiertoe aanleiding gegee het, was, "dat die owerheid geen voorsiening vir aparte vertrekke vir ongetroudes en vir manlike en vroulike slawe gemaak het nie."[45] Geyser skryf verder dat blanke mans, gewoonlik soldate en matrose, "die slawelosie binnegekom (het) en alle vorms van onsedelikheid onder die slavinne gepleeg."[46]

Marais wys ook op die ontug wat gepleeg is: "Towards evening one can see a string of soldiers entering the Company slave lodge where they misspend their time until the clock strikes nine."[47] In 1671 het Kommissaris Isbrand Goske vasgestel dat driekwart van die kinders van Kompanjie slavinne, blanke vaders gehad het. Die bevinding is veertien jaar later bevestig toe kommissaris-gene-

raal H.A. van Rheede ontdek het dat 44 van die 92 kompanjie-slawekinders jonger as twaalf jaar, blanke vaders gehad het.[48]

Geyser wys egter daarop "dat alhoewel hierdie kinders van blanke vaders afkomstig was, hulle as slawe gebore is, en onder dieselfde administrasie, tug en dissipline as die ander slawe geplaas is."[49] Die jaar 1671 sou die eerste uitspraak van owerheidskant teen die ontugtige omgang wees. Kommissaris Isbrand Goske het hom sterk daarteen uitgespreek en onder andere aanbeveel dat slawemans- en vroue die geleentheid gegun moes word om vaste paarverbintenisse aan te gaan, aangesien slawe nie wettige huwelike kon sluit nie.[50]

Hierna sou 'n reeks proklamasies van owerheidsweë teen onsedelikheid volg.[51] Op 9 Desember 1678 het Hendrik van Crudop 'n plakkaat uitgevaardig teen ontugtige omgang met nie-christenvroue en slavinne.[52] Dié verbod het egter nie 'n merkbare verbetering teweeg gebring nie "want dit het daartoe aanleiding gegee dat die ontug na ander oorde verskuif het. Matrose, lede van die garnisoen en ander mans het in die geheim daaraan meegedoen."[53]

Die Kaapse owerheid was egter verontrus oor dié ontugtige omgang. Rycloff van Goens waarsku in 1682: "Excuserende de vermenginge van vrygemaakte slaven na uiterste vermogen, alsoo daar van nooit de noodwendige getrouwheyt voor het gemeene landswelvaren te veragten is."[54] Dit het die weg gebaan vir die verbod op

huwelike met slawevroue deur kommissaris Hendrik van Rheede in 1685.

Die voorkoms van geslagsgemeenskap oor die kleurgrens het hierna nie drasties verander nie, maar het hierdie maatreël 'n nuwe era in die verhouding tussen Blank en Nie-Blank ingelei. Verskille wat geleë het op die vlak van beskawing en godsdiens het ten nouste saamgehang met verskil in kleur.[55] "Die kinders uit gemengde huwelike is dan ook gesien as die resultaat van onwettige en ontoelaatbare omgang."[56]

Dit het beteken dat die geslagsverkeer "van watter aard ook al uitgebrei is tot Hottentotvroue en slaaf-Hottentotbastervroue".[57] Aan die begin van die 18de eeu het daar egter ook in "toenemende mate in die blanke gemeenskap 'n sosiale stigma gekleef aan gemengde afkoms wat toe ook heidense afkoms geïmpliseer het."[58]

Die maatreëls in 1678 en 1685 om gemengde huwelike en ontug te bekamp was verstaanbaar. Dit het vir die Nederlandse koloniste duidelik geword dat veral die slawevroue van "vreemde herkoms en met 'n anderse kultuuragtergrond nie in staat was om die gewaardeerde Nederlandse Christelike deugdelikheid by hulle kinders in te skerp nie."[59] Die koms van die Franse Hugenote in 1688 het ook "sy deel bygedra tot die instandhouding van die gereformeerde Christelike gedragsnorme."[60]

Daar was nog twee tydperke in die 19de eeu waar blanke mans by die Kleurlingbevolking ingeskakel is. Die eerste inskakeling of byvoeging van blanke mans tot die Kleurlingbevolking was in 1819 toe 'n groot gedeelte van die eerste bataljon van die sestigste regiment in Kaapstad ontslaan is. Dit het aanleiding gegee tot ontstaan van die sogenaamde "Capey's".[61]

Die inskakeling van blanke persone tot die gekleurde bevolking het ook in 1879 plaasgevind "toe die Korannas in die tweede Koranna-oorlog in 1879 deur die Britte van die Kaap totaal gede-etnifiseer is."[62] Na afloop van hierdie oorlog het daar 'n aantal blanke persone tot die geledere van die Basters toegetree.[63]

Hierdie gevalle van die inskakeling van Blankes by die Kleurlinggroep onderstreep opnuut die bevinding van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie van 1937, naamlik "... dat die oorwegende rigting by rassevermenging eerder die vorm van toevoeging van blanke bloed tot die Kaapse Kleurlinge aangeneem het, as van die toevoeging van Kleurlingbloed tot die blanke groep."[64]

## 3.3 Vermenging met die Swartbevolking

In terme van vermenging met die Swartes is dit belangrik om in gedagte te hou, dat die blanke trekboere "eers in noue aanraking

gekom het met die Xhosasprekendes in die tweede helfte van die 18de eeu, nadat die verskilgevoel en kleurbewustheid reeds ten volle ontplooi het."[65]

Vermenging met die Swartes het in enkele gevalle voorgekom. Waar vermenging wel plaasgevind het, is die kinders in die swart bevolking se geledere opgeneem. In die geval van die Buysstam het die nasate 'n afsonderlike groep gevorm en is hulle ook nie as deel van die Kleurlinge beskou nie. "Hulle is egter nooit as Europeërs beskou nie."[66]

## 4. DIE VORMGEWING VAN VERHOUDINGSPATRONE TUSSEN BLANK EN NIE-BLANK GEDURENDE DIE NEGENTIENDE EEU. DIE TWEEDE FASE VAN WETGEWING OM GESLAGSVERKEER TUSSEN BLANK EN NIE-BLANK TE BEKAMP

Gedurende die 19de eeu het daar sosiaal-politieke veranderinge in Kaapland plaasgevind wat 'n groot rol sou speel om die denke aangaande volkereverhoudinge grondig te beïnvloed. Die koms van dr. Philip in 1819 as superintendent van die Londense Sendinggenootskap sou 'n onuitwisbare invloed uitoefen aangaande die verhouding tussen Blank en Nie-Blank.

"Onder die voorwendsel van kerstening en beskawing, het dr. Philip hom vir groter bewegingsvryheid van die Nie-Blanke beywer

en met die aanname van Ordonnansies 49 en 50 van 1834, nie slegs daarin geslaag nie, maar ook wesentlik gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank bewerkstellig."[67] Die manier waarop die slawe vrygestel is, "was die laaste druppel wat die emmer van ontevredenheid met die manier waarop die land deur Britse beheer bestuur is, laat oorloop het."[68] Die Hollandssprekendes se ervaring van die deurwerking van die filantropie in 1836, "het daartoe gelei dat hulle gewanhoop het aan 'n verdere veilige bestaan in die Kaapkolonie, die gebied verlaat het om, (...) 'n kleurbeleid volgens eie insigte te ontwikkel."[69]

Verder het die gebeure op die Oosgrens 'n nuwe dimensie aan die kleurgevoel toegevoeg. Die Swartes met wie die Blankes aan die Oosgrens te doen gekry het, was vir die Blankes totaal beskawingsvreemd en het hulle ook in vele opsigte van die Gekleurdes aan die Kaap verskil.

Die Swartes was "vyandig en rasbewus. Ook was hulle talryk en aggressief. Weens 'n swak en wispelturige grensbeleid aan die kant van die Engelse owerheid aan die Kaap, het die swart mense die geleentheid gekry om die ganse voortbestaan van die blanke grensboere te bedreig. 'n Sterk rassegevoel is aangewakker en 'n lewendige besef van andersoortigheid het die Blankes besiel."[70]

Die toename van rassegevoel by die koloniste in die laat 18de eeu en die vroeë 19de eeu het die voorkoms van gemengde huwelike veral in die Boland laat afneem.[71] Dit het 'n sosiale lewensnorm

geword en "is ingedra en ingeweef in die sosiale kultuurpatroon van die eerste Afrikaners en van die ontluikende Afrikanervolk. Vervolgens is die komende geslagte gekultiveer. (...) So is daar gesorg vir etniese voortbestaan."[72]

## 5. PROVINSIALE WETGEWING WAARBY GEMENGDE HUWELIKE BETROKKE WAS

### 5.1 Kaapland

In 1795 het Brittanje die Kaap verower, maar na die Vrede van Amiens is dit in 1804 aan die Betaafse Republiek teruggegee. In 1804 het Kommissaris-generaal De Mist in sy Politieke Ordonnansie of Plakkaat van 20 September 1804 nuwe huweliksregulasies uitgevaardig.[73] Dit het daarop neergekom dat die voltrekking van huwelike 'n burgerlike plegtigheid geword het waar dit tevore 'n suiwer kerklike aangeleentheid was.[74]

As die bedoeling was om te voorkom dat 'n huwelik voor 'n predikant tegelyk ook 'n doopplegtigheid van die egpaar se voorhuwelikse kinders moes wees, was een konsekwensie van die burgerlike huwelik, dat godsdienstige sanksionering nie meer ter sprake was nie. Dit het beteken dat die kerklike standpunt dat gemengde huwelike tussen Christene toelaatbaar was, nie in hierdie geval van krag was nie.[75]

Met die herowering van die Kaap in 1806 het die Kommandant en

Goewerneur Sir David Baird 'n proklamasie uitgevaardig wat De Mist se Ordonnansie herroep het. Die aanvaarding van die Christelike geloof het weer 'n vereiste vir huweliksluiting geword. Sir David Baird se reëling is op sy beurt opgehef deur die "Marriage Order in Council" van 7 September wat op 1 Februarie 1839 in werking getree het. Onder hierdie reëling was gemengde huwelike toelaatbaar.[76]

5.2 Natal

Die "Marriage Order-in-Council" van 7 September 1838 was nie uitdruklik van toepassing op Natal nie, maar die Natalse Wetgewende Mag het vrywillig die "Order-in-Council" in Ordonnansie no. 17 van 1846 opgeneem en dit van toepassing gemaak in Natal. Gemengde huwelike is dus toegelaat in Natal.[77]

5.3 Oranje-Vrystaat

Onder die bepaling van Wet no. 26 van 1899 in die Vrystaat was dit moontlik om gemengde huwelike te sluit. Die wetgewing het egter wel rekening gehou met gemengde huwelike waar dit in enkele gevalle voorgekom het. In Artikel 1 van hoofstuk 34 van die Wetboek het 'n bepaling voorgekom dat "Kleurlingen die uit 'n

wettig huwelijk tusschen 'n blanke vader en 'n gekleurde moeder, of tusschen 'n gekleurde vader en 'n blanke moeder geboren zijn, geregtigd zullen zyn om vaste eigendom te kopen en te verkopen en dit te laten registreren en op hun naam te laten overdragen, mits zij in de Staat verblij houden."[78]

Persone wat buite die Vrystaat woonagtig was, kon nie na die Vrystaat gaan om gemengde huwelike te voltrek nie. "In Artikel 13 van Wet no. 26 van 1899 is die bepaling opgeneem dat huwelike tussen persone "die van over de grenzen van dezen staat gekomen zyn met de uitdruklike bedoeling om hier een huwelik tussen hen te laten voltrekken, hetwelk niet wettig voltrekken zou kunnen worden in die plaats waar zy verblyf hielden" onwettig verklaar is.[79]

## 5.4 Transvaal

Wet nr. 3 van 1871 (die Huweliksordonnansie) het alleen oor die voltrekking van huwelike tussen blanke persone gehandel. Wet no. 3 van 1897 is later uitgevaardig met die doel om voorsiening te maak vir huwelike tussen gekleurde persone. Artikel 9 van die Grondwette van 1858, 1889 en 1896 het dit ondubbelsinnig gestel dat "Het volk zal geen gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk, noch in Staat."[80] Genoemde wetgewing het tot gevolg gehad dat slegs huwelike tussen twee

Blankes en tussen twee Nie-Blankes voltrek kon word. Gemengde huwelike was dus nie wetlik moontlik nie.[81]

## 6. WETGEWING TEEN ONSEDELIKHEID

Die aanwesigheid van groot getalle troepemagte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) en die jare daarna het 'n groot aantal prostitute na Suid-Afrika gelok. Hierdie lossinnige vroue, hoofsaaklik afkomstig van Europa, het veral in hawestede en groot binnelandse dorpe sake gedoen.[82]

Die Kommissie oor Gemengde Huwelike van 1939 sê in hul verslag dat die wyse waarop die lossinnige vroue hulle in die strate vertoon en mans aangespreek en hulle hul attensies selfs tot naturelle en ander gekleurdes gemaak het, het 'n openbare skandaal veroorsaak.[83] Die wetgewing teen onsedelikheid was nie net om onsedelikheid in die algemeen te bekamp nie, maar dit is ook "van besondere belang beskou dat die blanke vroue van die land nie deur die ontugtige voorbeeld van hierdie ligtekooie aan die veragting van naturelle en gekleurde mans prysgegee sou word nie..."[84]

Die Kaapse "Betting Houses, Gambling Houses and Brothels Suspression Act", 1902 het bepaal:

"It shall be unlawful for any white women to voluntarily have

illicit sexual intercourse for the purpose of gain with any aboriginal native."[85]

'n Identiese bepaling word gevind in Artikel 14 van die Vrystaatse "Suspression of Brothels and Immorality Ordinance", van 1903.[86] In Transvaal en Natal het daar wetgewing met 'n veel wyer trefkrag bestaan.

In Natal is onwettige gemeenskap tussen 'n blanke vrou en 'n "gekleurde" verbied soos omskryf in Wet no. 15 van 1869, en soos ook vervat is in Artikel 16 van Wet no. 31 van 1903.[87]

In Transvaal is "enige blanke vrou wat enige naturel toegelaat of daartoe opgewek of lastig geval of by hom daarop aangedring het dat hy onwettige vleeslike gemeenskap met haar sou hê, of enige naturel wat onwettige vleeslike gemeenskap met 'n blanke vrou het; of probeer om dit te hê, of wat enige blanke vrou aanlok, lastig val of daarop aandring dat sy met hom onwettige vleeslike gemeenskap sal hê, albei aan swaar strawwe blootgestel."[88] (Artikel 19 van Ordonnansie no. 36 van 1903 soos gewysig deur Artikel 3 van Wet no. 16 van 1908).

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat bogenoemde wette die gevolg was van die omstandighede wat ontstaan het deur die ontdekking van goud, die toestroming van buitelanders na die stede en die Tweede Vryheidsoorlog. Dit moet gesien word as pogings om prostitusie teen te gaan, die blanke vrou te beskerm en die reeds duidelike norm van nie-intieme kontak tussen Blank

en Nie-Blank te handhaaf.

## 7. SLOTWOORD

By die Europeërs wat vóór 1652 by die Kaap aangedoen het, en veral by die Hollanders wat hulle later aan die Kaap kom vestig het, was tog in 'n mindere mate 'n rassegevoel aanwesig wat ook hul optrede teenoor die Hottentotte bepaal het.

Aan die Kaap het beskaafde (Christen) teenoor onbeskaafde (heiden) te staan gekom wat in 'n groot mate op rassedifferensiasie tussen Blank en Nie-Blank neergekom het. Rasvermenging het gedurende die eerste twee dekades na 1652 op 'n geringe skaal plaasgevind. Gedurende die tydperk het nadere kontak met die Hottentotte by die ontluikende Afrikanervolk 'n gevoel van totaal andersoortigheid laat posvat. Nakomelingskap gebore uit vermenging deur huwelike met vrygestelde slawevroue en Hottentotte is by die Kleurlingbevolking gereken.

Waar vermenging deur ontugtige omgang van blanke mans met slawevroue plaasgevind het, is die kinders steeds onder dieselfde administrasie, tug en dissipline as die ander slawe geplaas. Die nakomelingskap gebore uit ontugtige omgang deur blanke mans met Hottentotvroue aan die Kaapse buitewyke, is ook nie by die ontluikende Afrikanervolk gereken nie. Hierdie Kleurlingbevolking

het hulle al hoe meer in die noordwes-Kaap gevestig. Rassevermenging het oorwegend die vorm van toevoeging van blanke bloed tot die Kaapse Kleurlinge aangeneem.

Sosiaal-politieke veranderinge in die Kaap gedurende die 19de eeu, onder andere die vrystelling van slawe en die wesentlike bedreiging van Swartes aan die Oosgrens het 'n onuitwisbare invloed op die Afrikanervolk gehad. Dit het daartoe gelei dat die Afrikanervolk in 'n al hoe groter mate afkeurig gestaan het teenoor rasvermenging en is komende geslagte daarvolgens gekultiveer.

# VOETNOTE

1. De Kiewiet, C.W., A History of South Africa, 1942. p.v. Heydenrych, J.J.F.C., Die Maatskaplike Implikasies by die toepassing van Artikel 16 van die Ontugwet no. 23 van 1957, p.1.

2. Heydenrych, J.J.F.C., Die Maatskaplike Implikasies by die toepassing van Artikel 16 van die Ontugwet no. 23 van 1957, p.1.

3. Strauss, J., Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk, in Rassesosiologie, p.75.

4. Ibid.

5. Ibid.

6. Ibid. p.76.

7. Joubert, D., Met Iemand van 'n Ander Kleur, p.10.

8. La Rouffaer, G.P., en Yzermann, De eerste Schipvaart der Nederlanders naar Oost-Indië onder Cornelis de Houtman, 1595 - 1597. Deel I, soos aangehaal deur Coertze, P.J., Die Afrikanervolk en die Kleurlinge, p.91. Ten opsigte van die Hottentotte word verder gesê: "by zijn beestachtich en de seer stinckende dat men haar een vadem boven den wint konden rieken..." Hulle is selfs vir mensvreters aangesien want een skryf "... ende soos ons docht warent oock menschen eters want sy eten rauw vleys, pense ende so sy als honden, sonder wassen of schoon te maecken." p.8.

9. Coertze, P.J., op cit., p.92.

10. Ibid.

11. Ibid., p.93.

12. Heydenrych, J.J.F.C., op cit., p.3.

13. Joubert, D., op cit., p.10.

14. Coertze, P.J., op cit., pp.109-110.

15. Ibid., p.98.

16. Hierdie term is gebruik in 'n verbod wat in 1678 geplaas is op die buite-egtelike verkeer met onder andere "onchristen vrouwen", Jeffreys, M.K., Kaapse Plakkaatboek, Deel I,

p.152.

17. Smith N.J., Elkeen in Sy Eie Taal: Die planting van afsonderlike kerke vir Nie-Blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 'n Histories-missiologiese analise en Ekklesiologiese beoordeling, p.40.

18. Smith, N.J., op cit., p.40; Scholtz, G.D., Die Ontstaan en Wese van die Suid-Afrikaanse Rassepatroon, in Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Julie 1958, p.144.

19. Ibid.

20. Hanekom, T.N., Ons inheemse kerke vir Inboorlinge, in Grense, p.52; Smith, op cit., p.40.

21. Ten opsigte van die Hottentotte skryf hy op 15 Junie 1656 die volgende: "Ook is't haer groote penitentie wanneer se niet als de verhens mogen morsen ende wentelen in alle vuyligheyt ende smeerderie", Daghregister, Deel II, p.45, verwerking deur Bosman, D.B., en Thom, H.B.; Smith, N.J. p.41.

22. Smith, N.J., op. cit., p.41; Patterson, S., Colour and Culture in South Africa, p.19. Hierdie uitlating van Jan van Riebeeck word deur G.D. Scholtz as die eerste uiting van kleurgevoel beskryf, op. cit., p.143.

23. Van Jaarsveld, F.A., Van van Riebeeck tot Verwoerd, p.44.

24. Pelzer, A.N., Die Historiese grondslae van afsonderlike ontwikkeling in die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p.134.

25. Coertze, P.J., op. cit., p.121.

26. Ibid.

27. Ibid., p.122.

28. Theal, G.M., The beginning of South African History, p.205. Theal se kommentaar in die verband is insiggewend: "The repugnance with which uncivilised coloured people were regarded by the Dutch had this good effect, that it preserved the colonists from contamination of blood. There were indeed in the border districts a few hundred individuals born of Hottentots mothers by European fathers, but they were not permitted to associate with even the poorest and roughest families of graziers. They were servants, or they were provided by their fathers with a few head of cattle, and then moved away northward to live by

themselves."

29. Coertze, P.J., op. cit., p.123.

30. Geyser, O., Die Ou Hooggeregshofgebou, p.1; Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p.65.

31. Ibid.; C 493 Uitgaande Brieven, 25 Mei, p.25.

32. Blommaert, W., Invoeren van Slawernij aan de Kaap, Argiefjaarboek. Deel I, 1938, p.25.

33. Geyser, O., op. cit., p.2.

34. Ibid.

35. Ibid.

36. Marais, J.S., The Cape Coloured People, p.2.

37. Heydenrych, J.J.F.L., op. cit., p.7.

38. Marais, J., op. cit., p.2; Aan die begin van die 18de eeu was daar 891 slawe in die Kaap (83% manlik en 17% vroulik). Later het hulle vermeerder na 14,747 (69% manlik en 31% vroulik). Tussen 1793 en 1805 was daar 'n vinnige sprong van 14,747 na 29,545 wat neerkom op meer as verdubbeling in die twaalf jaar. Coertze, P.J., op. cit., p.99.

39. Coertze, P.J., op. cit., p.123.

40. De Villiers, E. en Kinghorn, J., Op die Skaal : Gemengde Huwelike en Ontug, p.11.

41. Macrone, I.D., Race Attitudes in South Africa, p.42. De Villiers, E. en Kinghorn, J., op. cit., p.12.

42. Coertze, P.J., op. cit., p.100.

43. Theal, G.M., op. cit., p.208, soos aangehaal deur Coertze, op. cit., p.100.

44. Coertze, P.J., op. cit., p.101.

45. Geyser, O., op. cit., p.20. Kommissaris Van Rheede skryf dat dit "een schanden sijnde men alhier door goede ordre veel meer sorge heeft gedraegen en betere orde gestelte over de beesten, om deselve sex en geslagten van dien anderen te scheijden dan over de menschen." Hulshof A., H.A. van Rheede tot Drakenstein, Journal van Zijn Verblijf aan de Kaap 1685, p.185.

46. Ibid.

47. Marais, J., op. cit., p.10.

48. De Villiers, E. en Kinghorn, J., op. cit., p.11.

49. Geyser, O., op. cit., pp.22-23.

50. Coertze, P.J., op. cit., pp.101, 124.

51. Heydenrych, J.J.F.C., op. cit., p.33.

52. Jeffreys, M.K., Kaapse Plakkaatboek, Deel I 1652 - 1767, pp.151-152. Dit word duidelik verklaar dat die teenwoordigheid van "soodanige onwettelijck geteelde kinderen,(...) tot schandtvleck van de Nederlantse en ander Christen natien genoegsam ooggetuigenisse verschaffen," en "vooral onder Christenen met betamelijk, nogh tolerabel ..." is.

53. Coertze, P.J., op. cit., p.101.

54. Boëseken, A.J., Simon van der Stel en sy kinders, p.118.

55. Coertze, P.J., op. cit., p.102.

56. Ibid.

57. Ibid.

58. Ibid.

59. Ibid., p.126.

60. Ibid., p.105.

61. Theal, G.M., op. cit., pp.205-206; Coertze, P.J. op. cit., p.131.

62. Coertze, P.J., op. cit., p.132.

63. Ibid.

64. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie van 1937, U.G. no. 54 van 1937, p.34. "Dat vermenging tussen Blankes spesifiek en die Nie-Blankes op groot skaal sou voorkom, bly egter moeilik om te glo wanneer die volgende in gedagte gehouw ord, naamlik (i) die feit dat die Blanke, relatief tot die slawe en die inboorlinge, 'n veel hoër beskawingspeil

gehandhaaf het en uit die aard van die saak met minagting op die Nie-Blanke rasse sou gekyk het; (ii) die feit dat die besondere verskille ten opsigte van kulturele, maatskaplike en ekonomiese leefwyse onder die betrokke omstandighede 'n buitengewone mate van groepsidentiteit by die blanke nedersetters sou laat ontstaan het. Die geisoleerdheid van die aanvanklike statiese gemeenskap sou ongetwyfeld al die faktore wat vooroordeel bevorder, laat uitkristalliseer in 'n klimaks van etnosentrisme wat sigself op alle terreine van die interpersoonlike verhoudinge sou laat geld," aldus Heydenrych, J.J.F.C., op. cit., p.17.

65. Coertze, P.J., op. cit., p.132.

66. Verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike in Suid-Afrika, U.G. no. 30 van 1939, p.11; Coertze, P.J., op. cit., p.132; Schoeman, A.E., Coenraad de Buys.

67. Pelzer, A.N., op. cit., p.144.

68. Heydenrych, J.J.F.C., op. cit., p.40.

69. Pelzer, A.N., op. cit., p.147.

70. Botha, D.P., Die Opkoms van die Derde Stand, p.59.

71. De Villiers, E. en Kinghorn, J., op. cit., p.16.

72. Coertze, P.J., op. cit., p.104.

73. U.G. no. 30 van 1939, op. cit., p.11.

74. Ibid.

75. Galloway, G., 'n Kritiese Evaluasie van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike no. 55 van 1949 en aanverwante bepalings met betrekking tot die Konstitusionele Ontwikkeling van Swartes, p.39.

76. U.G. no. 30 van 1939. op. cit., p.11.

77. Ibid., p.13.

78. Ibid.

79. Ibid., p.14.

80. Ibid.

81. Ibid.

82. *Ibid*.

83. *Ibid*.

84. *Ibid*.

85. Galloway, G., *op. cit*., p.40. Art. 34 van Wet 36 van 1902.

86. *Ibid*., Ordonnansie 12 van 1903.

87. U.G. no. 30 van 1939. *op. cit*., p.15.

88. *Ibid*.

89. Galloway, G., *op. cit*., p.40.

*****************************

# HOOFSTUK 5

# DIE DERDE FASE VAN ONTUGWETGEWING EN DIE POLITIEKE DEBAT RONDOM GESLAGSVERKEER OOR DIE KLEURGRENS

DIE JARE 1926 - 1957

## 1. INLEIDING

Suid-Afrika het vanaf die sewentiende eeu tot aan die begin van die 20ste eeu uit 'n pioniersituasie tot 'n ontwikkelde staat verander. Tesame met die ontwikkeling van die land het 'n bevolkingsvraagstuk ontstaan wat 'n unieke en eiesoortige oplossing sou vra.

Wetgewing om geslagsverkeer tussen die verskillende rasse te bekamp, was op 'n beleid van ontstrengeling ingestel. Die behoefte om geslagsverkeer oor die kleurgrens te bekamp, het nie slegs van die kant van politici gekom nie. Openbare aandrang om wetgewing daar te stel om rasvermenging te bekamp, was aan die orde van die dag. Die Afrikaanse kerkgroepe het veral 'n duidelike wekroep laat hoor. Die armblanke-vraagstuk met sy gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme het tot gevolg gehad dat gemengde huwelike en ontug onrusbarende afmetings, veral in die stede, aangeneem het. Ontug oor die kleurgrens waarby lossinnige vroue veral in die

hawestede betrokke was, het kommer gewek.

In 1939 dien Dr. D.F. Malan as Leier van die Opposisie 'n petisie by die Volksraad in met 230 619 handtekeninge van Afrikaans- en Engelssprekendes waarin gemengde huwelike- en ontug tussen Blank en Nie-Blank afgekeur word en wetgewing daarteen gevra word. Dit was die grootste petisie wat nog sedertdien by die Parlement ingedien is. Die eerste twee ondertekenaars van die petisie was Dr. J.D. Kestell en Dr. N.J. van der Merwe.

Dit was duidelik dat debattering, binne- en buite-parlementêr, nie gegaan het oor die wenslikheid van gemengde huwelike al dan nie. byna almal was daarteen gekant, maar die vraag was, of dit by wyse van wetgewing verbied moes word.

## 2. ONTUGWETGEWING IN 1927

Die soeke na 'n oplossing van die land se bevolkingsvraagstuk het ná 1910 al hoe dringender begin word en het dit ook in die politieke debat na vore getree.

Die numeriese wanverhouding tussen Blankes (minderheid) en Nie-Blank (meerderheid) en die vrees vir verswelging deur veral die Swartes, het 'n integrale deel van die landspolitiek begin word. Volgens 'n sensusopname in 1921 was daar 4 697 285 Swartes, 1 521 343 Blankes, 545 000 Kleurlinge en 163 594 Asiate in die

Unie woonagtig.[1] "Dit was hierdie wanverhouding wat aan Suid-Afrika sy grootste politieke, ekonomiese en maatskaplike vraagstukke besorg het,"[2] aldus Scholtz.

Die verswelging deur die nie-blanke volksgroepe sou op biologiese vlak ook 'n appel op die Blankes maak,[3] wat met die Nie-Blankes "in 'n steeds intiemer wordende wyse met mekaar in aanraking gekom het."[4] Die kontak met die Swartes het daartoe gelei dat die Blanke in 'n toenemende mate "afkerig gestaan het teenoor bloedvermenging tussen Blank en Nie-Blank."[5]

Geslagsverkeer of rasvermenging het egter wel voorgekom. Dit het daartoe aanleiding gegee dat vroueorganisasies aan Adv. Tielman Roos, destyds Minister van Justisie, versoeke gerig en gevra het dat stappe gedoen moes word om rasvermenging te bekamp. Dit was vir blanke mans moontlik om in sekere distrikte in Transvaal met swart vroue saam te leef en het ontug oor die kleurgrens plaasgevind.[6]

Adv. Roos het in 1926 die Volksraad gemotiveer waarom hy dink dat Ontugwetgewing nodig blyk te wees:

"... maar hoe gouer dit aangeneem word des te beter. Ek het nog nie een enkele brief ontvang om te vra vir die invoering van die teenoorgestelde geval in al die provinsies nie, maar ek het baie briewe en vertoë gekry om te vra vir hierdie wetsontwerp uit al die provinsies. Dit is 'n dringende en noodsaaklike maatreël."[7]

Die eerste Uniale wetgewing teen ontug oor die kleurgrens, die Ontugwet no. 5 van 1927 het nie sonder heelwat moeite op die Wetboek gekom nie. Die wetsontwerp wat Adv. Roos in 1926 ingedien het, is 1926 in die Senaat soveel keer gewysig dat hy dit nie verder gevoer het nie.[8]

## 2.1 Pogings van Adv. Tielman Roos in 1926 om ontugwetgewing deur te voer.

Soos dit blyk uit hoofstuk 4, het daar nie eenvormige wetgewing in die verskillende provinsies bestaan om die geslagsverkeer oor die kleurgrens te bekamp nie. Wetgewing het bestaan om nie-blanke mans te verbied om met blanke vroue geslagsomgang te hê, maar niks het blanke mans verhoed om met nie-blanke vrouens geslagsomgang te hê nie.

Die wetsontwerp, het die Minister verduidelik, sou 'n onreg wat lank reeds bestaan, reg stel: "Daar is in die wet voorsiening gemaak vir die straf van naturelle en kleurlinge as hulle omgang het met blanke vrouens, (...) en dat dieselfde wet nie van toepassing is op blanke mans in die omgang met naturelle vroue nie."[9]

Minister Roos het verder gemotiveer: "In Transvaal is daar geen wet wat die omgang van naturelle en kleurlinge met blanke vrouens strafbaar maak nie."[10] Ook was dit volgens Joubert "streng

gesproke nie onwettig vir Blank en Nie-Blank om in Transvaal te trou nie - dit is egter prakties onmoontlik, omdat die Transvaalse wette eenvoudig nie voorsiening maak vir gemengde huwelike nie. Transvaalse blanke mans kon dus ongestraf met nie-blanke vroue buite egtelike verhoudings hê of buite Transvaal in die huwelik tree en dan weer in Transvaal gaan woon."[11]

Adv. Roos was verder van mening dat, "in die Kaapprovinsie het ons Wet 36 van 1902, (...) waarin dit 'n misdaad gemaak word vir 'n naturel om met blanke vrouens omgang te hê met die doel om wins daaruit te trek, (...) dieselfde bepalings kom in die Vrystaatse wet voor.(...) Wat Natal betref is dit 'n misdaad vir blanke vrouens om omgang te hê met Kleurlinge."[12] Adv. Tielman Roos het gepoog om eenvormige wetgewing daar te stel vir al die provinsies.

Minister Roos se wetsontwerp is indringend in die komitee-stadium bespreek. Die Minister en die Senaat kon nie ooreenkom oor die straf wat toegepas moes word nie. Die strafbepalings het hewige reaksie uitgelok. Die eerste artikel van die 1926-wetsontwerp het as volg gelui: "Elke blanke manspersoon wat met 'n naturellevrou ontug pleeg of poog om te pleeg, in omstandighede wat nie verkragting (...) uitmaak, is skuldig aan 'n misdryf en by veroordeling strafbaar met gevangenisstraf van hoogstens ses jaar en behalwe daardie gevangenisstraf ook met slae van hoogstens vyftien houe."[13]

Verskeie senatore het hierna opgestaan en gesê dat die straf te kwaai is. "Voordat oor die amendemente in verband met die straf gestem is, het twee definitiewe, maar volledig teenoorstaande standpunte na vore gekom : 'n algehele verwerping van die wetsontwerp, en 'n poging om dit uit te brei tot ontug tussen Blank en Nie-Blank."[14]

Hierna is aan die hand gedoen dat die wetsontwerp so gewysig moet word dat nie net ontug met swartes verbied word nie, maar ook Kleurlingvroue. Senator C.J. Langenhoven se motivering was soos volg: "As dit binne die orde is, wil ek verder gaan en (...) as amendement voorstel om 'naturellevrou' te vervang deur 'nie-blanke vrou."[15]

Die voorsitter moes vervolgens beslis of Senator Langenhoven se amendement binne orde is. Hy laat hom as volg uit: "...die amendement van senator Langenhoven is ongetwyfeld nie binne die bestek van die Wet van die wetsontwerp nie, dog in my opinie is dit wel binne die bestek van die inhoud van die wetsontwerp."[16]

Hierna het 'n appel na die President van die Senaat gevolg. Hy het beslis dat die amendement buite die bestek van die wetsontwerp val en dus nie toelaatbaar is nie. Die wet sou beperk bly tot 'n verbod op ontug tussen Blank en Naturel.

Voor die Huis oor die verskeie amendemente in verband met die voorgeskrewe straf gestem het, het adv. Tielman Roos laat blyk dat hy bereid sou wees om senator Brebner se voorstel van "met of

sonder lyfstraf" te aanvaar, maar nie ander wysigings nie.[17] Die onverwagse het egter hierna gebeur.

"Die amendement van senator Todd dat die straf moet wees: ses maande gevangenisstraf of 'n boete van 50 pond, word met 16 stemme teen 15 goedgekeur. Die minister van Justisie het voorgestel dat voortgang gerapporteer word en dat daar nie verlof gevra word om weer te sit nie."[18]

## 2.2 Die deurvoering van Ontugwetgewing in 1927

Minister Roos het op 31 Januarie 1927 'n gewysigde ontugwetsontwerp by die Volksraad ingedien wat in twee opsigte van die een van 1926 verskil het. Enersyds sou nie alleen omgang tussen 'n blanke man en swartvrou strafbaar wees nie, maar andersyds ook (ook vir die eerste keer in die Unie) omgang tussen 'n swartman en 'n blanke vrou. Die straf vir die oortreding van die wet is verminder tot hoogstens vyf jaar en lyfstraf is afgeskaf.[19] Minister Roos het inleidend gemotiveer: "Ek glo dat die Raad nog dieselfde mening het as verlede jaar, naamlik dat 'n wetsontwerp van hierdie aard 'n noodsaaklikheid is en dat gemengde vleeslike gemeenskap van die aard, nie toegelaat moet word in Suid-Afrika nie en dat dit 'n vergryp teen ons samelewing is."[20]

Sir William Macintosh van die Verenigde Party, het in sy oppone-

ring van die wet gesê dat die wet van 'n natuurlike daad 'n misdaad maak. As 'n blanke man getroud is met 'n naturellevrou is gemeenskap toelaatbaar en natuurlik, maar as hulle ongetroud is, is dit nou 'n misdaad wat hy nie as 'n gesonde grondslag vir wetgewing gevind het nie.[21]

Die tweede lesing van die wetsontwerp is sonder 'n verdeling goedgekeur. Tydens die bespreking in komitee is 'n belangrike wysiging in die bepalings van die wetsontwerp aangebring.

Op aandrang van mnre. . R.H. Struben en L. Blackwell van die Verenigde Party word slegs die daad strafbaar gemaak en is alle verwysings na pogings tot uitlokking of lastig val, geskrap. In sy aanvaarding van die wysiging het Minister Roos saamgestem dat die moontlikheid van afpersing hiermee verminder.[22]

In die Senaat is die wetsontwerp nie lank bespreek nie en is dit maklik deurgevoer. Senator Langenhoven was egter op 'n stadium nie tevrede nie en het gesê dat buite-huwelikse omgang met 'n nie-blanke vrou 'n "soort sedelike kranksinnigheid" is wat oorerflik is en om hierdie oorerflikheid te voorkom moes 'n oortreder na die tweede skuldigbevinding ontman word![23]

Majoor F.J. Roberts, L.V. vir Vrededorp, en Genl. J.J. Pienaar, L.V. vir Marico, het in 1936 en in 1937 onderskeidelik, probeer om die ontugbepaling van die 1927-wet na Nie-Blank uit te brei, maar dit is deur middel van allerlei tegniese probleme onmoontlik gemaak.[24]

## 3. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE KAAPSE KLEURLINGBEVOLKING VAN DIE UNIE VAN 1937

Die Goewerneur-generaal, Mnr. Buchanan het op 13 Julie 1934 'n Kommissie van vyf lede benoem om ondersoek in te stel na die posisie van die Kleurlingbevolking, insluitende die Kaapse Maleiers. Die Kommissie onder aanvanklike voorsitterskap van prof. Johannes du Plessis en na sy dood onder leiding van prof. R.W. Wilcocks, moes volgens hulle opdrag, aandag gee aan die bestaande maatskaplike omstandighede wat die destydse en toekomstige welsyn van die Kleurlinge raak.[25]

Die Kommissie beveel aan in par. 129 dat wetgewing nie voorgestel word om huwelike tussen Blankes en Kleurlinge te belet nie.[26] Insiggewende feite rondom rasvermenging word in paragrawe 118-129 gegee, onder andere:

* "Die oorgrote meerderheid blankes in Suid-Afrika het vir baie geslagte die neiging gehad om iemand aan wie hy bekend is, dat hy 'n bymengsel Kleurlingbloed het, beslis by die Kleurlingklas te reken, in elk geval wanneer sodanige bymengsel duidelik bespeurbaar is of tot die jongste verlede behoort. Die gevolg was dat die oorwegende rigting by rassevermenging eerder die vorm van 'n toevoeging van blanke bloed tot die Kaapse Kleurlinge aangeneem het, as van die toevoeging van Kleurlingbloed tot die blanke groep.[27]

* "Daar is aan die hand gegee dat rassevermenging deur huwelike tussen Blankes en Kleurlinge by wet verbied te word. By die bespreking van hierdie werk ag ons dit wenslik om rekening te hou met die omvang waarin huwelike van hierdie aard plaasvind. Tussen die jare 1931-1935 is die persentasie gemengde huwelike (blank en kleurling) ongeveer 0,5% van huwelike tussen blank en blank.[28]

* "Hierdie klein persentasie sou egter verhoog kan word as dit moontlik was om die gevalle daarby te voeg waar óf die bruidegoms óf die bruide by huwelike van 'blankes' as blankes opgegee is, hoewel hulle in werklikheid gedeeltelik van nie-blanke herkoms is.[29]

* "Drs. Wilcocks, Malan en De Villiers voel naamlik, dat die vraagstuk van rassevermenging blykbaar nie direk deur wetgewing opgelos kan word wat huwelike tussen Kleurlinge en Blankes verbied nie, maar dit wil voorkom dat rassevermenging eerder bestry moet word deur die invloed van die openbare mening, sowel van Kleurlinge as van Blankes en deur die vermyding van omstandighede wat waarskynlik tot rassevermenging sal voer."[30]

Die Kommissie was wel teen rasvermenging gekant, maar was nie van mening dat wetgewing in die verband nie nodig was nie, aangesien die openbare mening voldoende bekamping van rasvermenging tot gevolg sou hê.

## 4. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE OOR GEMENGDE HUWELIKE IN SUID-AFRIKA, U.G., NO. 30 VAN 1939. ONDERSOEK EN AANBEVELINGS.

Genoemde Kommissie oor Gemengde Huwelike is in 1938 deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade aangestel met die opdrag: om vas te stel of huwelike in Suid-Afrika tussen Europeane en nie-Europeane (i) toenemend plaasvind of waarskynlik toenemend sal plaasvind; en (ii) of sodanige huwelike sodanig voorkom om die welvaart van die Unie en die toekomstige samestelling van die bevolking ernstig te benadeel. Die Kommissie moes besluit of stappe gedoen moes word om sulke huwelike teen te gaan.[31]

### 4.1 Ingesteldheid van Bevolkingsgroepe

#### 4.1.1 Swartes (Naturelle)

Die Kommissie was die mening toegedaan dat Swartes beslis gekant was teen gemengde huwelike. "Maar die wat na vore gekom het, het 'n vurige rassebewussyn geopenbaar wat in opstand kom teen die seksuele misbruiking van hulle vroue in die onwettige gemeenskap, en wat 'n huwelik met 'n Europeaan as 'n misplaaste en noodlottige avontuur beskou."[32]

Uit 'n memorandum van 'n Swart predikant in Noord-Transvaal, haal die Kommissie die volgende aan:

"Daar is heel duidelike redes waarom Blank en Swart nie met mekaar behoort te trou nie. Die Swart ras moet trots daarop wees om suiwer Swart te bly. In baie gevalle, so nie in die meeste, is die huwelike onwettig, en gevolglik is die nakomelingskap, om die regte term te gebruik, oneg. Dit sou baie onbehoorlik wees om die voortbrenging van onegte kinders aan te moedig. Ons moet broeders in Christus wees, en nie swaers nie. Om vermenging toe te laat, is om die goeie oorspronklikheid van die natuur te wil verbeter."[33]

Op Alice het Prof. Jabavu van Fort Hare en Biskop Ferguson-Davie die Kommissie te woord gestaan. Albei het hulle sterk teen gemengde huwelike uitgespreek en gewys op die nadelige sosiale gevolge vir die ouers en kinders. Prof. Jabavu was egter gekant teen 'n wet om gemengde huwelike te verbied. Die biskop was ook van mening dat daar 'n morele rede is waarom gemengde huwelike nie onwettig verklaar moet word nie. Dit kan voorkom, dat dit 'n persoon se sedelike plig is om 'n huwelik aan te gaan as synde die enigste manier om 'n reeds begane onreg te herstel. Dit is die weg wat deur die Ontugwet van 1927 oopgelaat is.[34]

4.1.2 Kleurlinge

Die houding van die Kleurlinge is aan die Kommissie gestel deur drie verteenwoordigers van die sogenaamde "Coloured Welfare

Association in the Capë Pèninsula". Hülle was eenparig teen huwelike tussen Europeërs en Kleurlinge gekant en wel om die volgende redes:

(i) "So 'n huwelik gee gewoonlik aanleiding tot tweedrag onder die familiebetrekkinge, veral onder die kinders van lede van dieselfde gesin. Soms verag 'n kind selfs sy eie moeder. Aan die ander kant maak die kinders wat onmiskenbaar gekleurd is, miskien deur afguns daartoe gedryf, asof hulle die wat ligter gekleurd is, verag en noem hulle 'basters'. Hierdie gees kan maklik al die familieverhoudings deurtrek en kwaai-vriendskap veroorsaak."[35]

ii) Hulle erken dat 'n Blanke wat aan 'n Kleurlingmeisie die hof maak, gewoonlik van 'n laer klas is, sodat sy attensies met agterdog bejeën word. Hulle was egter nie ten gunste van wetgewing teen gemengde huwelike nie. Dit sou on-Christelik wees en dit sou die saak nie verbeter nie.[36]

4.1.3 Asiate

Die Suid-Afrikaanse Indiërskongres het in 'n memorandum aan die Kommissie verklaar dat die Indiërgemeenskap teen gemengde huwelike gekant is, net so sterk as enige ander gemeenskap in Suid-Afrika.[37] Die Indiërkongres was egter teen wetgewing gekant. Die

Agent-generaal vir Indië hêt oók 'n aanvullende memorandum aan die Kommissie gestuur. Sy motivering was as volg:

"Besware teen gemengde huwelike hoef nie noodwendig op beskouings aangaande rasseminderwaardigheid gegrond te wees nie. Hulle kan voortvloei uit verskil in kultuur, lewensbeskouing en sosiale gewoontes. As daar propaganda was om op grond van hierdie verskille 'n openbare mening teen gemengde huwelike te vorm, sou die Indiërgemeenskap nie voel dat enige rassesmaad daarin opgesluit lê nie."[38]

4.1.4 Gevolgtrekkings en Aanbevelings

'n Merkwaardige kenmerk van die getuienis wat die Kommissie versamel het, "... was die vrywel eenstemmige afkeer van gemengde huwelike en die algemene aandrang dat sulke huwelike sover as moontlik voorkom moet word".[39]

Die verslag van die Kommissie konstateer verder: "Daar is gewoonlik twee metodes aangegee om die algemeen as 'n ernstige maatskaplike euwel beskoude verskynsel teen te gaan; enersyds is ernstig op verbodswetgewing aangedring; andersyds is beweer dat wetgewing om baie redes onnodig en ongewens is, en dat die beste metode om 'n sosiale euwel te bestry, bestaan in die opwekking en versterking van 'n welingeligte openbare mening."[40]

Die Kommissie was egter van mening dat die swakheid van 'n openbare mening daarin lê dat dit nooit algemeen aanvaar word nie. Die wat nie instem nie, laat dit egter vry om anders te dink en op te tree.[41]

Maatskaplike uitsluiting is die vernaamste wapen, maar het egter nie 'n gelyke uitwerking op alle individue en daar is mense op wie dit weinig uitwerking het.[42]

Die Kommissie bevind verder dat, "as daar geen stappe gedoen word om die aangaan van gemengde huwelike te bestry nie, is dit waarskynlik dat die aantal van sulke huwelike sal toeneem. Dit is redelik om aan te neem dat die voortdurende aangaan van sulke huwelike met verloop van tyd daartoe sal lei dat die afkeuring wat in die openbare mening opgesluit lê, sal verswak."[43]

Die Kommissie is verder van mening dat, "die toenemende nabyheid van en verkeer tussen die Europese en nie-Europese groepe as gevolg van die gelyksoortige woningtoestande en ekonomiese omstandighede waarin hulle lewe, die waarskynlikheid dat huwelike tussen lede van die twee groepe sal plaasvind moet vergroot."[44]

Die Kommissie beveel dan ook aan dat stappe geneem moet word om 'n moontlike toename van gemengde huwelike stop te sit deur middel van wetgewing.[45]

5. DIE WET OP DIE VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE, NO. 55 VAN 1949

Die Nasionale Party wat in Mei 1948 aan bewind gekom het, het spoedig na sy bewindsaanvaarding begin om sy apartheidsbeleid te implementeer en in werking te stel. Een van die eerste manifestasies in die uitvoering en toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling was dan ook om wetgewing daar te stel om geslagsverkeer tussen Blank en Nie-Blank aan bande te lê.

In Mei 1949 het die destydse Minister van Binnelandse Sake, Dr. T.E. Dönges, die Wetsontwerp op Verbod van Gemengde Huwelike no. 55 van 1949, ingedien. Volgens Joubert was hierdie wetsontwerp, wat na 'n lang en indringende bespreking Wet no. 55 van 1949 geword het, tegelyk 'n voortsetting van voorafgaande gebeure en 'n keerpunt ten opsigte van toekomstige ontwikkelinge.[46]

In sy motivering gedurende die tweedelesingsdebat vir die daarstelling van die Menghuwelikewet het Minister Dönges die aansluiting van die wetsontwerp by die 1927-Ontugwet, die aanbevelings van die 1939-Kommissie oor Gemengde Huwelike en die afkeer van gemengde huwelike deur die openbare mening duidelik gestel.[47] Sy eie woorde was: "Een van die eerste redes is seker die drang vir behoud van rassesuiwerheid. (...) Maar daar is 'n ander rede. Afgesien van die drang tot behoud van rassesuiwerheid, is daar ook die gevoel dat daar pogings aangewend moet word tot voorkoming van die sosiale probleme wat uit bloedvermenging vloei, veral wat betref die gevolge daarvan vir die onskuldige slagof-

fers, die kinders ..."[48]

Die Minister gaan verder en sê, dat "teenkanting teen gemengde huwelike nie beperk is tot blankes nie. (...) In die eerste plek wil ek daarop wys dat hier geen kriminele straf neergelê word vir 'n huwelik wat teen hierdie wet plaasvind nie. Wat hier wel gedoen word, is dat daar geen wetlike voorsiening vir die voltrekking van so 'n huwelik is nie, en indien dit wel voltrek word, dan word dit as onregsgeldig beskou, maar daar is geen kriminele straf verbonde aan die aangaan van so 'n huwelik nie, nog vir die man, nog vir die vrou."[49]

Die gewese Eerste Minister, Veldmaarskalk J.C. Smuts het self die Wet namens die Opposisie teengestaan alhoewel hy hom nie pertinent teen maatreëls uitgespreek het om rasvermenging te bekamp nie. Hy motiveer: "... as daar een ding is waarvoor alle Suid-Afrikaners dit eens is, is dit dat rassebloedvermenging 'n euwel is."[50]

Smuts gaan voort en sê dat hy nie gekant is teen wetgewing wat huwelike tussen Blankes aan die een kant en Naturelle en Indiërs aan die ander kant verbied nie.[51]

Hy ondervind egter probleme as dit kom by die omskrywing van 'n Kleurling, wat vir hom 'n kwessie is van onbepaalde gradasies. Volgens hom plaas dit die huweliksbeampte in 'n onbenydenswaardige posisie om te besluit of 'n persoon 'n kleurling is of nie. Die Leier van die Opposisie was van mening dat, as gevolg van die

eindelose verskeidenheid onder die Kleurlinge, dit onmoontlik sal wees om 'n eenvormige beslissing te hê.[52]

Smuts merk verder in die verband op: "Daar is 'n wêreld van verskil tussen die gebied van sedelikheid en die gebied van die Wet. (...) Ons weet dat dit 'n euwel is, maar ons weet dit is 'n euwel wat slegs volgens etiese maatstawwe van sedelikheid van die gemeenskap genees kan word, deur die godsdiens en etiek; maar om die Wet toe te pas as 'n metode van oplossing, meen ek, is om te ver te gaan."[53]

Dr. A.H. Jonker van die Verenigde Party, steun die Leier van die Opposisie en sê dat so 'n wet wat 'n verbod plaas op Gemengde Huwelike, nie nodig is nie en dat hy besonder geraak is, "... oor die manier waarop veral die ouer blanke bevolkingsdeel van Suid-Afrika oor 'n tydperk van 300 jaar in die moeilikste omstandighede wat hulle kon omring het, daarin geslaag het om die blanke ras in so 'n groot mate suiwer en blank te hou in Suid-Afrika."[54]

Mnr. D.J.J. Mostert, L.V. vir Witbank, het tot ondersteuning van die regering se standpunt die volgende gesê: "As ek dan 'n wet maak teen diefstal, wil ek tog nie veronderstel dat alle mense diewe is nie. As ons hierdie wette maak, dan maak ons nie die wet in die eerste plaas om die skuldige te straf nie. Dit is duidelik; maar ons maak die wet om die onskuldige te beskerm. As ons daarop uit was om te straf, dan sou die strafbepalings in die wetsontwerp vervat gewees het."[55] Mnr. Mostert het verder

gesê: "Dit is nie bedoel om 'n twisappel te word nie; dit is nie bedoel om te geld vir enige sonde nie, maar dit is slegs bedoel om die onskuldige kinders te beskerm wat gebore word uit hierdie gemengde huwelike. (...) Dit is nie altyd die geval dat die blanke 'n muur om homself wil gooi teenoor die naturel of teenoor die kleurling nie; ons wil nie altyd te velde trek en hulle verag en beskimp nie. (...) Daardie kleurlingmoeders moet net so beskerm word teenoor die onbesonne blankes as wat die blanke moet beskerm word teenoor die kleurling ..."[56]

Aan die einde van die tweedelesingsdebat noem Minister Dönges die volgende beweegredes vir die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike: "Daar is geen rassediskriminasie in hierdie wetsontwerp nie. (...) Wat vir die een geld, geld vir die ander. (...) Dit moet albei partye straf of hulle blank of nie-blank is. (...) Dit is gebaseer op die beginsel van rassedifferensiasie."[57]

Genl. Smuts se amendement is met 59 teen 56 stemme verwerp en die wetsontwerp is vir die tweede maal gelees. In die komiteestadium is verskeie van die oorspronklike klousules gewysig en aangevul. Die derde lesing is uiteindelik op 24 Junie 1949 met 71 teen 51 stemme goedgekeur.

## 6. DIE ONTUGWYSIGINGSWETSONTWERP, NO. 21 VAN 1950

Van al die maatreëls om geslagsverkeer oor die kleurgrens te bekamp, het die Ontugwysigingswetsontwerp, no. 21 van 1950 die mees intensiewe bespreking en kritiek binne- en buite-parlementêr en ook in die buiteland uitgelok.[58] Om in 1948 'n verkiesing met die belofte van groter rasseskeiding te veg en te wen, en om binne agtien maande gemengde huwelike en alle geslagsverkeer tussen Blank en Nie-Blank te verbied, was om volledig en blatant stroomop te beweeg in die na-oorlogse wêreld; "'n wêreld waarin die verwerping van rassediskriminasie en van selfsugtige nasionalisme heilige norme sou word,"[59] aldus Joubert.

Die Ontugwet van 1927 het seksuele verhoudings tussen Blank en Swart verbied en strafbaar gemaak. Die Ontugwysigingswetsontwerp no. 21 van 1950 het die term <u>Naturel</u> met <u>Nie-Blanke</u> vervang.

Adv. C.R. Swart, destyds Minister van Justisie, se motivering namens die regering in die Volksraad was die volgende:

"Wanneer jy wetgewing indien om 'n sekere misdaad strafbaar te maak, kla jy nie die hele volk aan as misdadig in hierdie rigting nie.(...) Maar jy weet dat daar sekere swakker dele van die bevolking is wat hulle te buite gaan en misdade pleeg of sekere dinge doen en dan moet jy dit deur wetgewing teengaan."[60] Hy gaan vòort: "Jy sal dit (ontug oor kleurgrens-J.C.L.) nooit heeltemal uitroei nie. Jy sal dit nooit waarskynlik sover kry dat daar

hoegenaamd geen geslagsverkeer tussen blankes en naturelle is nie. (...) Maar dit dien wel as afskrikmiddel en die volk weet dat dit 'n misdaad is wat gestraf word, en mense word daardeur afgeskrik om iets te doen wat verkeerd is."[61]

Dr. C.F. Steyn van die Opposisie het hierop soos volg reageer: "Ons weet wel dat wat die wet van 1927 betref, daar baie gevalle van ontbering was. (...) Om hierdie wetgewing toe te pas gaan oneindig moeiliker wees wat die toepassing van die 1927 wet was. Ek meen hierdie maatreël is onwenslik: ek meen dit is onuitvoerbaar en ek meen dit is skadelik. (...) Ek voel dat die euwel wat daaruit gaan voortvloei, verdere slegte gevoelens tussen die Blankes en die Kleurling in hierdie land gaan skep."[62]

Dr. A.J.R. van Rhyn van die N.P. het op dr. Steyn se argumente reageer en die volgende gesê:

"Ek kan nie verstaan dat 'n gewese Minister van Justisie, die agbare lid vir Bloemfontein (Stad) so 'n 'hands-up'-houding kan aanneem nie. Met ander woorde, die euwel is daar, in vadersnaam moet dit nie probeer stopsit nie, want jy kan dit nie deur wetgewing stopsit nie. Dan kan ons maar alle wetgewing uitskakel. (...) Aan die een kan* het jy die gewese Minister van Justisie wat glo dat hierdie dinge nie op groot skaal plaasvind nie, aan die ander kant het jy 'n sekondant wat vir ons gewaarsku het dat ons duisende polisie sal moet aanhou om hierdie ding te hanteer. Maar laat ek aanneem dat dit nie op groot skaal

plaasvind nie, dan is die standpunt van agb. lede aan die anderkant dat hulle eers wil optree wanneer die ding so groot is dat jy dit nie meer kan keer nie."[63]

Mnr. P.W. Botha, destyds L.V. vir George, het hom ook ten gunste van die wetgewing uitgelaat:

"Die Britse staatsman Gladstone het eenmaal as hoeksteen vir 'n goeie staat neergelê dat so 'n staat 'n gewete moet hê, (...) as 'n staat 'n gewete moet hê, dan moet sy wette daardie gewete weerkaats. (...) Dit is nie net die rede van selfbehoud van die Blankes wat ons noop tot hierdie standpunt nie, maar daar is 'n ander baie belangrike rede. Ek glo daarin dat vir die Kleurling-bevolking ook omstandighede moet geskep word waaronder hulle langsamerhand 'n gevoel van nasieskap sal ontwikkel."[64]

Teen die einde van die tweedelesingsdebat beskuldig die Nasionale Party die Verenigde Party daarvan dat hulle partypolitieke spel en gewin daarvan probeer maak. Mnr. Papenfus beskuldig die Opposisie daarvan dat hulle afhanklik is van kleurlingstemme en "geen gewetensbeswaar het om die suiwerheid van die blanke ras te laat vaar ten opsigte van stemme nie."[65]

Aan die einde van die debat sluit Adv. C.R. Swart af:
"My agbare vriende aan die oorkant sê dat hulle ook teen bloedvermenging is, maar nou kom hulle met 'n amendement en sê: Ons wil die wetsontwerp nie hê nie, omdat jy nie by wyse van wetgewing ontug kan verhoed nie. Hier is geen praktiese middel

aan die hand gegee afgesien van die openbare mening, om die euwel teen te gaan nie."[66]

Dr. Steyn se amendement word tot stemming gebring en verwerp met 66 teen 55 stemme. In die komiteestadium stel maj. P. van der Byl namens dr. D.L. Smit die invoeging van 'n belangrike klousule in die wet voor, wat deur min. Swart aanvaar word, dat dit as voldoende verweer sal geld teen 'n aanklag van ontug as die betrokke persoon die hof kan oortuig dat hy gedink het dat die medepligtige van dieselfde ras is as hy.[67]

Op 30 Maart 1950 word die derde lesing sonder enige verdere bespreking goedgekeur.

## 7. DIE ONTUGWET VAN 1957 (Artikel 16)[68]

Die Ontugwetsontwerp wat uiteindelik Wet no. 23 van 1957 geword het, is op 29 Januarie 1957 deur die Minister van Justisie, adv. C.R. Swart voorgelê: Hy het as volg verduidelik:

"Hierdie een is nog een van die maatreëls wat ons indien met die doel om ons wette oor 'n besondere onderwerp bymekaar te bring in een saamgevatte wet.[69] Adv. Swart motiveer verder: 'wat betref ontug tussen Blankes en nie-Blankes, (...) het die bepaling op alleen aktuele geslagsomgang betrekking (Ontugwysigingswet, no.

30 van 1950–J.C.L.). Hier word 'n nuwe bepaling ingevoeg dat dit ook insluit, onbehoorlike of onsedelike dade tussen Blank en Nie-Blank. Die rede waarom dit ingevoeg is, is omdat in die laaste tyd dikwels gevind is dat die Nie-Blanke vrou skuldig pleit en die Blanke pleit onskuldig. Dan word hulle apart verhoor. Die Nie-Blanke erken skuld en word gestraf. Die blanke veg die saak op die punt dat dit nie kan bewys word nie, met die gevolg dat hy in party gevalle loskom. Agb. lede sal met my saamstem dat dit nie so behoort te wees nie."[70]

Mnr. W.P. Stanford van die Verenigde Party het die wetgewing teengestaan:

"Ek het melding gemaak van hierdie kwessie van die ondoeltreffendheid van wetgewing, en aan die ander kant van sekere maatskaplike euwels wat die nasleep vorm van hierdie soort wetgewing, want dit maak onvermydelik spioene en afloerders van ander mense en die polisie, en dit gee aanleiding tot afpersing. Die is almal anti-sosiale euwels wat inbreuk maak op die private lewe van die individu en inbreuk van die ergste graad. Dit is uiters onaangenaam om te dink dat 'n jong polisieman waarskynlik die lig van sy flits moet werp in 'n motorkar van 'n paartjie wat opsit, om te bepaal of hulle mense van verskillende rasse is. Ek voel dat dit vernederend is vir beide die polisieman en diegene na wie hy ondersoek instel."[71]

Minister Swart reageer en noem verder 'n insiggewende punt:

"Maar later het Verenigde Party kongresse my gevra om strenger en swaarder strawwe op te lê. Hulle het my selfs gevra om te bepaal dat mense wat dit doen, ontkieser sal word."[72]

Mnr. Stanford se antwoord hierop was:

"Dit is 'n wanbegrip om altyd te wil wetgewing maak vir toestande waarvan jy nie hou nie, en om dan te dink dat jy op die manier sukses behaal, en ons begaan meer en meer daardie fout in ons land. Dit is een van die hoofredes waarom ek voel dat hierdie klousule 'n ongelukkige klousule is, en waarom ek daarteen moet stem."[73]

Die Minister van Justisie vind dr. D.L. Smit en ook mnr. A.E. Trollip van die Opposisie se versoek dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word, onaanvaarbaar en die tweede lesing word goedgekeur.

Wanneer klousule 16 gestel word, word 'n verdeling gevra. As net mev. Ballinger en mnre. A. Hepple, Lovell, Stanford en L. Whiteley daarteen stem, verklaar die voorsitter die klousule as goedgekeur. In die debat voor die derde lesing herhaal dr. Smit die V.P. se standpunt dat ontug tussen Blank en Nie-Blank nie doeltreffend met wetgewing teengegaan kan word nie.[74] Meer spesifiek het hy ook nog steeds besware teen die onduidelikheid van die term "onbehoorlike daad" en hoop dat in die senaat iets aan die

saak gedoen sal word.[75] Die Verenigde Party het vir die wetsontwerp gestem maar was gekant teen klousule 16.

Minister Swart het die debat afgesluit met die volgende woorde:

"Ek het gesê dat daar ook swakkes onder ons eie mense is, maar die groot rede vir die wetgewing was nie omdat ons as Afrikaners ons nie kan gedra nie, maar omdat ons wetgewing nodig gehad het vir die buitelanders wat hier kom en nie die gevoel het, wat ons het nie."[76]

Die wetsontwerp word uiteindelik sonder enige wysiging van klousule 16 en sonder 'n verdeling van stemme vir die derde maal gelees.

## 8. SAMEVATTING VAN STANDPUNTE TEN GUNSTE EN DAARTEEN VIR WETGEWING OM GESLAGSVERKEER OOR KLEURGRENS TE BEKAMP.

Politieke debat 1926 - 1957

### 8.1 Afkeuring van wetgewing

Wanneer die argumente ter afkeuring van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet in oënskou geneem word, moet die ideologiese onderbou van die teenstanders van die genoemde wette altyd in gedagte gehou word. Teenstanders van die twee wette het dan ook regteenoor die beleid van

afsonderlike ontwikkeling te staan gekom.

Teenstanders van die Gemengde Huwelike- en Ontugwet was van mening dat die openbare afkeer en mening voldoende is om geslagsverkeer oor kleurgrens te bekamp. Rasvermenging sou nie deur wetgewing bekamp word nie. Teenstanders van die twee wette was van mening dat die wette onchristelik was, en dat die bekamping van rasvermenging deur wetgewing onuitvoerbaar en skadelik vir volkereverhoudinge was.

Teenstanders van genoemde wette was verder van mening dat indien die Blanke sy ras vir 300 jaar sonder wetgewing kon suiwer hou, hy dit in die toekoms ook sal kan doen.

Verdere besware teen die wetgewing was dat dit van die polisie afloerders en spioene gemaak het.

8.2 Voorstanders van wetgewing

Voorstanders van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet se volkerebeleid, ook ten opsigte van die biologiese aspek, was op afsonderlikheid van die bevolkingsgroepe gerig. Die Blankes in die algemeen en die Afrikaner in die besonder, het die totale andersoortigheid van die Nie-Blanke volksgroepe aangevoel. Die numeriese wanverhouding ten opsigte van die Blanke en verswelging deur die

nie-blanke volke het 'n wesentlike gevaar vir die Blankes ingehou.

Die daarstelling van wetgewing om rasvermenging te bekamp, het ontstaan uit publieke aandrang wat die Afrikaanse kerkgroepe ingesluit het. Voorstanders van dié wetgewing wou rasvermenging wat die gevolg van die armblanke-vraagstuk met sy sosio-ekonomiese probleme was, deur wetgewing bekamp. Rasvermenging is gesien as 'n vergryp teen die samelewingsorde. Laasgenoemde was ook die standpunt van verskeie nie-blanke groepe. Nie-blanke getuies het veral daarop gewys dat intieme familiebetrekkinge deur gemengde huwelike en ontug, intens geraak word. Voorstanders van die wetgewing was ook verder van mening dat die openbare mening nie voldoende sou wees om geslagsverkeer oor die kleurgrens te verhoed nie. Die aangaan van sulke huwelike sou daartoe lei dat die afkeur van gemengde egpare later sal verswak. Vir die voorstanders van dié wetgewing het dit nie net gegaan om rassesuiwerheid van die Blankes te behou nie, maar het dit veral gegaan om die voorkoming van sosiale probleme wat uit bloedvermenging sou voortvloei. Die nakomelingskap uit gemengde egpare sou veral daaronder ly.

## 9. BESKOUINGE VAN HUIDIGE POLITICI VAN DIE VERSKILLENDE BLANKE POLITIEKE PARTYE OOR DIE FUNKSIE EN DOEL VAN DIE WET OP VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET

### 9.1 Nasionale Party

9.1.1 Minister Piet Badenhorst - Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning en Voorsitter van die Gekose Komitee om genoemde wetgewing te ondersoek:

"Ons het in die Komitee tot dié gevolgtrekking gekom, die hoofdoel was eintlik om eerstens bloedvermenging te vermy, maar ook daardeur die groepskarakter sterker gevestig te kry. Dit was veral na die 2de Wêreldoorlog dat ons gevind het dat daar geweldige bloedvermenging aan die gang was. (...) en dat die groepskarakter nie so sterk was nie. Dit was ook die inhoud van die vertoë wat destyds veral deur die kerk tot die regering gerig was. Bloedvermenging moes gekeer word."

9.1.2 Mnr. Wynand Malan - L.P. vir Randburg:

"Die doel en funksie was om rassesuiwerheid te handhaaf."[78]

9.1.3 Mnr. Roelf Meyer - L.P. vir Johannesburg-Wes:

"My afleiding ten opsigte van die funksie daarvan, dit was 'n ordeningsmaatreël in 'n poging om die gemeenskapslewe te orden."[79]

9.1.4 Dr. C.J. van der Merwe - L.P. vir Helderkruin:

"Ek dink dit het voortgespruit uit omstandighede toe die Afrikaners in 'n baie ekonomiese neergedrukte situasie was. 'n Deurmekaar residensiële situasie het ontstaan. Die gevaar het bestaan van verslegting van jou mense. Hulle (die Blankes-J.C.L.) het tussen die Nie-Blankes gewoon, daar was 'n gevaar dat hulle sommer net sou uitsak en in die Nie-Blanke stroom in opgaan."[80]

9.1.5 Evaluering

Die handhawing van rassesuiwerheid, bekamping van bloedvermenging en die ordening van die gemeenskapslewe as funksie en doel, van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet kom uit bogemelde antwoorde na vore.

9.2 Progressiewe Federale Party

9.2.1 Mnr. Colin Eglin - L.P. vir Seepunt:

"Die wette was nie vir suiwer politieke doeleindes op die wetboek geplaas nie. (...) Maar dit het gegaan om die behoud van rassesuiwerheid van een rassegroep. Veral met die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike het dit gegaan oor die feit dat die Swartes in 'n groot mate besig was om te verstedelik. Dit was 'n etniese volksdrang wat gevra het: hoe kan ons hierdie suiwerheid behou? Dit het tot druk op die politici gelei. Die wette moet gesien word in die lig van 'n kultureel-etniese verband en nie soseer in 'n politieke verband nie."[81]

9.2.2 Mev. Helen Suzman - L.P. vir Houghton:

"The original idea was to fortify the South African objections to race miscegenation."[82]

9.2.3 Mnr. Graham McIntosh - L.P. vir Pietermaritzburg-Suid:

"Dit is hoofsaaklik om blanke Afrikaners te verbied om mense van ander rasse te trou. Artikel 16 van die Ontugwet het Afrikaners

verbied om seks te hê met iemand wat nie 'n Blanke is nie. Dit was 'n deurskynende poging om die Afrikaner te beveilig ten opsigte van sy seksuele drange teenoor wat Nie-Blank was."[83]

### 9.2.4 Evaluering

Beskouinge van bogenoemde politici kom op die volgende neer:

Die behoud van rassesuiwerheid van die Blanke in die algemeen en die Afrikaner in die besonder; die beveiliging van die Afrikaner en om gehoor te gee aan die besware van die voorkoms van rasvermenging.

## 9.3 Konserwatiewe Party

### 9.3.1 Dr. Andries Treurnicht - L.P. vir Waterberg:

"... daar was sterk aandrang vir die wetgewing, van die kant van die kerke, uit pastorale arbeidsoogpunt, die euwels en die onheile wat gebore word uit hierdie verskynsels. Dit was 'n poging om ongewenste toestande te bekamp."[84]

9.3.2 Dr. Ferdie Hartzenberg - L.P. vir Lichtenburg:

"Ek dink dit het ten doel gehad om die samelewing te orden, in so 'n mate dat daar nie onnodige wrywing en onnodige probleme ontstaan nie. Uit die bloedvermenging wat uit die ding voortspruit, skep jy nuwe sosiale probleme wat eintlik onhanteerbaar is, en ek dink dit was die doel om daardie sosiale probleme te bekamp."[85]

9.3.3 Mnr. Daan van der Merwe - L.P. vir Rissik:

"Eerstens uit die blankes se oogpunt was die wet ingestel vir die beskerming en behoud van blanke identiteit. Tweedens was dit 'n wet om die kwessie van immoraliteit stop te sit en te keer. Derdens was dit om vroue te beskerm teen uitbuiting van mans."[86]

9.3.4 Evaluering

Die doel en funksie van genoemde wette was volgens L.P.'s van die Konserwatiewe Party die volgende: die bekamping van sosiale probleme wat uit geslagsverkeer oor kleurgrens ontstaan het; die ordening van die samelewing; die beskerming van blanke identiteit en die beskerming van onskuldige vroue teen uitbuiting deur mans.

9.4 Nuwe Republiekparty

9.4.1 Mnr Vause Raw - L.P. vir Durban-Punt:

"Die doel was om blank, blank te hou en die blanke ras suiwer te hou."[87]

9.5 Herstigte Nasionale Party

9.5.1 Mnr. Louis Stofberg - L.P. vir Sasolburg:

"Die doel was om rasvermenging tot 'n minimum te beperk. Die wetgewing het ook 'n versterkende uitwerking op die ingebore, dieperliggende norme wat daar in die gemeenskap aanwesig is, wat die dinge aanbetref."[88]

9.6 Samevatting

Terwyl dit vir die lede van die P.F.P. en die N.R.P. bloot gegaan het om deur middel van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet, die rassesuiwerheid van die Blankes en in besonder die Afrikaner te handhaaf, het dit vir die lede van die Nasionale Party, Konserwatiewe Party en Herstigte Nasionale Party veel wyer gegaan. Dit het om beter gemeenskaps-

ordening en die beskerming van die blanke bevolkingsgroep gegaan. Aspekte wat lede van die Konserwatiewe Party en Herstigte Nasionale Party aangeraak het, en wat by die lede van die Progressiewe Federale Party, Nasionale Party en Nuwe Republiekparty afwesig was, is naamlik, dat die genoemde wette ook die bekamping van sosiale euwels en probleme wat uit rasvermenging voortspruit, ten doel gehad het.

## 10. SLOTWOORD

Uit 'n evaluering van die politieke debat van 1927 tot 1957 oor die kwessie van rasvermenging kom die volgende aspekte na vore:

1. Die wette rakende gemengde huwelike en ontug wat in die vier provinsies vóór 1927 bestaan het, was verskillend en het dit eenvormige wetgewing vir al vier provinsies genoodsaak, vandaar die deurvoering van die Ontugwet in 1927 wat ontug tussen Wit en Swart verbied het. Die feit dat gemengde huwelike tussen Blank en Nie-Blanke volksgroepe nie in die Ontugwet van 1927 ter sprake was nie, het skuiwergate in die wet tot gevolg gehad.

2. Die saamleef van die Blanke met die Nie-Blankes op 'n steeds intiemer vlak as gevolg van industrialisasie en

verstedeliking in die laat twintigerjare en die jare onmiddellik daarna, het twee implikasies ingehou. Enersyds het dit daartoe gelei dat by die Blanke in die algemeen en die Afrikaner in die besonder 'n sterk rassegevoel aangewakker is en dat die Blankes al hoe meer afkerig gestaan het teenoor bloedvermenging met die Nie-Blanke groepe. Andersyds was by 'n sekere deel van die Blankes die rassegevoel nie so sterk aanwesig nie. Die intieme leefwyse op ekonomiese en maatskaplike gebied het daartoe gelei dat ras- en bloedvermenging op 'n redelik groot skaal plaasgevind het. Publieke aandrang by die regering om wetgewing daar te stel om rasvermenging te bekamp, het na vore gekom. Die bevinding van die Kommissie wat ondersoek ingestel het na Gemengde Huwelike in Suid-Afrika, dat die openbare afkeur en mening afneem, namate gemengde huwelike en ontug toeneem, is hiermee in pas en korrek.

3. Uit getuienis van verskeie Nie-Blanke groepe het dit geblyk dat gemengde huwelike, ernstige nadelige gevolge inhou, nie net vir die samelewingsorde nie, maar ook vir die kinders wat uit sulke huwelike gebore word.

4. Die plasing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, no. 55 van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet, no. 23 van 1957, kan nie slegs gesien word as 'n poging van die Blanke in die algemeen en die Afrikaner in die besonder om rassesuiwerheid

te handhaaf nie. Die Nasionale Party wou daardeur die gemeenskapsorde en die volkskarakter stewiger gevestig kry. Die twee wette is ook op die wetboek geplaas om die sosiale probleme wat uit rasvermenging voortgevloei het, te bekamp.

5. Die plasing van genoemde wette op die wetboek was dus duidelik 'n uitvloeisel van voorafgaande gebeure. Die gebeure het die openbare mening teen geslagsverkeer oor die kleurgrens, die armblanke-vraagstuk met sy maatskaplike probleme, die toestande in die hawens en die afwesigheid van 'n kleurgevoel by immigrante, ingesluit. Dis van belang om te noem dat die sluiting van 'n gemengde huwelik nie as 'n misdaad beskou is nie, maar wel 'n valse verklaring aan die huweliksbevestiger, was 'n misdryf.

Die plasing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet het ten nouste saamgehang met plasing van die Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiedewet en verdere apartheidswetgewing wat sou volg.

## VOETNOTE

1. Scholtz, G.D., _Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner_, Deel VII, p.228. 'n Sensusopname wat in 1936 gehou is het die volgende getalle aangetoon: Swartes 6 585 597; Blankes 2 003 334; Kleurlinge 769 341 en 219 691 Asiate.
2. _Ibid_.
3. Heydenrych, J.J.F.C., _Maatskaplike implikasies by die toepassing van art. 16 van die Ontugwet van 1957 no. 23 van 1957_. p.55.
4. Scholtz, G.D., _op cit_., pp.228-229.
5. _Ibid_.
6. Heydenrych, J.J.F.C., _op cit_., p.55.
7. _Debatte van die Volksraad_, 23/3/1926. Kol. 2153.
8. Joubert, D. _Met iemand van 'n ander kleur_, p.29.
9. _Debatte van die Volksraad_, 3/3/26 kol. 1365-1366.
10. Joubert, D., _op. cit_., p.29.
11. _Debatte van die Volksraad_, 3/3/1926. Kol. 1365-1366.
12. _Ibid_.
13. _Debatte van die Senaat_, 30/5/26. kol. 415.
14. Joubert, D., _op cit_., p.30.
15. _Debatte van die Senaat_, 3/5/26. kol. 435.
16. _Ibid_., kol. 437.
17. Joubert, D., _op cit_., p.30.
18. _Ibid_., p.31, _Debatte van die Senaat_, 3/5/26. kol. 441-442.
19. _Ibid_.
20. _Debatte van die Volksraad_, 2/2/27. kol. 32-33.
21. _Ibid_., kol. 38.
22. Joubert, D., _op cit_., p.33.

23. *Debatte van die Senaat*, 30/4/26, Kol. 377.

24. Scholtz, G.D., *op cit.*, p. 494-495.

25. Joubert, D., *op cit.*, p.35.

26. *Verslag van die Kommissie oor die Kaapse Kleurlinge*, U.G. No. 54 van 1937, p.34.

27. *Ibid.*, p.33.

28. *Ibid.*

29. *Ibid.*

30. *Ibid.*

31. *Verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike*, U.G. No. 30 van 1939, p.1; Joubert, D., *op cit.*, p.39.

32. *Ibid.*, p.19.

33. *Ibid.*, pp.19-20.

34. *Ibid.*, p.21.

35. *Ibid.*, p.22.

36. *Ibid.*

37. *Ibid.*, p.23.

38. *Ibid.*

39. *Verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike*, U.G. no. 30 van 1939, p.32.

40. *Ibid.*, p.32.

41. *Ibid.*, p.33.

42. *Ibid.*

43. *Ibid.*, p.35.

44. *Ibid.*

45. *Ibid.*, p.36.

46. Joubert, D., *op cit.*, p.55.

47. Ibid.

48. Debatte van die Volksraad, 19/5/49, kol. 6308.

49. Ibid., kol. 6304.

50. Ibid., kol. 6311.

51. Ibid., kol. 6312.

52. Ibid., kol. 6314.

53. Ibid., kol. 6315.

54. Ibid., kol. 6319.

55. Ibid., kol. 6332.

56. Ibid., kol. 6334-6335.

57. Ibid., 25/5/49, kol. 6658-6659.

58. Joubert, D., op cit., p.66.

59. Ibid.

60. Debatte van die Volksraad, 1/3/50, kol. 2232.

61. Ibid.

62. Ibid., kol. 2238.

63. Ibid., kol. 2247.

64. Ibid., kol. 2263.

65. Joubert, D., op cit., p.75.

66. Debatte van die Volksraad, 2/3/50. kol. 2352.

67. Joubert, D., op cit., p.75.

68. Sien Bylae (Artikel 16 van die Ontugwet van 1957).

69. Debatte van die Volksraad, 29/1/57. kol. 314.

70. Ibid, kol. 315.

71. Ibid., kol. 327.

72. *Ibid*., kol. 334.

73. *Ibid*., kol. 353.

74. Joubert, D., *op cit*., p.80.

75. *Ibid*.

76. *Debatte van die Volksraad*, 14/2/57, kol. 1183.

77. *J.C. Lombard-versameling*, bandopname van onderhoud met Adjunk-minister Piet Badenhorst NP-LP vir Oudtshoorn op 24/3/86.

78. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mnr. Wynand Malan, NP-LP vir Randburg, op 20/3/85.

79. *Ibid*., bandopname van onderhoude met mnr. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes, op 20/3/85.

80. *Ibid*., bandopname van onderhoud met dr. C.J. van der Merwe NP-LP vir Helderkruin op 25/3/86.

81. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mnr. Colin Eglin, PFP-LP vir Seepunt op 24/3/86.

82. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mev. Helen Suzman, PFP-LP vir Houghton op 25/3/86.

83. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mnr. Graham McIntosh PFP-LP vir Pietermaritzburg-suid op 19/3/86.

84. *Ibid*., bandopname van onderhoud met dr. Andries Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

85. *Ibid*., bandopname van onderhoud met dr. Ferdie Harzenberg, KP-LP vir Lichtenburg op 24/3/86.

86. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mnr. Daan van der Merwe, KP-LP vir Rissik op 20/3/86.

87. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mnr. Vause Raw, NRP-LP vir Durban-Punt op 20/3/86.

88. *Ibid*., bandopname van onderhoud met mnr. Louis Stofberg, HNP-LP vir Sasolburg op 19/3/86.

***************************

# BYLAAG BY HOOFSTUK 5

Artikel 16 van die Ontugwet, no. 23 van 1957

16. <u>Seksuele misdrywe tussen blankes en nie-blankes</u> -

1.

(a) 'n Blanke vrouspersoon wat:

i) met 'n nie-blanke manspersoon ontug pleeg of probeer pleeg; of

ii) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n nie-blanke manspersoon pleeg of probeer pleeg; of

iii) 'n nie-blanke manspersoon aanlok, uitlok of lastig val om ontug met haar te pleeg; of

iv) 'n nie-blanke manspersoon aanlok, uitlok of lastig val om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg; en

b. 'n nie-blanke vrouspersoon wat:

i) met 'n blanke manspersoon ontug pleeg of probeer pleeg; of

ii) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n blanke manspersoon pleeg of probeer pleeg; of

iii) 'n blanke manspersoon aanlok, uitlok of lastig val om ontug met haar te pleeg; of

iv) 'n blanke manspersoon aanlok, uitlok of lastig val om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg,

is aan 'n misdryf skuldig.

2.

(a) 'n Blanke manspersoon wat -

i) met 'n nie-blanke vrouspersoon ontug pleeg of probeer pleeg; of

ii) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n nie-blanke vrouspersoon pleeg of probeer pleeg; of

iii) 'n nie-blanke vrouspersoon aanlok, uitlok of lastig val om ontug met hom te pleeg; of

iv) 'n nie-blanke vrouspersoon aanlok, uitlok of lastig val om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg; en

(b) 'n nie-blanke manspersoon wat -

i) met 'n blanke vrouspersoon ontug pleeg of probeer pleeg; of

ii) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n blanke vrouspersoon pleeg of probeer pleeg; of

iii) 'n blanke vrouspersoon aanlok, uitlok of lastig val om ontug met hom te pleeg; of

iv) 'n blanke vrouspersoon aanlok, uitlok of lastig val om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg,

is aan 'n misdryf skuldig.

3. Dit is 'n voldoende verweer teen 'n aanklag ingevolge hierdie artikel as tot bevrediging van die hof bewys word dat die aangeklaagde persoon op die tydstip toe die misdryf gepleeg is redelike grond gehad het om te glo dat die persoon met wie hy of sy die misdryf gepleeg het 'n blanke is, indien die aangeklaagde persoon 'n blanke is, of 'n nie-blanke is, indien die aangeklaagde persoon 'n nie-blanke is.

# HOOFSTUK 6

# DIE KRONOLOGIESE POLITIEKE DEBAT OOR GEMENGDE HUWELIKE EN ONTUG VANAF 1958 TOT 1985

## 1. INLEIDING

Ná die plasing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet van 1957 op die wetboek, het 'n wye en indringende debat ten gunste van die genoemde wette en daarteen ontstaan. Die voorstanders van 'n magsdelingbeleid het aangevoer dat die twee wette kwetsend, rassisties, negatief diskriminerend is en verder goeie volkereverhoudinge vertroebel. Dié ten gunste van die genoemde wette, het die noodsaaklikheid van die wette teruggevoer na Suid-Afrika se komplekse volkere-samestelling en dat geslagsverkeer oor die kleurgrens ernstige nadelige sosio-maatskaplike implikasies sou inhou. Genoemde wette het deur 'n beleid van ontstrengeling gepoog om op biologiese vlak Blank en Nie-Blank uitmekaar te hou.

Teenstanders, asook voorstanders van die genoemde wette, het besef dat die verwydering van die mengwette, die hoekstene van apartheid, naamlik die Groepsgebiedewet en die Bevolkingsregistrasiewet ernstig in gedrang sou bring.

Die uitskakeling van rassediskriminasie in die sewentigerjare en daarna is nie langs die weg van afsonderlike ontwikkeling met die konsekwente deurvoering daarvan volvoer nie, maar binne 'n "onverdeelde" en "verenigde" Suid-Afrika. Binne 'n "onverdeelde" en "verenigde" Suid-Afrika het die handhawing van noodsaaklike skeidingsmaatreëls, noodwendig gelei tot negatief diskriminerende praktyke. Dit het op sy beurt gelei tot die afskaffing van "kwetsende" wetgewing. Alhoewel die beleid van afsonderlike ontwikkeling as sodanig nie negatieef diskriminerend is nie, het dit die etiket gekry dat die vanselfsprekend diskriminerend is.

Die aandrang om genoemde wette van die wetboek te skrap, het later nie net uit die geledere van die politieke partye van die linkse politieke spektrum gekom nie, maar vanuit politici van die Nasionale Party self. Die Engelse koerante as mondstuk van aanvanklik die Verenigde Party, die Progressiewe Reformiste Party, en later die Progressiewe Federale Nuwe Republiekparty het die wette openlik aangeval.

Die taak van die Engelstalige koerante is later oorgeneem deur die "verligte" redakteurs van Afrikaanse koerante. Die deelname en die vereistes vir deelname deur die Kleurling- en Indiërgroepe, het die handhawing van die twee Mengwette bemoeilik. Die afskaffing van die twee Mengwette is duidelik gestel as minimum vereiste vir deelname aan 'n nuwe grondwetlike bedeling.

## 2. DIE POLITIEKE DEBAT NA 1957 OOR ONTUG EN GEMENGDE HUWELIKE

### 2.1 Pogings om wette herroep te kry: 1962

Mev. Helen Suzman, die PFP - LP vir Houghton, het reeds in 1962 en weer in 1971 wetsontwerpe by die Volksraad ingedien met die doel om Artikel 16 van die Ontugwet van 1957 opgehef te kry. Mev. Suzman het gemotiveer dat sy dit nie doen, "... om die Regering in die verleentheid te bring nie. Ek noem dit 'n plegtige en ernstige poging om te probeer om mense te red van die verwoestende gevolge van die wetgewing."[1]

Op 'n vraag van Mnr. B.J. Vorster (destyds minister van Justisie) hoekom die vertolking van die Wet "gevaarlik" is, het Mev. Suzman geantwoord:

"Omdat mense bang gemaak is om hul lewe op die gewone wyse voort te sit, uit vrees dat hulle gevang word onder hierdie wet. (...) Mense is bang om met hul motors te ry, as hul nie-blanke bediendes daarin sit."[2] Sy het verder verwys na 'n geval waar 'n blanke deur 'n landdros afgeraai is om sosiale kontak met nie-blankes stop te sit, want dit is 'n baie ernstige risiko.[3] Mev. Suzman het ook syfers gegee in verband met vervolgings onder die wet. "Tussen die jaar 1957 en 1960 is sowat 3 500 mense meer aangekla as wat in werklikheid vervolg en veroordeel is. (...) Duisende der duisende is dus in die hof gesleep, aangekla, vervolg en veroordeel. Ek glo dat daar vandag min van ons in

hierdie Huis is wat nie dag na dag walg as ons die koerante oopmaak en die opspraakwekkende hooflyne sien van mense wat onder die Ontugwet in die hof gebring is nie."[4]

Mnr. Vorster het as Minister van Justisie hierop geantwoord: "Ek is volkome bewus van hoe ernstig dit is en hoe dit hierdie mense tref. (...) Maar terselfdertyd wil ek daarop wys: Is dit dan nie juis 'n rede, (...) hoe 'n geweldige oortreding dit is nie? Waarom sal daar dan so 'n geweldige stigma rus op die pleeg van daardie soort daad, as die publiek daarbuite dit nie as 'n besondere ernstige oortreding beskou nie? Is daardie stigma nie die bewys dat ons reg was toe ons die wetsontwerp aanvanklik ingedien het nie, en dat ons daarmee uitdrukking gegee het aan die gevoel van mense daarbuite, Afrikaanssprekend sowel as Engelssprekend."[5] Mnr. Vorster het verder gegaan en gesê: "Inteendeel, elke argument wat Mev. Suzman aangevoer het, is 'n rede waarom ons die wet moet behou. (...) alle vroue en alle kinders ly wanneer die mans en vaders misdade pleeg of hulle aan die wet vergryp. Dit is 'n taak waarteenoor ek nie onverskillig staan nie. Maar om dit nou net oor die boeg te gooi dat dit net hierdie vrou en hierdie kinders is, (...) wat ly, dan ruk ons die hele saak uit verhouding en dan dien ons die doel wat ons nastrewe in geen opsig nie."[6]

Ook in dieselfde debat het mnr. J. du P. Basson van die Verenigde Party die Regering gekritiseer oor die gevolge van die wet.

Volgens hom was Suid-Afrika die enigste land wat statutêre bepalings het tot die effek van ontug oor die sogenaamde kleurgrens en gemengde huwelike. Die Ontugwet (Artikel 16) is in wese 'n rassewet en geen algemene maatreël teen onsedelikheid nie. Die buitelandse pers gryp ook die ontugsake aan vir die opbou van 'n negatiewe beeld en publisiteit.

Die wet sou egter onaangeraak bly staan. Die debat is kort na mnr. Basson se toespraak verdaag en op 12 April 1962 is die dagorder vir 'n voortgesette debat opgehef en het mev. Suzman se wetsontwerp verval.

## 2.2 1971

Op 26 Februarie 1971 het mev. Suzman weer 'n voorstel in die verband in die Volksraad gemaak. Sy het 'n privaatmosie ingedien na aanleiding van die ontuggebeure in Excelcior waar verskeie blanke mans in Ontugsake met swart vrouens betrokke was. Sy het aangevoer, "dat artikel 16 van die Ontugwet van 1957 en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 na die mening van die Raad onverwyld herroep moet word. (...) Ek bied geen verskoning aan dat ek nege jaar later weer 'n voorstel indien nie, 'n voorstel wat baie dieselfde as my vorige is. (...) Dit is net moontlik dat agb. lede van hierdie Raad oor die besondere vraagstuk van sienswyse verander het."[8]

Sy motiveer verder: "Vreemd genoeg het ons uitstekend oor die weg gekom voor dit aangeneem is en ek is taamlik seker rassesuiwerheid sal nie in gevaar gestel word as dit herroep word nie."[9] Mev. Suzman het verder gesê: "Skaars 'n week gaan verby sonder dat 'n mens weersinswekkende berigte lees van die ellende en vernedering wat dit gesin op gesin besorg het - gebroke huwelike en selfmoorde."[10]

Oor die wet as afskrikmiddel het sy haar as volg uitgelaat: "Op die ou end kom die argument neer op die wet as afskrikmiddel, en ek dink niemand kan hier juis met groot sekerheid praat nie. Is die straf wat die wet sal oplê die afskrikmiddel, of is die vrees vir betrapping die afskrikmiddel?"[11]

Minister Jimmy Kruger, Minister van Justisie, het hierop soos volg gereageer: "Wanneer 'n sosiale vergryp ernstig aangevoel word deur 'n land moet daar wetgewing geskep word wat uiting gee aan die gevoel van sy mense. (...) In hierdie geval kan 'n mens sonder vrees vir teenspraak sê, dat daar in Suid-Afrika 'n diepgewortelde afkeer vir bloedvermenging tussen Blank- en Nie-Blank bestaan."[12]

Mnr. J.C. Heunis van die NP (nou Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning) was die laaste spreker en het onder meer die volgende gesê: "Ek dink dat dit noodsaaklik is dat wanneer ons die voorstel van die agbare lid vir Houghton bespreek, ons dit nie afsonderlik kan doen nie, maar dat ons dit teen die

agtergrond van die bestaande komplekse samestelling van ons bevolking sien. Hierdie agbare lid kan maklik in haar idealistiese strewes die kompleksiteit van ons samelewing en ons bevolkingsamestelling ignoreer. (...) Maar hierdie wetgewing staan mos nie geïsoleerd nie. Dit vorm mos 'n patroon of 'n deel van 'n patroon waarin 'n hele samelewing en sy samestelling weerspieël word. (...) Ek wil beklemtoon dat hierdie wetgewing 'n deel van 'n patroon verteenwoordig wat ingestel is op die beskerming van gemeenskappe, wat ingestel is teen bloedvermenging, maar veral op die ordelike reëling van 'n samelewing en 'n maatskappy."[13]

Met besprekingstyd verstreke het mev. Suzman se privaatmosie om die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet te herroep, verval. Bogenoemde wette sou gehandhaaf word.

Mev. Suzman en lede van die Verenigde Party se standpunte het daarop neergekom dat die Mengwette onmenslik is en baie mense onnodige leed en skade aandoen. Volgens die VP-lede het die Blankes hul rassesuiwerheid oor die jare deeglik gehandhaaf en was die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet nie nodig nie. Bogenoemde wette het Suid-Afrika ook baie skade in die buiteland berokken.

Die Nasionale Party se standpunt om die wette te handhaaf, het in die woorde van Minister Chris Heunis daarop neergekom om die komplekse Suid-Afrikaanse samelewing te weerspieël. Bogenoemde

wetgewing het deel gevorm van 'n patroon wat ingestel was op die beskerming van volke en gemeenskappe. Dit het verder ook ten doel gehad om bloedvermenging te bekamp en die ordelike reëling van gemeenskappe te verseker.

## 3. ARGUMENTE VAN VERAL DIE ENGELSTALIGE KOERANTE DAT DIE WET OP GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET GESKRAP WORD

Verskeie besware is gedurende die laat sewentigerjare deur die Engelstalige koerante geopper waarom die genoemde wette geskrap moes word.

Die besware het onder meer die volgende behels: dit is onchristelik, onmenslik, immoreel, rassisties, dit maak inbreuk op individuele vryheid, dit bring persoonlike skande en ellende, en dit sal nooit effektief toegepas kan word nie. Verdere besware was dat dit vir beide die polisie, as vir die persone wat dopgehou moes word, 'n verleentheid was. Ander besware was, dat as die openbare mening nie rasse-identiteit kan waarborg nie, geen wet dit sal kan waarborg nie. Verder is aangevoer dat genoemde wette Suid-Afrika se volkereverhoudinge ernstig benadeel.

Die Citizen van 7 Augustus 1977 sê ondermeer in sy kommentaar:

"We have said on more than one occation that the Immorality Act, the Mixed Marriages Act, (...) and other racial laws should be scrapped. We don't need institutionalised apartheid nor do we need laws which govern our social conduct." The Sunday Times is ook bekommerd oor die polisie se aandeel in die toepassing van die Ontugwet: "Policemen began watching people through windows, fanlights and keyholes. Ons policeman told the court he had sat in a tree from 10 am. to 4 pm. to trap two suspects. Others hid under servants beds, in cupboards and even in a boot."[14]

Die Daily Despatch het ook probleme met die wet:
"Indeed no other country in the world operates such beastly laws as the Immorality Act of South Africa, which aims at preventing God's children from befriending one another."[15] Volgens die Volkstem is die handhawing van rassesuiwerheid deur wetgewing 'n belediging vir alle rasse: "To enforce racial purity through legislation is an insult to all South Africans who are proud of their heritage and an interference with the personal judgement and freedom of all who do not have an abhorence of intimate relations with those of other colour groups."[16]

Die Sunday Tribune se kommentaar is as volg:
"There are thousands of young people through out South Africa, especially in the Western Cape, who lead nightmare life's because officially and legally they do not exist. They are the tragic children born of countless black-white liaisons since the

Immorality Act was introduced in 1950 and whose births were never registered."[17]

Dr. N. Motlana, bekende Swartbewussynsleier en leier van Soweto se Komitee van Tien, skryf in Pretoria News van 31 Oktober 1979: "They are an absolute insult to all people of colour. They were intended to insult."

Bogenoemde argumente om wette afgeskaf te kry, het opnuut daarop neergekom dat dit onmoontlik is om die wette toe te pas. Dit het onnodiglik die sosiale optrede van die verskillende gemeenskappe gereël, en dit was uiters beledigend teenoor die nie-blanke bevolkingsgroepe..

## 4. POSITIEWE KOMMENTAAR DEUR NIE-BLANKE GROEPE

Die meningspeiling van "World" van 8 Augustus 1977 toon egter ook die insig van Nie-Blankes in die problematiek van 'n gemengde huwelik, duidelik aan.

Die tydskrif skryf as volg: "When we put the burning question to black passers-by we found most of them strongly against the idea. Most of them felt that mixed marriages meant a loss of identity. A student Tryphina Morapeli of Orlando West said she would hate to have coloured grandchildren. Girls who marry whites have loose morals said Dennis, a student who refused to give his

surname, 'If the races mix, we will lose our customs and culture'."

Felix Kubheka sê in 'n onderhoud as volg:
"Liefde is 'n delikate kwessie," en dat die kinders daaronder sal ly, "want hulle sal basters wees." Malcolm Jackson het gesê hy sal teen 'n gemengde huwelik gekant wees, want daar is kinders by betrokke. Mike Maisela het ook probleme met die implikasies van gemengde huwelike. Volgens hom sal nie een van die twee partye hulle kultuur wil prysgee nie, wat probleme kan skep. Die Blanke se pigmentasie is dominant en die kinders sal Kleurlinge wees. Dit is volgens hom die Swartes se reg om hul kleur te behou.

Die opmerking van Moses Molaba is veelseggend: "I believe in the Immorality Act, I believe it is in the interest of all races to retain their identity, culture and tradition. (...) I visualised Dr. Verwoerd when he introduced apartheid."

Mnr. Pieter Marais, leier van die Volkskongresparty, het gesê:
"Die ontugwet moet behou word. Die afskaffing daarvan sal maak dat Kleurlinggebiede die slagveld en die plesiergrond word van blanke mans in lang blink motors op soek na pret." Mnr. Marais sê verder dat sekere bestaande norme en sedes moet behoue bly. Hy is bang dat die afskaffing van die Ontugwet vrye seks tussen Blank en Gekleurd sal bevorder. Hy het met baie Moslem-leiers gepraat en hulle is in beginsel teen die afskaffing van die wet.

Mnr. Marais sê sy party is ook teen die afskaffing van die Groepsgebiedewet.[18]

Nie-Blankes se argumente ter behoud van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet het daarop neergekom dat geslagsverkeer oor die kleurgrens tot verlies van identiteit en kultuur lei. Kleurlingkinders wat uit 'n gemengde huwelik gebore sou word, sal vir Swartes ook onaanvaarbaar wees. Afskaffing van bogenoemde wette sou volgens 'n Kleurlingleier ook daartoe aanleiding gee dat Blankes hul al meer tot Kleurlinge sal wend om ontug te pleeg.

## 5. MINISTER HENDRIK SCHOEMAN SE VERWOERDBURGTOESPRAAK IN 1977

Minister Hendrik Schoeman het in begin Julie 1977 die debat rondom die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet opnuut aan die gang gesit op 'n openbare vergadering in Verwoerdburg met die volgende woorde:

"Gelowige Afrikaners en veral gelowige Nasionaliste het nie wette nodig om hul identiteit te beskerm nie. So glo ek ook in my hart dat 'n gelowige mens nie 'n wet nodig het om hom van gemeenskap met 'n anderskleurige te weerhou nie." Minister Schoeman het egter gevoel dat die Groepsgebiedewet nie afgeskaf kan word nie.[19]

Mnr. Niel Rousseau, sekretaris van die Nasionale Party in Natal, het in 1977 gesê dat as jy wegdoen met die Ontugwet, moet die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike ook val, waarna die Groepsgebiedewet ook in gedrang kom, die hoekstene van die Nasionale Party se beleid. Die Ontugwet is veral ook daar om die Kleurlingvroue te beskerm. Hofverslae wys daarop dat gekleurde vroue meestal in ontugsake betrokke is. Hy twyfel of die wette geskrap sal word, want dit is ook beleidsake wat deur die party-kongresse bepaal moet word.[20]

Die Regering se standpunt oor die Ontugwet is in 1977 by drie geleenthede herbeklemtoon. Dit is gestel in die witskrif oor die Theron-verslag, die Senaatstoespraak van die Minister van Kleurlingsake mnr. Hennie Smit en mnr. P.W. Botha se TV-optrede. In al die gevalle is sterk standpunt ten gunste van die behoud van die Ontugwet ingeneem.[21]

Minister Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake, se standpunt was egter dat die Ontugwet Suid-Afrika oorsee baie skade berokken en opgehef behoort te word.[22]

Die Vaderland se kommentaar op Minister Schoeman se uitspraak in Verwoerdburg, was dat hy die "debat oor die Mengwette effektief oopgesteek het. (...) en dat die debat moet voortduur. Die klimaat moet voorberei word vir die soort verandering."[23] Die Christian Science Monitor in America berig in die gees onder andere soos volg: "In their own way, the white National Party

officials who run South Africa are starting to educate their followers to the need for changing their concepts and laws on race."[24]

Dr. Treurnicht het nie saamgestem met die verligte LV's se standpunt nie en het onder andere die volgende vrae gestel: "(i) Waar gaan die paartjie woon? (ii) Moet die Groepsgebiedewet vir sulke persone herroep word? (iii) Wat word van rasseklassifikasie en watter skole gaan die kinders uit so 'n huwelik huisves?" Dr. Treurnicht het verder gesê, "dat 'n mens nie hoor van Bruin of Swart rassiste wat vra dat die wette behou moet word nie."[25]

<u>Die Volksblad</u> van 25 Junie 1977 berig dat "Mnr. Keppies Niemann (NP-LP, vir Kimberley-Suid) op 'n jeugkonferensie in Kimberley gesê het dat die Ontugwet, die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Groepsgebiedewet, pilare is van die blanke se voortbestaan en afskaffing sal tot integrasie lei.

Wyle Adv. C.R. Swart skryf in <u>Die Volksblad</u> van 18 Augustus 1977 dat die wette om rasvermenging te bekamp uit alle oorde verwelkom is. Dit was 'n Kommissie van die Verenigde Party wat destyds in die dertigerjare aangestel is, en wie se aanbevelings deur die Nasionale Party geïmplementeer is.

## 6. AFSKAFFING VAN DIE WET OP VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE EN DIE ONTUGWET IN SUIDWES-AFRIKA

"Die Nasionale Party van Suidwes het besluit dat die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike afgeskaf moet word as dit toekomstige samewerking in die gebied belemmer," het mnr. A.H. du Plessis, NP-leier in Suidwes en leier van die blanke afvaardiging by die Turnhalle-beraad op 4 Oktober 1977 gesê. "Die Nasionale Party het die verwydering van alle diskriminerende maatreëls aanvaar en dit is NP-beleid." Mnr. Du Plessis het gesê dat daar met die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike teruggegaan moet word tot in November 1976, toe mnr. Dirk Mudge op Kamanjab 'n toespraak gehou het, en hy daar na die wette verwys het:[26]

"As argument het hy aangevoer dat die wette nie nodig is nie en omdat hy en andere in die gehoor nie so 'n wet nodig het nie."[27]

Die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet is dan ook op 6 Oktober 1977 in Suidwes-Afrika deur die destydse Administrateur-generaal, regter M.T. Steyn, geskrap. Die spesifieke wette wat geskrap is, was die Ontug Proklamasie van 1934, die Ontugwysigingswetsontwerpe van 1953 en 1954, en die Wet op Gemengde Huwelike van 1953.

Mnr. Radclyffe Cadman, leier van die Nuwe Republiekparty, se kommentaar was dat dit 'n stap in die regte rigting was. Hy het gesê die herroeping van die genoemde wette sal nie wees uit

oortuiging nie, maar as gevolg van oorsese druk. Sodanige herroeping sou volgens hom nie in Suid-Afrika gebeur nie.[28]

## 7. REAKSIE OP HERROEPING VAN DIE WETTE IN SUIDWES-AFRIKA

Teoloë wat voorstanders van die twee wette is, het in Windhoek en in ander gebiede gesê dat mense wat in plattelandse gebiede oor die kleurlyn trou, deur hul gemeenskappe - hetsy swart, blank of bruin - uitgesluit sou word. Die Kleurlingleier, mnr. Andrew Kloppers, het egter gesê hy het twee jaar in Suidwes se gekose Kleurlingraad geveg vir die opheffing van die wetgewing. Hy het 6 November 1977 as "'n dag van vreugde" bestempel en gesê "die stap kan aanleiding tot verdere reaksie teen diskriminasie gee."[29]

Mnr. Dirk Mudge, leier van die Republiekeinse Party van Suidwes, het gesê die wette moes lankal geskrap gewees het. Die Herero-leier, mnr. Clemens Kapuuo, was ook verheug oor die stap. 'n Woordvoerder by Swapo se kantoor het gesê die aankondiging is "van geen werklike belang en beteken basies niks nie." Kort na sy aankom as Administrateur-generaal in Suidwes, het regter Steyn dit in sy openbare toesprake en in onderhoude met koerantmanne duidelik gestel dat geen onredelike diskriminasie in die gebied geduld sal word nie.[30]

Adv. Eben van Zyl, het aan die blanke afvaardiging by die Turnhalle-beraad gesê hy vind dit jammer dat die Wet op Gemengde Huwelike moes gaan. Hy het die hoop uitgespreek dat die omstandighede nie so sal verander dat die wette weer teruggebring moet word nie. "My houding is dat hierdie wet 'n situasie akkommodeer het wat feitlik bestaan en nie weggedink kan word nie."[31]

<u>Die Republikein</u>, Suidweskoerant sê in sy kommentaar oor herroeping van genoemde wette die volgende onder die opskrif, Etnisiteit of Rassisme?:

"Mense uit verskillende etniese groepe kan bedmaats word en hulle kan huweliksmaats word, maar hulle mag nie bure word nie. As ons voorstel dat hulle bure mag word, dan bars daar van die SWA-NP 'n protes los wat klink na sware weer. Ons is besig om die etniese beginsel totaal te vernietig. (...) Om watter rede gaan jy nou besluit dat hierdie woonbuurt waar alle bevolkingsgroepe woon, se blanke kinders hier om die hoek skool toe te gaan, maar net omdat daardie blanke se buurman 'n swart vel het, moet hy sy kind op 'n bus laai en kilometers ver laat ry na 'n swart skool wat in ieder geval ook in 'n gemengde woonbuurt staan. Dis mos sinloos, dis mos nou diskriminasie. Gevolglik moet gemengde woonbuurte lei tot gemengde skole ..."[32]

Die wette wat van toepassing was op gemengde huwelike en ontug, is duidelik voor die herroeping nie meer toegepas in Suidwes-

Afrika nie. Die nie-toepassing van die wette het dit 'n leë dop gemaak en het dit die wetboek slegs vir akademiese belang versier. Hieroor skryf <u>Rapport</u> van 20/2/77 as volg:

"Nege maande voor die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet afgeskaf word is prostitusie 'n gewone gesig by sommige veelrassige hotelle in Windhoek, waar swart, wit en bruin skaamteloos fuif en groot bedrae geld, rande wissel. Dit is niks buitengewoons vir swart straatvroue om op een dag R50 met hul gunste te verdien nie."[33]

Dis duidelik bewys dat die wet nie toegepas is nie en het dit later slegs 'n leë dop geword.

## 8. MNR. P.W. BOTHA WORD EERSTE MINISTER, 1978 - 1982

Die bewindsoorname van mnr. P.W. Botha as Eerste Minister in 1978 het in vele opsigte gesorg vir radikale wysigings in die Suid-Afrikaanse politiek. Mnr. P.W. Botha het versigtig maar stelselmatig hervormings aan die tradisionele apartheidsbeleid begin aanbring en die blanke bevolking terselfdertyd daarvan bewus probeer maak dat beter rassebetrekkinge lewensnoodsaaklik vir die land is. "Pas aan of sterf!"[34] was die leuse waarmee hy deur die land getrek het.

Hierdie wegbeweeg van die beleid van afsonderlike ontwikkeling na konsensus-regering met Nie-Blanke bevolkingsgroepe was voor 1978

al duidelik met die verklaring van mnr. Pik Botha, destyds Suid-Afrika se Ambassadeur by die V.V.O. Hy het op 24 Oktober 1974 voor die algemene vergadering van die V.V.O. ondermeer gesê:

"There are schools of thought, traditions, and practises which cannot be changed overnight. We are moving in that direction. We shall continue to do so."[35]

Sowat 'n jaar nadat mnr. Botha Eerste Minister geword het, het hy opspraak verwek op die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party in 1979, deur te sê dat die Regering oop is vir oortuiging om die Ontugwet en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike te "verbeter".[36] Gemengde huwelike as sodanig is nie sonde nie, het hy gesê. Dit beteken nie dat sulke huwelike in Suid-Afrika gewens is nie, want dit lei tot ernstige sosiale euwels wat ernstige probleme kan skep. Hy begryp dat probleme ontstaan waar mense mekaar oor die kleurgrens heen liefkry en met mekaar wil trou.[37]

Hierdie verklaring van die Eerste Minister het skielik en eensydig gekom, en het groot verwarring meegebring. Die Nasionale Party as kongres in die Oranje-Vrystaat besluit hierteenoor in 1978 dat die Ontugwet en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike steeds van die hoofpilare van die beleid van afsonderlike ontwikkeling vorm. Die Regering se standpunt tot in daardie stadium was baie duidelik dat hierdie twee wette behou moes word, omdat dit gestalte moes gee aan die sosiale moraliteit

van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika en dat dit gaan om die handhawing van sosiale norme van alle rassegroepe in Suid-Afrika. Mnr. P.W. Botha het self ook in 1976 op 25 Junie nog gesê die Regering is nie ten gunste van die verwydering van maatreëls teen ontug en gemengde huwelike nie. Mnr. Botha het as Kaaplander gehoop dat die Regering nog daartoe sou kom om in die wetgewing maatreëls daar te stel ter beskerming van die Kleurlinge wat die gruwelike verbastering tussen Klerlinge en Swartmense betref.[38]

Mnr. Louis le Grange het ook op 5 Februarie 1979 in die Volksraad reageer en gesê: "Met betrekking tot die gemelde twee wette, kan ek ook sommer nou aan daardie agbare lede sê dat hulle nie afgeskaf sal word nie."[39]

Hierdie standpunte kan verstaan word, gesien in die lig van die uitspraak van Dr. van Zyl Slabbert van die PFP in die Volksraad op 10 Februarie 1978: "Die waarheid is egter dat afsonderlike ontwikkeling nie kan oorleef sonder die Ontugwet nie. As die Ontugwet verdwyn, moet die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, die Bevolkingsregistrasiewet en die Groepsgebiedewet verdwyn en is daar geen bestaansreg vir afsonderlike ontwikkeling nie."[40]

Mnr. René de Villiers, gewese PFP-LV vir Parktown, reageer op sy beurt soos volg op die Eerste Minister se standpunt op die Kaaplandse Kongres van die Nasionale Party:

"Suid-Afrika se eerste minister, mnr. P.W. Botha, het beide vriend en vyand verras met sy energieke nuwe pragmatiese

benadering van die land se baie probleme. In die proses het hy heelwat vars besprekings in die nasionale debat teweeggebring, veral sover dit sy eie tradisiegebonde Nasionale Party betref, en het hy hoop gebring dat die belangrikste nuwe inisiatiewe aan die kom mag wees." Hy word verder aangehaal dat al sou hy gesê het dat Afrikanereenheid besig is om te verdwyn, "vars winde waai in die Suid-Afrikaanse politiek, wat beweging is en daar is die moontlikheid van betekenisvolle gevolge."[41]

Prof. G. van N. Viljoen, destyds Administrateur-generaal van Suidwes, sê in 1979 dat "onbuigsame apartheid" nie die volle antwoord vir Suid-Afrika is nie. Sy eie woorde was: "Onbuigsame apartheid is nie meer die volle antwoord op Suid-Afrika se politieke bevolkingsprobleem nie. Indien die Afrikaner wil oorleef, sal hy 'n politieke styl moet aanleer wat hom in staat sal stel om met ander bevolkingsgroepe dialoog te voer en om nie namens hulle nie, maar saam oor die toekoms van Suid-Afrika te besluit."[42]

Beeld berig op sy beurt dat Londense koerante van mening is dat: "As die elite agter mnr. Botha inval, kan hulle die propaganda van die verlede uit die openbare mening veeg en mnr. Botha se siening laat seëvier."[43]

Die Afrikaner van 5 Oktober 1979 reageer egter hierop: "Die feit dat die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha in hierdie tyd die moontlikheid van 'n 'hersiening' van die Ontugwet en die Wet op

Gemengde Huwelike in die openbaar aangevoer het, is 'n taak van uiterste belangrikheid. (...) Dit is die begin van die afskaffing van hierdie twee wette, ongeag watter verklarings tot die teendeel op hierdie tydstip gedoen is."[44] Die koerant berig verder dat, "met sy aankondiging op die Kaaplandse kongres het mnr. Botha nou die seël geplaas op 'n veldtog wat reeds oor 'n tydperk van 'n paar jaar vanuit die linkse* Afrikanergeledere gevoer word vir die afskaffing van die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike. Daar kan aangeneem word dat hierdie veldtog nou met nuwe momentum uit daardie oorde gevoer sal word totdat die 'wysiging' inderdaad die afskaffing van die twee wette sal word."[45] "Linkses in Suid-Afrika het mnr. Botha se aankondiging verwelkom. Oud-regter Kowie Marais, gewese LV van die PFP, het gesê hy is verstom oor mnr. Botha se aankondiging. Dit is merkwaardig dat hy selfs daaraan dink. As hy ernstig is om die wette te laat hersien, sal die PFP dit toejuig."[46]

Mnr. Wynand Malan, LP vir Randburg, skryf in 'n artikel in Die Vaderland van 19 Februarie 1980: "Die NP het basies drie beginselsgronde: daar is die selfbeskikkingsreg van volkere en bevolkings- en belangegroepe en die handhawing van identiteit.

---

* Linkse - bedoelende, teenstanders van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en wat 'n toekomstige politieke bestel visualiseer binne 'n verenigde Suid-Afrika waarbinne daar nie gediskrimineer word op grond van ras, kleur of geloof nie.

Dit is gegrond op die beginsel van die verskeidenheid in die skepping.(...) Die tweede vertrekpunt is volle burgerregte vir almal en volledige erkenning van die menswaardigheid gegrond op die gelykwaardigheid van mense as skepsele van God." Mnr. Malan sê verder: "'n afskaffing van die Verbod op Gemengde Huwelike sou die Bevolkingsregistrasiewet in gedrang bring en ook die Groepsgebiedewet."[47]

Tydens die Wantrouedebat van 1980 was dit duidelik dat mnr. Botha die posisie van die Ontugwet en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike nie teen dieselfde agtergrond beskou nie. Tydens die debat het hy uitvoerig op die saak ingegaan. Die Ontugwet, het hy gesê, het betrekking op "morele norme", en ontug waarteen die staat moet waak. As 'n staat ontug oogluikend toelaat, "speel dit met een van sy fondamente" en dit kan "lei tot verlaging van morele standaarde". Verder het hy versoek dat mense met voorstelle moet kom "oor hoe die Wet verander kan word en nog dieselfde doel nastreef. Kom met voorstelle hoe ons die kwetsende daarin kan verwyder en ek sal dit op meriete oorweeg."[48] Oor die wet op Gemengde Huwelike het die Premier gesê dit het "'n geheel ander aanklank as die Ontugwet" en dit moet "met deernis" toegepas word. "Ons land is hieroor verdeeld.(...) Omdat daar skerp verdeeldheid is, moet hierdie aangeleentheid sinvol oorweeg word, en met kalmte. Inherent is daar by elke volk die neiging om homself te wil beskerm. Ek laat dit nou daar."[49]

Die destydse Minister van Justisie, mnr Alwyn Schlebusch, het op 8 Augustus 1980 voor 'n gehoor van regstudente aan die Universiteit van Pretoria herhaal dat die Regering voorstelle oorweeg oor hoe die Ontugwet "verbeter" kan word. 'n Moontlikheid was vervolgens om alle voorhuwelikse seksuele omgang ontwettig te maak.[50] Hieruit blyk dat die Regering in die tyd daaraan gedink het om die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike af te skaf, sonder die aantasting van ander apartheidswette soos byvoorbeeld die Groepsgebiedewet. Verder is gepoog om die Ontugwet te "verbeter" deur alle ontug strafbaar te maak en sodoende die rassekonnotasie uit die wet te haal.[51]

Hierdie beskouinge rondom die twee wette het na my oordeel reeds tydens die algemene verkiesing van 1981 by die kieserskorps in verskuiwing teweeggebring. Tydens die verkiesing het die Herstigte Nasionale Party 192 804 stemme getrek. Proporsioneel sou dit kon beteken dat die HNP 23 setels kon gewen het.[52]

Juis omdat mnr. Botha gretig was om hierdie geweldige emosionele aangeleentheid met so min moontlik politieke ontwrigting op te los, het hy hom tot die kerke gewend. In Augustus 1981 het hy gevolglik samesprekinge gevoer met verteenwoordigers van die Anglikaanse-, die Presbiteriaanse-, die Independente- en die Metodistekerke. In 'n latere verklaring het mnr. Botha gesê daar is groot verskille tussen kerke oor die saak en daar kan nie van hom verwag word om as regter op te tree of om keuses tussen

teologiese opvattinge tè doen nie. Hy het daarom voorgestel dat die kerke met mekaar oorleg pleeg om te kyk of 'n eenvormige standpunt nie moontlik is nie.[53] Die Metodiste- en Presbiteriaanse kerke hét egter radikaal met die Regering verskil en is selfs opgeroep tot 'n poging om apartheid te beveg en om rasgemengde huwelike te bevestig.[54]

Beeld berig na aanleiding van die versoek dat die kerke konsensus moet verkry oor die kwessie van menghuwelike soos volg: "Die inisiatief kan gerus van die politieke terrein uitgaan eerder as om vir die lang kerklike prosesse te wag om afgehandel te word."[55]

Die Rand Daily Mail van 20 April 1982 berig op sy beurt tot dien effekte: "... the churches must get together and agree on any amendements. By that he (mr. Botha) obvious means the Afrikaans churches. He is suggesting that their churches must throw their moral weight behind the desires of many other South Africans, to rid our country of these laws.(...) Mr. Botha's enlightened stand is all the more welcome because he surely cannot but realise that once the Mixed Marriages and Immorality Act go, the Population Registration will come crashing down - and with it the whole panoply of Nationalist racist laws."

Samesprekinge met die Regering oor 'n moontlike eenvormige standpunt is in April 1982 gevoer met verteenwoordigers van die NG Kerk, die NG Sendingkerk, verskeie Engelse en Swart Kerke en

die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. 'n Eenvormige standpunt kon nie geformuleer word nie. Die verskillende kerke se standpunt oor die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet het radikaal verskil. Die kerke wat die maatreëls teengestaan het, dit wil sê ten gunste van afskaffing, was die NG Sendingkerk, die Evangeliese-Lutherse Kerk en die Anglikaanse kerk. Onder die voorstanders van die Wette was die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Reformed Independent Churches Association ('n groep onafhanklike Swart kerke) en die Algemene Sinode van die NG Kerk.[56]

! NB. → 7 jaar gelede!

9. **STANDPUNTE VAN SUID-AFRIKAANSE KERKE OOR WETTE OM RASVERMENGING TE BEKAMP**

9.1 Die Engelse Kerke

Die Engelse Kerke het reeds met die plasing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike in 1949 en die Ontugwysigingswet in 1950 kritiek teen die wette uitgesprek. Die kritiek van die kerke teen die genoemde wette, en ook die hele apartheidstelsel, het met verloop van jare geensins afgeneem nie, maar eerder in felheid toegeneem.[57]

Onmiddellik na die plasing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwysigingswet in 1950, is 'n verklaring deur

'n aantal Engelse Kerke uitgereik. Onder hulle was die Presbeteriaanse-, Metodiste-, en die Anglikaanse Kerke. Dit het basies daarop neergekom dat Gemengde Huwelike nie goedgekeur word nie en dat genoemde kerke ook bewus is van die sosiale en maatskaplike implikasies vir die kinders wat uit sulke huwelike gebore word. Die plasing van die wette op die wetboek word egter afgekeur omdat huweliksluiting tussen mense van verskillende rasse nie teen die Wet van God kan wees nie.

Gebeure wat die Engelse Kerke sterker teen apartheid standpunt laat inneem het, was die konferensie van die Wêreldraad van Kerke in Genève in 1966. Daar is 'n beroep op lidlande gedoen om betrokke te raak by die stryd teen apartheid. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het opnuut hierna die stryd teen die sogenaamde "sosiale ongeregtigheid" en apartheid in Suid-Afrika voortgesit.[58]

In 1968 het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke 'n verklaring uitgereik waarin die stryd teen apartheid aangesê is. Wetgewing om geslagsverkeer oor die kleurgrens te reël, maak volgens die SA Raad van Kerke deel van 'n valse geloof uit wat in stryd is met die Bybelse verlossings- en mensleer. Volgens die SA Raad van Kerke leer die Skrif dat God 'n nuwe gemeenskap van gelowiges geskep het, waarin rasse-, kultuur en volksverskille nie die mag het om mense van mekaar te skei nie.[59]

Hierdie boodskap van die SA Raad van Kerke kan gesien word as

'n voorloper van die omstrede besluit wat op die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in 1982 in Ottawa geneem is, waarin verklaar is dat apartheid sonde is en dat die teologiese regverdiging van die beleid, teologiese kettery is.[60]

Volgens De Villiers, was die "besluit van die SARK in 1974 by Hammanskraal waarin weiering om militêre diens te verrig as 'n geregverdige vorm van protes teen die 'onregverdige oorlog' van die Suid-Afrikaanse weermag op die grens onderskryf is, die eerste bewys van die gewilligheid van Engelse kerke om die metode van burgerlike ongehoorsaamheid toe te pas."[61] Gemengde egpare word hierna deur die Anglikaanse en Presbiteriaanse predikante in die eg verbind.

## 9.2 Die NG Sendingkerk

Die NG Sendingkerk neem vir die eerste keer standpunt in oor die wette in 1962 ná die Cottesloe-beraad. Die Wet op Gemengde Huwelike en Ontug was toe al dertien jaar op die wetboek: "Hoewel geen verbod of gebod van enige vermenging deur huwelike dogmaties van die Skrif afgelei kan word nie, erken die NG Sendingkerk van Suid-Afrika die reg van die burgerlike owerhede om ook in hierdie opsig te sorg vir die orde en welwese van die samelewing. Die lidmate van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika soek geen openlike vermenging deur huwelike nie."[62]

In 1982 het die eerste teenkanting teen die genoemde wette van die NG Sendingkerk gekom. Alhoewel die NG Sendingkerk verklaar dat gemengde huwelike ongewens is, mag die staat nie voorskrifte in hierdie verband maak nie. Op 15 Maart 1983 het die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Sendingkerk 'n beroep op die NG Kerk gedoen om "sy onbybelse standpunte oor hierdie saak op die Algemene Sinode van 1986 in heroorweging te neem."[63]

## 9.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk

Die Hervormde Kerk kan nie sy steun verleen aan die moontlike afskaffing van die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet nie", het ds. Mossie van den Berg, onder-voorsitter van die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk in Die Vaderland van 12 April 1984, gesê.

Hy sê voorts die Hervormde Kerk het in sy getuienis "voor die Gekose Komitee verskil van die standpunt dat die twee wette nie op die Skrif gegrond kan word nie. As daar nie direk in die Bybel 'n verbod op gemengde huwelike geplaas word nie, beteken dit nie ook, dat die Bybel gemengde huwelike goedkeur nie."[64]

## 9.4 Die Gereformeerde Kerk

Die standpunt van die sinode van die Gereformeerde Kerk in 1982 was naamlik dat met betrekking tot die Ontugwet, die ontugbepalings uitgebrei word om alle ontug in te sluit en nie net ontug oor die kleurgrens nie. In verband met die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike het die Gereformeerde Kerk verklaar dat die Bybel nie 'n direkte uitspraak oor Gemengde Huwelike gee nie. Die Kerk hou egter rekening met die probleme wat rasse, volk- en kulturele verskille in 'n rasgemengde huwelik tot gevolg kan hê. Anders as die NG Kerk, het die Gereformeerde Kerk egter nie 'n uitspraak gegee[65] vir die handhawing of herroeping van die genoemde wette nie.

## 9.5 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*

In die Suid-Afrikaanse situasie is sulke wette volgens die NG Kerk geregverdig as metode om te verhoed dat die ewewig en harmonie van die gemeenskap deur rasgemengde situasies versteur word. Die besluit van die Algemene Sinode van Oktober 1974 soos bekragtig tydens die Algemene Sinode van 1982, lui as volg en word volledig aangehaal omdat dit 'n eenheid vorm:

'n Huwelik is in die eerste plek 'n persoonlike en familie aangeleentheid, maar dit het tewens 'n sosiale, godsdienstige -

* Navorsing ten opsigte van die studie is afgehandel voor die Algemene Sinode van 1986.

kerklike en 'n staatkundig-jurisdiese aspek en daarom gaan so 'n huwelik nie heeltemal buite die 'bemoeienis' van maatskappy, kerk en staat om nie. In die eerste twee gevalle dui die 'bemoeienis' wel nie 'n beslissende karakter, in die sin dat die maatskappy en kerk die aangaan van sodanige rasgemengde huwelik kan verbied nie. Dit wil egter nie sê dat die maatskappy en kerk geen belang by die aangaan van sodanige huwelike het nie.(...) Dit is moontlik en denkbaar dat die owerheid die aangaan van dergelike huwelike in bepaalde omstandighede kan verbied. Die ewewig in die stabilisering van verhoudinge in 'n veelrassige en veelvolkige situasie kan deur die aangaan van rasgemengde huwelike versteur word en in hierdie omstandighede is die 'handhawing van die vrede' in die Bybelse sin van die woord vir die owerheid belangriker as die vrye huweliksKeuse van bepaalde individue." [66] By die Algemene Sinode van 1982 het slegs ± 25 uit die 500 sinodegangers teen die besluit gestem.

Die Kerke kon dus nie ooreenkom oor 'n gemeenskaplike standpunt oor die "verbetering" van die genoemde wette nie. Die bal wat betref gemengde huwelike- en ontug was weer terug aan die speelkant van die Regering.

## 10. AANSTELLING VAN DIE GEKOSE KOMITEE ONDER LEIDING VAN MNR. PIET BADENHORST IN 1983[67]

Tydens die bespreking van sy begrotingspos in die Volksraad in 1983 het die Eerste Minister weer sterk klem gelê op die verdeeldheid onder die kerke. Daarop het hy die "inisiatief teruggebring na die politieke baan en verklaar hy is bereid om die twee wette na 'n gekose komitee van die Volksraad te verwys om daarna ondersoek in te stel."[68] Mnr. Botha sê verder: "Die Regering glo egter nie dat hierdie wette waarborge vir die voortbestaan van blank Suid-Afrika is nie.(...) ek glo nie dat die behoud van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike 'n voorvereiste vir die bestaan en die handhawing van die Blanke in hièrdie land is nie."[69] Die aanstelling van die Gekose Komitee word op 30 Junie 1983 deur Minister de Klerk in die Volksraad aangekondig.

Twee verklarings wat ook in hierdie tyd saamval met die aanstelling van die Gekose Komitee is die verklarings van die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk in Oktober 1983. Die NG Kerk in Afrika verklaar dat, "apartheid en sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God 'n teologiese kettery is."[70]

Die Wes-Kaaplandse Sinode van die NG Kerk het met hul sinodesitting van Oktober 1983 besluit dat apartheid nie op Bybelse gronde gebaseer kan word nie. Die Staat kan nie inmeng

in die vrye huwelikskeuse van twee mense nie.[71]

Wat die Gekose Komitee verder aanbetref, het al die politieke partye aangedui dat hulle in die Gekose Komitee sal dien en verslag sou doen oor die nodigheid, moontlikheid en wenslikheid om die twee wette te wysig sonder om afbreuk te doen aan die grondliggende oogmerke van die wette en sonder om afbreuk te doen aan bestaande wette wat regstreeks of onregstreeks daarmee verband hou.[72]

## 11. ONMIDDELLIKE FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET

Vir my besef moet die tydsberekening van die voorlegging van die Derde Verslag van die Gekose Komitee oor die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet ook verreken word wanneer daar na die politieke debat oor die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet gekyk word.

Die verslag wat deurentyd die moontlikheid ingehou het dat die genoemde wette, vóór die aanvang van die nuwe grondwetlike bedeling herroep sou word, sou geloofwaardigheid aan die Regering verskaf. Die Regering sou bewys kon lewer dat hy wegbeweeg van die gevestigde apartheidsbeleid. Die ander opsie was om die

verslag uit te bring ná die nuwe grondwetlike bedeling 'n aanvang geneem het. Dit sou aan die nuwe grondwet geloofwaardigheid verskaf en sou aan die Kleurling- en Indiërgroepe getoon kon word dat die nuwe bedeling die Suid-Afrikaanse politiek ingrypend kan verander.

Hiermee saam moet ook die uitsprake van Indiër- en Kleurlingleiers in gedagte gehou word. Die leiers het dit duidelik gestel dat die vereiste vir deelname aan die nuwe grondwetlike bedeling, die afskaffing van onder andere die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet is. Dat die wette geskrap moet word is in Februarie 1984 deur middel van 'n memorandum aan die Gekose Komitee wat genoemde wette ondersoek, deur die Arbeidersparty deurgegee. Die Arbeidersparty het die eise ook duidelik aan die Regering gestel op sy jaarkongres in Desember 1984 en Januarie 1985.

Verskeie faktore binne- sowel as buitelands het verder meegewerk dat die Regering besluit het om die genoemde wette te herroep. Alhoewel die beleid van hervorming beteken het dat die hoekstene van apartheid geleidelik verwyder moes word, het daar tog spesifieke faktore meegewerk wat druk op die Regering uitgeoefen het om die genoemde wette af te skaf.

Alhoewel die Regering dit ontken dat die Kleurling- en Indiërgroepe druk op hulle uitgeoefen het, en dat die besluit van die herroeping van die wette vóór die inwerkingtreding van die nuwe

grondwet geneem is,[73] het die Kleurling- en Indiërleiers tog duidelik hulle invloed laat geld, soos onder andere blyk uit die volgende uitsprake:

Mnr. Peter Gastrow van die PFP was van mening dat "politieke oorwegings ook belangrik geword het onder die nuwe bestel toe Kleurlinge en Indiërs ingebring is."[74]

Mnr. Vause Raw van die NRP was dieselfde mening toegedaan: "Dit (die mengwette-J.C.L.) het simboliese waarde gedra en het die Indiër- en Kleurlinge beloftes aan hulle mense gemaak dat die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet sou gaan. Die onmiddellike faktor was dat die ander twee huise dit as 'n simboliese daad - die skrapping daarvan, geeïs het. Hulle het gedreig om uit die stelsel te onttrek indien die wette nie afgeskaf sou word nie."[75]

Dr. A.P. Treurnicht, leier van die Konserwatiewe Party, se mening was: "Die inbring van die Indiërs en Kleurlinge het druk op die regering uitgeoefen, hulle het uitgesproke standpunte gehad."[76]

Mnr. Daan van der Merwe, ook van die KP, was verder van mening dat "daar mense in die Nasionale Party is, wat nooit aanvanklik hierdie wette wou gehad het nie."[77]

Mnr. Louis Stofberg van die Herstigte Nasionale Party het gesê:

"Mnr. Rajbansi en eerw. Hendrickse het al vóór die referendum hul mense belowe dat die wette sou gaan. Daar moes iets konkreet

gedoen word wat die Kleurlinge en Indiërs en vir die Nasionale Party se kritici getoon kon word."[78]

Verder was Adjunk-minister Piet Badenhorst (voorsitter van die Gekose Komitee) van mening dat, "van die kant van die kerke, hul geen bewyse aangevoer het, dat so 'n huwelik nie kan plaasvind nie. 'n Mens kon die wetgewing teenoor niemand verdedig of verduidelik nie."[79]

Dr. Treurnicht was egter van mening dat die kritiek "wat van sekere kerke gekom het, al jare daar was. Daar het 'n gevoeligheid onder die Nasionale Party ontstaan."[80]

Volgens mnr. Wynand Malan van die NP, het "die wet (...) in terme van die christelike morele grondslag en die verdediging daarvan, onder die aandag van die regeerders van die dag gekom."[81] Mnr. Roelf Meyer van die NP, was van mening dat menslikheidsfaktore in die algemeen 'n rol gespeel het.[82]

'n Derde aspek wat aanleiding gegee het tot die afskaffing was die druk wat die Regering veral vanaf die buiteland ondervind het. Buitelandse handelsbetrekkinge met Taiwan, Japan én Europese lande het onder die soeklig gekom.[83]

'n Vierde aspek waarop mnr. Colin Eglin wys, dui daarop dat die wet kragteloos gemaak word deur nie-toepassing van die wetgewing. Hy sê dat die wet eintlik de facto afgeskaf word, omdat die mense nie aan die wet gehoorsaam is nie. "Eintlik is daar soveel mense

wat dit verontagsaam dat dit 'n leë dop word. Die aantal mense wat die wet verontagsaam word groter as die wat die wet gehoorsaam. Later vervolg die polisie nie meer die mense nie. Die Regering stel 'n kommissie aan en die kommissie se bevinding is dat dit eintlik nie nodig is nie, daarna word hy opgehef." [84]

## 11.1 Verdere politieke debat in 1984

Die feit dat die moontlikheid bestaan het dat die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet geskrap kon word, het definitief 'n invloed uitgeoefen op die tussenverkiesing in Soutpansberg. Dr. Ferdie Hartzenberg, onder-leier van die Konserwatiewe Party, het in die verkiesingsveldtog op Tzaneen op 8 Februarie 1984 gesê dat die Regering die afskaffing van die twee wette sterk oorweeg. [85] Die Konserwatiewe Party het dan ook die setel verower. Dit kan hierby genoem word dat die aanwesigheid van 'n gemengde egpaar in die Sasolburgse blanke woonbuurt en wat deur die HNP sterk beklemtoon is, ook duidelik 'n invloed uitgeoefen het op die tussenverkiesing in Sasolburg op 30 Oktober 1985. Die HNP kandidaat, mnr. Louis Stofberg, het Dr. Willem Odendaal van die NP, in die tussenverkiesing verslaan.

Die Arbeidersparty het in 'n memorandum voor die Gekose Komitee gesê hy staan vir die afskaffing van die Wet op Verbod van

Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet. Dis volgens die party 'n Godgegewe gawe om enige mens lief te hê, afgesien van ras en/of kleur.[86]

Die verklaring van mnr. Pieter Marais (destyds van die Volkskongres-party) dat hy vir die behoud van Artikel 16 van die Ontugwet is, aangesien dit tot beskerming van die Kleurlingvroue -en meisies is, het skerp reaksie en kritiek van ander Kleurlingleiers uitgelok. Mnr. Julies, leier van die Hervormde Vryheidsparty het gesê dat mnr. Marais nou wil "optree as bewaker van die regering se apartheidswette."[87] Ds. Jan Mettler van die NG Sendingkerk in Mitchell's Plein, het gesê mnr. Marais onderskat die aandrang van sy mense om die wette afgeskaf te kry.[88]

Die verslag van die Grondwetkomitee oor grondwetlike aanpassing in Suid-Afrika word vervolgens in Junie 1984 ter tafel gelê. Volgens die verslag is daar wette in Suid-Afrika wat deur sekere groepe as diskriminerend beskou word, en die Regering sal deurentyd na sulke wette moet kyk en aanpassings maak. Die Presidentsraad het 'n staande komitee aanbeveel wat na hierdie diskriminerende wette moet kyk. Dit moes onder andere insluit die Groepsgebiedewet, die Bevolkingsregistrasiewet, die Ontugwet en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike.[89]

Die Derde Verslag van die Gekose Komitee is op 10 Julie 1984 ter tafel gelê terwyl min. F.W. de Klerk terselfdertyd in die Volksraad aankondig dat die Gekose Komitee se werksaamhede uitgebrei

word "ten einde die komitee in staat te stel om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die wenslikheid van die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet van 1957; en van die aanpassing van ander verbandhoudende wetgewing voortspruitend uit sodanige herroeping met die oog op die voortgesette maatskaplike opvoedkundige en staatkundige ordening van gemeenskappe ..."[90]

Dr. Treurnicht het by die ter tafellegging vandie Derde Verslag in die Volksraad soos volg (en veral oor punt 2 van die Verslag soos voorgelê) in die Volksraad gereageer. Dit het spesifiek verband gehou met die aanname dat die oorwig van getuienis voor die Komitee dui op die wenslikheid van die herroeping van die twee maatreëls.

"Ons (Konserwatiewe Party-J.C.L.) dink egter dat die begrip 'oorwig' nie net op kwantitatiewe berekening kan dui nie. Indien 'n mens van die oorwig van getuienis praat dan moes jy ook 'n evaluering van daardie getuienis gemaak het voordat jy sommer kan sê die oorwig van die getuienis is in 'n bepaalde rigting. Al is dit so dat die verskillende kerke en ander instansies kwantitatief die herroeping daarvan bepleit het, is dit ook so dat 'n paar baie belangrike getuies aan die kant van die Afrikaanse Kerke die behoud van die twee Wette bepleit het."[91]

Dr. Treurnicht het ook probleme gehad met die feit dat die Wet op Gemengde Huwelike, volgens die Verslag, nie op Skriftuurlike

gronde geregverdig kan word nie, en spesifiek dat dit nie in die Gekose Komitee gedebatteer is nie.

"... die implikasie", het hy gesê, "is as sou diegene wat die behoud daarvan bepleit het dit nie op Skriftuurlike gronde gedoen het nie,(...) dit sou verkeerd wees om so 'n afleiding te maak."[92]

Mnr. Daan van der Merwe ook van die KP sê verder: "Ek wil dus vir die agbare Adjunk-Minister (Adjunkminister Piet Badenhorst-J.C.L.) sê dat om hier te skuil agter die feit dat die oorwig van getuienis sê dat dit afgeskaf moet word en om dan daaragter in te spring en te sê ons moet nou verder, tipies is van die metodiek van die Nasionale Party die afgelope paar jaar. As 'n mens nie 'n antwoord op iets het nie of as jy iets verander wil hê, stel jy 'n gekose komitee of 'n kommissie van ondersoek aan en berei jy geleidelik die mense daarvoor voor, en kondisioneer jy hulle.(...) Ek wil die agb. Adjunk Minister vra wie daardie oorgrote meerderheid van die getuies was. Was die meeste van hulle nie erkende lede of ondersteuners van die PFP nie?(...) Die NP is hier besig om te torring aan die fundamentele dinge wat die geordenheid van die volke in Suider-Afrika affekteer. Ter wille van die sogenaamde goedgesindheid van die buiteland is die agbare Minister nie meer bereid om by daardie dinge te staan nie."[93]

Kleurling- en Indiërleiers het die verslag van die Gekose Komitee wyd verwelkom. Eerwaarde Hendrickse het gesê die feit dat die

komitee se opdrag verbreed word, baie bemoedigend is. Mnr. J.N. Reddy, leier van die Indiër-Solidariteitsparty, glo ook hoe gouer die wette herroep word, hoe beter. Hy meen moraliteit kan nie deur wetgewing gereguleer word nie. Dr. Motlana het op sy beurt gesê daar moet veral klem gelê word na die ondersoek van verbandhoudende wetgewing.[94]

Mnr. Jaap Marais, leier van die Herstigte Nasionale Party, sê in _Die Afrikaner_ van 18 Julie 1984: "Ek vind dit verstommend dat mnr. Piet Badenhorst, voorsitter van die Gekose Komitee, hom daarop beroep dat die oorwig van getuies nie ten gunste van die betrokke wette is nie. Dis nie die taak van die Komitee om 'n meerderheidsmening te bepaal nie. As dit gevra word, moet 'n referendum gehou of die saak as 'n strydvraag in 'n algemene verkiesing geopper word."

Mnr. Mamoo Rajab, sekretaris van die Indiër-Solidariteitsparty, het onder andere ook gesê dat die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet (Artikel 16) die eerste twee wette sal wees wat in die nuwe bedeling vir Blank, Kleurling en Indiër geskrap sal moet word.[95] Eerwaarde Hendrickse het dan ook die Arbeidersparty verseker dat die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet (Artikel 16) in die nuwe bedeling geskrap sal word.[96]

## 11.2 Die RGN-meningsopname oor Apartheidstrukture van 1984

Die meningsopname en die uitslag daarvan, het vir die Regering, wat van plan was om die mengwette te skrap, eintlik op 'n ongeleë tyd gekom.

'n Totaal van 1 024 Blankes, 1 242 Kleurlinge en 1 406 Indiërs is deur die menings-opnamesentrum van die RGN ondervra om hulle houding ten opsigte van die Wet op Gemengde Huwelike, die Ontugwet, die Groepsgebiedewet, Aparte Geriewe en kieserlyste, afsonderlike onderwys, en Swart tuislande te bepaal. Rondom die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet was die belangrikste bevindings as volg:[97]

* Altesaam 78,9% van die Afrikaanssprekendes was ten gunste van die behoud van die Wet op Gemengde Huwelike. Die Engelssprekende persentasie was 41,3% ten gunste daarvan.
* Afrikaanssprekendes ten gunste van die behoud van die Ontugwet was 81,3% Die Engelssprekende persentasie was 87,8% ten gunste.

Die Indiër- en Kleurlinggevoel was ook insiggewend oor die apartheidstrukture. Die *Argus* van 20 Augustus 1984 berig onder andere: "A HSRC survey has recorded astonishly low opposition among Coloured and Indian people to what are believed to be the most hated apartheid structures. The survey suggests that less than half are opposed to Mixed Marriages and Immorality Act."

Afgesien daarvan dat Afrikaans- en Engelssprekendes oorweldigend aangedui het dat hulle ten gunste van die apartheidstrukture is, het die helfte van die Kleurlinge en Indiërs nie gevra vir die afskaffing wat die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet nie.

## 11.3 Die Politieke Debat van 1985

Die deelname van die Indiër- en Kleurlinggroepe sou baie duidelik aan die Regering en die nuwe grondwet sy eise stel. Die politieke debat van 1985 is aan die rol gesit met die verklaring van Eerwaarde Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty, wat op 5 Januarie 1985 sê dat daar in diepte gekyk sal moet word na die Wet op die Verbod van Politieke Inmenging, die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe, en Artikel 16 van die Ontugwet.[98]

Dat die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet geskrap sou word, was reeds lank voor die amptelike herroeping daarvan duidelik, soos onder andere blyk uit die uitlating van mnr. Armichand Rajbansi, 'n Kabinetsminister, in die wantrouedebat in die Huis van Afgevaardigdes. Eerwaarde Edward Manikham, LP vir Rylands van die Solidariteits Party het aan mnr. Rajbansi gevra of die skrapping van die wette amptelik is, waarop mnr. Rajbansi gesê het die wette behoort teen Julie-

maand geskrap te wees. Hy het verder gesê: "My bottom line for the 1985 session is not only the Immorality Act and the Mixed Marriages Act, but also other discriminatory laws particularly those that restrict Indian movement in the Orange Free State and Northern Natal."[99]

Op 7 Februarie 1985 kondig min. F.W. de Klerk, Minister van Binnelandse Sake, aan dat die Gekose Komitee, wat ondersoek instel na die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwet (Artikel 16), vervang sou word met 'n Gesamentlike Komitee wat sou bestaan uitlede van al drie Huise van die Parlement. Die ondersoek sou gaan oor die wenslikheid van die herroeping van genoemde wette en die aanpassing van aanverwante wetgewing as genoemde wette herroep sou word, veral met betrekking tot die voortgesette sosiale, opvoedkundige en grondwetlike ordening van gemeenskappe.[100]

Die Pretoria News berig dat die skrapping van die wette al duideliker geblyk het: "Effort in the select committee to improve the Acts proved fruitless. All that appears to be left is to get rid of the acts. The appointments of a joint committee of the New Parliament to investigate the measures is the last step in preparing the way for abolition."[101]

Die leier van die Opposisie, dr. Van Zyl Slabbert, het in die Volksraad gesê hy sien die aankondiging van die Gesamentlike Komitee, as die regte stap want dit is duidelik dat die wette

herroep moet word, maar die komitee moet eerder kyk na die gevolge wat die herroeping teweeg sal bring.[102] Dr. A.P. Treurnicht, leier van die Konserwatiewe Party, het gesê die behoudende* lede van die NP moet nadink oor die implikasies van die herroeping van die twee wette. Dit is duidelik dat daar nie konsensus in die NP-geledere is oor die betrokke wette nie. Dit is volgens hom waarom die NP nou agter 'n gesamentlike komitee wil skuil, wat moet ondersoek instel na die wenslikheid van die herroeping van die wette.[103]

Op 12 Februarie 1985 ondervind die Regering egter probleme met die Huis van Afgevaardiges oor die voorstel dat 'n Gesamentlike Komitee aangestel word oor die wenslikheid van die herroeping van die mengwette. Die Nasionale Volksparty was verdeeld oor die voorstel. Die lede wat teen die voorstel was, wou hê dat daar gekyk moet word na die implikasies van die herroeping van genoemde wette.

Die probleme word egter oorbrug en die Gesamentlike Komitee kon voortgaan met hul ondersoek, maar dit was nie so maklik nie. Die Cape Times berig: "... behind the glittering consensual facade, the wangling was a messy business. And the government has been left with the message that consensus does not mean merely

---

* Behoudende - bedoelende, die politici wat toekomstige grondwetlike ontwikkeling in Suid-Afrika langs die weg van afsonderlike ontwikkeling sien.

agreeing with its views.(...) The government's obvious dilemma, and it is a serious one, is now to do away with some apartheid laws which are linked to others without threatening the whole apartheid structure.(...) The significance of the past week's debate is not so much in the possible scrapping of the two laws, but in the pains of reform that the Nationalists are clearly experiencing."[104]

Die Nasionalis van 31 Maart 1985 het oor verdere hervorming as volg berig: "Dit beteken dat die betrokke maatreëls (verbandhoudende-J.C.L.) nie sonder meer herroep kan word nie. Dit sou 'n vakuum laat omdat die afskaffing implikasies het ten opsigte van talle ander maatreëls en wette wat die onveranderbare fondamentstene van ons samelewing, soos eie skole en eie woongebiede raak. Die Nasionale Party het gesê, hulle staan onwrikbaar daarop dat hierdie hoekstene onaangetas behoue bly."[105]

Waar was 2 Feb. 1990? wat word nou v. hul 'onwrikbaarheid''.

Dat die Kleurlinggroep duidelik hul stem laat hoor het om die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet afgeskaf te kry, blyk uit die berig van Rapport van 14 April 1985: "As die aanbevelings in die verslag dat die Wet op Gemengde Huwelike geskrap moet word en dat die Ontugwet van sy diskriminerende 'kleurklousule' verlos moet word, dan moet die Arbeidersparty baie van die krediet kry. Eerwaarde Allan Hendrickse, het letterlik sy A-team in die veld gestoot.(...) Van al die partye het die Arbeiders die hoogste profiel in die komitee gehad.(...)

Aan 'n steeds oorwegend siniese bruin gemeenskap sal dan getoon kan word dat die onderhandelingskoers wat die Arbeiders ingeslaan het, wel vrugte afwerp."[106]

Op 15 April 1985 is die verslag van die Gesamentlike Gekose Komitee voor al die Huise van die Parrlement gele. Die bevindinge van die Gesamentlike Komitee was soos volg:

"(i) Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949 nie op skriftuurlike of ander gronde geregverdigkan word nie;

"(ii) sedert die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet, 1957 op die Wetboek geplaas is, daar voorsiening gemaak is vir groepsordening deur middel van die indeling van die bevolking in groepe, die bepaling van eie woongebiede, die bywoning van eie opvoedkundige inrigtings en die reg om te stem op 'n groepsbasis, en hierdie maatreëls voldoende versekering vir die voortgesette maatskaplike, opvoedkundige en staatkundige ordening van eie gemeenskappe bevat;

"(iii) die betrokke twee maatreëls diskriminerend van aard is deurdat hulle nie gelykmatige behandeling aan die verskillende bevolkingsgroepe bied nie, maar slegs een identifiseerbare bevolkingsgroep uitsonder;

"(iv) wetgewing wel nodig is om dit moontlik te maak om daardie huwelike wat ingevolge die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, ongeldig is, te wettig:(...)
Op grond van die voorafgaande bevindinge -

(a) beveel die Komitee aan dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, en Artikel 16 van die Ontugwet, 1957, herroep word."[107]

11.4 <u>Herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet en die reaksies daarop</u>

11.4.1 Kleurlinge

Mnr. Allan Hendrickse se kommentaar was dat die besluit om die Mengwette te herroep gesien moet word as deel van 'n proses van hervorming in Suid-Afrika en dat die herroeping gesien moet word as die afbreek van apartheid, wat verdere momentum aan die hervormingspoging sal verleen. Volgens hom bly die regte van die individu belangrik, en is dit die individu se vrye keuse van 'n huweliksmaat. Die Arbeidersparty het dan ook 'n besliste bydrae gemaak tot hierdie historiese besluit van die Gesamentlike Komitee, en voeg daaraan toe dat, "baie dinge moet nog verander, maar 'n begin moet êrens gemaak word."[108]

Professor Adam Small, bekende Kleurling-digter en skrywer se kommentaar was: "Dit is verblydend dat die betrokke wette nou uit die pad uit is. Maar dit is belaglik dat 'n stertjie daaraan toegevoeg is dat bestaande wetgewing toereikend is om die verandering te akkomodeer. Dit lyk vir my nie logies dat 'n man en vrou kan saamwoon, terwyl die Groepsgebiedewet nog geld nie."[109]

Mnr. Yusaf Rhoda, leier van die Opposisie in die Huis van Verteenwoordigers, het gesê die wette móes nooit in die eerste plek op die wetboek gewees het nie.[110]

## 11.4.2 Indiërs

Mnr. Armichand Rajbansi, voorsitter van die Ministersraad van die Huis van Afgevaardigdes, het gesê die herroeping was 'n reuse praktiese stap in die rigting om van diskriminasie af weg te beweeg. Die betekenis lê daarin dat pres. P.W. Botha die grootste krag vir hervorming is wat nog vanuit die "establishment" gekom het.[111]

Die Transvaalse Indian Congress (TIC) het die skrapping van die wette as onbelangrik afgemaak. Die TIC se publisiteits-sekretaris mnr. Isu Thiba, het gesê die skrapping van die wette was 'n poging van die Regering om hul hervormingspogings in 'n goeie lig te stel.[112]

### 11.4.3 Swart Leiers se uitsprake

Die leier van Inkatha, hoofminister Mangosuthu Buthelezi van Kwazulu het gesê dat hy die herroeping van die mengwette hartlik verwelkom. Apartheid maak inbreuk op die Swartman se waardigheid. Swartes word gesien as 'n subspesie wat blykbaar nie die vermoë het om die volheid van die lewe te geniet soos God dit bedoel het nie. Die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike dring egter ook aan op die herroeping van die Groepsgebiedewet. Die Minister van Buitelandse Sake en Inligting van Transkei, min. Mtutuzeli Lujabe, het namens sy regering gesê dat die Suid-Afrikaanse Regering vinniger van diskriminerende maatreëls af moet wegbeweeg. Slegs dan sal apartheid afgebreek word. Die herroeping van die Mengwette is slegs 'n kosmetiese (kunsmatige) verandering want dit verander nie die lot van die Swartes om aan die Regering te kan deelneem nie.[113]

Volgens mnr. Terror Lekota, publisiteits-sekretaris van die United Democratic Front sal die afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet onnodige leed verminder. Volgens hom is die herroeping van die wette nie van groot belang nie. Hy sê verder dat die wette wat herroep moet word, is naamlik die, "which deny the majority of South Africans political, residential, labour and citizenship rights."[114]

11.4.4 Akademici

Prof. Johan van der Westhuizen van die Universiteit van Pretoria het gesê dit 'n welkome stap. Die wette was 'n blatante skending van die konsep van menseregte en die beginsel van gelykheid van alle beskaafde Westerse lande.[115] Prof. P.J.J.S. Potgieter van die Departement Staatsleer aan die P.U. vir C.H.O. het gesê dat die herroeping van die maatreëls noodsaaklik is vir die behoud van die inisiatief van die hervormingsproses. Dit moet opgevolg word met maatreëls wat ons samelewing normaliseer want andersins sou die afskaffing slegs simboliese waarde hê. Wat verder duideliker sal word, is dat die herroeping van die maatreëls 'n sneeubal-effek het en dat die volume van verandering steeds groter sal word. Hy sê verder dat, "'n regering wat die pad van hervorming kies se oë moet wawyd oop wees vir hierdie sneeubal-effek. Hy moet bereid wees om die konsekwensies van verandering sowel as die eise wat dit stel, te hanteer."[116]

Prof. Willie Esterhuyse, hoof van die Departement Filosofie by die Universiteit van Stellenbosch, het gesê dit is die eerste belangrike produk van die nuwe bedeling. Hy het gesê hy hoop dat dit nog verder momentum sal kry om nog bestaande statutêre diskriminerende maatreëls te verwyder.[117]

Prof. Erika Theron, kanselier van die Universiteit van Wes-Kaapland, het die herroeping van genoemde maatreëls verwelkom.

Sy was egter geskok en teleurgesteld in die houding van Min. F.W. de Klerk, wat gesê het dat die Groepsgebiedewet nooit sal verander nie. Prof. Theron het gesê sy het gedink dat Min. de Klerk die aankondiging sou doen met blydskap in plaas van bitterheid.[118]

Swart, Kleurling- en Indiërleiers wat altyd voorstanders was dat die wette geskrap moes word, was kennelik verheug dat die genoemde twee wette geskrap is. Die leiers was verder van mening dat die herroeping van die wette die hervormingsplanne van die Regering verder sou stimuleer. Die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet het volgens die leiers ook 'n appèl gemaak op die wenslikheid van die herroeping van ander apartheidswetgewing, soos die Groepsgebiedewet en die Bevolingsregistrasiewet. Akademici wat die twee wette geskrap wou hê, het ook positief oor die herroeping gevoel en beklemtoon dat dit verdere momentum aan die hervormingspogings van die Regering sou verleen.

## 11.5 Reaksie van Blanke Politieke Partye

### 11.5.1 Progressiewe Federale Party

Vanuit die geledere van die PFP het mnr. Tiaan van der Merwe (LP vir Groenpunt) gesê dit was twee van die vernederendste maatreëls in die wetboek. Baie lewens is volgens hom daardeur vernietig. Hy was van mening dat die skrapping daarvan die toepassing van ander skeidingsmaatreëls al hoe moeiliker sal maak en dit kan nuwe momentum gee aan die skrapping van ander diskriminerende wette.[119]

Mnr. Van der Merwe het verder gesê die Regering doen dit (herroeping van mengwette) met groot huiwering en dat "voete gesleep word, en dat dit nie eintlik hervormingstappe is nie maar slegs simboliese betekenis het. Dit gee egter aan die Parlement die geleentheid om die hoeksteen van die apartheidsfilosofie te vernietig."[120]

### 11.5.2 Nuwe Republiekparty

Die aanbevelings in die Badenhorst-kommissie se verslag is volgens die NRP 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek. Volgens mnr. Brain Page, LP vir Umhlanga was die maatreëls simbole van diskriminasie. Dit moet gesien word as die eerste

stappe om diskriminerende wetgewing af te takel.[121]

11.5.3 Nasionale Party

Minister Piet Badenhorst, Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning het gesê een van die aspekte rondom die herroeping van die twee seks-oor-die-kleurgrenswette wat die drukste besprek is, is die feit dat dit onmoontlik was om te verduidelik of te verdedig.

Hierbenewens het dit vir Suid-Afrika in sy binnelandse opset ook probleme veroorsaak, in die opsig dat hy hoogs geskoolde immigrante moes wegwys, en dat die toepassing van die wette dikwels tot groot droefheid en hartseer gelei het as onskuldige mense die slagoffers daarvan was.[122]

Mnr. Albert Nothnagel, LP vir Innesdal het gesê die NP praat as meerderheidsparty namens die meerderheid blankes. Hy sê verder dat die skrapping van die maatreëls in belang van die Blanke in Suid-Afrika is.(...) "Die blanke verloor niks, maar wen vir homself en sy kinders 'n groot toekoms."[123]

Op 'n vraag in die Volksraad waar die gemengde egpaartjie sal bly, het Minister de Klerk gesê dat hullenog altyd in blanke gebied kon woon. Wanneer mense volgens Minister de Klerk oor die kleurgrens trou, verander hul rasseklassifikasie nie, tensy hulle

daarom aansoek doen en dit goedgekeur word. Minister de Klerk is ook van mening dat die Groepsgebiedewet voorsiening daarvoor maak dat 'n lid van 'n ander bevolkinsgroep in 'n blanke gebied mag woon as hy of sy om 'n permit aansoek gedoen het en dit toegestaan word.[124] Dr. Helgard van Rensburg, NP-LP vir Mosselbaai, het oor die moontlike gevolge van die herroeping van die maatreëls gesê, dat geen getuienis bestaan dat 'n drastiese vermeerdering in die aantal huwelike tussen Blank en Nie-Blank en buite-egtelike verkeer sal plaasvind nie.[125]

### 11.5.4 Konserwatiewe Party

Mnr. Daan van der Merwe het gesê dit was "pateties" om te moes luister hoe "die eens magtige NP" die skrapping voorstel van een van die hoekstene van afsonderlike ontwikkeling wat die party self ingestel het. Die NP het 'n "swart streep getrek deur sy eie beginsels en die standpunte van sy vorige eerste ministers."[126]

Dr. A.P. Treurnicht se kommentaar was as volg:

"'n Volk het plig teenoor wordende geslagte om hulle te beskerm teen die dwaashede en selfsug van die huidige geslag.(...) Wette teen gemengde huwelike en ontug - is oor die jare heen verbied. Nou het die Blankes dit skielik nie meer nodig nie. Die RGN het verlede jaar in 'n opname bevind dat die wil en gevoel van die

Blanke nog met die Wette is. 'Wie is nou uit voelingmet wie.' As dit waar is - en die getuienis bestaan - dat die Blanke sê die wette moet behou word, wat is dit wat mnr. P.W. Botha so druk?"[127]

11.5.5 Herstigte Nasionale Party

Mnr. Louis Stofberg, LP vir Sasolburg, het gesê dat alhoewel sekere mense die herroeping van die twee wette verwelkom, dit egter ook spanning en wrywing gaan veroorsaak. "Waar gaan die mense woon? Na watter skool gaan die kinders? In watter gemeenskap gaan die gemengde egpaar inpas? Die regering het 'n tier losgelaat wat hy nie later sal kan beheer nie."[128]

11.5.6 Evaluering

Die Nasionale Party het die herroeping van die twe Mengwette teruggevoer na die onverdedigbaarheid daarvan en dat dit kwetsend teenoor nie-blanke bevolkingsgroepe is, deurdat dit slegs die blanke bevolkingsgroepe uitsonder. Alhoewel regeringsleiers te kenne gegee het dat die herroeping van genoemde wette nie noodwendig onder apartheidstrukture in gedrang sou bring nie, was politici van die PFP en die KP nie dieselfde

mening toegedaan nie. Die Groepsgebiedewet en Bevolkingsregistrasiewet sou toenemend onder groot druk geplaas word.

## 12. SLOTWOORD

Uit 'n evaluering van die politieke debat van 1958 tot 1985 oor die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet kom die volgende aspekte na vore:

1. Deur 'n verbod te plaas op gemengde huwelike in 1949 en ontug in 1957, wou die Nasionale Party van 1958 saam met die ander apartheidswette wat gevolg het, deur 'n beleid van politieke ontstrengeling die verskillende bevolkingsgroepe op afsonderlike bane plaas op pad na volledige politieke selfstandigheid.

2. Die afsien van die konsekwente deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en die toenemende mate van inskakeling van die nie-blanke bevolkingsgroepe as gelykes in die sosiomaatskaplike en ekonomiese sisteem van die Blankes, binne dieselfde geografiese gebied, het segregerende maatreëls ernstig in gedrang gebring. Segregasie was nie meer verantwoordbare differensiasie op grond van ras, kleur en geloof nie, maar onregverdigbare

diskriminasie.

3. In die lig van Suid-Afrika se komplekse volkeresamestelling het die voorstanders van genoemde wette deurlopend tot en met 1985 daarop gewys dat die Mengwette nie net gepoog het om die rassesuiwerheid van die Blankes te handhaaf nie. Die maatskaplike en sosiale probleme wat voortvloei uit rasvermenging ten opsigte van die kinders wat gebore word uit gemengde huwelike en ontug moes verhoed en bekamp word.

4. Buitelandse druk oor die "onmenslikheid" van die twee wette, druk van Kleurling- en Indiërgroepe en die nie-toepassing van die Mengwette, het die handhawing van die wette deur die regering baie problematies gemaak. Dit was alles meewerkende faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die twee wette uiteindelik afgeskaf is.

5. Alhoewel sekere politici van die Nasionale Party glo dat gemengde egpare wel deur bestaande apartheidswetgewing geakkomodeer kan word, blyk dit toenemend problematies te word. By die politici van die Konserwatiewe- en Progressiewe Federale Party bestaan daar geen twyfel nie, dat die afskaffing van die twee Mengweette die hele apartheidstruktuur in duie kan laat stort.

6. Voorstanders van genoemde wette besef dat terwyl die Blankes, dieselfde geografiese gebied, sosiomaatskaplike, ekonomiese sisteem met die Nie-Blankes deel en die nie-blanke bevolkingsgroepe op 'n afsonderlike ontwikkelingsbaan geplaas word, die wette nog steeds noodsaaklik ter behoud van Blanke identiteit sal wees.

VOETNOTE

1. *Debatte van die Volksraad*, 23/2/62. kol. 1597.
2. *Ibid.*, kol. 1599.
3. *Ibid.*, kol. 1600
4. *Ibid.*, kol. 1600-1601.
5. *Ibid.*, kol. 1625.
6. *Ibid.*, kol. 1628-1629.
7. *Ibid.*, 23/3/62, kol. 3276-3280.
8. *Debatte van die Volksraad*, 26/2/71, kol. 1801.
9. *Ibid.*, kol. 1802.
10. *Ibid.*, kol. 1806.
11. *Ibid.*, kol. 1808.
12. *Ibid.*, kol. 1813.
13. *Ibid.*, kol. 1854.
14. *Sunday Times*, 16/7/77.
15. *Daily Despatch*, 20/7/77.
16. *Volkstem*, September 1977.
17. *Sunday Tribune*, 30/9/79.
18. *Rapport*, 22/4/84.
19. *Ibid.*, 10/7/77.
20. *E.P. Herald*, 8/7/77.
21. *Rapport*, 10/7/77.
22. *Oggendblad*, 8/7/77.
23. *Die Vaderland*, 8/7/77.
24. *Pretoria News*, 9/7/77.

25. Citizen, 12/7/77.

26. Die Volksblad, 5/10/77.

27. Ibid.

28. E.P. Herald, 7/10/77.

29. Beeld, 15/10/77.

30. Ibid.

31. Rapport, 16/10/77.

32. Die Republikein, 15/12/77.

33. Rapport, 20/2/77.

34. De Villiers, E., en Kinghorn, J., Op die Skaal : Gemengde Huwelike en Ontug, p.33.

35. Die Afrikaner, 21/10/77.

36. De Villiers, E., en Kinghorn, J., op. cit., p.33.

37. Die Burger, 26/9/79.

38. Claassens, R.G., Gemengde Huwelike Ontug, KP-pamflet.

39. Ibid.

40. Danzfuss, A., Gemengde Huwelike en Ontug, debat voor Ordes, U.O.V.S., 18 Maart 1985.

41. Die Transvaler, 10/9/79.

42. Beeld, 28/9/79.

43. Ibid.

44. Die Afrikaner, 5/10/79.

45. Ibid.

46. Ibid.

47. Die Vaderland, 19/2/80.

48. De Villiers, E., en Kinghorn, J., op. cit., p.4.

49. Ibid.

50. *Ibid*.; *Die Burger*, 8/8/80.

51. *Ibid*., pp.34-35.

52. *Ibid*.; Olivier, W.H., *Party en Kiesstelsels in Politieke-Alternatiewe*, p.346.

53. *Ibid*.

54. *Beeld*, 27/10/81.

55. *Ibid*., 18/1/82.

56. De Villiers, E. en Kinghorn, J., *op cit*., pp.35-36.

57. *Ibid*., p.69.

58. *Ibid*., pp.69-70.

59. *Ibid*., pp.70-71.

60. *Ibid*.

61. *Ibid*., pp.71-72.

62. Danzfuss, A., *op. cit*.

63. De Villiers, E., en Kinghorn, J., *op. cit*., p.75.

64. *Die Vaderland*, 12/7/84.

65. De Villiers, E. en Kinghorn, J., *op. cit*., p.68.

66. Danzfuss, A., *op. cit*.

67. Kerkgroepe wat voor die Gekose Komitee getuienis afgelê het, het die volgende kerke ingesluit:

Die Baptiste-, Rooms-Katolieke-, Lutherse-, Anglikaanse-, Metodiste-, Gereformeerde-, Hervormde-, Nederduits Gereformeerde- en die NG Sendingkerk. Verskeie teoloë van genoemde kerke het ook in hul private hoedanigheid voor die Gekose Komitee getuienis afgelê.

Ander instansies wat getuienis afgelê het, was: "The Black Sash", die Vereniging van Psigiaters van Wes-Kaapland, die Konserwatiewe Vrouevereniging, die Instituut vir Historiese Navorsing van die Universiteit van Wes-Kaapland, die Instituut vir Rasseverhoudinge, verteenwoordigers van die Mediese Fakulteit van die Universiteit van Kaapstad en verteenwoordigers van die sentrum vir Toegepaste Regstudies

aan die Universiteit van die Witwatersrand. Die getuienis het ook gepaard gegaan met memoranda wat aan die Gekose Komitee voorgelê is.

68. De Villiers, E., en Kinghorn, J., op. cit., p.36.

69. Danzfuss, A., op. cit.

70. Beeld., 24/6/83.

71. Citizen, 26/10/83.

72. Die Burger, 30/6/83.

73. J.C. Lombard-Versameling, bandopname van onderhoude met mnre. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes en Wynand Malan, NP-LP vir Randburg op 20/3/86.

74. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Peter Gastrow, PFP-LP vir Durban-Sentraal op 25/3/86.

75. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Vause Raw, NRP-LP vir Durban-Punt op 20/3/86.

76. Ibid., bandopname van onderhoud met dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

77. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Daan van der Merwe, KP-LP vir Rissik op 20/3/86.

78. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Louis Stofberg, HNP-LP vir Sasolburg op 19/3/86.

79. Ibid., bandopname van onderhoud met adjunk-minister Piet Badenhorst, NP-LP vir Oudtshoorn op 24/3/86.

80. Ibid., bandopname van onderhoud met dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

81. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Wynand Malan, NP-LP vir Randburg op 20/3/88.

82. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes op 20/3/86.

83. Ibid., bandopname van onderhoud met dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

84. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Colin Eglin, PFP-LP vir Seepunt op 24/3/86.

aan die Universiteit van die Witwatersrand. Die getuienis het ook gepaard gegaan met memoranda wat aan die Gekose Komitee voorgelê is.

68. De Villiers, E., en Kinghorn, J., op. cit., p.36.

69. Dancfuss, A., op. cit.

70. Beeld., 24/6/83.

71. Citizen, 26/10/83.

72. Die Burger, 30/6/83.

73. J.C. Lombard-Versameling, bandopname van onderhoude met mnre. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes en Wynand Malan, NP-LP vir Randburg op 20/3/86.

74. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Peter Gastrow, PFP-LP vir Durban-Sentraal op 25/3/86.

75. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Vause Raw, NRP-LP vir Durban-Punt op 20/3/86.

76. Ibid., bandopname van onderhoud met dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

77. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Daan van der Merwe, KP-LP vir Rissik op 20/3/86.

78. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Louis Stofberg, HNP-LP vir Sasolburg op 19/3/86.

79. Ibid., bandopname van onderhoud met adjunk-minister Piet Badenhorst, NP-LP vir Oudtshoorn op 24/3/86.

80. Ibid., bandopname van onderhoud met dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

81. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Wynand Malan, NP-LP vir Randburg op 20/3/88.

82. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes op 20/3/86.

83. Ibid., bandopname van onderhoud met dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

84. Ibid., bandopname van onderhoud met mnr. Colin Eglin, PFP-LP vir Seepunt op 24/3/86.

85. Citizen, 9/2/84.

86. Evening Post, 27/2/84.

87. Beeld, 25/4/84.

88. Die Burger, 26/4/84.

89. Beeld, 19/6/84.

90. Derde Verslag van die Gekose Komitee oor Gemengde Huwelike en Ontug. (Sien Bylae)

91. Debatte van die Volksraad, kol. 11296-11298.

92. Ibid.

93. Ibid., kol. 11308-11314.

94. Beeld, 11/7/84.

95. Daily News, 17/7/84.

96. Natal Post, 29/7/84.

97. J.C. Lombard-versameling, bandopname van onderhoud met Adj.-min. Piet Badenhorst, NP-LP vir Oudtshoorn op 24/3/83; (sien ook bylae van die RGN-meningsopname).

98. Cape Herald, 5/1/85.

99. Sunday Times, 3/2/85.

100. Citizen, 8/2/85.

101. Pretoria News, 7/2/85.

102. Die Burger, 12/2/85.

103. Ibid.

104. Cape Times, 13.2.85.

105. Nasionalis, 31/3/85.

106. Rapport, 14/4/85.

107. Sien Bylae - Verslag van Gesamentlike Komitee.

108. Citizen, 16/4/85.

109. *Die Burger*, 16/4/85;

110. *Citizen*, 16/4//85.

111. *Ibid*.

112. *Rand Daily Mail*, 17/4/85.

113. *Citizen*, 17/4/85.

114. *Ibid*., 16/4/85.

115. *Ibid*.

116. *Die Vaderland*, 16/4/85.

117. *Citizen*, 17/4/85.

118. *Evening Post*, 18/4/85.

119. *Die Burger*, 16/4/85.

120. *The Star*, 16/4/85.

121. *Citizen*, 16/4/85.

122. *Die Vaderland*, 16/4/85.

123. *Die Burger*, 16/4/85.

124. *Die Vaderland*, 17/4/85.

125. *Die Burger*, 16/4/85.

126. *Ibid*.

127. *Die Afrikaner*, 1/5/85.

128. *Citizen*, 16/4/85.

BYLAAG A: Derde Vèrslag van die Gekose Komitee oor Gemengde Huwelike en Ontug (Art. 16).

# DERDE VERSLAG

1. U Komitee se opdrag is op 10 Julie 1984 uitgebrei ten einde hom in staat te stel om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die wenslikheid van die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, en artikel 16 van die Ontugwet, 1957, en van die aanpassing van ander verbandhoudende wetgewing voortspruitend uit sodanige herroeping, met die oog op die voortgesette maatskaplike, opvoedkundige en staatkundige ordening van gemeenskappe.

2. U Komitee het oorweging geskenk aan die aangeleentheid wat na hom verwys is en het vir dié doel, onder meer, die getuienis wat voor hom gelewer is opnuut geëvalueer. U Komitee bevestig die bevinding in sy Eerste Verslag dat die oorwig van die getuienis voor hom dui op die wenslikheid van die herroeping van die voormelde twee maatreëls omdat dit nie op Skriftuurlike of ander gronde geregverdig kan word nie.

3. U Komitee is egter van oordeel dat die herroeping van hierdie maatreëls kan lei tot noodsaaklike aanpassings van verbandhoudende wetgewing om nie afbreuk te doen aan die voortgesette maatskaplike, opvoedkundige en staatkundige ordening van gemeenskappe nie. U Komitee is trouens van oordeel dat die herroeping van die betrokke maatreëls sonder om gelyktydig daarmee noodsaaklike aanpassings aan verbandhoudende wetgewing voor te stel, 'n versteuring van die orde in die verskillende gemeenskappe in die hand kan werk.

4. In die lig van die kompleksiteit van die aangeleentheid, verg dit na die oordeel van u Komitee verdere oorweging en ook verdere getuienis alvorens hy tot 'n beslissing oor sy uitgebreide opdrag kan geraak. Weens die inwerkingtreding van die nuwe staatkundige bedeling op 3 September 1984 is dit egter nie vir u Komitee moontlik om sy werksaamhede af te handel nie.

5. In die omstandighede het u Komitee die eer om aan te beveel dat:

(a) 'n gesamentlike komitee aangestel word met die opdrag soos in paragraaf 1 hierbo vermeld;

(b) die skriftelike en mondelinge getuienis wat reeds voor u Komitee gedien het, in die lig van die besondere waarde daarvan, aan die komitee in (a) hierbo bedoel vir oorweging voorgelê word; en

(c) die bevoegdheid aan die komitee in (a) hierbo bedoel, verleen word om getuienis af te neem, stukke te vorder en wetgewing voor te lê.

P J BADENHORST,
Voorsitter.

Komiteekamers
Volksraad
29 Augustus 1984.

BYLAAG B: Bevindings van die RGN van die houdings van Blank en Nie-Blank oor Apartheidstrukture in SA. (Die Volksblad 84.08.20)

# Respondente dink só oor strukture

**IN die onderstaande tabel word die respondente se houdings oor die sewe fundamentele apartheidstrukture (dit is die terminologie wat die RGN gebruik) uiteengesit. Onder die hofies vir elke apartheidstruktuur verskyn die respons van elke groep in die volgorde van ten gunste van, neutraal, gekant teen en onseker of weet nie.**

**Wet op Gemengde Huwelike**

| Apartheidstruktuur | Ten gunste van | Neutraal | Gekant teen | Onseker, weet nie |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 78,9 | 3,8 | 16,6 | 0,8 |
| Engelssprekendes | 41,3 | 15,2 | 41,3 | 2,2 |
| Kleurlinge | 24,6 | 19,3 | 45,2 | 10,8 |
| Indiërs | 26,9 | 21,8 | 47,8 | 3,6 |

**Ontugwet**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 81,3 | 4,9 | 13,4 | 0,4 |
| Engelssprekendes | 37,8 | 16,5 | 41,0 | 4,7 |
| Kleurlinge | 23,4 | 16,8 | 47,4 | 12,4 |
| Indiërs | 23,0 | 22,9 | 49,4 | 4,7 |

**Groepsgebiedewet**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 76,8 | 6,1 | 16,1 | 1,1 |
| Engelssprekendes | 42,4 | 15,5 | 38,4 | 3,7 |
| Kleurlinge | 2,8 | 3,6 | 54,3 | 9,4 |
| Indiërs | 24,9 | 20,6 | 51,7 | 2,8 |

**Aparte skoolonderwys**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 90,2 | 4,2 | 5,1 | 0,6 |
| Engelssprekendes | 55,4 | 13,1 | 28,3 | 3,2 |
| Kleurlinge | 21,1 | 12,8 | 56,9 | 9,2 |
| Indiërs | 27,8 | 16,5 | 52,3 | 3,5 |

**Aparte geriewe**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 84,9 | 5,3 | 8,1 | 1,7 |
| Engelssprekendes | 50,5 | 16,8 | 30,1 | 2,7 |
| Kleurlinge | 10,9 | 14,1 | 66,4 | 8,6 |
| Indiërs | 19,1 | 17,9 | 58,3 | 4,5 |

**Swart tuislande**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 89,6 | 2,6 | 4,2 | 3,6 |
| Engelssprekendes | 60,3 | 10,8 | 19,7 | 9,1 |
| Kleurlinge | 27,1 | 15,3 | 37,0 | 20,4 |
| Indiërs | 30,0 | 22,4 | 33,8 | 13,9 |

**Aparte kieserslyste**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaanssprekendes | 92,1 | 2,6 | 2,5 | 2,8 |
| Engelssprekendes | 64,3 | 11,1 | 17,7 | 6,9 |
| Kleurlinge | 10,9 | 14,1 | 66,4 | 8,6 |
| Indiërs | 24,5 | 18,3 | 45,9 | 11,3 |

**(Let wel: Vanweë die afronding na die desimale punt kom die som van die subtotale nie deurgaans op 100 te staan nie.)**

BYLAAG C: Verslag van die Gesamentlike Komitee oor die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet.

# VERSLAG

*(Soos aan die drie Huise van die Parlement voorgelê)*

Nadat die Gesamentlike Komitee oor die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet oorweging aan sy opdrag geskenk het, wens u Komitee soos volg verslag te doen:

1. Die Gesamentlike Komitee se opdrag was om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die wenslikheid van die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, en artikel 16 van die Ontugwet, 1957, en van die aanpassing van ander verbandhoudende wetgewing voortspruitend uit sodanige herroeping, met die oog op die voortgesette maatskaplike, opvoedkundige en staatkundige ordening van eie gemeenskappe. Die Parlement het voorts besluit dat die skriftelike en mondelinge getuienis wat voor die Gekose Komitee oor die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet gedien het, aan die Gesamentlike Komitee vir oorweging voorgelê word, en dat die bevoegdheid aan die Komitee verleen word om getuienis af te neem, stukke te vorder en wetgewing voor te lê.

2. Nadat die Gesamentlike Komitee die skriftelike en mondelinge getuienis wat voor die Gekose komitee oor die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet gedien het, oorweeg het, het hy tot die gevolgtrekking geraak dat geen verdere skriftelike of mondelinge getuienis nodig is om sy opdrag uit te voer nie.

3. Hoewel die opdrag van die Komitee vertolk kan word as sou dit twee afsonderlike ondersoekvelde behels, was dit nie moontlik om dit so uit te voer nie. Die kern van die opdrag lê in die *wenslikheid* van herroeping van die betrokke maatreëls tesame met die *wenslikheid* van aanpassing van verbandhoudende wetgewing.

4. Nadat daar deeglik kennis geneem is van die getuienis wat voor die Gekose Komitee gedien het, is die Komitee se bevindinge ten opsigte van die opdrag as geheel dat—

   (i) die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, nie op skriftuurlike of ander gronde geregverdig kan word nie;

   (ii) sedert die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, en artikel 16 van die Ontugwet, 1957, in die Wetboek geplaas is, daar voorsiening gemaak is vir groepsordening deur middel van die indeling van die bevolking in groepe, die bepaling van eie woongebiede, die bywoning van eie opvoedkundige inrigtings en die reg om te stem op 'n groepsbasis, en hierdie maatreëls voldoende versekering vir die voortgesette maatskaplike, opvoedkundige en staatkundige ordening van eie gemeenskappe bevat;

   (iii) die betrokke twee maatreëls diskriminerend van aard is deurdat hulle nie gelykmatige behandeling aan die verskillende bevolkingsgroepe bied nie, maar slegs een identifiseerbare bevolkingsgroep uitsonder;

   (iv) wetgewing wel nodig is om dit moontlik te maak om daardie huwelike wat ingevolge die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, ongeldig is, te wettig;

   (v) daar 'n duidelike verband tussen die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, en artikel 16 van die Ontugwet, 1957, is en hulle vir die doeleindes van hierdie Verslag as 'n eenheid behandel moet word.

5. Op grond van voorgaande bevindinge—

   *(a)* beveel die Komitee aan dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, en artikel 16 van die Ontugwet, 1957, herroep word; en

   *(b)* lê die Komitee 'n wetsontwerp voor getitel die *Wysigingswetsontwerp op Ontug en Verbod op Gemengde Huwelike* [No 77—85 (AS)] (*Kyk* Aanhangsel).

6. Benewens die voorgaande aanbevelings doen die Komitee ter oorweging aan die hand dat die partye tot 'n huwelik deur die huweliksbevestiger voorgelig word oor die implikasies van so 'n huwelik.

7 Die Komitee is diep bewus daarvan dat die plek waar so 'n egpaar sal woon, 'n sensitiewe aangeleentheid in die verband van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is. Die Komi-

teë is oortuig dat die bestaande wetgewing en gebruik, veral ten opsigte van woon- en opvoedkundige regte en vereistes, dit moontlik maak om gesinne van gemengde ras deur administratiewe middele te akkommodeer.

8. Daar is behoorlik kennis geneem van die feit dat die Ontugwet, 1957, uitgesonderd artikel 16, na die Presidentsraad verwys is. Op grond hiervan het die moontlike aanpassing van die Wet nie die Komitee se aandag geniet nie. Die Komitee beklemtoon egter dat die herroeping van artikel 16 slegs beoog om die rassekonnotasie uit die Wet te verwyder, en dat dié stap nie noodwendig die effektiewe bekamping van onsedelikheid behoort te affekteer nie. Die bekamping van onsedelikheid as sodanig geskied ingevolge ander artikels van die Wet, wat onaangetas gelaat word. Enige verdere stappe in dié verband behoort op versterking van sulke maatreëls ingestel te wees.

9. Die Komitee beveel dus aan dat die Presidentsraad versoek word om in besonder aandag te gee aan die kwessie van uitlokking vir onsedelike doeleindes. Die Komitee huldig ook die standpunt dat bekamping van onsedelikheid net soveel op voorkoming as op bestraffing gerig moet word.

10. Ten slotte is die Komitee van mening dat die strafbepalings in die Ontugwet, 1957, heeltemal ontoereikend is en dat daar vir hoër maksimum strawwe vir verdere oortredings voorsiening gemaak behoort te word. Die Komitee beveel derhalwe aan dat die Presidentsraad in sy ondersoek na hierdie Wet besondere aandag daaraan skenk.

P J BADENHORST (Voorsitter van Gekose Komitee van Volksraad en Voorsitter van Gesamentlike Komitee)

H J HENDRICKSE (Voorsitter van Gekose Komitee van Raad van Verteenwoordigers)

R S NOWBATH (Voorsitter van Gekose Komitee van Raad van Afgevaardigdes)

Komiteekamers
Parlement
27 Maart 1985.

# HOOFSTUK 7

# DIE IMPLIKASIES VAN DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP DIE VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET OP ANDER APARTHEIDSWETGEWING

## 1. INLEIDING

Die aanbeveling van die Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike van 1939, dat die Regering wetgewing daarstel om Gemengde Huwelike en Ontug oor die kleurgrens te bekamp het gerealiseer in die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike no. 55 van 1949, die Ontugwysigingswet no. 21 van 1950 en die latere bekende Artikel 16 van die Ontugwet van 1957, Wet no. 23 van 1957.

Saam met die Bevolkingsregistrasiewet, Wet no. 30 van 1950 en die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe, Wet no. 49 van 1953 het die Gemengde Huwelikewet en Artikel 16 van die Ontugwet die hoekstene gevorm van latere apartheidswetgewing wat sou volg soos byvoorbeeld die Wet op Groepsgebiede, wet no. 36 van 1966, en die Wet op Verbod op Politieke Inmenging, wet no. 51 van 1968.

Die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet noodsaak verstellings aan ander

apartheidswetgewing. Punt drie van die Derde Verslag van die Gekose Komitee om genoemde wette te ondersoek, stel dit ook duidelik: Die Komitee "is trouens van oordeel dat die herroeping van die betrokke maatreëls sonder om gelyktydig daarmee noodsaaklike aanpassings aan verbandhoudende wetgewing voor te stel, 'n versteuring van die orde in die verskillende gemeenskappe in die hand kan werk."[1]

Die teenwoordigheid van gemengde egpare in nie-blanke gemeenskappe (soos dit op die oomblik gekanaliseer word) gaan nie net steurend op laasgenoemde inwerk nie, maar sulke gemengde egpare gaan toenemend onderworpe wees aan diskriminerende praktyke. Apartheidswetgewing is op die wetboek geplaas met die wete dat gemengde huwelike nietig verklaar is.

Daarmee saam kom die handhawing -en beskerming van die Blanke gemeenskappe se eie karakter en identiteit, soos veral vervat in artikels 52 en 100 van die 1983-grondwet, ook in gedrang.

In hoofstuk sewe word ook aandag gegee aan die nie-toepassing van apartheidswetgewing. Die nie-toepassing van wetgewing het verder tot gevolg gehad dat die betrokke maatreëls 'n leë dop in die samelewing word, wat afskaffing deur die Regering vergemaklik.

## 2. KOMMENTAAR DEUR POLITICI VAN DIE VERSKILLENDE BLANKE POLITIEKE PARTYE OOR DIE IMPLIKASIES VAN DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP VERBOD VAN GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET

Aan die leiers van die blanke politieke partye is die vraag gevra of die Groepsgebiedewet, die Bevolkingsregistrasiewet en die Wet op die Aanwysing van Aparte geriewe ontstaan het nadat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike aangeneem is. Daar is gepoog om vas te stel of eersgenoemde wette voortgevloei het uit die plasing van die Menghuwelikewet.

Mnr. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes, het hom hieroor as volg uitgelaat: "Nee, beslis nie, dit was 'n uitdrukking van 'n algemene gevoel gewees wat op daardie stadium bestaan het. Die toedoen dat die wetgewing op die wetboek geplaas is na 1948, was die toedoen van 'n bepaalde regering."[2]

Dr. A.P. Treurnicht, KP-LP vir Waterberg, was ook dieselfde mening toegedaan: "Ek weet nie of 'n mens noodwendig 'n logiese orde moet lê, dat die een tot die ander moes lei nie, ek dink dit is 'n hele pakket wat met mekaar saamhang."[3]

Mnr. Colin Eglin, PFP-LP vir Seepunt, het gesê dat dit nie "'n uitvloeisel van daardie eerste wet was nie, maar dit was 'n uitvloeisel van daardie drang om nie rasvermenging te hê nie."[4]

Dit blyk uit bogemelde antwoorde dat die Bevolkingsregistrasiewet, die Aparte Geriewewet en die Groepsgebiedewet nie soseer uit die Wet op Gemengde Huwelike voortgevloei het nie. Die apartheidswetgewing is as 'n totale beleidsrigting in die vyftigerjare en later geïmplementeer.

Dit het egter tog uit die meerderheid van antwoorde na aanleiding van die vraag of die Bevolkingsregistrasiewet, die Aparte Geriewewet en die Groepsgebiedewet in gedrang kom as gevolg van die afskaffing van die Mengwette, geblyk dat dit wel die geval is.

Mnr. Wynand Malan, NP-LP vir Randburg, was van mening dat, "... die feit van die skrapping van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet, aksentueer die dilemmas van die ander drie."[5]

Adjunk-minister Piet Badenhorst, NP-LP vir Oudtshoorn, was egter van mening dat die afskaffing van genoemde wette nie soseer die ander apartheidswetgewing raak nie. Volgens mnr. Badenhorst ondervang Artikel 12 van die Ontugwet die probleem van 'n gemengde paartjie. As 'n blanke man met 'n swart vrou sou trou word hul as deel van die nie-blanke groep gereken. [Hoekom?]
[Is dit nie diskriminerend nie?]

Mnr. Badenhorst het egter verder oor bogemelde reëling gesê dat, "as mens baie diep oor dié goed dink kan jy hier werklik 'n mate van diskriminasie sien."[7]

Mnr. Daan van der Merwe, KP-LP vir Rissik, het onder meer gesê: "Jy kan nie vir mense (gemengde egpaar-J.C.L.) sê jy kan nou trou en julle kan buite-egtelik met mekaar verkeer en dan die indruk hê dat dit nie 'n effek gaan hê op die Groepsgebiedewet en die Bevolkingsregistrasiewet nie. Hierdie wette moet logies afgeskaf word as jy die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet afskaf."[8]

Na aanleiding van die vraag dat met 'n gemengde huwelik (blanke vrou, swart man) dit die egpaar diskwalifiseer om in 'n blanke woonbuurt te bly en of dit negatief diskriminerend is, is die volgende antwoorde verkry.

Mnr. Colin Eglin van die PFP het gesê dat dit "die ergste beledigendste deel van apartheid is. Daardie deel van die wet beskou ek as uiters beledigend."[9]

Mnr. Peter Gastrow, PFP-LP vir Durban-Sentraal, het dit ook as definitief diskriminerend beskou. "Dis duidelik diskriminerend as 'n Swartman 'n Witvrou trou en hulle mag nie in die blanke woonbuurt bly nie."[10]

Mnr. Wynand Malan van die NP het dit ook as diskriminerend beskou.[11] Mnr. Roelf Meyer van die NP het dit ook as diskriminerend ervaar. "Ek dink dit sal ongetwyfeld negatief diskriminerend ervaar word en sal daarna moet gekyk word. Dit hou 'n negatiewe ervaring in."[12]

Mnr. Vause Raw, NRP-LP vir Durban-Punt, het hom oor genoemde vraag as volg uitgelaat: "Ja, hier kry 'n mens 'n voortsetting van die belediging van vorige wette. Onmoontlike situasies ontstaan wanneer twee mense van verskillende rasse dan wel trou. Waar gaan die kinders skool? Die mense se hele lewenswyse word geaffekteer."[13]

Mnr. Daan van der Merwe van die KP het dit ook as diskriminerend beskou. "Daar word gesê (vir die Kleurlinge en Indiërs) jy kan in dieselfde parlement stem, jy kan met mekaar trou en kinders in die huwelik bring en dan is daar sekere restriksies op waar jy mag bly. Hierdie vraagstukke is nog nie deur die regering ontmoet nie. Eventueel sal alle skeidingsmaatreëls moet verdwyn."[14]

Vir mnr. Louis Stofberg, HNP-LP vir Sasolburg, is die reëling, "onbillik en onredelik om vir mense te sê hulle mag met mekaar trou en dan allerhande beperkings te stel, waar hulle mag skoolgaan, hulle mag stem en waar hulle mag woon. Hoe regverdig 'n mens dit?"[15]

Uit die antwoorde van die politici blyk dit duidelik dat die handhawing van die Groepsgebiedewet in die toekoms problematies gaan wees met die skrapping van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet. Dit blyk verder duidelik dat dit as onredelik, onbillik en negatief diskriminerend beskou word dat

mense van verskillende rasse met mekaar mag trou, maar hulle mag nie bure wees nie.

## 3. WETGEWING WAT DIREK OF INDIREK GERAAK WORD DEUR DIE AFSKAFFING VAN DIE WET OP GEMENGDE HUWELIKE EN ARTIKEL 16 VAN DIE ONTUGWET

### 3.1 Die Grondwet, Wet no. 110 van 1983

Die grondwet van 1983 wat onder meer voorsiening maak vir die beskerming van groepsbelange maak verder ook voorsiening vir afsonderlike kamers vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs en vir eie en algemene sake (Artikels 52 en 100). Wanneer genoemde artikels saam met die bepalings van die Bevolkingsregistrasiewet gelees word, gaan dit tot gevolg hê dat byvoorbeeld 'n blanke man, 'n Indiër vrou en die stemgeregtigde kleurlingkind vir afsonderlike huise of die verteenwoordigers in die parlement moet stem. Of dit slegs positiewe gevolge gaan inhou dat 'n gesin polities uitmekaar geruk word, kan met reg bevraagteken word.[16]

## 3.2 Die Bevolkingsregistrasiewet, Wet no. 30 van 1950

Die klassifikasie van kinders uit gemengde huwelike en ontug kan volgens artikel 5(5) as volg opgesom word: Blank + Blank = Blank; Gekleurd + Gekleurd = Gekleurd; Blank + Gekleurd = Gekleurd; Blank + Swart = Gekleurd; Kaapse Kleurling + Kaapse Kleurling = Kaapse Kleurling; Indiër + Indiër = Indiër; Swart + Swart = Swart. Wanneer die natuurlike vader 'n Kaapse Kleurling, Indiër of Swarte is, maar nie 'n Blanke nie, word die kind tot dieselfde groep geklassifiseer.[17]

Die rasseklassifikasie van 'n persoon hoef dus nie as gevolg van 'n gemengde huwelik verander te word nie. Enersyds affekteer die sluiting van 'n gemengde huwelik nie die voorkoms en afkoms van die betrokke partye nie, maar die kwessie van aanvaarbaarheid in die gemeenskap. Andersyds raak die rasseklassifikasie van die betrokkenes in 'n gemengde huwelik aspekte soos die toewysing van woongebiede, openbare geriewe en opvoedkundige inrigtings ten nouste.[18] Dis duidelik dat hier 'n verstelling aan die bepalings van die Bevolkingsregistrasiewet aangebring sal moet word. Word die verwysing na die verskillende rasse uit die wet gehaal, verval alle ander apartheidswetgewing en word die aanpassing of skrapping van ander verbandhoudende wetgewing grootliks uitgeskakel.

### 3.3 Die Groepsgebiedewet, Wet no. 33 van 1966

Volgens Artikel 12 van die Groepsgebiedewet maak dit voorsiening vir 'n Blanke-, Swart-, Gekleurde en enige ander groep wat deur die Staatspresident tot 'n groep verklaar word. Ten opsigte van Swartes en Gekleurdes word die Groepsgebied deur die ras van die man bepaal.

In die geval van Blankes bepaal Artikel 12 egter dat in 'n gemengde huwelik waar die blanke man met 'n swart of gekleurde trou of saamwoon, moet hulle dan in 'n groepsgebied vir Swartes of Gekleurdes vestig.[19]

Die toepassing van die reëling dat slegs die man die groepsgebiedeklassifikasie bepaal, sal tot gevolg hê dat nie-blanke vroue en kinders hulself in blanke gebiede vestig. Dit sal 'n deurmekaarwonery afgee wat nie vir die meerderheid Blankes aanvaarbaar sal wees nie. Die kinders gebore uit gemengde huwelike gaan ook probleme skep in 'n blanke woonbuurt.[20]

Die handhawing van Artikel 12 (deurdat 'n blanke man wat met 'n Swarte getroud is of saamleef, moet woon in 'n groepsgebied vir Swartes) gaan ook nie aanvaarbaar vir Swartes wees onder wie daar in 'n groot mate 'n etnisiteitsgevoel aanwesig is nie. Die lotgevalle van die kinders gebore uit gemengde huwelike tree opnuut weer na vore.[21]

Die skepping van sogenaamde "grys gebiede" of "oop gebiede" vir

gemengde egpare gaan en lewer teeds probleme op. Hierdie kategorie van groepsgebiede kan later as 'n gebied waar "basters" woon, bekend staan. Sekere groepsregte kan later deur dié groep opgeëis word, wat verdere probleme tot gevolg gaan hê. Dié "grys gebiede" is ook moeilik met die beginsels van die beskerming van groepsbelange van die Grondwet van 1983, te versoen.

Die reëling om gemengde egpare volgens 'n permitstelsel te akkomodeer laat voornemende egpare in 'n onsekere posisie waar hul uiteindelik geplaas sal word.[22]

'n Ander moontlikheid wat dan oorbly om gemengde egpare in terme van die Groepsgebiedewet te akkomodeer, is om gemengde egpare na 'n Gekleurde groepsgebied te kanaliseer. Volgens die Bevolkingsregistrasiewet kan die kinders na 'n Kleurlingskool gestuur word. Die Blankes wat in die Kleurlinggroepsgebied teenwoordig is, noodsaak ook 'n aanpassing van die Wet op Kleurlingnedersettings, no. 7 van 1946 en die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, no. 24 van 1963 en Wet no. 96 van 1983 wat uitsluitlik voorsiening maak vir die vestiging van Kleurlinge in bogenoemde gebiede.

Die Groepsgebiedewet as een van die hoekpilare van die beleid van afsonderlike ontwikkeling se oogmerk, was enersyds om die belange en regte van blankes en in besonder die Afrikanervolk te beskerm en te dien. Die Groepsgebiedewet se doel was om die blanke gebied in Suid-Afrika te verblank en om te verhoed dat

anderskleuriges die reg verkry om in blanke gebied te woon of eiendomsreg en ander soortgelyke regte te bekom. Andersyds het die wet ook ten doel gehad om die gebiede wat aan nie-blanke groepe toegeken is op dieselfde wyse te beskerm.

### 3.3.1 Proklamasie Nr. 9831

In die staatskoerant Nr. 9831 van 5 Julie 1985 en by wyse van regulasie 109, 110 en 111 het die Staatspresident net na die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike sekere ingrypende maatreëls afgekondig wat ernstige gevolge vir die blankes en vir die toepassing van die Groepsgebiedewet inhou.

Die Staatspresident het voortgegaan en sekere kategorieë van persone vrygestel van die verskillende beperkinge van die Groepsgebiedewet:

> "Die eggenoot, eggenote, minderjarige kind of afhanklike van 'n persoon wat wettiglik grond of persele in sodanige gebied of dorp okkupeer.
>
> "'n Bona fide student of skolier wie alleenlik met die doel om daaglikse akademiese lesings aan 'n opvoedkundige inrigting wat deur die staat beheer of ondersteun word, by te woon."[23]

Hierdie proklamasie bring ingrypende wysigings aan die toepassing van die Groepsgebiedewet mee. Daar moet verder op gelet word dat die bepalings van toepassing op Groepsgebiede verskil van die bepalings wat van toepassing is op die beheerde gebied.

Ten opsigte van die beheerde gebied geld die volgende bepalings.

3.3.2 Beheerde gebied

Regulasie 111 soos uiteengesit in gemelde Staatskoerant het tot effek dat dit wettig word vir die volgende persone om grond of persele in die beheerde gebied te okkupeer.

Die eggenoot, eggenote, minderjarige kind of afhanklike van 'n persoon wat wettiglik grond of persele in sodanige gebied of dorp okkupeer. Veronderstel 'n blanke man is die eienaar van 'n eiendom in die blanke gebied. As hy in die huwelik tree met 'n swart vrou word dit vir sy swart vrou wettig om die eiendom in blanke gebied te okkupeer en kan sy saam met hom daar gaan woon.[24]

Indien aanvaar word dat so 'n blanke nou lid word van die swart groep, is die enigste gevolg daarvan dat hy nou in stryd met Artikel 15 van die Wet daardie grond besit. Artikel 15 bepaal dat indien hy as lid van een groep grond verkry en word daarna lid van 'n ander groep, mag hy daardie goed nie besit nie. Die grond bly egter steeds in sy naam geregistreer en hy bly steeds

eienaar van die grond. Die bepalings van Artikel 41 tree dan in werking. Dit is belangrik om daarop te let dat die vraag nou na sluiting van die rasgemengde huwelik is of die Blanke man 'n onbevoegde persoon is of nie. Vir solank as wat hy eienaar van die grond bly, beteken dit dat hy lid van die swart groep is en dat hy dus nie 'n onbevoegde persoon is nie.[25]

Die probleem wat 'n persoon in die gesig staar is dus nie die feit dat hy 'n onbevoegde persoon is nie, maar wel die feit dat Artikel 15 bepaal dat as hy die grond verkry het, terwyl hy 'n blanke is en hy word dan lid van 'n ander groep, mag hy nie daardie grond besit nie. Gevolglik moet die bepalings van Artikel 41 gevolg word.[26]

Dit kom daarop neer dat die minister die grond kan verkoop. Die minister is nie verplig om dit te verkoop nie, maar hy kan dit verkoop. Vir so 'n stap moet die minister drie maande skriftelike kennis gee. As die minister besluit om nie die grond te verkoop nie, bly dit die man se eiendom.[27]

Die argument wat geopper kan word, is dat hoewel so 'n blanke (in die voorbeeld) dan nie 'n onbevoegde persoon word nie sal hy uit hoofde van die bepalings van Artikel 15 die perseel onwettig okkupeer omdat Artikel 15 bepaal dat waar hy as lid van een groep grond verkry en daarna van groep verander, hy nie daardie grond meer mag besit nie. Hierdie argument kan nie sonder meer aanvaar word nie. Die rede hiervoor is die volgende[28] :

Die Wetgewer het in Artikel 20 sekere persone verbied om eiendom in 'n beheerde gebied te okkupeer. Die enigste persone wat deur hierdie verbod getref word, is onbevoegde persone. Die persoon in die genoemde voorbeeld is soos reeds gesê nie 'n onbevoegde persoon nie. Die argument kan geopper word dat die wetgewer bedoel om deur middel van Artikel 13 nog 'n verdere kategorie van persone te verbied om eiendom in die beheerde gebied te okkupeer. So 'n bedoeling kan nie in Artikel 15 ingelees word nie.[29]

(1) Artikel 15 is op die wetboek geplaas toe gemengde huwelike nog verbode was.[30]

(2) Dit is ook duidelik dat die enigste doel van Artikel 15 is om 'n situasie te beredder wat kan ontstaan en wat 'n absurde gevolg het.

Die situasie wat kan ontstaan, is naamlik dat 'n persoon lid van een groep is en terwyl hy lid van 'n ander groep is en grond verkry. So 'n persoon verander dus van groep om lid van 'n nuwe groep te word om dan nog steeds eienaar van die grond te wees, terwyl hy nou as lid van die nuwe groep nie eienaar daarvan mag wees nie.[31]

Die bedoeling van Artikel 15 was om in so 'n geval 'n reëling te tref dat waar 'n man so van groep verander, hy nie meer verder daardie grond mag besit nie. Die reëling is getref met die

veronderstelling dat gemengde huwelke nietig is. Die bedoeling was duidelik om onbevoegde persone of dan persone wat as gevolg van groepsverandering onbevoegde persone word, te verbied om daarna eienaar van sy grond te bly of dit verder te besit.[32]

Verder moet daar gelet word op die feit dat al sou die feit dat die blanke man lid van die swart groep word, hom 'n onbevoegde persoon maak, is dit die huweliksluiting wat hom lid van die swart groep maak. Met ander woorde, die mán se diskwalifikasie en die vrou se kwalifikasie vind op dieselfde moment plaas. (Vir doeleindes van dié argument word aangeneem dat die blanke party tot die huwelik die eienaar van die grond moet wees aangesien eienaarskap bepaal of hy bevoeg of onbevoeg is.) Die vraag is nou waarom moet ons dit so interpreteer dat die man se diskwalifikasie eerste intree en sodoende die vrou se kwalifikasie ontneem.[33] Waarom nie andersom nie, naamlik dat die vrou se kwalifikasie eers intreë en daarna die man se diskwalifikasie. In die beslegting van so 'n probleem word die mees begunstigde uitleg gevolg, onder andere hier waar bewegingsvryheid aangetas word. Die effek van hierdie interpretasie is dat gevolg gegee moet word aan daardie uitleg wat die paartjie se vryheid die minste aantas. Volgens hierdie uitleg beteken dit dat tot die gevolgtrekking gekom moet word dat die gemengde paartjie wettig in die blanke gebied kan bly en grond daar kan okkupeer.[34]

Verder word daar ook 'n groot hoeveelheid mense en kategorieë van mense wat nie blank is nie, nou toegelaat om in blanke gebied

grond te okkupeer. Dis 'n duidelike aanduiding dat die wetgewer ook bedoel het dat die nie-blanke eggenote van 'n blanke man met hom in die blanke gebied kan bly.[35]

Die proklamasie 9831 van 5 Julie 1985 verwys ook na minderjarige kinders van 'n persoon wat 'n blanke gebied wettig okkupeer. Dit beteken dat alle kinders van 'n blanke man of vrou, ten spyte daarvan dat die kleurlingkinders uit 'n huwelik met 'n Nie-Blanke verwek is, saam met hom/haar in die blanke gebied kan gaan bly.[36]

Dit kan as volg geïllustreer word:
Wanneer 'n blanke man met 'n swart vrou trou, word die man lid van die swart groep. Veronderstel 'n man gaan woon dan met sy swart vrou in die swart gebied en vier kinders word gebore. Dit staan hom dan vry om van haar te skei wat dan onmiddellik tot gevolg het dat hy weer lid van die blanke groep word en dan met sy vier kinders in sy huis in die blanke gebied kan intrek.[37] Sy geskeide vrou kan hy dan in die bediende kwartiere laat intrek. Artikel 20(2) van die Groepsgebiedewet laat ruimte dat 'n anderskleurige huisbediende blanke grond mag okkupeer. Die blanke man kan die swart vrou as sy kinderoppasser of selfs as huisbediende in die woonhuis laat woon. Daar is niks wat 'n kinderoppasser of huishoudster verbied om in dieselfde huis as die blanke werkgewer te woon nie, ongeag van watter ras ookal.[38]

### 3.3.3 Groepsgebiede

Regulasie 109 in dieselfde proklamasie bepaal dat die Staatspresident die volgende kategorieë van mense vry stel van die verbod vervat in artikel 26(1) van die Wet naamlik dat lede van een groep geproklameer nie in 'n groepsgebied, wat vir 'n ander groep geproklameer is, grond mag okkupeer nie onder andere dan ook:

> "'n Bona fide student of skolier wie alleenlik met die doel om daagliks akkademiese lesings aan 'n opvoedkundige inrigting wat deur die staat beheer of ondersteun word, by te woon."[39]

Hoewel voorgemelde persone met ander woorde verbied was om in 'n blanke groepsgebied te woon of grond daar te okkupeer, word hulle nou vrygestel.

By groepsgebiede gaan dit egter verder deurdat studente ook ingesluit word. Anderskleurige studente kan gevolglik 'n blanke gebied okkupeer solank as wat hy maar net 'n bona fide student is en die okkupasie hom in staat stel om sy klasse by te woon.

Die is duidelik dat proklamasie 9831 van 5 Julie 1985 wat saamgeval het met die afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (19 Junie 1985) een van die hoekstene van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, die Groepsgebiedewet, in

'n groot mate gerelativeer en afgewater het. Die onderneming tot dusver deur die Nasionale Party, dat blanke woongebiede blank sal bly, is nie gehandhaaf nie en gaan vorentoe al hoe moeiliker wees om toe te pas.

Die Groepsgebiedewet word ook nie deur die Regering konsekwent toegepas nie. Die Beeld van 5 Desember 1985 berig dat 'n man "onbevoeg" bevind is om langer sy eie huis in 'n blanke woonbuurt in Villiersdorp te woon omdat hy getroud is met 'n Kleurlingvrou. Mnr. Van der Bergh en sy Kleurlingvrou het gesê dat hulle "moet maar eerder probeer om 'n huis in die lug te bou, waar ek en my gesin vir niemand 'n verleentheid sal wees nie."

'n Ander geval wat ook baie aandag in die pers geniet het, was die aanwesigheid van 'n gemengde egpaar in Sasolburg met die tussenverkiesing aldaar op 30 Oktober 1985. Die gemengde egpaar moes ook die blanke woonbuurt verlaat en hul gaan vestig in 'n woonwapark.[40]

Teenoor bogenoemde toepassing van die groepsgebiedewet word dit in sekere gebiede ooglopend toegelaat. Die Sunday Times van 9 Februarie 1986 berig dat Indiërs na Johannesburg se blanke voorstede stroom ten spyte van die beperkinge van die Groepsgebiedewet. Dit gebeur in voorstede soos Houghton, Forest Town, Parktown, Parkview, Saxonworld en Westcliff. Verder woon honderde Indiërs, Kleurlinge en Swartes in Hillbrow, Joubert Park, Berea, Doornfontein en Johannesburg.

Indiërs het hulle ook in Kensington, Bertrams, Judith's Paarl, Troyville, Denver, Bezuidenhoutvallei, Fairview, Mayfair en Triomf gevestig.

In dieselfde verband berig die Daily News van 31 Januarie 1986. "Wealthy Indians are snapping up luxiery 'white' flats on Durban's beachfront." 'n Ontwikkelaar, Jonathan Mayne, sê die skrapping van die Groepsgebiedewet is onkeerbaar. Die Maluti en Malington Place is almal deeltitel-ontwikkelings wat deur Indiërs betrek is.

Die Groepsgebiedewet word ook nie in Kaapstad en omstreke toegepas nie. Die Sunday Times van 15 Februarie 1985 berig oor die toepassing van die Groepsgebiedewet as volg: "In Cape Town, mixed couples are living happily all but discreetly, in white areas from Sea Point to Constantia. But the favourite suburbs are the still multiracial Woodstock - Saltriver Areas where schools seem to have overcoming the state stipulation of catering for children of only one particular group."

In die lig van bogenoemde gegewens is die uitspraak van mnr. Armichand Rajbansi, Minister van die Huis van Afgevaardigdes op 14 Mei 1986, dat die Groepsgebiedewet spoedig onregeerbaar sal word, in pas en korrek.

'n Verdere probleem waarmee die Regering sit, is dat sekere ministers en politici binne die Nasionale Party die

Groepsgebiedewet as onnodig beskou. Die Weekend Argus berig op 28 April 1986 dat mnr. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, op 'n politieke seminaar gesê het dat 'n persoon wat die Groepsgebiedewet nodig het om Blank te bly, nie werd is om Blank te bly nie.

Die feit dat deurmekaarwonery ooglopend in sekere sentra toegelaat word en dat sekere NP-politici die Wet as onnodig beskou, dui daarop dat die wet spoedig geskrap sal word en dat die proses van politieke integrasie verder voltrek sal word.

### 3.4 Die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe, Wet no. 49 van 1953

Die Wet op Aparte Geriewe maak voorsiening vir die aanwys van openbare persele wat onder meer insluit, kampe, grondgebiede, geboue, sale, kamers, kantore en persele waartoe die publiek toegang het, openbare voertuie of die gedeelte van die see- en seestrand soos omskryf in Artikel 1 van die Strandwet, Wet no. 21 van 1935. Dit maak voorsiening vir die uitsluitlike gebruik van persone van 'n bepaalde ras.

So 'n persoon wat 'n perseel opsetlik, strydig met die aanwysing betree of gebruik, maak homself aan 'n misdryf skuldig. Die reëling of situasie deur die Wet geskep, kan en gaan vir gemengde egpare probleme skep indien openbare geriewe in hul omgewing ingevolge die Wet aangewys is. Die blanke man en swart vrou en

kleurlingkinders, gaan onderskeidelik op afsonderlike strande moet swem. So 'n reëling gaan dus 'n ongelyke, onredelike en diskriminerende praktyk tot gevolg hê.

As gevolg van die nie-toepassing van die Wet, word in die praktyk al hoe meer sodanige persele vir alle rasse oopgestel.

Die <u>Natal Mercury</u> van 30 Januarie 1986 berig dat die stadsraad besluit het dat die strande, swembaddens, en ander geriewe vir alle rasse oopgestel is. In dié verband berig <u>Die Afrikaner</u> van 19 Maart 1986 dat die stadsraad van Port Elizabeth 'n komitee-besluit geveto het, waarvolgens Nie-Blankes vervolg kon word wat op blanke strande oortree. Hierdie voorbeelde is maar enkeles waar die nie-toepassing van die Wet die handhawing daarvan uiters problematies maak.

### 3.5 <u>Die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging, Wet no. 51 van 1968</u>

Dié Wet het ten doel om inmenging deur een bevolkingsgroep in die politiek van 'n ander bevolkingsgroep te verbied.

Handelinge wat ingevolge Artikel 2 verbied word, is lidmaatskap van 'n politieke party van 'n ander bevolkingsgroep en hulpverlening as agent of lidmaatskap van 'n verkiesingskomitee van 'n politieke party of van 'n kandidaat van 'n ander

bevolkingsgroep.

Die Nasionale Party se standpunt oor die Wet was in die verlede soos volg:

Op 20 November 1967 het 'n gekose kommissie verslag gedoen en 'n meerderheidsverslag is uitgebring waarin die beginsel onderskryf is dat die kommissie oortuig is dat wetgewing teen onbehoorlike inmenging van die een rassegroep in die politiek van die ander wenslik is. Die wetsontwerp op die Verbod op Politieke Inmenging het op 5 Junie 1968 wet geword.[41]

Mnr. Chris Heunis het in 1982 in sy begrotingspos (Binnelandse Aangeleenthede) die NP se standpunt soos volg gestel: "Vandag bestaan daar geen rede - en dit is ook die Regering se standpunt om hierdie Wet te wysig nie. Na my mening behoort lede van een bevolkingsgroep nie toegelaat te word, en ek praat nou van die huidige bedeling,(...) om lid van 'n politieke party van 'n ander bevolkingsgroep te wees nie."[42] Mnr. Heunis gaan verder en waarsku dat, "ter wille van goeie orde en ter wille van die staatkundige standpunt van die Regering, is dit wenslik dat die onderskeie bevolkingsgroepe hul politiek afsonderlik sal bedryf.(...) Die Wet is immers nie diskriminerend nie, maar verleen beskerming en verhinder dat lede van een bevolkingsgroep die politiek van 'n ander bevolkingsgroep kan beïnvloed, manipuleeer of selfs oorheers."[43]

In 1983 sê Minister F.W. De Klerk die volgende in die Volksraad: "Hierdie Wet wat ons vandag bespreek gaan juis daaroor om aan elke volk en elke bevolkingsgroep die geleentheid te gee om sonder inmenging van andere tot uitspraak en besinning te kom en sy prosesse te kan voltrek en daaraan te kan deelneem.(...) As 'n party sy lidmaatskap onvoorwaardelik vir almal oopstel, sal hy ook alle woongebiede en alle skole onvoorwaardelik moet oopstel, almal op een algemene kieserlys moet plaas en een gedeelde gemeenskap moet aanvaar waarin die wenner alle mag verkry."[44]

### 3.5.1 Herroeping

Op 24 Mei 1985 het die Regering aangekondig dat die Wet op Verbod van Politieke Inmenging herroep is. Politieke partye soos die PFP, het groot bedrae geld bewillig om lede van ander bevolkingsgroepe te werf. Mnr. Chris Heunis se kommentaar hieroor is dat die Nasionale Party se kongresse hieroor moet besluit. Alhoewel politieke partye self sal moet besluit watter bevolkingsgroepe sy lede sal wees, is egter in beginsel besluit dat politieke partye voortaan Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes as lede kan hê.

3.6 Die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, Wet no. 3 van 1966

Die Wet wat gerig is op die ontwikkeling van die onderskeie gemeenskappe, gaan deur die aanwesigheid van gemengde egpare, hetsy in Blanke of Nie-Blanke gemeenskappe; die doel en wese van die Wet verander.

3.7 Die Behuisingswet, Wet no. 4 van 1966

Die wet maak voorsiening vir die behuisingsreëlings van bepaalde bevolkingsgroepe. Wanneer 'n blanke man dus in 'n gemengde huwelik in 'n swart woonbuurt gaan bly, moet hy dan as 'n Swarte geklassifiseer word, om ingevolge die Behuisingswet op 'n gesubsidieerde behuisingslening aanspraak te maak! Dieselfde reëling het betrekking op Kleurling- en Indiërgebiede.

'n Wysiging in die wet blyk dus noodsaaklik te wees.

3.8 Die Boedelwet, Wet no. 6 van 1965

Probleme ontstaan met die bemaking of nalatenskap van onroerende eiendom. Onroerende eiendom kan nie aan die nie-blanke party in 'n gemengde huwelik, in die blanke gebied, bemaak word nie. Die beperkinge van die Groepsgebiedewet maak dit onmoontlik om sulke eiendom te besit.

Diė situasie dui dus op 'n negatiewe praktyk wat 'n wysiging noodsaak.

### 3.9 Die Wet op Referendums, Wet no. 108 van 1983

Diė wet maak nie voorsiening dat 'n swart man of vrou in 'n gemengde huwelik in 'n referendum kan stem nie. Dit het dus ongelyke resultate tot gevolg.

### 3.10 Die Registrasie van die Akteswet, Wet no. 47 van 1973 en Wet no. 62 van 1984

Die wet maak nie voorsiening vir die registrasie van onroerende goed van Nie-Blankes binne blanke gebied nie. Eiendom kon dus nie in blanke gebied deur Nie-Blankes besit word in terme van die Groepsgebiedewet nie. 'n Wysiging in bogemelde wet of die Groepsgebiedewet sal aangebring moet word.

### 3.11 Die Wet op Huweliksgoedere van 1984

Probleme ontstaan wanneer 'n Blanke met 'n swart vrou binne gemeenskap van goedere trou. Na die dood van haar man verkry die

swart vrou dus 'n aandeel aan die goedere binne blanke gebied wat weer in stryd is met die Groepsgebiedewet. So 'n swart vrou gaan ook probleme met die Akteskantoor ondervind met die registrasie van haar eiendom binne Blanke gebied.

3.12 Die Drankwet, Wet no. 87 van 1977

Die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike het wel 'n invloed uitgeoefen op die toepassing van Artikel 72 van genoemde Drankwet waarvolgens drankpersele met binne verbruik, dranklisensies vir sekere bevolkingsgroepe aangewys word. Dit kom daarop neer dat sekere hotelle gemengde egpare akkomodeer, maar die nie-blanke party in 'n gemengde huwelik verbied om die kroeg te gebruik.

Bogenoemde probleem is oorbrug met die aankondiging van dr. Dawie de Villiers, Minister van Handel en Nywerheid, op 10 Februarie 1986 in die Volksraad, dat die verskaffing van drank aan enigeen op enige gelisensieerde perseel, voortaan by die diskresie van die lisensie- of magtigingshouer sal berus.[45]

Dit is egter ook duidelik dat 'n wysiging aan Artikel 17 van die Groepsgebiedewet noodsaaklik is. Die wysigings in die Drankwet gaan ook invloed op Artikel 17 van die Groepsgebiedewet hê, ingevolge waarvan gelisensieerde persele vir alle

bevolkingsgroepe toeganklik gemaak is.

### 3.13 Die Wet op Egskeidings, Wet no. 70 van 1979

Indien 'n Blanke met 'n Gekleurde of Swarte binne gemeenskap van goedere trou en die huwelik word deur egskeiding ontbind, beteken dit dat daar 'n verdeling van eiendom moet plaasvind. Waar onroerende goed binne blanke gebied geleë is, gaan die nie-blanke party probleme met die Groepsgebiedewet ondervind.

Probleme kan ook ontstaan waar 'n blanke man met 'n swart vrou getrou het. Met 'n egskeiding kan die vader weer terugkeer na die blanke gebied. Die vraag is wat word van die Kleurlingkinders, waar gaan hulle woon en skoolgaan?

### 3.15 Die Kinderwet, Wet no. 15 van 1977

Die wet bepaal dat die kind(ers) vir aanneming dieselfde bevolkingsgroep as die ouers moet wees. Van watter bevolkingsgroep gaan die kinders wees wat deur die gemengde egpaar aangeneem word? Ongemaklike situasies gaan ontstaan indien kinders aangeneem word ten opsigte van die bywoning van opvoedkundige inrigtings.

### 3.16 Die Maatskappyewet, Wet no. 61 van 1973

Ingevolge die Wet op Maatskappye, wet no. 61 van 1973 kan 'n Maatskappy waar die meerderheidsaandeel deur Swartes gehou word in 'n swart woonbuurt of in die selfregerende State, sake doen.

Die feit bly staan dat indien Blankes met Swartes trou, beteken dit dat hulle ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet nou as Swartes geklassifiseer moet word, waar hulle nou woon in die swart gebiede. In teorie beteken dit dat die bedoeling van die wetgewer verydel word en dat die Blankes ook die meerderheidsaandeel kan hou.

### 3.17 Die Swartes (stadsgebiede) Konsolidasiewet, Wet no. 25 van 1945

Wetgewing om die regulasies rondom instromingsbeheer te herroep is op 9 Mei 1986 in Kaapstad gepubliseer. Die verklarende memorandum van die Wetsontwerp op die Afskaffing van Instromingsbeheer van die Regering, sê dat vryheid van beweging na en binne stedelike gebiede op 'n nie-diskriminerende grondslag van alle burgers van die RSA moet geld.[46]

### 3.18 Die Wet op Swart Arbeid, Wet no. 64 van 1964

Die wet wat voorsiening gemaak het vir Swartes se indiensneming, werkverskaffing, behuising, voedselverskaffing en gesondheidsreëlings binne blanke gebied, is in totaliteit geskrap.[47]

### 3.19 Die Wet op die Administrasie van Swart Sake, Wet no. 45 van 1971

Die wet wat die beweging van Swartes binne die jurisdiksie-gebied van die Ontwikkelingsrade reguleer, is in sy totaliteit geskrap. Die Swart Arbeidswet, Wet no. 29 van 1972, het as gevolg van bogemelde herroeping ook kragteloos geword.

### 3.20 Die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, Wet no. 4 van 1984

Deur die herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, kan die blanke vrou of man (wat in die swart woonbuurt moet gaan woon) huurpag in die Swart gemeenskap verkry, wat nie die bedoeling van die wetgewer was nie. So ook kan die kinders (Kleurling) gebore uit 'n gemengde huwelik huurpag by wyse van vererwing kry. Die onderbou van die bedoeling van die wetgewing, word totaal vernietig.

3.21 <u>Die Wet op Stemreg vir Plaaslike Owerheidsliggame van 1984</u>

Die bepalings van die Wet op Stemreg vir Plaaslike Owerheidsliggame, behels dat net Blankes kan deelneem aan 'n verkiesing van lede van 'n Plaaslike Owerheid, ingestel vir Blankes. Dieselfde beginsel geld vir die Indiër en Kleurlinggroepe. Wanneer 'n gemengde huwelik dus gesluit word, byvoorbeeld tussen 'n Kleurlingman en blanke vrou en hulle gaan woon in die kleurlingwoonbuurt, sal die blanke vrou nie kwalifiseer om vir die betrokke Kleurling plaaslike owerheid te stem nie. Bogenoemde situ . e noodsaak dus 'n wysiging aan die Wet.

3.22 <u>Die Wet op Swart Plaaslike Besture, Wet no. 102 van 1982</u>

Artikel 8 van die betrokke wet maak vir die kwalifikasies van lede en stemgeregtigdes voorsiening om as lid van 'n plaaslike bestuur verkies te word. Die eggenoot of eggenote in 'n gemengde huwelik wat blank is, kan dus nie stem of as lid van die plaaslike bestuur verkies word nie. Hier sal dus weer 'n wysiging aan die wet gedoen moet word om vir die ongelyke behandeling voorsiening te maak.

3.23 Die Wet op die Hervestiging van Swartes, Wet no. 19 van 1954

Die vestiging van Blankes in Swartes se gebiede, is teen die bedoeling van die wet en noodsaak 'n wysiging.

3.24 Die Wet op die Universiteit van die Noorde, Wet no. 47 van 1969

Bogenoemde wet verhoed die blanke party in 'n gemengde huwelik om aan die betrokke universiteit te studeer. Weereens sal 'n wysiging aangebring moet word.

3.25 Die Wet op Vervoerdienste vir Swartes, Wet no. 53 van 1957 en no. 76 van 1982

Indien 'n swart man of vrou in 'n blanke gebied kom werk, word daar vir haar betaling gedoen deur middel van Swart vervoerheffing. As Blankes en die Kleurlingkinders vanuit die swartgebiede reis, word daar indirek vir hulle vervoer betaal, wat die bedoeling van dié wet vernietig.

## 4. DIE VOORKOMS VAN GEMENGDE HUWELIKE EN ONTUG NA DIE HERROEPING VAN DIE MENGWETTE OP 19 JUNIE 1985

Die vraag of rasvermenging wel sal toeneem nadat genoemde wette opgehef is, word gedurig geopper. Die aanduidings is wel duidelik daar, dat ondertrouery en ontug oor die kleurgrens wel aansienlik toegeneem het. Troues oor die kleurgrens het dan ook aansienlike aandag in die pers geniet. Huweliksbevestigers oor die hele land, het terselfdertyd in Julie 'n inligtingstuk van die Regering ontvang om gemengde paartjies in te lig oor veral die maatskaplike implikasies van 'n gemengde huwelik.

Die eerste amptelike gemengde troue was in Durban op 9 Augustus 1985. Mnr. Jimmy James, die bruidegom, het gesê, gemengde troues is die inding van die toekoms.[48]

Die Citizen van 2 Oktober 1985 berig dat sedert die herroeping van die twee Mengwette in April reeds 130 gemengde huwelike in Suid-Afrika voltrek is. Verskeie hoteleienaars het ook bevestig dat sedert die herroeping van Artikel 16 van die Ontugwet, gemengde egpaartjies al hoe meer die hotelle besoek en sosiale omgang geniet. "Hulle is meer ontspanne, openlik en minder versigtig. Majoor Kleynhans van die Johannesburg-polisie het ook meer gemengde egpaartjies opgemerk. Die bestuurder van 'n drie-ster hotel in sentraal Johannesburg het gesê die voorkoms van gemengde egpaartjies het met 25% gestyg.

*Rapport* van 8 September 1985 berig onder die opskrif, "Lolitas langs die pad,(...) bring seksprobleme vir Laeveld" dat 'n ongekende vlaag van seksbedrywighede en 'n epidemie van geslagsiektes die Laeveld getref het. "Prostitusie en ontug,(...) tussen wit en swart is aan die orde van die dag.(...) Blanke mans laai helder oordag swart vroue langs die pad op en ry met hulle na afgeleë plaaspaadjies of bosbouplantasies om daar sake te doen. Selfs die vroue en die jong dogters van plaaswerkers word nie ontsiên nie en sommige mans ry met hul motors tot naby die landerye of plaaskampongs, waarvandaan hulle dan die swart vroue met groot bedrae geld weglok."

Diê soort optrede, veroorsaak toenemende weerstand en selfs openlike opstand onder swart mans, wat met vergelding gedreig het. Op sommige plase het die werkers reeds waakgroepe gestig om hul vroue en dogters te beskerm. Kolonel Tommy Olivier, distrikskommandant van die polisie op Nelspruit, sê sedert Artikel 16 van die Ontugwet vroeër opgehef is, doen die mense hulle ding al hoe meer openlik en gaan hulle nie meer na Swaziland om daar sake te doen nié. 'n Woordvoerder van die distriksgeneesheer op Nelspruit sê die voorkoms van geslagsiektes veral onder swartmense in die distrik, het "skrikwekkend" toegeneem.[49]

*Ons Stad* van 3 Julie 1986 (bylae tot die Volksblad) berig dat inwoners van 'n sekere blanke woonbuurt in Bloemfontein erg

ontstoke is oor swart vroue wat op groot skaal prostitusie bedryf. Die blad berig verder dat swart vroue openlik blanke mans uitlok. Van die swart vroue verhuur hul werkgewers se woonstelle aan blanke mans, sodat hulle alleen met die vroue kan wees.

Tot en met einde Junie 1986, is 450 gemengde huwelike in Suid-Afrika gesluit. Hierdie huwelike is net meer as 1% van alle blanke huwelike wat in dieselfde tyd voltrek is. Persentasie-gewys maak dit egter slegs 0,2% tot 0,4% van alle nie-blanke huwelike uit. Die Blankes word dus tussen 3 en 5 maal so erg geraak as die Nie-Blankes.[50]

Indien die gemengde huwelike by die blanke gemeenskap aansluit, sal een uit elke tien oor 35 jaar gemengde afkoms kan aantoon. Indien die aantal gemengde huwelike (een persent) ten opsigte van die blanke huwelike hulself handhaaf, kan die gemengde huwelike en hulle nageslag teen die jaar 2020 'n nageslag van 70 000 tot 80 000 hê. Die voorkoms van rasvermenging sou egter so gevestig wees dat gemengde huwelike baie vinnig sal toeneem.[51]

Die voorkoms van gemengde huwelike en ontug het dus wel toegeneem. Gemengde egpare kom al hoe meer na vore en is minder versigtig. Gemengde ontug sal egter nie net in Johannesburg en in die Laeveld voorkom nie, maar ook in sentra soos Durban, Port Elizabeth en Wes-Kaapland met sy konsentrasie van veral die Kleurlingbevolking.

## 5. SLOTWOORD

Die aanvaarding van die begrippe van vryheid en gelykheid vir al die inwoners binne 'n verenigde Suid-Afrika deur die Regering op 31 Januarie 1986, laat die druk toenemend op die oorblywende strukture van die beleid van afsonderlike ontwikkeling toeneem. Hiermee saam het die afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet daartoe aanleiding gegee dat sekere noodsaaklike skeidingsmaatreëls, wat gemik is op die beskerming van gemeenskappe, afgeskaf is en vorentoe afgeskaf sal moet word omdat dit negatief diskriminerende praktyke tot gevolg het.

Die opheffing van noodsaaklike skeidingsmaatreëls en die aftakeling van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika, het alreeds en gaan toenemend in die toekoms daartoe lei dat rasgemengde situasies ontstaan. Dit gaan op sy beurt weer daartoe lei dat die openbare mening teen rasvermenging sal verswak en dit as algemene verskynsel aanvaar sal word. Die openbare mening teen rasvermenging kan tog nie instand gehou word as rasvermenging openlik gepropageer en bevorder word nie. Die voorkoms van rasgemengde huwelike en ontug, sal dus in die toekoms toeneem.

Indien die Groepsgebiedewet (alreeds in 'n groot mate gerelativeer) so verskraal word dat dit slegs van toepassing is

op woonbuurte in skole, sal die gevolg wees dat alles wat nou as die uitsondering deur toegewing gebeur, dan gewettig word en dat ras- en bloedvermenging die algemene patroon in die samelewing sal word.

## VOETNOTE

1. <u>Derde Verslag van die Gekose Komitee oor die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet</u> (GK 12a-84). Verslae en Verrigtings.

2. <u>J.C. Lombard-versameling</u>, bandopname van onderhoud met mnr. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-Wes op 20/3/86.

3. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met dr. Andries Treurnicht, KP-LP vir Waterberg op 25/3/86.

4. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Colin Eglin, PFP-LP vir Seepunt op 24/3/86.

5. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Wynand Malan, NP-LP vir Randburg op 20/3/86.

6. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Piet Badenhorst, NP-LP vir Oudtshoorn op 24/3/86.

7. <u>Ibid</u>.

8. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Daan van der Merwe, KP-LP vir Rissik op 20/3/86.

9. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Colin Eglin, PFP-LP vir Seepunt op 24/3/86.

10. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Peter Gastrow, PFP-LP vir Durban-Sentraal op 25/3/86.

11. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Wynand Malan, NP-LP vir Randburg op 20/3/86.

12. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Roelf Meyer, NP-LP vir Johannesburg-wes op 20/3/86.

13. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Vause Raw, NRP-LP vir Durban-Punt op 20/3/86.

14. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Daan van der Merwe, KP-LP vir Rissik op 20/3/86.

15. <u>Ibid</u>., bandopname van onderhoud met mnr. Louis Stofberg, HNP-LP vir Sasolburg op 19/3/86.

16. <u>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika</u>, no. 110 van

1983.

17. _Gekose Komitee oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet_, Inligtingsdokument, p.3.

18. _Ibid_., pp.3-4.

19. _Ibid_., p.4.

20. _Ibid_., p.5.

21. _Ibid_.

22. _Ibid_., p.6.

23. _Staatskoerant_, no. 9831, 5.7.85.

24. Danzfuss, F.W.A., (red.) _Die Groepsgebiedewet soos dit verwring is deur mnr. P.W. Botha_, Studiestuk, p.7.

25. _Ibid_., p.8.

26. _Ibid_.

27. _Ibid_.

28. _Ibid_.

29. _Ibid_.

30. _Ibid_.

31. _Ibid_., p.9.

32. _Ibid_.

33. _Ibid_., p.11.

34. _Ibid_.

35. _Ibid_., p.12.

36. _Ibid_.

37. _Ibid_., p.13.

38. _Ibid_.

39. _Staatskoerant_, no. 9831, 5/7/85.

40. _J.C. Lombard-versameling_, bandopname van onderhoud met mnr. Louis Stofberg, HNP-LP vir Sasolburg op 19/3/86.

41. _Die Wet op Politieke Inmenging herroep_. KP-pamflet, 1985.

42. _Debatte van die Volksraad_, 28/4/82, kol 5653.

43. _Ibid_., kol. 5553.

44. _Ibid_., 4/3/83. kol. 2409-2416.

45. _Die Burger_, 10/2/86.

46. _Ibid_., 10/5/86.

47. _Citizen_, 24/4/86.

48. _The Sunday Tribune_, 8/9/85.

49. _Rapport_, 8/9/85.

50. _Die Afrikaner_, 25/6/86, syfer ook gekontroleer met die Departement van Binnelandse Sake.

51. _Ibid_.

****************

# HOOFSTUK 8

## SLOTBESKOUING

Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet van 1957 is fundamenteel in die opsig dat dit die grondslag van baie ander apartheidswette vorm, naamlik die Bevolkingsregistrasiewet van 1950 en die Groepsgebiedewet van 1966. Hierdie wette hang egter ook ten nouste saam met 'n veertigtal ander wette. Dit is net nie moontlik om die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike op te hef sonder om die ander apartheidswetgewing in gedrang te bring en die huidige lewenspatroon in Suid-Afrika ingrypend te verander nie.

Wanneer 'n blanke man met 'n swart vrou trou, bring dit ongelyke en diskriminerende praktyke tot gevolg wanneer die Groepsgebiedewet en ander apartheidswetgewing nog steeds toegepas word. Dit is een voorbeeld uit 'n menigte wat nou ontstaan met die herroeping van genoëmde wette. Daar is voor en veral na 1948 'n groot aantal maatreëls aangeneem, wat dan veral op biologiese en maatskaplike vlak skeiding tussen Blank en Nie-Blank wou bewerkstellig. Die Mengwette en ander apartheidswetgewing wat sou volg, wou die onderskeie volksgroepe op die pad na volledige selfstandigheid en onafhanklikheid plaas met die einddoel, die geografiese vestiging van elke bevolkingsgroep binne sy eie grondgebied. Die Blankes en in die besonder die Afrikanervolk as

getalsmindere groep, moés hierdiè wetgewing op die wetboek plaas om hulle te handhaaf en te beskerm teenoor 'n nie-blanke meerderheidsgroep.

Maatreëls wat die Blanke groep getref het om hulle voortbestaan te beskerm, mag nie aan die proses vir die uitskakeling van rassediskriminasie gekoppel word nie. Die feit dat die Blankes hul regte opgeëis het om hulle identiteit te bewaar, doen nie afbreuk aan die soortgelyke regte van ander volke nie.

Voorstanders van wetgewing om rasvermenging te bekamp kan nie beskuldig word van rassisme en rassevooroordeel nie. Voorstanders van wetgewing om rasvermenging te bekamp is besorg oor die gevolge van grootskaalse ras- en bloedvermenging en die sosiale en maatskaplike implikasies en probleme ten opsigte van die kinders wat gebore word uit gemengde huwelike. Dit was juis die grootskaalse maatskaplike verval van talle huisgesinne en woonbuurtes in die dertiger en veertigerjare as gevolg van deurmekaarwonery, gemengde saamblyery en gemengde ontug, wat maatskaplike en sosiale probleme vir kinders van gemengde huwelike opgelewer het.

Die argument dat die Blankes nie wette nodig het om hul identiteit te beskerm nie, het 'n nadere kwalifikasie nodig. Spesifieke wetgewing word nie op die wetboek geplaas met die veronderstelling dat alle burgers van die RSA misdade gaan pleeg nie. 'n Wet is veral van toepassing op die gevalle wat wel die

misdaad pleeg of die oortreding begaan. Dit kan verseker nie goedgepraat word as individue aan die rand van die volk toegelaat word om bepalend op te tree vir die res van die volk nie.

Die openbare mening teen rasvermenging gaan nie instand gehou word as gemengde huwelike en ontug 'n algemene verskynsel word en integrasie op ander terreine doelbewus bevorder word nie. Die swakheid van 'n openbare mening lê daárin dat dit nooit algemeen aanvaar word nie. Persone wat nie instem met die openbare mening nie, laat dit vry om anders te dink en op te tree. Dieselfde proses is in die VSA aan die gang gesit wat die getal gemengde huwelike van 148 000 in 1960 na 421 000 in 1977 laat styg het. So 'n ontwikkeling kan nie slegs voordele inhou nie.

Die feit dat die Gesamentlike Komitee se verslag melding daarvan maak dat die Mengwette nie Skriftuurlik verantwoordbaar is nie, kan nie aangevoer word as argument dat die wette afgeskaf moes word nie. Die Bybel verbied nie sulke huwelike nie en ewe min gebied die Bybel dit of laat dit toe.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is op die feit van die rasse- en volkereverskeidenheid gebaseer, en wel soos dit na vore kom in God se Openbaringsgeskiedenis. Dit blyk dus suiwer om te aanvaar, dat dit die hand van die Skepper is wat 'n verskeidenheid rasse en volke in Suid-Afrika gewil het. 'n Ontkenning van die volkereverskeidenheid in Suid-Afrika en die samevoeging van beskawingsvreemde volke in 'n eenheidsgemeenskap,

gaan met die gepaardgaande strewe na selfbehoud en identiteit, spanning en weerstand ontlok.

'n Volk wat enersyds sy identiteit wil bewaar sal die offers wat gevra word vir 'n eie geografiese gebied moet bring en sal andersyds ook die regmatige aansprake van ander volke op 'n eie vaderland moet erken.

Dat daar 'n hewige aanslag geloods word om die Blanke en in besonder die volksbewuste Afrikaner te laat verdwyn, is in Suid-Afrika aan die orde van die dag. Dis die Blankes alleen wat sogenaamd volkereverhoudinge vertroebel het, en daarom is dit hulle verantwoordelikheid om verhoudinge te herstel. Die aanslag word geloods onder die dekmantel van naasteliefde en geregtigheid, met 'n ideologiese dogmatisme waarvolgens die enigste probleem in verband met rasvermenging wat oorbly, die rassevooroordeel van die Blanke is.

Vir die handhawing van die Blanke en in besonder die Afrikanervolk se identiteit en selfbeskikking sal die Blankes daadwerklik moet ontkom aan die huidige verstrengelde ineenskakeling met die Nie-Blankes in sy eie lewensverband. Slegs 'n konstitusionele bedeling wat gebaseer is op die beleid van ontstrengeling van al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, sal as waarborg vir blanke soewereiniteit en selfbeskikking kan dien.

# BIBLIOGRAFIE

## ORIëNTERING

Die volgende omskrywing word verskaf om die uiteensetting van die bronnelys te vergemaklik.

A. <u>Gepubliseerde bronne</u> (Amptelik):

Alle debatte van die Volksraad en Senaat, Staatskoerante en verslae.

B. <u>Literatuur</u>:

Alle gepubliseerde boeke geraadpleeg.

C. <u>Ongepubliseerde bronne</u>:

Alle verhandelings, proefskrifte, memoranda en studiestukke geraadpleeg.

D. <u>Periodieke Publikasies</u>:

Alle dag- en weekblaaie, wetenskaplike tydskrifartikels, pamflette, vlugskrifte en verkiesingsmateriaal geraadpleeg.

E. <u>Kerklike Publikasies</u>:

Alle agenda's, handelinge van sinodes, nuusbriewe, periodieke publikasies en amptelike literatuur geraadpleeg.

F. <u>Referate, Mondelingse Getuienis en Onderhoude</u>:

Alle mondelingse optrede van akademici en politici geraadpleeg.

G. <u>Oudiovisuele materiaal</u>:

Alle klankbane en skyfiereekse geraadpleeg.

## A. GEPUBLISEERDE BRONNE

**Amptelike Bronne:**


1.1 Unie van Suid-Afrika, debatte van die Volksraad:

1926 - sitting
1927 - sitting
1949 - sitting
1950 - sitting
1957 - sitting

1.2 Unie van Suid-Afrika, debatte van die Senaat:

1926 - sitting
1927 - sitting

1.3 Republiek van Suid-Afrika, debatte van die Volksraad:

1962 - sitting
1971 - sitting
1980 - sitting
1981 - sitting
1983 - sitting
1984 - sitting
1985 - sitting
1986 - sitting

1.4 Staatskoerant:

1985/07/05 Nr. 9831.

1.5 Verslae:

- Verslag van die Kommissie van Ondersoek, insake die Kaapse Kleurlingbevolking, U.G., no. 54 van 1937.
- Verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike in Suid-Afrika, U.G., no. 30 van 1939.
- RP/1976: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolking.
- Eerste en Tweede Verslae van die Gekose Komitee oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet (GK. 12-84), Verslae, Verrigtings en

Getuienis.

- Derde Verslag van die Gekose Komitee oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet (GK. 12a-84), Verslae, Verrigtings.

- Verslag van die Gesamentlike Komitee oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet, Komiteekamers, Parlement, 27 Maart 1985.

- Gekose Komitee oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, Inligtingsdokument, onged.

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 110 van 1983: Die Departement van Buitelandse Sake en Inligting, Pretoria, 1983.

B. LITERATUUR:

AKPAN, N.U., The Struggle for Secession, 1966-1970 - A personal account of the Nigerian Civil War, London, 1971.

AUSUBEL, D.P., The Fern and the Tiki, London, 1960.

BEE, R.L., The Politics of American Indian Policy, Cambridge, Massachusetts, 1982.

BERRY, B., Race Relations - the Interaction of Ethnic and Racial Groups, New York, 1951.

BLOMMAERT, W., Het Invoeren van de Slavernij aan de Kaap, Argiefjaarboek van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vol. 1, Kaapstad, 1938.

BOëSEKEN, A.J., Simon van der Stel en sy Kinders, Elsiesrivier, 1964.

BOTHA, D.P., Die Opkoms van ons Derde Stand, Kaapstad, 1960.

BURKEY, R.M., Ethnic and Racial Groups : The Dynamics of dominance, London, 1978.

CARR, R., *Spain - 1808 - 1939*, London, 1975.

COERTZE, P.J., *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*, Pretoria, 1983.

COETZEE, J., *Politiekee Groepering in die Wording van die Afrikanernasie*, Johannesburg, 1941.

COETZEE, J.H., *Blanke Volksontwikkeling in die Lig van die Skrif*, Potchefstroom, onged.

COETZEE, J.H., *Suid-Afrika se Volkerebeleid : Waarheen?* Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek Aktualiteitsreeks no. 5. Augustus, 1976.

COETZEE, J.J., *Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament*, Potchefstroom, 1965.

COLEMAN, J.S., *Nigeria, Background to Nationalism*, Los Angeles, 1958.

COVERDALE, J.F., *The Transformation of Spain after Franco*, London, 1979.

CRONJE, G., (red.) *Regverdige Rasse-Apartheid*, Stellenbosch, 1947.

CRONJE, G., (red.) *Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika*, Pretoria, 1963.

CROWDER, M., *The Story of Nigeria*, London, 1966.

DE KIEWIET, C.W., *A History of South Africa - Social and Economic*, London, 1941.

DENNIS, H.C., *The American Indian*, New York, 1977.

DE VILLIERS, E. en KINGHORN, J., *Op die Skaal : Gemengde Huwelike en Ontug*, Kaapstad, 1984.

DREYER, P.S., (red.) *Afrikaner-Liberalisme*, Pretoria, 1977.

DRIVER, H.E., *Indians of North America*, Chicago, 1969.

DUGARD, J., *Human Rights and South African Legal Order*, Princeton, 1978.

DU PREEZ, A.B., Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens, Kaapstad, 1959.

DUVENHAGE, G.D.J., Die Eerste Verslag van die Presidentsraad se Grondwetkomitee - 'n Ondersoek na die Waarde van Geskiedenis, Pretoria, 1983.

EGGAN, F., The American Indian - Perspectives for the Study of Social Change, New York, 1964.

FEAGIN, J.R., Racial and Ethnic Relations, Englewood Cliffs, New Jersey, 1978.

FUSI, P., (red.) Revolution and War in Span : 1931-1939, New York, 1984.

GODEE-MOLSBERGEN, E.C., Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tyd, Vol. 1, 1652-1686. Nyhoff s'Gravenhage, 1916.

GEYSER, O., Die Ou Hooggeregshofgebou, Kaapstad, 1958.

HAGAN, W.T., American Indians, Chicago, 1979.

HELBERG, J.L., Gemengde Huwelike, Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, Studiestuk no. 125, Potchefstroom, 1978.

HEYMANS, C.S., Konsosiasie in Nigeria (1979-1983), RGN-verslag, Pol-15, 1985.

JEFFREYS, M.K., Kaapse Plakkaatboek Vol. 1, 1652-1707, Kaapstad, 1944.

JOUBERT, D., Toe Witmense arm was : Uit die Carnegieverslag 1932, Kaapstad, 1972.

JOUBERT, D., Met Iemand van 'n Ander Kleur, Kaapstad, 1974.

KOTZE, D.J., Positiewe Nasionalisme, Kaapstad, 1968.

LAWSON, K., The Human Polity, Boston, 1985.

LLOYD, P.C., *Classes, Crises and Coups*, London, 1973.

LUCKAM, R., *The Nigerian Military, A Sociological Analyses of Authority and Revolt*, New York, 1980.

MARAIS, J.S., *The Cape Coloured, 1652-1937*, Johannesburg, 1957.

MEDHURST, K.N., *Government in Spain - the Executive at Work*, New York, 1973.

MEIJER, J.G., *Yster en Klei, Suid-Afrikaanse Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif*, Pretoria, 1983.

METGE, J., *The Maoris of Nieu Zeeland*, London, 1976.

MÖNNIG, H.O., *Groepsidentiteit en Groepswrywing*, Johannesburg, 1980.

MUNTZ, E.E., *Race Contact*, New York, 1927.

NAFZIGER, E.W., *The Economics of Political Instability : The Nigerian-Biafran War*, Colorado, 1983.

NEL, P.G., (red.) *Afrikanerkultuur : Fondament en Vergesig*. Pretoria, 1981.

NWANKO, A.A. en IFEJIKA, S.U., *The Making of a Nation : Biafra*, London, 1969.

OBASANJO, O., *My Command - An account of the Nigerian Civil War*, 1967-70, London, 1980.

PINKNEY, A., *Black Americans*, New Jersey, USA, 1975.

RHOODIE, N., (red.) *Intergroup Accomodation in Plural Societies*, London, 1978.

RHOODIE, N.J., *Sosiale Stratifikasie en Kleurlingskap*, Johannesburg, 1977.

RHOODIE, N.J., *Die Moderne etniese problematiek*, RGN geleentheidspublikasie - no. 24, Pretoria, 1985.

RHOODIE, N.J. en VENTER, H.J., *Die Apartheidsgedagte*, Kaapstad, 1959.

SALISBURY, W.T., (red.) *Spain in the 1970's - Economics, Social Structure, Foreign Policy*, New York, 1976.

SCHOLTZ, G.D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Vol. 7, Johannesburg, 1979.

SCHOLTZ, G.D., *Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?* Johannesburg, 1954.

SMITH, N.J., *Elkeen in sy Eie Taal - Die planting van afsonderlike kerke vir die Nie-Blanke bevolkingsgroepe deur die NG Kerk in Suid-Afrika. 'n Histories-missiologiese analise en Ekklesiologiese beoordeling*. Pretoria, 1973.

SMOCK, A.C., *Ibo Politics, The Role of Ethnic Unions in Eastern Nigeria*, Cambridge Massachusetts, 1971.

SOPER, E.D., *Racism, A World Issue*, New York, 1947.

SPIES, T.J. du T., *Die Hertzogtoesprake, April 1913 - April 1918*, Vol. 3, Johannesburg, 1977.

STRAUSS, H.J., *Christelike Wetenskap en Onderwys*, Bloemfontein, 1969.

STRAUSS, H.J., *Christelik Nasionaal en C.N.O.*, Kaapstad, 1972.

STRAUSS, H.J., *Staatsleer I Diktaat*, Bloemfontein, onged.

STREMLAU, J.J., *The International Politics of the Nigerian Civil War 1967-1970*, Princeton, 1977.

STRYDOM, S.L., *Volkekunde I Diktaat*, Bloemfontein, 1984.

SWART, M. en THERON, E., *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika*. Grahamstad, 1961.

THEAL, G.M., *The History of South Africa before 1795*, Cape Town, 1922.

THOMAS, H., *The Spanish Civil War*, Middlesea, England, 1965.

TUMIN, M., *Comparative Perspectives on Race Relations*, Boston, 1969.

VAN DER MERWE, H.J.J.M., *Segregeer of Sterf*, Johannesburg, 1961.

VAN DER WALT, A.J.H., (red.) *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Vol. 1, Johannesburg, 1951.

VAN DER WALT, J.A., (red.) *Rassesosiologie*, Kaapstad, 1967.

VAN DER WÄTEREN, H., *Kultuur : Kleed van die Mens*, Pretoria, 1979.

VAN JAARSVELD, F.A., *Van Riebeeck tot Verwoerd*, Johannesburg, 1971.

VAN VUUREN, D.J. en KRIEK, D.J., (red.) *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika, Grondslae en Perspektiewe*, Johannesburg, 1982.

VEENHOVEN, W.A., *Case Studies on Human Rights and Fundumental Freedoms, A World Survey*, Vol. 2,3,5, The Hague, 1975.

VILAR, P., *Spain : A Brief History*, New York, 1967.

YETMAN, N.R. en STEELE, C.H., *Majority and Minority*, Boston, 1971.

YOUNG, C., *The Politics of Cultural Pluralism*, London, 1976.

## C. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

### 3.1 <u>Verhandelings en Proefskrifte</u>:


CLAASSENS, R.G., <u>Die Konserwatiewe Party se Bestaansreg Histories Gefundeeer</u>, Honneurs miniverhandeling, Bloemfontein, 1983.

DU TOIT, A.N., <u>Die voorspelling van Rassevooroordeel onder Blanke Suid-Afrikaners</u>, ongepubliseerde M.A. Verh. U.O.V.S., Januarie 1984.

FERREIRA, J.N., <u>Sosiale Afstand en Stereotipering ten opsigte van die Swartes in Suid-Afrika</u>, ongepubliseerde M.A. Verh. U.O.V.S., November 1983.

GALLOWAY, G.W., <u>'n Kritiese Evaluasie van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, no. 55 van 1949 en aanverwante bepalings met betrekking tot die Konstitusionele ontwikkeling van Swartes</u>, LL.B. Verh. U.O.V.S., 1980.

HEYDENRYCH, J.J.F.C., <u>Maatskaplike Implikasies by die toepassing van artikel 16 van die Ontugwet van 1957, no. 23 van 1957</u>, ongepubliseerde M.A. Verh. Univ. van Stellenbosch, 1968.

WESSELS, D.P., <u>Politikologiese Perspektiewe op Suid-Afrika se Intern-Staatkundige Volkerevraagstuk</u>, ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, U.O.V.S., Oktober, 1978.


### 3.2 <u>Ongepubliseerde Studiestukke</u>


DANZFUSS, F.W.A., (red.) <u>Die Groepsgebiedewet soos dit Verwring is deur Mnr. P.W. Botha</u> - Studiestuk Bloemfontein, onged.

VAN STADEN, F.A.H., <u>Is die Beleid van die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika Skriftuurlik Verantwoordbaar?</u> - Studiestuk Pretoria, onged.

D. PERIODIEKE PUBLIKASIES

4.1 Dag- en Weekblaaie:

Die Afrikaner, 77.07.15. - 86.06.25.

Argus, 77.10.05. - 84.07.24.

Weekend Argus, 86.05.28.

Beeld, 77.10.05. - 86.01.04.

Die Burger, 80.08.09. - 86.06.21.

Business Day, 86.05.15.

Cape Herald, 81.09.05. - 85.01.05.

Cape Times, 77.07.08. - 85.02.16.

Citizen, 77.07.07. - 86.04.24.

Daily Despatch, 77.07.20. - 85.04.18.

Daily News, 77.11.02. - 86.01.31.

E.P. Herald, 77.07.08. - 86.04.24.

Evening Post, 79.10.27. - 85.04.18.

Financial Mail, 84.04.06.

Hoofstad, 77.10.03. - 81.08.14.

Natal Mercury, 77.07.08; 86.01.30.

Natal Witness, 82.10.04.

Oggendblad, 77.07.07. - 79.10.03.

Oosterlig, 79.05.28. - 84.02.27.

Padlangs, 77.05.31.

Patriot, 82.12.10; 84.09.03.

Post, 79.10.09.

Pretoria News, 77.07.09. - 84.08.13.

*Rand Daily Mail*, 79.10.05. - 85.01.17.

*Rapport*, 77.07.10. - 85.04.21.

*Republikein*, 77.12.15.

*Sowetan*, 81.09.04. ; 81.10.12.

*The Star*, 77.10.14 - 86.03.22.

*Sunday Times*, 77.07.10. - 86.02.09.

*Sunday Tribune*, 77.10.30. - 85.09.08.

*To the Point*, 77.10.28; 79.08.03.

*Die Vaderland*, 77.07.08. - 85.04.16.

*Die Volksblad*, 77.07.08. - 85.04.03.

*Volkstem*, Sept. 1977.

*Weekend World*, 77.07.17. - 80.12.19.

*World*, 77.07.07.

4.2 *Wetenskaplike Tydskrifte*:

ANBER, A., *Modernisation and Political Disintegration : Nigeria and the Ibo's*, Journal of Modern African Studies, 67.02.05.

BESTER, C.W., *Rassevooroordeel : Faktore wat daartoe aanleiding gee en voorstelle met die oog op 'n oplossing*, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 4, Oktober 1979.

DIAMOND, R., *Cleavage, Conflict and Anxiety in the Second Nigerian Republic*, Journal of Modern African Studies, 82.04.20.

JOOSTE, C.J., *Volksidentiteit*, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 3, Julie 1977.

JOOSTE, C.J., en OLIVIER, M.P., — Etniese en Rasvermenging in Wêreld-perspektief, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 3, Augustus 1980.

KOCK, F.A., — Volk en Verbond, Reformeer-Publikasie van die Calvinistiese Studiekring, Bloemfontein, onged.

MOSTERT, J.J.C., — Die Afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet - 'n Oorsig, Joernaal vir Eietydse Geskiedenis. Jg. 11, no. 1, April 1986.

POTGIETER, F.J.M., — Teologiese Fundering van Menseregte, Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 13e Jaargang, 1977.

SABRA - NUUSBRIEF, — Februarie 1980; September 1981; Maart 1982; Desember 1983; Augustus 1984; Maart 1986.

SCHOEMAN, M.J., — Die Betekenis van Ras, Volk en Staat vir Volkeverhoudinge, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 4, Oktober 1980.

SCHOLTZ, G.D., — Die Ontstaan en Wese van die Suid-Afrikaanse Rassepatroon, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede. Julie 1958.

STEYN, J.C., — Gemengde Huwelike, Buurman Junie 1984 - Augustus 1984.

STRAUSS, H.J., — Beskawing, Staatsvorm en Stemreg in Suid-Afrika, Gereformeerde Vaandel, no. 3, Junie 1952.

STRAUSS, H.J., — Beskawing en Kultuur : Sondeval en Rasseverskille, Bou-Kwartaalblad van die Christelike Volksbond, Bloemfontein, Desember 1954.

SWART, M., — Die Afrikaner en sy Identiteit, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 4, Oktober 1981.

VAN DEN BERG, C.L., — Selfbeskikking in die Lig van die Bybel, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 1, Januarie 1983.

VAN DER WATEREN, H., Volksidentiteit as Grondslag vir Vreedsame Naasbestaan, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 1, Januarie 1980.

VAN WYK, G.J.C., Die Dinamiet in Diskriminasie en Rassisme, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, no. 2, April 1978.

4.3 Pamflette, vlugskrifte en verkiesingsmateriaal:

CLAASSENS, R.G., Wet op Gemengde Huwelike en Ontug geskrap, KP-Inligtingstuk, 1985.

CLAASSENS, R.G., Wet op Verbod van Politieke Inmenging herroep, KP-Inligtingstuk, 1985.

E. KERKLIKE PUBLIKASIES

- Agenda vir die sesde vergadering van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, 12 Oktober 1982.
- Handelinge van die sesde Vergadering van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, 12 - 22 Oktober.
- Die Hervormer se nuusbrief, 15 Augustus 1984, no. 211.
- Die Kerkbode, 84.09.26; 85.02.27; 85.04.10.
- Menslike Verhoudings Volgens die Heilige Skrif, N.G. Kerk-Uitgewers, Pretoria, 1977.

## F. REFERATE EN ONDERHOUDE

### 6.1 Referate en Lesings:

COERTZE, R.D., *Die Afrikanervolk en die Toekoms*, Tiende H.F. Verwoerd-gedenklesing, 1984.

DANZFUSS, F.W.A., *Die Wenslikheid van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet* in 'n debat voor ORDES (Organisasie vir Denkende Studente) U.O.V.S., 18 Maart 1985.

ELEAZU, U.O., *Nigeria, Biafra and the Organization of African Unity : Self-Determination versus Territorial Integrity*. Voordrag gelewer by die jaarlikse vergadering van Afrika Studies in Montreal, Kanada, Oktober 1969.

LOMBARD, J.C., *Christelike Grondmotiewe van die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling - die Betekenis van 'n volksroeping*, Bethlehem, 11 Julie 1972.

### 6.2 Onderhoude:

#### J.C. LOMBARD-versameling

6.2.1. Bandopnames van onderhoude met die volgende persone:

Badenhorst, Piet, NP-LP vir Oudtshoorn.

Eglin, Colin, PFP-LP vir Seepunt.

Gastrow, Peter, PFP-LP vir Durban-Sentraal.

Harzenberg, Ferdie, KP-LP vir Lichtenburg.

Malan, Wynand, NP-LP vir Randburg.

McIntosh, Graham, PFP-LP vir Pietermaritzburg-Noord.

Meyer, Roelf, NP-LP vir Johannesburg-Wes.

Olivier, Nic, PFP-LP (benoem).

Raw, Vause, NRP-LP vir Durban-Punt.

Stofberg, Louis, HNP-LP vir Sasolburg.

Suzman, Helen, PFP-LP vir Houghton.

Treurnicht, Andries, KP-LP vir Waterberg.

Van den Berg, C.L. Kerk en Politiek - Antwoorde met bykomstige kommentaar op vrae, voorgelê by geleentheid van 'n SAUK-televisie-opname gemaak op 14 Oktober 1983 en misvormd uitgesaai op 17 Oktober 1983.

Van der Merwe, Daan, KP-LP vir Rissik.

Van der Merwe, Stoffel, NP-LP vir Helderkruin.

D.P. WESSELS-versameling

SWART, C.R., Onderhoud met adv. C.R. Swart op sy plaas De Aap, 1978.

G. OUDIOVISUELE MATERIAAL

U.O.V.S. biblioteek-versameling, klankskyfiereeks oor die Indiane in die VSA.

************************

# OPSOMMING

NAAM : JACOBUS CHRISTOFFEL LOMBARD

GRAAD : Magister Artium (Dept. Staatsleer)

TITEL : Die Politikologiese Implikasies van die Afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, no. 55 van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet, no. 23 van 1957.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is op die feit van die rasse -en volkereverskeidenheid gebaseer, en wel soos dit as Skeppingsgegewe na vore kom in God se Openbaringsgeskiedenis.

Die identiteitshandhawing en selfbeskikking van 'n volk binne 'n eie geografiese gebied, bied beter vooruitsigte om te slaag as die saambundeling van beskawingsvreemde volke binne 'n eenheidstaat. Die aanslag teen die Blanke en in besonder die Afrikaner se identiteit, word vandag geloods onder die dekmantel van naasteliefde en sosiale geregtigheid, met 'n ideologiese dogmatisme waarvolgens die enigste onopgeloste probleem in verband met rasvermenging in Suid-Afrika, die rassevooroordeel van die Blanke is.

Dit is egter die reg en verantwoordelikheid van die Blankes en in besonder die Afrikanervolk self, om in 'n volkverweefde Suid-Afrika sy identiteit te beskerm en te bewaar.

Deur die vestiging in 'n eie geografiese gebied het die Baske in Spanje, die Indiane in die VSA, die Ibo's in Nigerië en die

grootste gedeelte van die Maori's in Nieu-Zeeland hul eie tradisies, lewenstyl en kultuur as minderheidsgroepe gehandhaaf. Bogenoemde minderheidsgroepe het besef dat deur 'n proses van integrasie en uiteindelik assimilasie word die kultuur en fisieke voorkoms van die minderheidsgroep in die meerderheidsgroep opgeneem en opgelos.

Die uitkristallisering van die verhoudingspatroon van 1652 tot en met 1910 tussen Blank en Nie-Blank, met verwysing na ras- en bloedvermenging, het ontwikkel in 'n patroon wat daarop ingestel was om samegroeiing tussen Blank en Nie-Blank in een volksverband te verydel.

Die plasing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike in 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet in 1957 was enersyds die keerpunt ten opsigte van voorafgaande gebeure. Die destydse regering wou met die plasing van die wette op die wetboek, die toenemende voorkoms van rasvermenging, wat die gevolg was van die toenemende inskakeling van Blank en Nie-Blank in dieselfde sosiomaatskaplike en ekonomiese sisteem, bekamp.

Die apartheidswetgewing moes andersyds deur 'n beleid van ontstrengeling die veertien etniese groeperinge in Suid-Afrika op die bane van onafhanklikheid en selfstandigheid plaas.

Die inkonsekwente deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en die inskakeling van die nie-blanke bevol-

kingsgroepe as gelykes in die sosiomaatskaplike en ekonomiese sisteem van die Blankes, binne dieselfde geografiese gebied het segregerende maatreëls ernstig in gedrang gebring.

Buitelandse druk oor die "onmenslikheid" van die Mengwette, druk van Indiër -en Kleurlinggroepe en die nie-toepassing van die Mengwette het daartoe aanleiding gegee dat die wette afgeskaf is. Voor- en teenstanders van die Mengwette het besef dat indien laasgenoemde geskrap word, die hele apartheidstruktuur in duie sou stort.

Deur die afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet, word mense van verskillende rasse nou toegelaat om te trou. Terselfdertyd egter word die verblyf en bewegingsvryheid van die egpare deur oorblywende apartheidswetgewing in die wiele gery. Die handhawing van die oorgeblewe apartheidswetgewing, lei juis nou tot negatief diskriminerende praktyke.

Die plasing van die apartheidswette het gepoog om die onderskeie gemeenskappe se unieke karakter te beskerm, te handhaaf en te ontwikkel. Die reëling dat gemengde egpare in nie-blanke gemeenskappe moet woon, is verder ook in stryd met die oorspronklike bedoeling van die wetgewing. Oorblywende apartheidswetgewing word verder ook in 'n groot mate kragteloos gemaak deur die nie-toepassing van wetgewing.

Die toename in rasgemengde situasies op sosiale en ekonomiese gebied en die toename in gemengde huwelike en ontug gaan die

openbare afkeur teen rasvermenging laat verswak, aangesien dit daartoe sal lei dat rasvermenging as 'n algemene verskynsel beskou sal word. Die openbare mening teen rasvermenging kan tog nie instand gehou word as rasvermenging juis openlik gepropageer en verder voltrek word nie.

Ter behoud van die Blanke en in besonder die Afrikaner se selfbeskikking en identiteit, sal daar opnuut gekyk moet word na die beleid van afsonderlike ontwikkeling as langtermyn oplossing vir standhoudende vrede en stabiliteit in Suid-Afrika.

***********